




EENDAG OP 'N MAANDAG

*Krinkels in die maan * Vlerke vir 'n visvrou*

CHANETTE PAUL

The book cover features a surreal landscape. A woman with long, wavy brown hair, wearing a patterned, earth-toned dress, sits barefoot on a grassy field, looking away from the viewer. In the background, a large, full moon hangs in a dark blue sky, partially obscured by the title text. A line of trees is visible on the horizon. Numerous butterflies of various colors (yellow, orange, white, and brown) are scattered throughout the scene, some in flight and others on the ground.

EENDAG OP 'N MAANDAG

*Krinkels in die maan * Vlerke vir 'n visvrou*

CHANETTE PAUL

EENDAG OP 'N MAANDAG

Chanette Paul



LAPA Uitgewers

Pretoria

www.lapa.co.za

Inhoud

[Krinkels in die maan](#)

[Vlerke vir 'n visvrou](#)

Liewe leser

Die twee boeke in hierdie bundel vervat, is oorspronklik so om en by 2003 geskryf. Toe ek dit nou weer lees vir hierdie uitgawe, het dit my dadelik opgeval hoe anders sekere dinge elf jaar gelede was.

Wynbottels het nog kurkproppe – en kurktrekkers bestaansreg – gehad. Die internet was toe nog 'n beslommernis omdat ADSL nie geredelik beskikbaar was nie. Mense het nog met tjeks betaal. Nie almal het skootrekenaars of selfs selfone gehad nie – laat staan slimfone. Facebook, Twitter, blogs en dergelike sosiale media het nog in die toekoms gelê.

Hierdie aspekte het ek behou soos dit was omdat dit verneuk sou wees om die stories uit hulle tydsgees te haal. Aan die stories self het ek net kosmetiese taalveranderinge aangebring.

Ek hoop julle geniet Emma en Tish se stories!

Lekker lees

A handwritten signature in black ink, reading "Schané Paul" with a stylized flourish at the end.

Krinkels in die maan

Een

“Berk sal ’n gásket blaas, Tish! Jy ken hom nou nog nie, maar hy is heilig oor die kwaliteit van die stalletjies hier by Organica.” Yolande lyk so bekommerd as wat sy klink. “Hy is juis op hierdie uitgebreide plaaslike trip nadat hy van oorsee af teruggekom het. Hy wil onder meer seker maak die groentestalletjies se mense kweek werklik hulle produkte organies en dat die kaasmakers nie oorprosesseer nie. En nou so twee maande terug, net voordat jy hier ingetrek het, het hy Rubie op die vingers getik omdat sy ’n paar kledingstukke gesmous het wat sintetiese materiaal bevat het.”

“Wat is anorganies daaraan om mense te help deur hulle hande te lees?” protesteer Trish. “Senhora Laetitia help mense om hulleself te vind, om hoop vir die toekoms te kry, en sy sal nooit slegte nuus aan haar kliënte oordra nie. Sy lees die vorm van hulle hande en die lyne op die palms en werk verder met aardenergie en mikrovibrasies. Sy sê die kristalbal en kaarte en goed is net mediums waarmee sy hierdie energie kanaliseer. Jy kan nie meer holisties of organies kry as dit nie.”

Tish leun vooroor. “Ken die ander deel van die dubbelstalletjie aan haar toe, Yolande. Wanneer Berk terugkom, is dit ’n fait accompli. Hy het jou immers in beheer van die mark geplaas terwyl hy weg is. En as hy nog steeds ’n kabaal opskop, sal senhora Laetitia hom kan kalmeer en laat insien hoe onskuldig en in der waarheid opbouend haar bedryf kan wees.”

Yolande skud haar kop twyfelmoedig. “Jimmel, Tish, ons praat van ’n fortuinverteller en jy wéét ons het ’n waglys van uitstekende kunstenaars wat stalletjies hier soek.”

“Sy’s nié ’n fortuinverteller nie, Yolande – sy’s ’n handleser. Daar is ’n groot verskil.” Tish probeer haar ongeduld betuel.

“Whatever. Die feit bly staan, die stalletjies is so skaars soos hoendertande en bedoel vir kunstenaars en kwekers van organiese produkte. Dat sommer al twee vertrekke van die dubbelstalletjie die afgelope maand oopgegaan het, is hoogs uitsonderlik. Jy is maar net gelukkig Joanna wou agter Divan aan Engeland toe gaan.” Yolande skud weer haar kop.

“Ek weet. Dis waarom ek die geluiskoot wil benut. En jy’t gesê jy glo nie Berk sal omgee as ek die ander deel van die dubbelstalletjie wil huur nie.”

“Nee, dit was die eerste stalletjie wat hy laat oprig het en hy het besef dis ’n bietjie beknop. Dis waarom die res van die houthuisies alleen staan en soveel ruimer is. Hy het vir my gesê jy het eerste opsie toe ek hom laat weet het Joanna trek uit. Dis nie waaroor dit gaan nie. Dis oor die fortuinvertellery.” Yolande kou haar onderlip senuweeagtig. “Jy ken nie vir Berk Colijn nie,” herhaal sy. “Hy kan die simpatiekste mens onder die son wees, en hy probeer almal sover as moontlik help, maar as jy hom verkeerd opvryf ...” Sy skud haar kop.

“Sy’s regtig nie ’n fortuinverteller nie, Yolande. Net iemand wat ... dinge aanvoel en mense baie goed begryp. Sy lees hulle basiese karakter uit die vorm van hulle hande en gee raad. Dis al. Die res werk net saam om ’n groter prentjie te kry.” Tish kyk oorredend in die ligbruin oë van die organiese mark se petite blonde sekretaresse. “Ek sê jou wat, Yolande, as jy die stalletjie aan my en senhora Laetitia toeken, sal ek haar oorreed om vir jou ’n gratis sessie te gee.”

“Dis omkopy!” roep Yolande verontwaardig uit, maar Tish sien tog die verlangende trek in haar oë.

“Nee, dis net ’n manier waarop jy die kwaliteit van haar diens kan vasstel en waarop sy kan dankie sê dat jy haar die geleentheid gun. En dis nie asof sy een van die woonchalets nodig het nie. Sy het haar eie verblyf. Om die waarheid te sê, sy bly op die oomblik by my ma. Dis net die stalletjie wat sy

nodig het,” bly Tish so na aan die waarheid as wat sy moontlik kan.

“Jy het buitendien die laaste van die vyf chalets gehuur. Dit was Divan s’n. Ek en Helgard sal nie daaraan dink om uit ons s’n te trek nie, en ek dink Rubie, Waldo en Esther het ook met hulle doodskiste ingetrek. Berk beplan om nog te bou, maar tot dan is ons vol.” Yolande kou aan die pen se agterkant. “Ek wil jou graag help, maar ek weet nie, Tish ...”

“Asseblief, Yolande.” Tish druk haar hande pleitend teen mekaar. “Laetitia is net naweke hier. In die week gebruik ek haar deel van die huisie as studio en myne nog steeds as uitstalplek. Dis hoekom ek ook die kontrak moet teken. Sy gee my die helfte van die huur in ruil vir die gebruik daarvan, maar sy het in Berk se afwesigheid jou toestemming nodig. Ek sien dit as ’n bestiering dat Joanna juis nou moes uittrek om Engeland toe te gaan. Ek het regtig werkplek nodig en ek kan nie die onkoste bloot uit my verkope dra nie.”

“Ek weet jou stalletjie is ’n bietjie beknop om nog in te werk ook, maar hoekom kom vra sy nie self nie, Tish? Wat is jy van haar dat jy haar vuilwerk moet doen?”

“Sy’t geweet jy sal summier nee sê as sy jou vra, en ek doen haar graag ’n guns. Sy is ’n niggie van my regte pa. Ek is selfs vernoem na haar. Laetitia was baie goed vir my toe ek in Portugal was en veral toe Naas – my stiefpa wat my grootgemaak het – dood is.” Tish verstil innerlik. Haar tante Tita was ook baie goed vir haar, ja, maar Fortuna was eintlik die een wat haar leer vrede maak het.

Sy dink vlugtig terug aan die Portugese vrou wat haar so onder haar vlerk geneem het in daardie donker tyd, maar sluit dié gedagtes liewer af.

“Ag siestog, Tish. Ons weet ook so min van mekaar af en jy is al meer as ’n maand hier met jou mooi teëltjies, bewers en droomwippe. Wanneer is jou stiefpa dood?”

“Amper vier jaar gelede. Naas was die enigste pa wat ek geken het. Ek was baie lief vir hom en hy was baie goed vir my.” Tish voel haar keel dik word. “Ek was in Portugal toe dit gebeur het, besig met navorsing oor antieke teëls.” Sy sluk en ruk haar reg. “Ek sê jou wat, as Berk regtig ’n gasket blaas en senhora Laetitia kan hom nie anders oortuig nie, sal ek dit aan haar verduidelik en die kontrak opskeur al sal ek baie jammer wees om dit te doen. Die dubbelstalletjie met die deur tussen die twee vertrekke is net so ideaal om in die week in die een te werk terwyl ek steeds my eie stalletjie kan beman. En die agterdeur maak ook ons al twee se kom en gaan makliker. Dis net dat ek nie albei stalletjies alleen kan bekostig nie. Jy het tog gesien hoe ellendig dit met my finansies gaan toe ek aansoek gedoen het vir die chalet.”

Yolande sug. “Ek weet. Dis juis vir julle ouens wat werklik sukkel om julle kuns te beoefen dat Berk die chalets by die rivier gebou het. Ek en Helgard was ook down and out toe ons van Organica gehoor het. As dit nie vir Berk was nie, weet ek nie wat sou van ons geword het nie. Ons was pas getroud. Helgard se kleigoed het verkoop, maar die verspreiding daarvan was ’n probleem. Toe ek geretrench is, was dit behoorlik nag vir ons. Maar Berk het van Helgard se werk gehou en ’n stalletjie en die chalet aan hom toegeken. En toe bied hy nog boonop vir my die pos as marksekretaresse aan. Dit het gevoel of ’n towerfee haar staffie oor ons geswaai het.

“Maar dit daar gelaat. Berk moet streng wees met die keuring van die kunstenaars. Soos ek toe al vir jou gesê het, dis net die stalletjehouers wat werklik behoeftig is en erns het met hulle kuns wat kwalifiseer vir ’n chalet. Dis waarom ons na jou finansiële state moes kyk.”

Tish grinnik. “Dit was nogal ’n verleentheid. ’n Bankrekening met honderd drie en twintig rand in nadat ek die deposito en huur vir die stalletjie en chalet betaal het.”

“Hoe oorleef jy?” Yolande kyk met ’n simpatieke uitdrukking in haar oë

na Tish.

Tish trek haar skouers op. “Ek kom reg. My ma is gelukkig versorg in die kompleks waar sy woon en opsigter is, die chalet wat ek by julle huur, is werklik billik en die verkope van my goed begin mooi optel. Ek het darem uitstel gekry vir die afbetaling van my studieskuld. Miskien kan ek volgende jaar uiteindelik my graad kry as ek net my inkomste kan opstoot.”

“Met watse graad is jy besig?” vra Yolande belangstellend.

“Sommer ... e ... kunsvakke,” antwoord Tish vaag, nie lus om te verduidelik nie. Sy dink nie dit sal haar enigsins gewilder maak by die res van die restalletjiehouers as hulle weet sy is vir alle praktiese doeleindes klaar met ’n nagraadse kwalifikasie in watter vak ook al nie. En sy voel haar alreeds op die buitekring van die klomp se gesellige geskerts onder die res van die stalletjiehouers, al is almal oorwegend gaaf met haar. Sy weet dis haar eie skuld. Sy is te ernstig en te in haarself gekeer, maar alles het so verander ná Naas se dood.

Net ’n bietjie meer as vier jaar gelede was sy ’n vrolike, pas gegradueerde student op die drumpel van haar lewe as volwassene. Haar ma en Naas was daar om haar te ondersteun terwyl sy vir ’n jaar nagraadse navorsing gedoen en rondgetoer het in Europa voordat sy haar op ’n loopbaan in die kunste sou toelê. Daardie September, nou presies vier jaar gelede, het sy navorsing gedoen oor Azulejo-teëls en die verband daarvan met teëls wat in Kaapstad opgegrawe is en moontlik in die Kasteel gebruik is. Sy het nuwe vriende in Portugal gehad saam met wie sy saans in tavernes gekuier en fado’s bygewoon het. In Suid-Afrika het vriende uit haar universiteitsdae op haar terugkoms gewag. En toe kom die telegram.

“Ek kon sommer van die begin af sien jy is die real thing,” onderbreek Yolande haar gedagtes.

“Ekskuus?” vra Tish effens verward.

“Die real thing. Jy weet, ’n regte kunstenaar. Nie een van daardie klomp wat sommer net ’n bietjie hier verf en daar verf, snaakse klere aantrek, ringe deur hulle wenkbroue druk en hulleself dan artists noem nie.”

Tish voel effens verleë toe Yolande se oë oor haar gaan.

“Miskien is dit omdat jy ’n bietjie ouer is as die ander lot, maar dis nie net dit nie. Jou jean sit net so lekker nommerpas en rafel ook maar hier en daar, jy het meer gaatjies in jou ore as Rubie en ’n toonring op die koop toe, maar somehow het jy klas. En boonop is jy so mooi ook met daai lange hare van jou. Rubie sê dis kastaiingbruin. Is dit ’n spiral perm wat jy inhet?”

Tish lag effens. “Nee, dis van nature so krullerig. Ek wou altyd reguit hare gehad het, dis dié dat ek dit so lank laat groei het – in die hoop dat die krul sou uitgroei.”

“Lucky fish. Boonop lang bene, dun middel en great boobs ook. Gim jy baie?”

Tish raak kriewelrig onder Yolande se bewonderende blik, maar onderdruk haar behoefte om te vlug. Sy moet net die knoop deurhak vir senhora Laetitia. “Nee, maar ek stap en swem dikwels.”

Yolande skud haar kop. “As ek nie ten minste drie keer ’n week gim toe gaan nie, pas my jean my binne ’n week nie meer nie. Jy moes iets greats gedoen het in jou vorige lewe om al jou blessings te verdien. Nou nie dat ek aan vorige lewens glo nie, maar jy weet wat ek bedoel.”

“Miskien kan jy senhora Laetitia vra hoe om die meeste van jou blessings te maak,” probeer Tish die gesprek teruglei na sy oorsprong.

Yolande kyk haar vertwyfeld aan. “Jene, ek weet darem nie.”

“Ag kom, Yolande. Die ergste wat kan gebeur, is dat Berk jou besluit veto. En hy kom eers wanneer terug?” Tish stoot die voltooide aansoekvorm saam met die kontrak na Yolande toe.

“Ek is nie seker nie. Hy was ’n maand oorsee en het direk daarna die

verskaffers van die vars produkte gaan opsoek. Dis nou al ses weke lank dat ek die mark alleen behartig. Hy't laas week gebel om te sê hy gaan nog 'n rukkie besig wees, maar hy sal laat weet." Sy trek die dokumente nader. "Ek besef die twee stalletjies, veral met die deur wat die twee verbind, sal ideaal wees vir jou." Sy kou weer aan die pen se agterkant. "Jy sê jy belowe jy sal die goed opseur as Berk nie tevrede is nie?"

"As ek en senhora Laetitia hom nie kan oortuig nie, sal ek die huur van die tweede stalletjie opsê en uittrek. Ek belowe."

"Kan sy darem Engels praat?" Yolande tik-tik met die pen op die toonbank se blad.

"Sy praat met 'n aksent, maar ja, sy kan Engels en Afrikaans praat. Sy het lank in Suid-Afrika gebly." Tish kruis haar vingers agter haar rug. "Sy wil nou vir 'n jaar hier kuier, maar sy moet haarself aan die lewe kan hou. Jy sal haar, en vir my, baie help, Yolande. Haar ... gawe is vir haar 'n saak van erns. As sy kon, sou sy die konsultasies waarskynlik gratis gedoen het. Sy is regtig 'n class act. Sy sal nie die wonderlike beeld van die mark skade aandoen nie. Ek gee jou my woord."

Yolande sug. "Ek hou nie hiervan nie. Ek dink nog steeds Berk gaan sy top blaas. Sy hele lewe draai om die mark." Uiteindelik krabbel sy haar naam op die dokumente. "Onthou net, as Berk my hier uitgooi, is dit op jou gewete." Sy gee die afskrif vir Tish.

"Jy's 'n skat!" Tish druk Yolande se hand. "Jy kan die senhora se eerste kliënt wees. Verniet. Net om dankie te sê."

Toe Tish met die kosbare kontrak in haar hand terugstap na haar stalletjie toe, skyn die son sommer helderder, boog die lug sommer blouer oor die mark. Sy let weer op hoe slim hierdie Berk-man van wie sy so baie gehoor het, maar nog nie ontmoet het nie, die mark so 'n entjie van die krink in die Krokodilrivier uitgelê het.

Die ovaal vorm daarvan maak al die stalletjies ewe toeganklik, sodat al die huurders ewe veel blootstelling kry. Die restaurantkompleks in die middel bied die besoekers ook die geleentheid om die stalletjies en die ware daarin te bekyk terwyl hulle vars vrugtesap en kruietee saam met die verskeidenheid gesonde geregte geniet. En die ingang met sy palmlaning en watertuine bied onopsigtelik die geleentheid om beheer oor die besoekers toe te pas sonder dat hulle voel hulle word daarvan verdink dat hulle goed skelm sal wil wegdra.

Oorkant die rivier kan mens net-net die groot kliphuis sien wat dié Berk glo vir homself gebou het. Die lyne versmelt met die natuur, en die oewerplantegroei verberg ’n groot gedeelte, maar sy sit dikwels na die toring van die kasteelagtige plek en kyk. Sy wonder baie oor die klaarblyklik enigmatiese man en brand om sy huis van naderby te bekyk. Voorlopig is sy egter net te dankbaar dat die meetsnoere so mooi vir haar geval het ná al die nare dinge wat die afgelope vier jaar gebeur het.

Sy was baie gelukkig om gekeur te word om haar produkte hier te verkoop. Sy weet haar kunsartikels is buitengewoon, maar dis alombekend dat die stalletjies bitter skaars is juis omdat dit so ’n gewilde en suksesvolle afsetgebied vir kunstenaars is. Naweke is daar nie plek vir ’n muis in die restaurant nie; kinders jil in die speelpark en verliefdes vaar op die bootjies wat die Berk-man uitverhuur.

Organica trek nie net die beste kunstenaars nie, maar ook die uitsoekerigste en mees gegoede besoekers. Daarom kan die kunstenaars regverdige pryse vra vir hulle artikels en vir ’n verandering ’n bestaan maak uit hulle kuns.

“En as jy lyk of jy ’n piering room gekry het?” Rubie se stem is so vrolik soos die bont lappiesklere wat sy maak.

“Yolande het ingestem dat ek Joanna se stalletjie kan huur. Hoe lyk die

verkope vandag?” Tish beduie na die helderkleurige kledingstukke aan die hangers wat draai en effens wapper in die ligte bries op die stalletjie se stoepie.

“Great! Dis wonderlike nuus! Nee, dis maar stillerig vandag, soos meeste Maandae. Maar ek dink ons gaan die komende naweek vrek besig wees. Mense sal weer lus kry om uit te ry nou dat dit warmer word. Die lente doen dit mos aan mens.” Sy haal een van die hangers af en hou die kledingstuk na Tish toe uit. “Wat dink jy van hierdie kort toppie? Dis deel van my nuwe somerreeks.”

Tish voel aan die sagte katoen. “Lieflik. Veral by ’n low-cut denim. Net genoeg maag wat sal uitsteek, vermoed ek. En ek is mal oor die kleurkombinasie. Die seegroen, turkoois en koraal gaan wonderlik saam.”

“Jy’t die plat maag en ek het advertensie nodig. Dis joune. Dit sal great lyk by jou oë en daardie heuningkleur van jou vel.”

Tish begin haar kop skud.

“Maar demmit, man, ek sê mos dit sal advertensie wees vir my. Jy sal my ’n guns doen as jy dit die naweek sal dra.” Rubie haal die toppie van die hanger af en druk dit in Tish se hande. “Asseblief?”

“Ai, Rubie, ek voel al klaar soos ’n charity case met alles wat die mark en sy mense vir my doen.” Sy neem die kledingstuk onseker by Rubie.

“Ag, bog. Jy is ’n enorme aanwinst vir die mark. Hier was juis iemand wat jou kom soek het terwyl jy by Yolande was. Nogal ’n mooie man ook, al lyk hy ’n bietjie streng. Hy het lank na jou teëls gekyk en toe vir my kom vra of jy opdragte aanvaar. Hy bou glo ’n huis.”

“Sowaar?” Tish voel hoe haar hart van opwinding klop. Is dit dalk die uitkoms waarop sy gehoop het? Sal sy dit dalk nog sonder die Laetitia- ding kan regkry om haar studieskuld te betaal? Sy is nie werklik so gemaklik met die gedagte soos wat sy Yolande wou laat glo nie. Sê nou die Berk-man gooi

haar uit daaroor? Die kontrak sê baie duidelik dat enigiets wat die mark se goeie naam skaad, soos die verkoop van anorganiese produkte, beskou sal word as kontrakbreuk en dat die huurder op grond daarvan versoek mag word om te ontruim. Sy speel regtig met vuur, besef sy vir die soveelste maal.

Sy sien ingedagte hoe Rubie knik en 'n besigheidskaartjie uit haar wye romp se sak haal. “Ek het vir hom gesê jy sal binnekort terug wees, maar hy kon nie langer wag nie en het gevra dat ek jou moet vra om hom te kontak.”

Tish neem die kaartjie by Rubie en kyk vlugtig na die naam. Ignatius Marais. 'n Vuis vou om haar maag toe. Hoeveel mense met daardie naam kan daar wees? Dis nie 'n ongewone naam nie, maar ook nie te algemeen as kombinasie nie.

“Wat's fout, Tish? Ken jy die man?” Rubie raak bekommerd aan Tish se arm.

“Hoe lyk hy?” vra Tish en bid innerlik dat Rubie nie haar vermoede sal staaf nie.

“Lank, hare is amper swart. Donker, dwingende oë. Soelerige gelaatskleur. Baie aantreklik, al lyk hy 'n bietjie arrogant, krities en gatvol vir die wêreld. As mens vinnig kyk, laat hy jou so bietjie aan Waldo dink. Jy weet mos, die skilder so drie stalletjies van jou af.”

Tish kyk af in Rubie se onskuldige blou oë. “Het jy vir hom gesê wie ek is? My naam genoem?”

Rubie vee deur haar kort rooigoue krulle en dink 'n oomblik na. “Nee, ek dink nie so nie. Hy't van ‘die kunstenaar’ gepraat en ek kan nie onthou dat ek jou naam genoem het nie. Dit was 'n kort gesprek. Hy was redelik haastig. O ja, hy't gesê sy vriendin het hom van jou teëls vertel. Sy was glo die naweek hier en het baie daarvan gehou.”

Tish gaan sit op die houttrappie wat na Rubie se stoepie lei, haar bene meteens te lam om haar te dra.

“Is jy oukei?” Rubie laat rus haar effens mollige hand op Tish se skouer. Tish kyk op. “Glo jy in toeval, Rubie?”

“Nee. Ek het êrens gelees coincidences happen when God chooses to remain anonymous. Dit som my siening daarvan op.”

Tish druk haar gesig in die bont toppie. Dit ruik na katoen en vaagweg na wierook.

“Wie is hy?” Rubie gaan sit langs haar op die trap.

“Ignatius Marais. My stiefbroer.” En seker die enigste mens op aarde wat haar met ’n diep en ongekende felheid haat, dink sy, maar sê dit nie hardop nie.

Twee

“Sy is wonderlik, Tish! Ongebleddiellooflik. Weet jy wat sê sy vir my? Sy sê daar is ’n stil en sensitiewe man in my lewe. ’n Man op wie ek altyd sal kan staatmaak. Ek dink ek ken hom, maar daar is dieptes en krag in hom wat ek nog nie ontgin het nie.” Yolande se oë skitter. “En sy sê ek onderskat myself en my vermoëns. Dat ek meer in myself moet glo en my nie altyd moet blind staar teen ander se talente en goeie hoedanighede nie. Dat ek ’n skatkamer van my eie gawes het en dit net moet ontdek.” Yolande sit haar hand teatraal op haar hart. “Sy is ’n vonds, sê ek jou. As jy maar weet hoe graag ek wou hoor wat sy vir my vertel het.”

Tish glimlag terwyl sy die kraletjies behendig in die droomwip inweef. “Ek is bly.”

“Sy trek nogal op jou. In die dowwe lig van die kers kon ek nie haar gelaatstrekke mooi uitmaak nie en sy het ’n swart kantmantilla oor haar hare en gesig gehad, maar ek verbeel my tog daar is iets om die oë, al is dit donkerbruin terwyl joune amper turkoois is. In elk geval, jy het gesê sy is jou pa se niggie of iets. Maar sy is wonderlik. Sy het eers my hand sóóó bekyk en toe my palm gelee. Sy sê dat die palm die mikrokosmos, en die hand die makrokosmos van die lewe blootlê. Dat die mens ’n miniatuurweergawe is van die groter universe. Is dit nie amazing nie? En sy sê sy kan of wil nie mense se toekoms met palmlesery voorspel nie, maar dat sy dit wel as instrument kan gebruik om hulle sterk en swak punte te analiseer en hulle afbrekende neigings te help teenwerk. Fascinating, nè?”

“Ek het jou mos gesê sy’s nie ’n fortuinverteller nie. Sy glo nie in chiromansie – die lees van die toekoms in die hand en palm nie – maar in chirognomie, met ander woorde die lees van die mens se karakter in die vorm

van die hande en die lyne van die palms.” Tish knip die vislyn met ’n skerpneustangetjie af en toets die web van die droomwip met haar vingerpunte.

“H’m, raak baie ingewikkeld vir ’n dowwe koppie soos myne, maar ek moet sê die vrou het my beïndruk.”

“Wel, dalk moet jy haar glo wanneer sy sê jy moenie jouself so afkraak nie – soos jy natuurlik so pas weer gedoen het.” Tish glimlag skewerig en knipoog vir Yolande.

“Gits, ja. Seker.” Sy gee ’n verleë laggie. “Ag, jy weet, dis net dat ek tussen so ’n lot begaafde mense beweeg vandat ek en Helgard bymekaar is, en hy is tog so filosofies en slim en kunstig dat ek soms maar ’n bietjie dof voel.”

“Jy is nie dof nie en Helgard is mal oor jou. Met goeie rede. Hy wys dit miskien net nie aldag nie.”

“H’m ... Partykeer weet ek nie. Soms voel dit net vir my of Berk die enigste mens is wat my waardeer vir wie ek is en wat ek doen. Hy is ook die enigste een hier rond wat nie ’n kunstenaar is nie.”

“Net ’n puris en ’n health freak,” mompel Tish onderlangs.

“H’m? Wat sê jy?” vra Yolande duidelik ingedagte.

“Nee, niks belangriks nie. Onthou net, elke ou het sy talente. Kunstenaars s’n is net anders as ander mense s’n, nie beter of slegter nie.”

“Kan so wees, maar daar is so ’n aura om julle, so ’n geheimsinnigheid. Dit skrik gewone ouens soos ek en Berk partykeer skoon af. No offense, natuurlik. Ek dink julle almal is great, maar ... Ag, ek raak net dieper in die moeilikheid met alles wat ek sê.”

Tish kan nie help om te lag vir Yolande se beteuterde gesig nie. “Jy’s eerlik. Niks fout daarmee nie. Wat nou?” vra sy toe Yolande se fynbesnede gesiggie skielik ophelder.

“Dink jy dis dalk wat die senhora vir my wou sê? Dat ek dalk vir Berk beter moet leer ken? Hy is redelik stil en sensitief, en as daar nou een mens is op wie jy kan staatmaak, is dit hy. Wraggies, ek dink dis ...”

“Yolande, hoe kan jy so iets sê?” val Tish haar ontsteld in die rede. “Jy’s getroud met die wonderlikste man denkbaar. As daar nou iemand is wat stil en sensitief en betroubaar is, is dit Helgard.”

“Helgard laat my dom voel. Hy is net altyd besig met sy kleifigure en allerlei teorieë en goed wat soms te doen het met sy kuns en soms ...” Sy trek haar skouers op. “Kan jy glo? Hy’t juis nou weer ’n ding oor Pythagoras, wie hy ook al mag wees. Ons leef net nie in dieselfde wêreld nie. Ek en Berk wel. Hy vertrou my oordeel. Hy laat allerhande goed in my hande sonder om eers op te check. Nie Helgard nie. Nee, hy sal tien keer vra of ek ’n ding gedoen het en eintlik is hy die vergeetgat.” Yolande snork liggies. “Nee, Tish, daai tante van jou ... Ek dink sy wil hê ek moet vir Berk raaksien. Wat natuurlik nie moeilik is nie. Die man is ’n dish, en nog stinkryk ook.”

“Nee, man, jy’s getroud! Laetitia sal nooit ’n buite-egtelike verhouding voorstaan nie. Ek is seker sy het na Helgard verwys, Yolande. Miskien bedoel sy dat jy hom net ’n bietjie beter moet probeer verstaan.” Tish se ontsteltenis neem toe. Laetitia is veronderstel om sake te verbeter vir die mense wat na haar toe gaan, dinge op te klaar, te help, nie om groter verwarring te saai nie.

“Ag, man, Helgard kan na sy peetjie vlieg. Ons het juis gisteraand weer so vasgesit. Ek wou uitgaan en hy wil heeltyd werk. Maar wag, ek moet in rat kom. Ek wou net kom dankie sê. Die senhora het behoorlik my oë vir allerhande dinge oopgemaak. Hopelik raadpleeg sy volgende keer die kristalbal wat daar op haar tafel staan. Toe ek haar gevra het, het sy gesê dat sy eerder hande lees, maar ek sweer Berk gaan sy verskyning maak in daardie bal.”

Yolande wip van Tish se werktafel af. “Hoor tog ’n bietjie wanneer ek nog ’n afspraak kan kry? En onthou vanaand. Seweuur. Ek maak sommer net pasta. Bring jou eie drinkding. Rubie en Esther en Waldo kom ook. Ek moet waai. Bye. En dankie, hoor,” groet sy en met ’n wuif van die hand verdwyn sy by die deur uit.

Tish staar aandagtig na die droomwip met sy turkoois en pers krale en die winkende vere in die raam van knoetsrige wilgelote. Laetitia, wat de hel het jy aangevang? Sy sien hoe die veertjies draai en die kraletjies blink, maar die droomwip antwoord haar nie.

Laetitia sal moet regmaak wat sy verbrou het, besluit sy en stap deur na die donker vertrekke in die agterste deel van die ekstra stalletjie en skakel die lig aan. Die donkergroen gordyne laat geen lig deur nie, net ’n onaardse malse groen glimpering. Die tafel wat sy ingedra het, staan teen die muur, met twee stoele weerskante. Op die blad naby die besoeker se stoel staan ’n kers. Daarnaas ’n pakkie tarot-kaarte. Die afspraakboek lê langs die kristalbal, wat eenkant op sy ivoorstaander staan, ’n swart fluweellappie daaroor gedrapeer.

“Only the scryer touch crystal ball,” het Fortuna destyds in haar geradbraakte Engels vir haar in Portugal gesê. “No absorb the energy of other.” Fortuna met haar calamatablink oë, soel vel en wilde donker hare.

Tish blaai deur die afspraakboek tot by volgende naweek se datum. Dis wanneer Laetitia die eerste keer amptelik begin. Sy het Yolande gistermiddag net gesien om haar belofte na te kom. Daar is drie inskrywings:

Vrydagmiddag, Rubie van Rensburg, Saterdagoggend, Esther Gericke, en net na haar, Waldo Baum. Al drie is chaletbewoners en uitstallers by die mark en nuuskierig oor hulle nuwe kollega en haar gawes.

Tish sug. Dit is ’n mal perd wat sy opgesaal het. Die sommetjies wat sy gemaak het, het so goed gelyk en op papier so werkbaar, maar sy moes seker

voorsien het dat die praktyk probleme sal oplewer.

Sy skryf Yolande se naam net onder Rubie s'n in. You broke it, Laetitia, you fix it, dink sy beswaard. En jy sal aansienlik beter moet doen met Rubie, Esther en Waldo.

Tish lig die swart lappie van die kristalbal af en staar in die helder dieptes daarvan terwyl sy dink aan die gulhartige Rubie wat tog nou en dan deur al die vrolikheid heen 'n pyntrekkie om die oë en mondhoeke kry.

Sy dink aan die skraal Waldo met sy gitswart oë en hoë wangbene wat so stil en broeierig kan wees wanneer hy aan sy skilderye werk. Sy sal Waldo se stillewes en portretstudies tussen 'n duisend ander uitken. Altyd die somber agtergrondkleure. Skakerings van grys, soms met bruin nuanses of amper swart aksente, maar op die voorgrond die helder kleure waar hy die fokus wil vestig. Sy jongste skildery het haar aangegryp. Die stilistiese spierwit bak met uitspattige lemoene, dieprooi appels en skrilgroen kiwivrugte. 'n Geruite servet ongeërg daarnaas gefrommel, 'n vrugtemessie bo-op, en daaragter 'n vaas met varkore. Die voorwerpe in sy stillewes is soms tradisioneel, maar sy komposisies, ekspressionistiese styl en kleurgebruik verras altyd.

Sy roep ook die fyn, realistiese tegniek van Esther se fleurige tafeldoeke en kussings voor haar geestesoog op. Die spanning tussen Esther en Waldo is soms onhoudbaar, maar sy kan nie mooi agterkom waarom dit gaan nie. Sy sien net altyd hoe 'n behoedsaamheid in Esther se sjampanjekleurige oë insluip en hoe sy die lang swart hare met 'n ongeduldige kopbeweging na agter gooi wanneer Waldo naby haar kom.

Tish staar weer 'n keer in die kristalbal, maar dit bly helder, sonder die wolkerigheid waarvan Fortuna haar vertel het. Sy sug vir die soveelste maal. Miskien kan sy vanaand meer oor haar medekunstenaars uitvind. Tot dusver het sy te hard gewerk om voorraad op te bou en die stalletjie reg te kry om oor en weer te kuier saam met die res van die chaletbewoners. Vanaand is die

eerste keer dat sy hulle maandelikse saamkuier gaan bywoon. Sy hoop tog net nie daar is boonop spanning tussen Yolande en Helgard nie.

Helgard staan en beduie met ekspressiewe hande toe Tish, 'n bottel goedkoop rooiwijn in die hand, in een van die kronkelpaadjies wat die chalets verbind, nader stap. Om die tafel onder die prieel oor die patio sit Esther, Rubie en Waldo aandagtig en luister.

“... wat natuurlik Pythagoreërs se stelling dat syfers alle dinge onderlê, skitterend ondersteun. Hallo, Tish.” Hy lig sy hand in 'n groet. “Kom sit. Yolande is nou hier, sy check net die pasta.” Hy hou sy hand uit na die bottel wyn. “Kan ek vir jou oopmaak?”

Tish knik. “Dankie.” Sy groet die ander en trek die oop stoel langs Rubie uit.

“En toe? Het jy al gesettle noudat jy albei stalletjies het?” vra Helgard terwyl hy die kurk uitdraai.

“Min of meer. Dis lekker om die uitstaldeel nou apart te hê van die werkdeel.”

“Sal glo, ja. Jou stalletjie was maar 'n bietjie cramped.” Helgard skink van die wyn in 'n langsteelglas en sit dit voor haar neer. “Skol. Ek is bly jy kon dit maak.”

Tish lig haar glas na hom en toe in die rigting van die ander. “Dankie.”

“Gesondheid, Tish,” glimlag Rubie opgewek. “Ek is mal oor jou toppie.” Sy voel aan die fyn katoen en vee oor die wit-op-wit-borduurwerk.

Tish glimlag terug. “In Portugal gekoop destyds.” By die mark langs die pretpark waar Fortuna haar karavaan gehad het, onthou sy teensinnig. “Ek sal die een wat jy vir my gegee het oor die naweek dra.”

Esther kyk afgetrokke na Tish terwyl sy aan 'n lang, dun sigaret teug. “Yolande sê jy het navorsing daar gedoen? In Portugal, bedoel ek.” Die lang

swart hare val reguit oor die skouers van haar loshangende denimhemp en die swetterjoel armbande klingel toe sy haar glas witwyn optel en na haar vol lippe bring. 'n Lagie van die persbruin lipstiffie bly op die rand agter.

Tish knik. “Ek het die Azulejo-teëls daar bestudeer.”

“Ek weet nie waarom hou jy jou op met daardie kitsch dreamcatchers en mobiles nie. Jy behoort te spesialiseer in jou teëls. Dit het ten minste kunswaarde. Jou kwaswerk is regtig merkwaardig.”

Tish kyk effens verras na Waldo en sien hoe sy ferm mondhoeke krities na onder trek. “Die droomwippe en bewers is potboilers. Van teëls alleen kan ek nie leef nie,” verweer sy.

“Potboilers!” Hy snork. “Dis kamtig 'n kunsmark, maar hier is meer crafts as arts. Kyk nou na daardie twee ou susters wat kerspitswerk doen. Twee regte bokkems. En jy, wat beter behoort te weet, hoereer met jou spul junk. Maar dis nie net jy nie. Van jou wearable art is daar deesdae ook weinig te sien, Rubie. En ek praat nie eens van Helgard wat sekere kershouters deur die worsmasjien sit soos 'n regte garagepotter nie.”

“Die kerspitsusters is dalk bokkems, maar hulle werk is kunstig gedoen en boonop gewild. En ons het almal potboilers nodig, Waldo. Ons kry nie vyf, ses duisend rand vir een item soos jy nie.” Esther se hees stem dra geen verontskuldiging nie.

“Natuurlik sal jy vir ou Prim en Proper en die res opkom. Daar sit jy, een van die beste waterverfkunstenaars in die land, en jy verf tafeldoeke. What a waste.” Waldo kyk met iets soos minagting na haar. “Jy’s die grootste sell-out van die lot.”

“Ag, bog. Ons almal kan nie puristiese godjies speel soos jy nie. Eerstens kan ons dit nie bekostig nie, en tweedens is ons nie so eng en verkramp en veroordelend nie.” Esther ril en rol die denimhemp se lang moue af, maar maak die mansjette nie vas nie.

Tish kyk verstom van een na die ander en toe na Helgard, maar sy oë is op Waldo.

“’n Garagepotter, nè?”

Tish hou asem op en laat eers ’n sug van verligting uitsypel toe Helgard se groot lyf begin skud van die lag. “Jy is darem vreeslik verwaand, Waldo. Maar ek laaik jou nog steeds. Al is dit partykeer bloot omdat jy so reguit is. En natuurlik omdat jy verdomp mooi skilder.”

“Is julle al weer aan die stry?” Yolande maak die deur agter haar toe en gaan staan langs Helgard. Sy steek klein en blond en fyn af teen Helgard se groot lyf. Sy arm gaan dadelik om haar skouers, en in ’n woordelose antwoord leun sy met haar kop teen sy skouer. “Haai, Tish. Jy moet hulle maar verskoon. Hulle noem dit kunstenaarstemperament. Ek dink dis maar net bitchyrigheid.”

“Ag, Waldo is maar net krapperig omdat hy lanklaas een van sy prentjies gesmous het.” Rubie kyk vermakerig na Waldo terwyl sy die wynglas heen en weer tussen haar effens mollige vingers laat swaai. “En ek maak nog wearable art. Jy sal sien wat ek binnekort uitruk.”

“Préntjies!” Waldo kyk haar ’n oomblik boosaardig aan, maar ’n oomblik later vertrek sy mond in ’n onwillige glimlag. “Vir jou trek ek nog oor my skoot.”

“Jy’t laas gesê jy gril vir dik girls, dus is ek veilig.”

“Jy’s g’n dik nie,” maak Helgard beswaar.

“Sy kan doen met ’n paar kilo’s minder.” Waldo se oë is steeds op Rubie.

“Twak. Rubie is pragtig nes sy is. Sy sal nie Rubie wees as sy plankdun is nie. Netnou verdwyn die kuiltjies uit haar wange en lyk sy so afgerem en bitter soos jy.” Esther druk haar bleek hande tussen haar denimgeklede dye. “En kry sy boonop so gou soos ek koud.”

Waldo se oë swaai na haar. “Ja, jy word weer heeltemal te maer. Jy rook te

veel en eet te min.”

“En jy is die grootste foutvinder wat ek ken,” weier Esther om bes te gee.

“Nou toe, kom ons gaan in en eet. Voordat die gesprek weer handuit ruk,” kom Helgard tussenbeide.

Die tafel is fleurig gedek in die gesellige woonvertrek.

“Kom sit,” nooi Yolande. “Steek vir ons die kerse aan, Helgard, en maak ’n bietjie glase vol, Waldo. Esther, ek het vir jou ’n slaai gemaak sonder ham in en spaghetti eenkant gehou sonder sous. Wil jy iets daarby hê? Daar is ’n botteltjie van die pesto wat Berk nog laat maak het deur daardie Swiegelaarvrou op die plaas hier anderkant. Kry vir jou in die yskas.” Yolande stap na die oond toe en haal ’n stomende bak daaruit. “Jy is nie dalk ook ’n vegetariër nie, Tish?”

“Nee, gelukkig nie. Die kos ruik heerlik.” Tish gaan sit, skielik bly dat sy hier tussen mense kan wees wat gemeenskaplike belange het en ooglopend waardering vir mekaar het, al klink dit nie altyd so nie.

“Dank die gode. Nie dat ek weet waarom Esther so danig vegetaries is as sy soos ’n skoorsteen rook nie.” Waldo gaan sit tussen Tish en Esther.

“Watse soort health freak is jy?”

“Ek is nie ’n health freak nie. Ek eet net nie dooie diere nie. Niks word doodgemaak vir my sigarette nie. Dit verskaf werk aan mense. En dis my lange,” verweer Esther ongeërg, skep ’n lepelvol blinkgroen pesto oor haar pasta en ruik waarderend aan die kruiegeur wat daaruit opslaan.

Waldo snork net en trek die slaai nader.

“Smaaklike ete, mense,” sê Yolande toe almal klaar ingeskep het en die glase weer gevul is.

Tish draai die spaghettislangetjies om haar vurk terwyl die heerlike geure haar daaraan herinner dat sy vanoggend laas ’n beskuit geëet het.

Sy het net gehap en probeer nog ’n moedswillige slangetjie van haar ken

in haar mond kry toe daar 'n klop aan die deur is.

“Kom in, dis oop!” roep Yolande oor haar skouer.

“As daar nie genoeg kos is nie, pla ek. As daar is, is ek net betyds.” Die man wat die kosyn bykans vol staan, glimlag breed.

Tish se hande verstil en die spaghettislangetjie kry sy lê in haar mondhoek. In haar dag des lewens het sy nog nooit 'n man gesien wat soveel dinamiese energie uitstraal en so ongelooflik aantreklik is nie.

“Berk!” Yolande vlieg op en omhels hom spontaan.

Helgard staan ook op en groet hom met die hand. “Dis 'n verrassing. Hallo, Berk. Ons het jou eers oor 'n week verwag. Kom sit aan. Yolande het meer as genoeg kos gemaak.”

Tish hoor 'n effense behoedsaamheid in Helgard se stem, maar sy vriendelikheid is ongetwyfeld opreg. Sy probeer haar mond ongemerk met die servet afvee en kou haastig terwyl Berk die ander om die beurt groet.

“Jy't nog nie vir Tish ontmoet nie,” sê Helgard toe Berk met sy groot hande op die rugleuning van die stoel oorkant Tish bly staan terwyl hy na haar afkyk.

“Dis dus jy wat die mooi teëls maak.” Hy steek sy hand oor die tafel na haar uit.

Tish sluk aan die laaste van die pasta en leun nader om sy hand te neem. “Tish Malan. Die teëls, ja.”

“Berk Colijn,” sê hy, sy stem skielik effens dieper toe sy warm hand om hare vou. In die lig van die baie kerse, elkeen in een van Helgard se besondere houers, sien Tish dat die goue spatsels wat in sy liggroen oë glim dieselfde kleur is as die ligter, sonverbleikte strepies in sy donker hare. “Ek is bly om jou uiteindelik te ontmoet. Ek was baie beïndruk met jou werk.”

Vir 'n oomblik is dit vir haar of die kerse se vlamme botstil gaan staan en elkeen van die ander om die tafel asem ophou. Tot Berk haar hand laat gaan

en hy die stoel vir hom uittrek.

“Ek skep vir jou in.” Yolande kry ’n ekstra bord uit die kas en lig die deksel van die pastabak. “Een van jou gunsteling, toevallig. Bolognese.”

“Heerlik, dankie.”

Tish lig haar wenkbroue effens. Met al die klem op organiese aspekte het sy verwag dat hy ’n vegetariër sou wees. Maar ja, Berk voldoen aan nie een van haar verwagtinge nie. Om die een of ander rede het sy hom heeltemal anders voorgestel. Asketies, streng en ernstig. Hierdie viriele man met die lagplooitjies om sy oë, sy sensuele mond en gemaklikheid met homself is net mooi die teenpool van die prentjie wat sy vir haarself geskep het.

“En toe? Het hierdie uitgebreide rondritsery van jou darem vrugte afgewerp?” vra Helgard belangstellend.

“Dit was baie interessant, maar ek kon nie wag om weer by die huis te kom nie. Yolande, jy kan gerus hierdie dis patenteer. Dis heerlik.”

Nie een van die spaghettislangetjies durf ontsnap van die netjiese rolletjie om Berk se vurk nie, let Tish op. Sy trek haar voet effens terug toe sy voel iemand skop daarteen en kyk verras na die oorkant van die tafel. Berk se oë is egter op Esther, wat hom ’n vraag gevra het. Sy sien hoe Yolande knipoog, ongemerk haar vinger teen haar lippe druk en haar kop effens skud.

Tish frons. Yolande vorm ’n klanklose woord met haar mond en herhaal dit. Lae-ti-tia, liplees sy voordat Yolande weer vir haar wys dat sy moet stilbly.

Tish knik om te wys sy verstaan. Ja-nee, dink sy, die man is seer sekerlik die dish waarvan Yolande haar vertel het, al lyk hy so anders as wat sy verwag het. Agter die vriendelikheid is dit egter ook duidelik dat hy ’n wil van staal het en dit nie sal duld dat sy wense verontagsaam word nie. Dit sien Tish in die onwrikbaarheid van sy ken, aan die trotse houding van die breë skouers, maar veral aan die manier waarop hy sonder om ’n pinkie te lig die

spil geword het waarom die geselskap draai vandat hy die vertrek binnegestap het.

Die res van die aand is vir Tish amper onwerklik. Die spel van die kersvlamme teen die hout- en klipmure van die chalet, die gesellige gesprekke, die gelag en gepieker en geskerts, die klanke van Andrea Bocelli, later Stef Bos en nog later Édith Piaf skep 'n kokon om haar. 'n Kokon waarin sy deurentyd bewus is van die groot man oorkant haar; sy gemoedelike lag en sy kwinkslae, die doelgerigtheid van sy bewegings en die sensualiteit wat sy mond, sy oë, sy hele lyftaal uitstraal.

“Kom, girls,” prik Waldo die seepbel uiteindelik. “Ek sal julle almal tuis besorg, maar dit moet nou gebeur voordat ons môre almal met hangovers sit.”

Rubie strek haar lui uit. “Ek is so bly ons het die reëling dat elke gasvrou haar eie skottelgoed was. Laas keer toe julle by my geëet het, het ek nie so gedink nie, maar nou klink dit na 'n wonderlike plan. En gelukkig is dit volgende maand jou beurt, Waldo. Herinner my tog om soveel as moontlik glase te gebruik.” Sy kom orent. “Dit was heerlik, dankie, Yolande.”

Esther druk haar sigaret dood. “Amen. Thanks, julle. En welkom terug, Berk.” Sy staan soepel op.

Tish stoot haar stoel agteruit. “Dit was 'n wonderlike aand. Dankie. Jy hoef nie saam met my te stap nie, Waldo. My chalet lê heeltemal aan die ander kant as julle drie s'n en die paadjies is verlig.”

“Ek sal saam met jou stap,” bied Berk aan. “Dis in elk geval net anderkant die hangbrug as ons met die rivierpad stap, en ná die heerlike kos sal 'n entjie se stap goed werk.” Berk bedank Yolande en Helgard sonder om op 'n antwoord te wag.

Daar is 'n oor-en-weer-groetery, en toe Tish haar kom kry, stap sy langs Berk tussen die welige bome deur wat elke chalet so privaat maak.

“Is alles darem na jou sin by die mark en in die chalet?” vra hy asof hy werklik wil weet en nie net ordentlik probeer wees of net die stilte wil verbreek nie.

“Ja, dankie. Ek woon en werk heerlik hier.” Sy onthou weer Yolande se waarskuwing om stil te bly oor die Laetitia-ding.

“Ek is bly om dit te hoor. Het jy toe die ander helfte van die stalletjie ook geneem?”

Sy knik. “Yolande sal jou seker môre inlig oor alles.”

“Ek sal eers weer Vrydag by die mark uitkom. Ek het ’n klomp goed om uit te sorteer nadat ek so lank weg was. Daarna kan ek eers weer my aandag by Organica bepaal. Ek wil sommer by jou stalletjie ook inloer en kyk wat jy daar doen.”

Tish voel half verlig. Dit gee haar en Yolande darem kans om hulle argumente agtermekaar te kry.

Die aand is lentekoud om hulle. Die sterre besonder blink. Sy kan die ruising van die stroomversnelling ’n entjie rivieraf hoor en ook die roep van ’n nagvoël. Die donkerte anderkant die tuinligte ruik na water en vermolmde plante, vunsige hout en mimosabloeisels.

“Dis nie nodig dat jy tot by die chalet stap nie,” sê Tish toe hulle naby die hangbrug kom wat na sy huis lei. Deur die lower kan sy ligte in die huis op die oorkantste oewer sien brand. Hoeveel keer het sy nie al gewonder oor die man wat die groot kliphuis met sy grasdak en interessante boustyl vir homself gebou het nie, en hier is hy reg langs haar.

“Ek doen dit graag,” sê hy met ’n beslistheid wat geen teenkanting duld nie.

Tish se hand bewe onverklaarbaar toe sy die sleutel in die voordeur se slot wil steek.

“Laat ek dit doen. Jy is heeltemal te dun aangetrek. Die nagte hier teen die

rivier raak baie koud. Selfs in die somer.” Hy neem die sleutel met warm vingers uit haar hand, draai dit in die slot en stoot die deur oop.

“Jy het dit baie mooi ingerig,” komplimenteer hy en beduie in die rigting van die woonvertrek. In die sagte lig van die leeslamp wat sy aan gelaat het, lyk die sitgedeelte, danksy ’n paar meubelstukke wat haar ma vir haar gegee het en ’n paar van haar eie skilderye en snuisterye, heel gesellig.

“Dankie. Ek woon heerlik.” Sy wonder of sy veronderstel is om hom in te nooi.

Hy wys na die boek wat oopgevlank met die rugkant na bo op die vrolike rusbank lê. “Wat lees jy?”

“Sommer navorsing.” Sy neem die sleutels uit sy hand en tree binnetoe.

“The Book of ...” lees hy die grootste letters op die omslag. Hy trek sy oë nouer en leun verby haar skouer. “Wat op aarde is scrying en crystallomancy?”

Kon dit nou nie maar Jung se biografie, wat sy ook nou lees, gewees het wat sy oop en bloot laat lê het nie, dink sy ergerlik. “Dis laat en ek is regtig moeg. Môre is weer ’n lang dag,” ontduik sy die vraag en begin die deur geleidelik toemaak. “Dit was lekker om jou te ontmoet. Nag, Berk.”

Hy staan terug. “Jammer. Dit was ongeskik van my om inbreuk te probeer maak op jou privaatheid. Ek is net self baie lief vir lees.”

“Dis oukei. Lekker slaap.”

Hy hou die deur liggies teë toe sy dit finaal wil toedruk. Dit lyk of hy iets wil sê, maar toe laat hy tog die deur gaan.

Tish bly net so staan en kyk vir hom deur die opening. Daar klop skielik iets onsigbaars, maar duidelik voelbaar tussen hulle.

Hy druk sy hande effens koud in sy sakke, kyk met ’n skewe glimlag af na sy Cats se staalversterkte punte voordat hy weer opkyk. “Nag, Tish. Lekker slaap.” Hy gee ’n tree of wat agteruit sonder om om te draai en lig

weer een hand. “Lekker ook om jou te ontmoet.” Daarmee draai hy om en stap met ’n verrassend ligte tred vir so ’n groot man terug na die hangbrug.

Drie

Tish kan nie verklaar waarom sy vanoggend met 'n lied in haar hart wakker word nie. Al wat sy weet, is dat die lug blouer lyk, die bome groener, die gras malser en dat die voëls opgewekter as ooit in die bome op die oewer sing.

Die rame van die droomwippe vleg feitlik vanself onder haar vlytige vingers en dis asof die kraletjies hulleself inryg net waar hulle moet sit.

Daar is ook somer heelwat meer kopers as gewoonlik op 'n Donderdag, en sy is heel tevrede met die verloop van die dag toe sy teen vieruur haar goed in die werkkamer wegpak. Dit moet darem netjies lyk vir Laetitia se kliënte môre.

Sy sit op haar hurke voor die kas waarin sy al haar botteltjies met krale bêre toe sy die windharpie in die deur van die uitstalruimte hoor klingel. “Ek is hier langsaan!” roep sy en pak vinnig die laaste paar botteltjies weg.

“Middag, Juffrou. Ek soek eintlik na 'n brosjure van jou teëls,” hoor sy vanuit die deur wat die twee stalletjies verbind.

Tish bly vir 'n oomblik net doodstil sit voordat sy, steeds gehurk, stadig omdraai en opkyk. Hy lyk nog net so goed versorg en intimiderend as wat sy hom onthou van hulle laaste ontmoeting.

Sy kom stadig orent totdat sy vollengte voor die lang, atletiese man staan. “Middag, Ig.” Sy kyk op in die swart oë waarin verrassing sigbaar oorslaan in onverbiddelikheid.

“Jy!” Hy kyk haar op en af.

“Ek neem aan jy stel nie meer belang in 'n brosjure nie?” Sy klap die kasdeurtjie agter haar toe sonder dat haar oë voor dié van haar stiefbroer wyk.

“Wat maak jy hiér?” Sy mond trek dun.

“Ek smous teëls en bewers en droomwippe in 'n poging om my

studieskuld te delg sodat ek kan graad kry. Iets wat nie nodig sou gewees het as jy nie my erfgeld gesteel het nie. Ek neem aan jy het dit nodig gehad om die huis te bou waarvoor jy die teëls soek.” Sy vou haar arms en skud haar hare na agter.

“Ek het nie my pa se bloedgeld nodig om ’n huis te bou nie, en die geld het jou nie toegekom nie. Dit het die hof ook beslis, nie net ek nie.” Sy neusvleuels sper effens oop terwyl hy praat.

“Die regter het self gesê dat hy slegs op grond van ’n tegniese punt in jou guns beslis en dat hy nie voel die wense van die afgestorwene word uitgevoer nie.” Sy wieg effens vorentoe en agtertoe op haar voete.

“Die regter het nie ‘die afgestorwene’ geken nie en nog minder jou fortuinsoekster van ’n ma wat saam met jou daarin geslaag het om my pa tot selfmoord te dryf met julle spandabelrigheid.”

“My ma was lief vir Naas en hy vir haar. Hemel, Maja was amper twee keer langer met hom getroud as jou ma. Dis nie haar skuld dat hy ’n swak belegging gemaak en feitlik alles verloor het nie. Dit was nog minder haar skuld dat hy toe in depressie verval het. Of besluit het om sy lewe te neem. Onder meer – miskien hoofsaaklik – sodat sy kan baat by sy polisse. As sy enigsins vermoed het wat in sy gedagtes omgaan, sou sy hom met alles tot haar beskikking probeer keer het. Naas was vir haar baie belangriker as enige geld. En vir my ook.” Tish se keel brand asof die woorde kole is wat oor haar stembande skuur.

“Wie het in ’n BMW rondgerits en op ’n Rolex gekyk hoe laat dit is terwyl hy sy kop weggeblaas het? En wie het in Portugal rondgeflerrie en geld soos water bestee terwyl my pa nie ’n ander uitweg as die dood kon sien om uit sy finansiële verknorsing te kom nie? En wie het ná sy dood toe nog wie weet hoe lank in Europa aangebly?” Sy kake bult wit terwyl hy die woorde uitkners.

“Maja sou met graagte sonder kar en horlosie gesit het as Naas net vir haar gesê het wat sy posisie was, en ek sou nie daarvan gedroom het om Portugal toe te gaan as ek geweet het nie. En jy weet my ma wou nie gehad het ek moet terugkom voor my navorsing voltooi is nie. Agterna beskou, dink ek in elk geval sy wou my teen jou beskerm.” Tish sug. “Kyk, Ig, ek weet jy het net iemand nodig op wie jy die skuld kan pak, iemand om te haat, en ek en Maja is gerieflik byderhand. Ek weet hoe dit voel. Ek het ook iemand gesoek op wie ek die skuld kon pak vir die verskriklike ding wat gebeur het, maar ek moes uiteindelik besef dat Naas, in sy staat van depressie en wanhoop, sy eie keuse gemaak het.

“En al dink ek dit was ’n afgryslieke keuse en al wens ek uit die diepte van my hart dat dit anders was, kan ek niks daaraan verander nie. Ek kan hom selfs vergewe dat hy in daardie stadium gedink het dis die beste uitweg.” Sy forseer die dreigende trane met suiwer wilsrag terug, maar kan niks aan die bewing in haar stem doen nie.

Ig se oë vernou venynig. “Moenie met ’n klomp sielkundige twak kom en feite verdraai soos dit jou pas nie, Tish. Jou ma het die bal aan die rol gesit toe sy my pa twintig jaar terug by sy vrou en seun afgevry het. En jou swartsmeerdery wat gelei het tot die finale breuk tussen my en my pa het ook nie gehelp nie.”

“Die feit dat my ma en jou pa mekaar liefgekry het, was die simptome van jou ma en Naas se ongelukkige huwelik, nie die oorsaak nie. Ek sê nie wat hulle gedoen het, was reg nie, maar jou ma en Naas was in elk geval op die drumpel van egskeiding toe Maja hom ontmoet het. En ek het jou nie swartgesmeer nie.”

“Jy kan die mantel na die wind draai soos jy wil, Tish, ek weet wat ek weet en ek het nie een slapelose nag daaroor dat ek die testament teengestaan het nie. Ek voel nie sóveel vir jou of jou ma nie.” Hy klap sy vingers met ’n

skerp knalletjie.

“Dis duidelik genoeg, Ig. Maar as jy dalk die een of ander tyd oor iets anders ’n slapelose nag het, dink gerus aan wat jou optrede aan Maja en indirek ook aan my gedoen het. Eers moes sy Naas se selfmoord probeer verwerk, daarna gewoon raak daaraan om sonder die man wat sy innig liefgehad het, te lewe, en nou moet sy boonop op haar oudag raap en skraap om aan die lewe te bly. En ek kan haar nie versorg nie, want sonder my graad kan ek nie praktiseer nie.”

“Niemand het gesê jy moet ná Naas se dood verder studeer nie.”

“Ek wou omdat ek mense soos Naas wil help en omdat ek gedink het dat ek ten minste die polisgeld wat hy nagelaat het, kon gebruik om ander te help aangesien ek hom nie kon help nie. Dit was die een manier waarop ek kon vergoed vir sy dwase besluit. Die enigste manier waarop ek ’n bietjie goed uit die kwaad kon laat voortspruit. As ek een ander mens kon help om hom of haar nie te laat onderkry deur iets so belaglik soos geld of aansien nie, sou ek al iets bereik het, maar danksy jou kan ek niks doen nie.” Die bewing in haar stem het oorgeslaan in ’n rouheid.

“Wat weet ’n selfgesentreerde klein brat soos jy van mense help? Jý, Tish, sal altyd eerste aan jouself dink. Jou mooi lyf rondgooi, jou wimpers fladder en mans tart totdat hulle nie weet hoe hulle dit het nie. Jy’s ’n flerrie, Tish. Gebore en getoë om net so ’n slet soos jou ma te wees.”

Iets ontplof in Tish se kop. “Uit! Uit my plek uit! As ek jou ooit weer naby my sien ... Ek sweer ek sal ’n interdik teen jou kry, Ignatius Marais!”

“Dis nie nodig nie. Ek sal nie vrywillig naby genoeg aan jou kom om met ’n tang aan jou te kan raak nie.” Hy kyk haar ’n oomblik minagtend aan voordat hy omswaai en uitstap.

Tish sak neer net waar sy gestaan het en vou haar arms om haar kop asof sy die naklank van sy woorde só kan uithou. Die trane wat sy so lank moes

terughou, stroom in 'n stortvloed oor haar wange asof 'n damwal gebreek het.

Vaagweg hoor sy voetstappe op die houtvloer van die stalletjie. Die voetstappe van 'n groot man, registreer dit deur die ontsteltenis. “Tish?”

“Loop! Jy kan my nog slegsê, maar Maja ... Voertsek! Ek het jou gesê ek wil jou nooit weer sien nie!”

“Nee, jy het nie. Nie vir my nie.”

Sy herken Berk se stem, maar het nie die moed om op te kyk nie.

Die vloer kraak toe hy langs haar kom sit. Die arm wat om haar gaan, is vertroostend en die bors waarteen sy leun, is breed en ruik na vars seep en kruie. Die hemp is grofgeweef onder haar vingerpunte. “Huil klaar,” kom die diep stem toe sy hom probeer wegstoot.

Hy hou haar net stywer vas en wieg haar heen en weer toe sy met onverwagse oorgawe en verligting gehoorsaam, haar net oorgee aan die magteloosheid van haar woede en die pyn wat onder die rowe wat tyd gevorm het, uitpers.

Toe sy uiteindelik moeg gehuil stil word teen die warm lyf, voel dit vir haar of sy 'n emosionele marathon gehardloop het.

“Beter?” voel sy Berk se stem deur sy lyf resoneer.

Sy snuif en knik sonder om op te kyk. “Dankie, maar moet my net nie vra waarom dit gegaan het nie.” Haar stem klink vreemd in die tent van haar digte hare wat soos 'n skuiling teen Berk se bors hang.

Hy vroetel in sy sak en druk 'n sakdoek in haar hand. “Dit help om te praat, jy weet. Hierdie lovers' tiffs voel altyd ernstiger as wat dit in werklikheid is.”

Sy kyk vinnig op. Sy sterk gesig is reg by hare. Hy vat die sakdoek by haar en vee haar gesig af. Die maskaravlekke lê soos 'n abstrakte kunswerk in skakerings van swart en grys oor die haelwit materiaal. Sy moet soos 'n voëlverskrikker lyk, dink sy vlugtig.

“Lovers’ tiff?” herhaal sy en laat sak weer haar kop. Miskien is dit beter as hy so dink. Sy sien werklik nie kans om die pyn van die afgelope vier jaar aan iemand te probeer verduidelik nie. En ook nie die ellende wat dit voorafgegaan het nie.

Hy hark haar hare met sy vingers na agter. “As hy jou so ongelukkig maak, is dit miskien tyd om te dink aan groener weivelde, Tish. Jy is jonk en pragtig. Daar is min mans wat jy nie om jou pinkie sal kan draai nie. Waarom iemand kies wat jou so vrot behandel?”

“Ek is sewe en twintig – dis nie meer so vrek jonk nie. En ek wil niemand om my pinkie draai nie.”

“Ek het gedink jy’s jonger, maar sewe en twintig laat jou ook nog nie juis vir pensioen kwalifiseer nie. En wat jy met jou pinkie wil doen, is jou saak. Moet net nie toelaat dat iemand met jou mors nie. Niemand het daardie reg nie.” Die laaste sinsnede dra skielik swaar aan ’n ondertoon wat sy nie mooi kan plaas nie, maar wat sy onmiddellik vermoed verband hou met homself.

“Kom, gaan was jou gesig voordat Picasso jaloers raak. Intussen bring ek solank jou goed binnetoe en sluit vir jou. Jy kan my beloon met ’n glas wyn by jou chalet.”

Tish druk op sy skouer om regop te kom, lam ná die emosionele uitbarsting. “Ek het my laaste bottel gisteraand na Yolande-hulle toe geneem, maar ek kan vir jou koffie aanbied.”

“Ons maak ’n plan. Toe-toe, gaan herstel die skade.” Hy staan rats op, du haar in die rigting van die deur en haal van die droomwippe op die stoep af.

Toe Tish terugkom van die kleedkamer af is alles gebêre en die deur gesluit. Berk staan langsaan by Rubie en gesels.

“Is jy oukei, Tish?” Rubie se groot blou oë kyk haar simpatiek aan.

Tish knik verleë. “Jammer oor die drama. Jy’t seker die bakleiery gehoor.”

“Nie regtig nie, nie die woorde nie, maar daar is iets aan mense se stemme

wat baklei ...” Sy trek haar skouers op. Die kuiltjies sak diep in haar wange weg toe sy glimlag en Tish se arm ’n drukkies gee. “Dis nie ’n treinsmash nie, hoor. Ek en my eksboyfriend kon net so lekker vassit.”

Rubie het nie vir Ig herken nie, besef Tish. Miskien is dit maar beter so, besluit sy. Sy sien nie kans vir verduidelikings nie.

“Maar verskoon my, ek moet oppak. Ek en Esther gaan vanaand fliek.” Rubie haal die hangers met die bont klere een-een van hulle hake af.

Berk gee die stalletjie se sleutels vir Tish. “Geniet dit, Rubie. Ry net versigtig terug. Die pad dorp toe is vrot van die sinkgate.”

“Ja, baas. Ons sal, baas.” Die kuiltjies duik weer weg in haar wange en sy knipoog vir Tish voordat sy haar ware binnetoe dra.

“Ek kry half die idee julle is soos ’n uitgebreide gesin hier,” sê Tish toe hulle met die rivierpaadjie langs koers kry in die rigting van haar chalet. “Onder al die gekibbel en stryery is daar tog ’n sterk samehorigheidsgevoel.”

“Ek wil graag so glo.”

“En is jy die feodale landlord, die pa of die oudste broer?” Sy loer op na hom en kyk weer weg, baie bewus daarvan dat haar gesig blinkskoon en grimeringloos is nadat sy die traanstrepe afgewas het.

“’n Bietjie van al drie, dink ek. Afhangende van die situasie.”

Hulle stap ’n entjie in stilte voordat Tish sê: “Dankie. Dat jy vir my ook ouboet gespeel het vanmiddag, bedoel ek.”

“Sussies wat hulle knieë stukkend val, het troos nodig.” Hy slaan sy arm speels om haar skouers en druk haar sommer so in die loop liggies vas.

Ek het nie veel kennis daarvan nie, dink Tish wrang, maar as daar nou ooit ’n broederlike gebaar was, was dit hierdie een. En hoe dierbaar sy dit ook al vind, besef sy met skielike insig, broederlikheid is die laaste ding wat sy graag van Berk wil hê.

Jy is laf, betig sy haarself blitsig. Al die emosies van die middag het hulle

merk gelaat, dié dat sy sulke verspotte gedagtes kry.

By die hangbrug hou Berk haar aan die arm terug toe sy wil verby stap. “Kyk, ek het niks teen koffie nie, maar dié tyd van die aand verkies ek ’n glasier wyn.”

Sy druk haar hande gemaak ongeërg in haar jeans se sakke om haar teleurstelling te probeer wegsteek. “Oukei. Sien jou môre.”

“Jy’t ook iets sterkers as koffie nodig.” Met sy hand teen haar rug stuur hy haar liggies tot op die brug.

Sy loer onseker oor haar skouer na hom. “Maak jy ’n gewoonte daarvan om jou stalletjehuurders na jou huis toe te nooi vir wyn?”

“Nee. Maar dis darem ook nie die eerste keer nie. Buitendien, dis ’n uitsonderlike geval. Jy gaan nou net sit en broei as jy alleen in die chalet is. Ek doen maar net my broederlike plig. Gelukkige huurders bring my ook meer in die sak as dié wat nie kan handel dryf nie omdat hulle ongelukkig is.”

“Baie altruïsties van jou.”

Die brug wieg effens onder haar en sy voel-voel na die kettingreling. Tussen die brug se houtspoorde deur sien sy die rivier onder hulle blink in die laatmiddaglig. Sy kyk om toe sy agterkom dat hy gaan staan het. Hy staan met sy elmboë op die reling en kyk met die rivier op in die rigting van die stroomversnelling. Sy gaan staan ook. Die rivier is donkergroen waar die oewerplantegroei skadu’s gooi en groenbruin waar die laaste sonstrale speel. “Jy het ’n baie mooi koninkryk hier.”

Berk knik sonder om vir haar te kyk. “Ek het.” Hy tuur na die gesigseinder waar die berge wasig lê. “Net jammer dis so duur gekoop,” vervolg hy sag en Tish kry die idee dat hy eerder met homself as met haar gepraat het.

Hy du hom weg van die reling. “Daardie glas wyn roep.”

Die huis is van naby nog meer asemrowend as van die oorkant af, sien Tish toe hulle van die brug afstap. “Genade, Berk, dit lyk soos ’n kasteel in

die kleine. Kliptoring en al. Hou jy vir Raponsie daar bo aan?” Sy knik in die rigting van die venster heel bo in die toring.

“Nee, daardie kamer behoort aan Bloubaard.” Sy skewe glimlag raak skielik ’n vreemde snaar in haar.

Ruk jou reg, Aspoestertjie, spreek sy haarself in haar gedagtes aan. Geniet die bal terwyl jy hier is, maar onthou dat die koets aanstons weer vertrek. Lank voor middernag. En dat prinse net in sprokies bestaan.

“A, koning Berk is eintlik Bloubaard?” Sy hou haar stem lig.

Berk glimlag enigmaties. Dis nie ’n glimlag wat sy oë bereik nie. “Nou het ek my mond verbygepraat.” Hy druk die swaar Gotiese koepeldeur oop en beduie dat sy voor moet stap.

Die ingangsportaal is onverwags gesellig. Om die een of ander rede het sy ’n kilheid in die kliphuis verwag, maar Persiese matte gloei ryk van kleur in die laaste sonstrale.

Sy volg hom deur ’n breë gang tot in ’n woonvertrek. Teen die een muur herken sy een van Waldo se skilderye, asook ’n Marjorie Wallace en ’n Irma Stern.

“Waldo bevind hom in goeie geselskap,” merk sy op terwyl sy haar vingerpunte oor die ruwe klipmure laat gly.

Hy haal ’n effens stowwerige bottel wyn uit ’n wynrak wat in die klipmuur ingebou is. “Sit gerus.” Hy wys na die bonkig gestoffeerde rusbank en stoele wat voor ’n oop kaggel gerangskik is. Dié is gepak en reg vir aansteek.

Hy stuur die krul van die kurktrekker sekuur in die prop in, trek dit met ’n plonkgeluid uit en ruik kundig aan die wyn. “H’m. Ruik goed.” Die wyn reutel in die twee glase wat hy uit ’n swaar, outydse kas gehaal het.

Tish sak weg in die sagte kussing van ’n gemakstoel en neem die glas by hom toe hy oor haar buk. “Dankie.” Sy ruik aan die wyn terwyl sy kyk na die kleure wat deur ’n loodglasvenster op die klipvloer val. “Goeie neus.

Swartaalbessie, as ek my nie misgis nie, en iets soos laventel.”

Hy kyk afwagtend na haar terwyl sy proe.

“Sagte tannien. Die wyn lê seker al so ses jaar. ’n Shiraz?” Sy kyk vraend na hom.

“En hoe het dit gebeur dat ’n oënskynlik arm kunstenaar soos jy ’n wynkenner geword het?” ’n Klein glimlaggie speel om sy mondhoeke toe hy op die rusbank gaan sit.

“My stiefpa het my van wyn geleer.” Sy kyk na die skaakbord met die marmerstukke daarop gerangskik op die lae Marokkaanse koffietafel. “Hy’t my ook leer skaak speel. Die twee het so half hand aan hand gebeur.”

“Altyd ’n goeie kombinasie. Het hy jou dalk ook geleer sigaar rook?” Hy lig die deksel van ’n kissie wat op die koffietafel staan terwyl hy skewerig in haar rigting glimlag.

“Dit gaan tog saam met die sofistikasie van rooiwyn en skaakspeel.” Sy glimlag terug en proe weer aan die wyn.

“Is jy ernstig?”

Sy knik. “Naas was ’n wonderlike mens.”

Hy hou die kissie na haar toe uit.

Sy skud haar kop. “Nie nou nie, dankie. Net terwyl ek skaak speel, maar ook nie altyd nie.”

“Vertel my van julle? Van jou en jou stiefpa?” Berk lig een van die sigare uit die kissie en skil die sellofaan tydsaam af.

“Ek was ’n kleuter van so twee, drie toe my ma hom ontmoet het. Naas was nog op papier getroud en ek weet nie of my ma al heeltemal oor my pa se dood was nie. Dié is kort ná my geboorte van die rotse afgeslaan deur ’n fratsbrander terwyl hy staan en skilder het. Sy lyk het twee dae later uitgespoel.” Tish bly stil, onseker waarom sy vir Berk hierdie dinge vertel.

“Ek het ook my pa vroeg verloor. Hy is in Angola gevange geneem

gedurende die grensoorlog toe hulle helikopter afgeskiet is. Hy was 'n dokter en deel van 'n reddingspan.” Berk se hande bewe liggies toe hy die punt van die sigaar bedrewe afknip. “Hy is doodgemartel.”

“Dis verskriklik.” Tish kyk star hoe hy die sigaar se punt natmaak voor hy dit aansteek. Die soet geur vul die vertrek.

Berk sit weer terug op die bank. “Ja, dit was verskriklik,” sê hy eenvoudig. “Geen medalje of eretoekenning kon daarvoor vergoed nie. En nog minder die staatsbegrafnis.”

“Hoe oud was jy?”

“Agt. My broer, tien. My ma het nooit werklik daaroor gekom nie. Sy was baie goed versorg, maar dit kon nie vergoed vir die gemis aan my pa nie.” Hy lig sy wynglas na sy mooi mond wat effens weerloos trek en teug diep.

“Sy het nooit weer getrou nie en is oorlede toe ek in matriek was. 'n Hartaanval. Sy was heelwat jonger as my pa en maar net-net in die veertig toe sy dood is.”

Tish staar in haar wyn af. “My ma en Naas was twintig jaar baie gelukkig getroud. Toe verloor hy 'n klomp geld en in sy neerslagtigheid skiet hy homself sodat ons die geld van sy polisse kon gebruik.” Sy sug. “Nie dat dit so uitgewerk het nie.”

“Hoe so?”

“My stiefbroer het al die jare 'n wrok teen ons gekoester en die testament teengestaan. Hy het op 'n tegniese punt gewen. Al die polisgeld is aan hom toegeken ná meer as twee jaar se gestoei in die hof.” Sy sit die leë glas op die koffietafel neer en kom orent, skielik verleë dat sy so baie omtrent haarself laat blyk het. “Dankie vir die wyn. Jammer ek het jou verontrief en toe nog boonop sit en uitpak oor my lewe ook.”

“Mens moet nou en dan kan uitpraat. Ek is self geneig om sekere dinge op te krop. Dit doen mens nie goed nie – soos my ma se voortydige dood maar te

goed bewys het. Is jy nie lus vir 'n spel nie?" Hy beduie met die sigaar na die skaakbord.

Tish kyk onseker na hom, enersyds nie lus vir haar eie geselskap nie en andersyds nie seker of dit so 'n goeie idee is om te lank in Berk se teenwoordigheid te wees nie. Hy doen vreemde dinge aan haar. Sy kan nie onthou wanneer laas sy met 'n buitestander oor haar omstandighede gepraat het nie. Maar dis nie net dit nie. Hy het 'n vreemde uitwerking op haar lyf ook.

"Toe, dis nie asof jy werklik so haastig is nie, of hoe?"

"Ek het lanklaas gespeel," verweer sy halfhartig.

"In daardie geval is dit hoog tyd dat jy weer in oefening kom." Hy hervul hulle glase en trek die skaakbord nader. Hy tel een wit en een swart pion op en sit sy hande agter sy rug.

Tish gaan sit weer. Toe hy sy vuiste na haar toe uithou, kies sy regs en daarmee die wit pion.

"Jy skuif eerste." Hy draai die bord so dat die wit skaakstukke aan haar kant is voordat hy opstaan, die kaggelvuur brandmaak en weer gaan sit.

Tish kom vroeg in die spel agter dat sy in Berk 'n gedugte teenstander het, maar sien ook dat hy haar met stygende respek dophou namate die spel vorder. Hy het mooi hande, let sy op toe hy ná een van haar skuiwe lank huiwer om van sy koningin gebruik te maak. Die spatelvormige vingers is lank in vergelyking met die sterk, vierkantige palm. Die skoon naels is kortgeknip, maar dit verskuil nie die basiese lang, ovaal vorm daarvan nie. Toe hy sy duim nadenkend teen sy ken druk, maak dit net 'n raps meer as 'n negentiggradehoek met die palm.

"En as jy so sit en staar?"

Tish kyk vinnig op in sy oë en glimlag verleë. "Ek kyk na jou hande," erken sy.

“En?”

“Jy het wat chirognome noem ’n ‘air hand’, of ’n intellektuele hand.”

“En ek neem aan ’n chirognoom is iemand wat mense se karakter lees uit die vorm van hulle hande?” Hy kyk haar met ’n skeptiese glimlag aan.

Tish knik.

“Wat behels ’n intellektuele hand?” Hy maak sy skuif en sit terug. Toe hy sy oë vraend op haar rig, keep die lagplooitjies effens dieper en verklap sy geamuseerdheid.

“Dit dui daarop dat jy ordeliewend is en ook skerpsinnig en mededeelsaam. Jy is waarskynlik wel ter tale en opmerksaam. Jy kommunikeer goed. Jou naels dui daarop dat jy van nature redelik easy-going, beskaafd en hoflik is, en die hoek wat jou duim maak, dui daarop dat jy vrygewig en openlik is, en jouself kan handhaaf.” Sy laat sak haar oë na die skaakbord. Sy gaan wraggies nie boonop vir hom sê dat die effense plompheid van die Venus-heuwel wat tussen die duim en die gewrig lê, op sensualiteit en viriliteit dui nie.

Sy staar na die skaakstukke. Hy het toe nie die koningin geskuif soos sy gehoop het nie, sien sy. Sy kou haar onderlip terwyl sy op die stand van die stukke probeer konsentreer, maar sy bly bewus van sy oë wat sy op haar kan voel. Sy maak ’n aanvallende skuif met die perd.

Toe sy opkyk, sien sy dat Berk se wenkbrou gelig het. “Is jy seker dis die skuif wat jy wil maak?”

Sy kyk vinnig na die bord en sien onmiddellik sy het ’n ernstige flater begaan.

“Jy kan oorskuif as jy wil. Ek het jou konsentrasie verbreek.”

Tish skud haar kop. “Die stuk is uit my hand. Ek sal maar daarmee moet saamleef.”

Dit neem Berk net drie skuiwe om haar skaakmat te sit.

“Ek buig die knie ... voorlopig. Jammer ek was nie ’n waardiger opponent nie.” Sy laat kantel die wit koning op sy sy.

“Jy was meer as ’n waardige opponent totdat jy jou konsentrasie verloor het. Dankie. Ek sal graag weer so wil maak.” Hy kyk haar met ’n enigmatiese glimlaggie aan, iets raaiselagtigs in sy oë.

Tish knik en staan op. “’n Volgende keer, dalk. Ek het nog ’n paar goed by die huis om te doen.” Onder meer probeer uitvind wat op aarde met haar aan die gang is dat die man so ’n invloed op haar het. “Maar baie dankie. Dit het my die wêreld se goed gedoen om ’n bietjie weg te kom uit my gewone roetine.”

By die deur haal hy twee baadjies van die kapstok af en hou een na haar toe uit.

“Dis nie ...”

“Natuurlik is dit nodig. Jy het somerklere aan en het voor die vuur gesit.” Hy hou die baadjie vir haar oop en sy steek haar arms gehoorsaam in die moue.

“Dankie. Ek gee dit môre terug. Dis regtig nie nodig dat jy uitkom nie. Ek ken die pad.”

Berk trek sy baadjie aan en hou die deur vir haar oop. “Ek stap saam.” Sy stem is beslis.

Die maan is aan die groei, sien Tish toe hulle na die hangbrug toe stap. Oor ’n paar dae sal dit vir die eerste keer hierdie lente volmaan wees.

Sy dink aan ’n ander volmaan in September. Daar was dit vroegherfs. Die bruggie waaroor sy gestap het, was solied en het ’n effense boggel gemaak oor die rivier tussen Estoril en Cascais. Sy het gaan staan en afgestaar na die weerkaatsing van die maan wat soos ’n blinkgoue waterlelie op die rivier se oppervlak gedobber het. Langs die oewer, ’n entjie met die rivier op, het ’n lawaai haar aandag getrek. In die pretpark het ’n mallemeule stotterend om ’n

ghriesarm-as gekarring, blikkerige musiek en die hoë stemme van kinders die naglug ingestuur. Eenkant het 'n vrou stadig in die rondte gedraai. Haar arms was wyd uitgestrek asof sy die wêreld wou omhels. Haar hare was wild in die maanlig en haar wye sigeunerromp het soos 'n bont sirkudent om haar middel uitgekelk. Skielik het sy stil gaan staan en toe direk na Tish gekyk waar sy op die bruggie tot stilstand gekom het. Vir 'n paar oomblikke het hulle mekaar net so aangestaar. Toe het Fortuna haar hand gelig en Tish met 'n dringende wuif nader geroep.

“En watse soort hand het jy?” ruk Berk se stem haar terug tot die hede.

“Fire,” kom die antwoord onwillekeurig. Die hangbrug kraak toe sy die eerste paar treë daarop gee en begin liggies swaai.

“En 'n firehand is ...?”

“'n Intuïtiewe hand.” Sy gaan staan en kyk na die geriffelde weerkaatsing van die maan op die rivier. “You are passionate person. You go on intuition, not so much logic,” het Fortuna haar daardie aand vertel.

Berk kom staan langs haar en leun met sy voorarms op die ketting. In die maanlig is sy sterk gelaatstrekke gebeitel. “Gaan jy uitbrei?” Hy kantel sy kop toe hy afkyk na haar. Skadu's maak dit moeilik om sy gesigsuitdrukking te peil.

Sy skud haar kop en kyk na die rivier. Iets roer in die water en stuur konsentriese sirkels oor die oppervlak uit, frommel die maan effens voordat die water weer glad word.

“Hoe is dit dat jy so baie van die onderwerp weet?”

“My e ... tante ... Sy het my belangstelling geprikkel.” Miskien help dit om 'n bietjie voorbrand te maak, dink Tish terwyl die halwe leuen oor haar lippe glip. Sy stoot haar van die reling af weg en stap weer aan. Agter haar hoor sy dat Berk haar volg.

Daar is geen ligte aan toe hulle by die chalet kom nie. Berk neem weer die

sleutel uit haar hande en sluit die deur oop.

Sy wil die sleutel by hom neem, maar hy hou dit onverwags terug. Sy kyk werktuiglik op.

Toe hulle oë ontmoet, vibreer die koel lentelug meteens met 'n vreemde soelte wat niks met die temperatuur van die naglug te make het nie.

“Jy boei my.” Berk se woorde hang 'n oomblik tussen hulle in die stilte van die aand. “Jy is openlik en tog geheimsinnig, emosioneel en tog terughoudend.” Hy neem haar hand in syne, druk die sleutels daarin en vou haar vingers daarom. “En jy is vir my verskriklik mooi, Tish Malan. Maar ek kan sien jy’s moeilikheid.”

Sy kyk hom stom agterna. By die voet van die hangbrug draai hy om, wuif voor hy buite sig verdwyn.

Vier

“You have what we call mixed hand,” sê Laetitia met ’n Portugese aksent.

Rubie giggel. “That figures. Ek is maar mixed up.”

“Little bit of Earth hand, little bit of Fire hand.”

Die kuiltjies in Rubie se wange sak weg, haar oë afwagtend.

“Jy is aards en prakties, maar het ook baie energie. Gebalanseerd en betroubaar, maar soms impulsief, en ’n redelike ekstrovert.” Die dowwe kerslig maak dit moeilik om die lyne op Rubie se hand te lees en die kant van die swart mantilla help Laetitia ook nie.

“Ek wil weet van my liefdeslewe.” Rubie se oë blink guitig.

“Hierdie een is die hartlyn.” Laetitia trek die eerste diep lyn onder die basis van Rubie se vingers met haar wysvinger na. “Die hartlyn stippel jou emosionele lewe uit. Dit dui op jou vermoë om lief te hê en liefgehê te word.” Laetitia se Afrikaans dra net so swaar aan haar aksent as haar Engels en val vreemd op die oor.

Rubie kyk haar afwagtend aan.

“These cross hatchings here at the beginning of the line ... they say you had emotional difficulties, or a feeling of being unloved in your childhood. Maar die lyn is lank en maak ’n duidelike boog,” verval sy weer in Afrikaans. “Dit beteken dat jy ’n groot behoefte aan liefde het, maar dat jy ook die vermoë het om liefde te gee. Die vierhoek wat tussen jou hartlyn en jou verstandlyn val, is redelik groot, wat daarop dui dat jy oop van gemoed is en die vermoë het om ander te akkommodeer. Die hartlyn eindig onder die Jupiter-vinger. Dis nou die wysvinger.”

“Wat beteken dit?” Rubie staar fronsend na haar eie hand.

“Jy het die vermoë om eendag buitengewoon gelukkig en stabiel in ’n

huwelik te wees. Jy is egter geneig om jou geliefde te idealiseer. Dit kan lei tot wonderlike romanse, maar as jy nie versigtig is nie, ook tot ontnugtering.”

Rubie se hande is warm toe Laetitia albei in hare neem, haar oë toemaak en ’n rukkie stilsit. “Jy het ’n moeilike jeug gehad, maar jy het dit agtergelaat. Al wat jy nou soek, is liefde en die koestering van ’n geliefde. Ek voel aan jy het vantevore ’n mislukte verhouding gehad. Jy het hom te gou en te veel vertrou. Jy is van nature geneig om ’n bietjie oorhaastig en halsoorkop te wees.

“Daar is op die oomblik iemand in jou lewe vir wie jy gevoelens het, maar jy weet nie hoe hy oor jou voel nie. Moenie die persoon idealiseer nie, leer hom eers goed ken, maar as jy geduldig is, kan hy moontlik vir jou die boom wees wat die takke oor jou lewe sprei, wat koelte teen die son en skuiling teen reën en wind bied.” Laetitia maak haar oë oop, laat Rubie se hande gaan en sit terug in die regop stoel.

“’n Boom.” Rubie kyk haar ongelowig aan. “Jy’s amazing. Absoluut amazing.”

Laetitia neem die tarotkaarte uit die boksie en skommel dit. Sy sit die pakkie neer. “Sny.”

Rubie lig die boonste derde van die hopie af en sit dit langs die ander hopie neer. Laetitia maak weer een stapeltjie daarvan en sprei die kaarte rugkant boontoe in ’n halfsirkel op die tafel oop. “Kies een. Probeer aanvoel watter een jou roep.”

Rubie staar ’n rukkie na die kaarte voor sy een optel. Laetitia neem die kaart by haar.

“Page of Cups.” Laetitia sit die kaart op die tafel neer en draai dit so dat Rubie die prentjie kan sien. “Dit staan vir die kompleksiteit van emosies. Aan die negatiewe kant lê daar die gevaar dat jy rusteloos is en verandering wil hê – enige verandering, en onmiddellik.” Sy skud haar kop. “Geduld, Rubie.

Geduld. Kyk om jou rond. Hou 'n oop gemoed vir stimulasie van 'n verskeidenheid bronne: mense, inspirerende boeke, verskillende vorms van die media. As daar iemand is met wie jy vrede moet maak, doen dit. Gee die eerste tree. Maar al wil jy jou diepste gevoelens meer dikwels uitdruk, maak seker jy doen dit met die regte persoon. Onthou, jy ervaar emosies wat alle ander mense ook ervaar, en min van ons hanteer dit enigsins makliker as jy.”

Rubie kyk haar met groot oë aan.

“Gaan soek jou boom, maar wees geduldig en oop van gemoed. En konsentreer intussen op die ware aard van jou kuns.” Laetitia loer na die wekkertjie by haar elmboog. “Mag jy vrede vind.”

Rubie stoot die stoel agteruit en sit 'n paar note in die houer op die tafel. “Baie dankie. Dankie, Senhora. Jy sal my weer sien.”

Laetitia kyk haar agterna totdat sy by die vertrekke uit is en sak terug in die stoel. Liewe hemel, wat 'n mal perd is dit inderdaad nie!

Sy lig die mantilla van die hare af wat in 'n lang vlegsel om haar kop gedraai is en vee oor haar swaargegrimeerde oë. Dit voel behoorlik vir haar of sy in die kop en lyf van 'n ander persoon klim wanneer sy die mantilla opsit en die kers aansteek. Wanneer Tish Malan senhora Laetitia word. Sy weet nie eens waar al die goed vandaan kom wat sy vir Rubie gesê het nie.

Tish laat sak haar voorkop in haar hande. Die kanthandskoene is effens krapperig teen haar vel. Sy voel soos 'n luis om geld van Rubie te neem vir die sessie nadat sy die toppie vir haar gegee het, maar dit sal baie verdag wees as sy dit nie doen nie.

Tish kyk weer op die wekkertjie. Sy sien op teen die sessie met Yolande, maar sy moet kyk of sy nie kan regmaak wat sy verbrou het nie.

Sy skommel weer die kaarte en sit dit terug in die boksie, staan op en gaan staan voor die spieël met sy skulpieraam wat sy teen die muur gehang het. Die donkerbruin kontaklense was eintlik meer as wat sy kon bekostig, maar

sy het geweet haar oogkleur is net te opvallend om ongemerk verby te gaan, selfs agter die mantilla. Haar mond het sy baie voller gemaak met 'n lippotlood en ingevul met donkerrooi lipstiffie. Met verhooggrimering het sy plooie geteken wat opsigtelik vals sal wees in helder lig, maar wat werk in die sagte lig van die kers.

Sy trek aan die te groot geblomde bostuk wat heelwat voller lyk danksy 'n opgestopte dubbel-D-bra. Sy skik weer die mantilla oor haar hare en gesig en gaan sit sodat die groot tafeldoek haar jean en slanke heupe toemaak. Sy kan nie elke keer heeltemal van voor af aantrek nie. Dis erg genoeg dat sy tops moet ruil en grimering moet afwas en vinnig weer varses moet aansit ná die sessies voordat iemand snuf in die neus kry oor haar afwesigheid by haar stalletjie.

“Tish?”

Sy hoor swaar voetstappe oor die plankvloer nader kom. Haar hand vlieg na haar mond terwyl sy wild rondkyk.

“Tish?” kom Berk se stem weer onmiskenbaar.

Daar is nêrens wegkruipplek nie, besef sy met 'n hart wat in haar borskas galop. Sy sal hierdie konfrontasie enduit moet voer.

“Tish not here,” kry sy haar stem terug. “Please go away. I expect client.”

Berk se groot hand du eers die donker gordyn voor die ingang weg voordat hy inloer. “Wat op aarde ...” Hy kyk haar ongelowig aan. “And who are you, if I may ask?” vra hy met verstomming in sy stem, maar sonder 'n sweempie van 'n aksent.

“I am Senhora Laetitia de Espronceda y Delgado, and who are you, Sir?” vra Tish dapper en dik die swaar Portugese aksent aan. Vir Rubie en Yolande kon sy om die bos lei, maar Berk is glo welberese. Sy stuur 'n skietgebedjie op dat hy tog net nie Portugees magtig moet wees nie. So goed het sy die taal nou ook nie leer praat nie, al het sy dit leer verstaan en kon sy haarself

daarmee help.

Berk kyk uit die veld geslaan in die donker vertrekke rond. Die kersvlam dans asof dit die manifestasie van die bewing in Tish se binneste is. Dis duidelik dat Yolande nog nie met Berk oor Laetitia gepraat het nie, besef sy met 'n nare voorgevoel.

“Where is Tish?” Sy oë pen haar vas, sy lippe 'n ergerlike lyn.

“She goes out when I work. I need quiet. You disturb energies for next client. Please go.”

Berk kyk haar nog 'n oomblik ongelowig aan voor daar 'n beslistheid in sy oë by die ongeloof oorneem. Hy trek die stoel oorkant haar uit en gaan sit. Hy vou sy arms voor hom, laat rus sy enkel op sy knie en kyk haar ondersoekend aan. “You are not by any chance a fortuneteller?”

Tish skud haar kop. “I tell character from hands, not future. I give advice. Good advice.”

“And that?” Hy beduie na die kristalbal wat effens uitsteek onder die swart fluweellappie wat skeef daaroor hang.

“Gypsy gave to me. Good gypsy. Very old crystal.”

Hy hou skielik sy handpalm na bo uit. “Read my hand.”

Tish neem die sonbruin hand tussen haar kantbeklede vingers. Sy staar lank na die lyne terwyl sy haar hartklop onder beheer probeer kry. Sy kry dit nie reg om te fokus nie. Die lyne van sy hand bly voor haar oë dwarrel.

“I can see, Senhor,” sê sy uiteindelik en bry haar erre doelbewus, “that you are actually very kind man.” Sy loer deur die mantilla na hom. “And I think your berk ... I mean, your bark, is much worse than your bite.”

Hy onderdruk die onwillekeurige glimlag so vinnig dat sy nie seker is of haar oë haar dalk parte gespeel het nie.

“From that I surmise you know who I am.” Hy trek sy hand uit hare en kom orent. “Please tell Tish I want to see her. Today. As soon as possible.”

In die deur draai hy terug en kyk haar nadenkend aan. “Laetitia? Tish? The names are very similar. Any connection?”

“Tish my dear, dear niece. Very good to me. Lovely child.”

“H’m ...” Berk vryf oor sy ken. “Just give the lovely child my message and tell her ... Never mind, I’ll tell her myself.” Hy moet sy kop effens laat sak om onder die gordyn deur te kom.

Met ’n hart wat wild klop, hoor Tish hoe hy uitstap en hoe die windharpie klingel toe hy die deur oop- en weer toemaak. Sy laat sak haar kop in haar hande. Dis die einde van haar verblyf en werk op Organica. Daar is net een ding wat Berk vir die “lovely child” gaan sê en dit is skoert!

Presies hoe sy deur die sessie met Yolande gekom het, kan Tish nie onthou terwyl sy haastig Laetitia se gesig afwas en haar eie opsit nie. Sy woel haar hare uit die vlegsels en kam sommer met haar vingers daardeur. Sy vermoed darem dat Yolande die boodskap gekry het dat Helgard die man in haar lewe is en nie Berk nie. Sy trek Rubie se toppie oor haar kop en pluk-pluk aan die soom. Aan haar lang lyf laat dit effens meer maag oop as waaraan sy gewoond is.

“Tish!” hoor sy Rubie roep toe sy die deur van haar stalletjie oopdruk en met die koperhaak vasmaak.

“Haai, Rubie.”

“Waar’s die senhora?”

“Sy is by die agterdeur uit. Sy hou nie daarvan dat mense haar kom en gaan sien nie. Almal soek gratis advies wanneer hulle haar herken,” blaker sy haar voorbedagte toesprake uit. Sy het geweet dis een van die vrae wat gevra sal word.

“Sy’s amazing. Daardie donker oë het behoorlik tot in my siel gesien.” Sy kyk Tish op en af. “Die toppie lyk mooi, of voel dit bietjies te kort? Ek sien jy vat-vat so daaraan.”

“Dis baie mooi. My lyf is net ’n bietjie langer as jou paspop s’n,” grinnik Tish, haar gedagtes nie werklik by die gesprek nie.

“Wel, dit lyk baie sexy, en die advertensie moes vanoggend gewerk het, want ek kon nie voorbly met die verkope nie. Ek wens jy het langer hier rondgeparadeer.” Rubie staan nader en laat sak haar stem. “Wat het Berk gesê? Ek het hom sien ingaan en het half verwag dat hy haar aan die arm daar gaan uitsleep. Yolande was juis benoud voordat sy ingegaan het. Sy’t gesê dat sy nog nie die guts gehad het om hom te vertel van julle konkelary nie. En sy het maar bra beteuterd gelyk toe sy netnou hier uitgekom het.” Sy raak ingedagte met haar vingers aan ’n bewer en kyk hoe die skulpe draai en swaai. “Sy’t nie eens stilgestaan vir ’n geselsie nie. Net gesê dat sy by Berk moet uitkom.”

“Laetitia sê hy wil my sien. Sy het ook nie verder uitgebrei nie.”

“O gits.”

“Wat ek ook gedink het.” Tish kyk op haar polshorlosie. “Dis in elk geval al amper toemaaktyd. Ek gaan maar oppak – dalk vir die laaste keer – en daarna die leeukuil aandurf.”

“Wat sê die senhora? Kan sy nie ’n bietjie magic gebruik nie?”

Tish glimlag, haal die bewers een-een van hulle hakies af en lê dit versigtig in die groot plastiekhouer neer waaruit sy dit hopelik môre weer sal haal. “Sy kan hande lees, nie toor nie.”

“Raai wat het sy vir my gesê?” Rubie staan nader, haar stem op ’n fluisterton.

“Nee, wat?” hou Tish haar onskuldig.

“Sy’t gesê daar is iemand wat vir my soos ’n boom kan wees wat sy takke oor my lewe kan sprei. ’n Boom wat koelte teen die son en skuiling teen reën en wind kan bied.” Rubie kyk haar selfvoldaan aan. “Wat dink jy daarvan?”

Tish frons effens. “Seker dat daar iemand is wat vir jou beskerming kan

bied. Liefde, dalk?”

Rubie grinnik. “Op die oog af, ja, maar toe gaan dink ek weer. Ek dink sy was baie spesifiek.”

“Ja?”

“Berk.” Rubie glimlag geheimsinnig.

“Wat van Berk?” Tish rek om die bewer wat die hoogste hang by te kom.

“Wel, is ’n berk nie ’n soort boom nie?” laat hoor Rubie triomfantlik.

“Oeps!” roep sy uit en is net betyds om die bewer te vang wat uit Tish se hande val. “Sy’s reg. As daar nou iemand is wat beskerming kan bied, is dit Berk. En hy is nog gorgeous ook.”

Tish kyk Rubie verslae aan. “Is jy nou heeltemal laf? Sy het ’n beeld gebruik, nie na ’n regte boom of ’n berk of ’n wat ook al verwys nie!”

Rubie lyk afgehaal toe sy die bewer vir Tish gee. “Hoe weet jy? Ek het gesien hoe misterieus sy na my kyk, asof sy dalk regtig weet wat in die toekoms lê. Asof sy voorkennis het van dinge waarvan ons skaars kan droom. En ’n berk is ’n boom.”

“Ek weet dis ’n boom, maar ...” Tish skud haar kop en kyk Rubie magteloos aan.

“Maar hoe dink ek sal ek Berk ooit sover kry om in my belang te stel? Is dit wat jy vra, Tish? Miskien omdat jy self ’n oog op hom het? Wel, join the club, dear. Jy staan ver agter in die ry van Organica-vroue wat hulle tande vir hom slyp. Ek ken Berk die langste van almal en ek weet hy’t ’n soft spot vir my.” Haar stemtoon is effens vermakerig.

“Daaraan twyfel ek nie, Rubie. Dis maklik om ’n soft spot vir jou te ontwikkel. Maar ek dink net nie Berk is die antwoord op jou probleme nie. Ja, hy’s gorgeous en alles, maar wat jy vir hom koester, is bewondering, dalk ’n basterverliefderigheid, nie diepgaande liefde nie.”

“En hoe weet jy dit nogal?”

“Omdat ek weet hoe jy na Waldo kyk as jy dink niemand kyk nie.” Tish kan haarself skop toe die woorde uit is. Rubie se wange is meteens twee kole vuur.

“Waldo! Wys jou wat jý weet. Ek kan die man nie verduur nie. Buitendien, hy is gha-gha oor Esther. As sy nie gerook het nie, was hulle lankal ’n item. En hy sê boonop ek is vet.” Sy skud haar kop ergerlik. “Nee, dis maar goed jy’t nooit in die fortuinvertelbesigheid ingegaan nie. Jy sou jou kliënte op ’n streep die afgrond ingestuur het. Behoorlik van die wal af in die sloot.”

Tish kyk haar ’n oomblik verstorwe aan. Rubie het dalk die spyker onwetend op die kop geslaan, dink sy voor sy buk, die plastiekhouer optel en dit na binne dra.

“Wat is dit, Tish?” Rubie loer om die deur. “Jy’t vir ’n oomblik so snaaks gelyk. Ek het niks bedoel nie, man.” Sy klink verskonend en tegelykertyd op die verdediging.

Tish skud haar kop. “Dis niks nie, Rubie. Ek is maar net ’n bietjie fyn van nerf omdat ek nou vir Berk in die oë moet gaan kyk en Laetitia moet probeer please explain.” Sy swaai die handvatsels van haar drasak oor haar skouer en skakel die ligte af.

“Ag, ek is jammer, man. Ek het nou nie bedoel ... Ek met my groot mond. Kry my altyd in die moeilikheid.” Rubie laat rus haar hand op Tish se skouer. “Sorry, hoor.”

“Rubie, jy’t niks gesê wat nie die waarheid is nie en niks wat jy nie die volste reg gehad het om te sê nie. Regtig.” Tish sluit die deur en kyk in Rubie se groot oë wat skielik te blink lyk.

Sy buk effens en gee Rubie ’n drukkie. “Moenie altyd die skuld so gou op jouself neem nie. Dis heeltemal onnodig. Jy is die dierbaarste mens onder die son, en gewis die dierbaarste hier rond. As Waldo dit nie raaksien nie, is hy

blind. En jy is nie vet nie.” Sy hou Rubie ’n entjie van haar af weg, haar hande nog op haar skouers. “Buitendien, wil jy Esther se lewe lei? Wil jy van sigarette en koffie leef? As sy nie aan bloedarmoede ly nie, weet ek nie.”

Rubie skud haar kop. “Nee, ek wil nie só leef nie. En ek is bekommerd oor Esther. Sy slaap feitlik nooit nie, werk net heeltyd. Sy sê drie ure se slaap ’n nag is oorgenoeg. Boonop is daai rookhoesie van haar nie vir my kosjer nie.”

“Is julle goeie vriendinne?”

Rubie trek haar skouers op. “Soort van. Ek dink ek is haar enigste vriendin. Sy is baie terughoudend, al huiwer sy nie om haar sê te sê wanneer sy die dag lus het nie. ‘Baie privaat’ is dalk ’n beter manier om dit uit te druk. Ons gaan fliek soms saam, en party aande bring sy ’n bottel wyn oor en gesels ons, maar dis asof daar ’n deursigtige skild om haar is. Jy sien, maar jy kan nie nadere ondersoek instel nie. Mans dink sy is misterieus en geheimsinnig. Vir my is sy so half ’n sad case.”

Tish glimlag. “En jy het ’n soft spot vir sad cases.”

Rubie gee ’n verleë laggie. “Ja, ek dink ek het.”

“Omdat jy begrip het daarvoor? Omdat jy weet hoe dit voel om aan die kortste ent te trek?” Tish vee ’n rooiblonde krul van Rubie se wang af.

Rubie kyk verras op na haar. Ineens duik kuiltjies diep in haar wange. “En dan sê ek nog jy weet niks van fortuin vertel nie?” Sy klop Tish liggies op die skouer. “Toe, gaan face Berk en kry dit agter die rug.”

“Hou maar duim vas.” Tish grinnik en draf met die trappies af.

“Tish!” roep Rubie agterna.

Tish kyk vraend oor haar skouer. Rubie staan by die voet van die trappies van haar stalletjie.

“Dit was jou stiefbroer, nè? Die een met wie jy die fight gehad het.”

Tish knik net.

“Ek het eers ná die tyd besef dat hy half bekend gelyk het.” Rubie skuif

hangers nader aan mekaar. “Hy’t waarskynlik ’n pash op jou, dié dat hy so verskriklik kwaad geword het.”

“Nee. Hy kan my maar net nie verdra nie, dis al.”

“If you say so.” Rubie wuif en begin die klere indra.

Tish kry koers na Berk se kantoor, wat deel uitmaak van die restaurantkompleks in die middel van die mark. Dis asof Laetitia se opwagting Rubie in aanraking gebring het met haar eie intuïtiewe aanvoeling.

Nee, Ig het nie meer ’n pash op my nie, maar ja, hy het een gehad, spreek sy Rubie in stilte aan. Daardie somer van haar matriekjaar toe Naas hom saamgenooi het op hulle jaarlikse vakansie op Plettenbergbaai in die hoop dat hy versoening kan bewerkstellig tussen sy seun en sy vrou en stiefdogter. Toe sy met tipiese jongmeisieydigheid soveel plesier geput het uit haar voorkoms en hy, alreeds ’n man met ’n graad, sy oë nie van haar kon af hou nie. Sy hét hom uitgelok, besef sy noudat sy ouer en wyser is, al was dit nie doelbewus nie. Sy het met ’n diep innerlike vroulikheid gesorg dat hy van haar bewus bly. Sy het net nie besef hóé bewus hy van haar was nie.

Sy sug. En sy was ook so naïef. So verskriklik jonk – ook op emosionele vlak.

“Ek neem aan jy soek my?”

Tish ruk soos sy skrik. Berk staan met sy skouer teen die muur van sy kantoor aangeleun, sy bene by die enkels gekruis en sy een hand in sy sak, in die ander ’n dun sigaartjie.

“Wat help dit om die baas te wees as jy nie eens in jou eie kantoor mag rook nie,” is sy dadelik op die aanval. Meer uit verbouereerdheid as iets anders, besef sy onmiddellik.

“Reëls geld vir base ook. En base is van nature gesteld op reëls.” Hy kyk haar betekenisvol aan, stoot hom regop en knyp die kooltjie van die sigaar af. “Kom in.” Hy hou die deur vir haar oop en beduie dat sy voor hom moet

instap.

Dis die eerste keer dat sy in sy kantoor kom. Voorheen het sy nog altyd net met Yolande onderhandel. In die middel van die vertrek kom sy tot stilstand en kyk rond. Die meubels is funksioneel, maar van goeie gehalte sonder om uitspattig te wees. Teen die mure hang van sy uitstallers se kunswerke. 'n Weefstuk, keramiekborde, 'n muurbehangsel waarin sy Rubie se styl herken. 'n Kleinerige skilderytjie van Waldo langs 'n pragtige landskap in waterverf. Esther, vermoed sy.

“Sit,” nooi hy en wag agter sy lessenaar tot sy gehoorsaam voordat hy ook gaan sit. Hy laat rus sy elmboë op die lessenaar en bou 'n kerk met sy vingers. “Moet ek dit uit jou trek of gaan jy dit maklik maak en aan my verduidelik hoe 'n fortuinverteller, teen alle reëls in, in my organiese kúnsmark beland het?”

“Jy was nie dalk voorheen 'n skoolhoof nie?” Sy kyk hom rebels aan.

“Nee. Ek was 'n advokaat. Daar is seker ooreenkomste uit die perspektief van die skuldige party.” Sy stem is kalm met 'n onverbiddelike ondertoon, sy oë stip op haar.

Tish gee 'n senuweeagtige laggie. “Ek moet seker dankbaar wees jy was nie 'n regter nie.”

“'n Regter staan dikwels nie 'n kans teen 'n werklik goeie advokaat nie.” Hy sit terug in sy stoel, plant sy elmboë op die armleunings en bou 'n nuwe kerk. “En nou wil ek hoor wie de hel senhora Laetitia de Espronceda y Delgado is en wat sy in jou stalletjie op my mark maak.” Sy uitspraak van die moeilike naam laat niks te wense oor nie.

“Sy is nie 'n fortuinverteller nie.” Tish kyk af op haar hande. “Your hands show you are passionate and impulsive,” het Fortuna haar daardie aand vertel. Ja, Fortuna, jy was reg, en hier sit ek nou met die gevolge van my impulsiwiteit. Vir die hoeveelste maal.

Uiteindelik kyk sy op. “Laetitia deel die stalletjie met my oor naweke. Andersins kan ek dit nie bekostig nie.” Sy lieg ten minste nie, troos sy haarself. Nog nie, waarsku ’n stemmetjie.

“En Laetitia is ...?” Hy hou sy kop skuins. “Jou e ... tante dalk? Die een wat jou belangstelling in chirognomie en ook in scrying en crystallomancy aangewakker het? Tot so ’n mate dat jy die vorm van hande kan lees en boeke oor kristalkykers raadpleeg?”

Tish kyk weg deur die venster. Sy kan nie vir hierdie man lieg nie. “Ek sal my stalletjie môre ontruim. Dis duidelik dat jy nie tevrede is met Laetitia daar nie.”

“Sonder ’n stalletjie het jy geen aanspraak op ’n chalet nie. Gee jy dit ook op ter wille van haar?” Die twee wysvingers wat die kerktoring vorm, tik-tik teen mekaar.

Tish kan hom nie in die oë kyk nie en trek net haar skouers op.

Sy hoor hom sug. “Tish, dis nie ’n vlooiemark of pretpark hierdie nie. Dis ’n organiese kunsmark. Hier is nie plek vir fortui. . .”

Haar kop swaai vanself en sy kyk hom waarskuwend aan.

“Goed. Vir chirognome nie. Laat staan scryers.”

“Wat dink jy van Nostradamus se profesieë?”

“Wat het Nostradamus hiermee uit te waai?”

“Antwoord my vraag.”

Hy roer sy skouers. “Ek dink dis maklik om retrospektief dinge in iemand se uitsprake te lees, maar ja, daar is ’n paar goed wat mens laat wonder of hy nie dalk ’n gawe gehad het nie.”

“Hy was ook ’n scryer.”

Berk se wenkbroue wip die lug in.

“Hy het nie ’n kristalbal gebruik nie, maar die prinsiep is dieselfde. Hy het ’n hele paar hulpmiddels gehad. Daar was ’n spieël, ’n ronde, gepoleerde

metaalskyf en 'n blinkgevryfde koperbak gevul met water. Hy het na hierdie blink oppervlakke gestaar terwyl hy sy voorspellings gemaak het. En dit staan bekend as scrying.”

Tish gooi haar hande in die lug. “Laetitia is in elk geval hopeloos met scrying. Maar sy ken mense, sy ken lyftaal, en sy’s ’n goeie hand- en palmleser. Sy het ’n uitstekende leermeesteres gehad.”

“En dié was?”

Tish kou haar lip ’n oomblik lank. “Fortuna. ’n Portugese sigeunervrou. Fortuna was die real thing, soos Yolande sou sê. Fortuna het gesigte gekry, kon soms dinge sien wat gaan gebeur en soms dinge wat reeds gebeur het. Fortuna het Laetitia gehelp om haar voor te berei op iets wat Fortuna geweet het gaan gebeur, maar waarvan sy Laetitia nie wou vertel nie omdat sy geweet het sy is nie gereed daarvoor nie. En ook omdat sy gedink het dat Laetitia niks daaraan sou kon doen nie, al het sy vooraf geweet.” Maar miskien sou sy tog kon gekeer het dat Naas homself skiet as Fortuna haar net vertel het van die visioen wat sy weke voor hulle ontmoeting gehad het, dink Tish vir die soveelste keer met ’n gevoel van magteloosheid.

“Wat het van Fortuna geword?”

“Ek weet nie. Laetitia het op ’n dag by die pretpark gekom waar Fortuna haar karavaan gehad het. Die hele plek was leeg. Geen mallemeule meer nie, en ook geen karavaan en geen Fortuna nie.” Tish onthou skielik weer duidelik die ongeloof terwyl sy op die ontluisterde stuk grond rondgeloop het, na Fortuna geroep het, al het sy geweet hoe gek dit was. Papiere het bont vlekke gemaak waar dit vasgewaai het teen die boogbruggie en in die takke van bome en struie rondom die stuk grond wat hard getrap is onder die voete van kinders, en grootmense met die harte van kinders.

Terwyl sy geroep het, het sy besef dat Fortuna besluit het sy het haar doel gedien. As hulle net nie die vorige aand die uitval gehad het nie.

“Why didn’t you tell me, Fortuna? Why didn’t you warn me? I could have saved my father’s life!” het sy geskree nadat Fortuna haar van die visioen vertel het.

“Destiny you can change, child. Fate not,” was die laaste woorde wat sy uit Fortuna se mond gehoor het voordat sy uit die sigeunerin se karavaan gevlug het, die donker nag in. Terug na haar tante Tita.

“Tish.”

Tish se oë vlieg verras na Berk.

“Laetitia mag hande en palms gebruik om karaktereienskappe te lees, maar dis al. Geen kastige toekomsvoorspellings nie. Geen kristalballe nie. En sy werk net op Vrydae en Saterdag. Nie Sondag nie.”

Sy knik onwillekeurig.

“Ek gee hierdie Laetitia net dié naweek en die volgende een kans om haarself te bewys. As ek nie klagtes kry nie en alles gaan goed, kan ons kyk na ’n kontrak. Voorlopig is haar kontrak én joune egter opgeskort totdat julle kan bewys dat die mark nie hieronder gaan ly nie.” Berk staan op.

Tish moet haar nek knak terwyl sy sprakeloos na hom bly kyk. Sy spring op toe sy besef dat sy verdaag is. Sy gryp haar sak en mik vir die deur voordat hy dalk van besluit verander.

In die deur gaan staan sy. “Dankie, Berk. Dit beteken oneindig baie ... vir albei van ons.”

“Daar is natuurlik ’n voorwaarde.” Hy skommel ’n klompie papiere bymekaar.

Tish kantel haar kop vraend.

Hy kyk haar in die oë. “Laetitia moet my hand lees. Teen haar normale fooi, maar ek verwag deeglike werk.”

Tish se maag draai ’n slag om, maar sy hou haar gesig sereen. “Ek is seker sy sal dit met graagte doen. Wanneer?”

“Ek sal ’n afspraak met haar maak.” Hy druk die dokumente in sy laai en stoot dit met sy stewige bobeen toe.

“Ek teken die afsprake vir haar aan. As jy my net ...”

Vir ’n oomblik speel sy oë oor haar middellyf wat so skraps deur Rubie se toppie bedek word. Sy voel haar wange effens warm word.

“Dis baie gaaf van jou, maar ek sal self met senhora Laetitia reël.” Hy klap sy dagboek toe en druk dit in ’n aktetas van sagte napaleer. Hy lig sy wenkbroue toe sy nog in die deur huiwer.

“Ek sal haar sê.” Tish lig haar hand en stap in die paadjie af in die rigting van haar chalet. Hier kom ’n ding, Laetitia, dink sy, en ek het nie ’n kristalbal nodig om dit te kan voorspel nie.

Vyf

Tish kyk na die skraal hande voor haar. Blou are slaan deur die bleekheid van die vel, die kneukels en litte beenwit en knokkelrig skerp. Die puntigheid van die vingers het haar reeds opgeval elke keer wat Esther met 'n sigaret in die hand sit.

“You touch life lightly and delicately. You are a very sensitive person. You’ve got what we call a water hand.”

“Los maar die Engels en die aksent, Laetitia. Rubie het my klaar gesê jy praat goeie Afrikaans, al probeer jy dit wegsteek. Sy sê as jy op dreef kom, vergeet jy skoon om aan te sit. Buitendien, jy hoef nie uitlands te wees om goed te wees nie.”

Tish se oë rek vir 'n oomblik, maar toe lag sy sag. “Mense dink nie 'n ou Afrikaanse vrou kan vir hulle iets vertel nie,” toets sy die res van haar maskerade.

Esther glimlag effentjies. “Jy is seker so net in die vyftig. Dis nog nie oud nie.” Sy skuif effens rond, asof sy rusteloos raak.

Tish slaak innerlik 'n sug van verligting. Dit klink asof haar vermomming darem nog steekhou, al het sy een aspek van haar charade verbrou. Sy kyk weer na Esther se hand, bestudeer die lyne. “Is daar iets spesifieks waarom jy my wil vra? Jou liefdeslewe, dalk?”

Esther skud haar kop en die donker hare vee oor die skraal skouers in die denimhemp.

Tish wonder hoeveel van die hemde Esther het. Dis omtrent die enigste klere waarin sy haar nog gesien het. Noupassende jeans wat die te skraal heupe beklemtoon, 'n wit T-hemp en die denimhemde wat soms los hang, soos 'n baadjie, en soms toegeknoop is. En net so kenmerkend is die rits

klingelende silwerarmbande.

“Nee. My gesondheid.”

Tish kyk vlugtig in Esther se sjampanjekleurige oë en weer af na haar hand. “Jou lewenslyn dui daarop dat jy al gesondheidskrisisse beleef het, veral as kind. Daar is genoegsame lewensenergie, maar jy verwaarloos jouself. Jou lewe draai eerder om jou werk as om ’n huislike of sosiale lewe.” Tish leun nader aan Esther se hand. “En tog, jou noodlotslyn loop vas teen die hartlyn.”

Esther kyk haar vraend aan.

“Dit kan daarop dui dat vrees of die een of ander emosionele aspek jou pad na sukses blokkeer. Hoe hard jy werk, help nie as jy jouself telkens fnuik nie.”

“Vrees.” Sy trek haar hande uit Tish s’n en grawe in haar hemsak. Sy steek ’n sigaret by die kersvlam aan. Haar opwipvingers tril effens.

Tish kyk haar net stil aan.

“Vrees vir armoede.” Sy blaas die rook langsaam uit. “Ek het in haglike omstandighede grootgeword, Laetitia. Dié dat ek so sieklik was. Ek het gesweer ek sal nooit weer sonder geld wees nie. Ek doen goed met my tafeldoeke, maar die skilderye is te dicey. Ek is te bang om te doen wat ek regtig wil doen, naamlik skilder. Ek is te bang dat ek weer koeldrankbottels sal moet steel om te kan inruil om brood te koop. Ek is ook bang my gesondheid gaan nie hou nie en as ek nie kan werk nie ...” Sy laat sak haar voorkop in haar hand. “Ek weet ek moet ophou rook.” Die lang, reguit hare val in ’n gordyn om haar bleek gesig. Die rokie uit die punt van die sigaret spiraal dralend boontoe.

Tish vat Esther se ander, yskoue hand in albei haar eie vas. “Esther, jy is ’n hoogs gespanne, uiters sensitiewe mens. Om skielik op te hou rook, sal jou dalk meer kwaad as goed doen in hierdie stadium, maar rook minder. Dink

voor jy 'n sigaret aansteek. Vra jouself af: Is dit gewoonte of is ek regtig lus vir een? En eet gesonder. Daar is niks mee fout om vegetaries te leef nie, maar jy moet meer proteïene inkry. Yster. Kry aanvullings, eet lensies, sojabone. Jy sal beter weet as ek. Gaan stap 'n bietjie saans, kry oefening. Die punt is, jy moet beter na jou liggaam omsien. 'n Bietjie meer slaap kry. Dan sal jy die krag hê om jou vrese te oorkom. En as jy eers aan jou vrese aandag gee, kan jy deur die emosionele versperrings breek. Hou aan jou tafeldoek verf. Dit is pragtig. Maar jy wil meer doen as dit. Bak vir jou tyd af vir jou skilderye ook. Sondagaande, byvoorbeeld. Sien dit dalk as 'n manier om jou Skepper te eer deur te doen wat jy bedoel is om te doen. Moenie die spirituele afskryf nie, hoe jy ook al verkies om dit te beoefen. Sodra jy balans in jou gedagtes kry, sal balans in jou lewe volg.”

“In essensie sê jy vir my presies wat Berk my ook 'n rukkie terug aan die verstand probeer bring het.” Esther druk die sigaret in die blaker dood. “Julle laat dit so maklik klink.”

Tish skud haar kop. “Nee, dis nie noodwendig maklik nie, maar dis moontlik.” Sy kyk Esther 'n oomblik lank stil aan, sien hoe haar gesigspiere effens ontspan voordat sy haar hand na die tarotkaarte uitsteek. Sy skommel, laat Esther sny en spreid die kaarte voor haar oop.

“Rubie sê die kaart wat sy gekies het, het haar behoorlik geroep.” Esther se hand hang 'n oomblik oor die kaart voordat sy een kies en vir Tish aangee.

Tish draai die kaart om, kyk daarna en glimlag voordat sy dit met die gesigkant boontoe voor Esther neersit. “Justice,” sê sy. “Die kaart staan vir die soektog na ekwilibrium.”

Esther steek haar hand huiwerig uit na die kaart, trek die lyne van die weegskaal in die hand van die vrou op die prentjie na. Sy kyk op en glimlag stadig vir Tish. “I think I get the picture, Laetitia.”

Hoe werk dit, Fortuna? vra Tish geluidloos vir die kersvlam toe sy die buitedeur agter Esther hoor toegaan. Hoe is dit moontlik dat Esther ná hulle gesprek juis die weegskaalkaart gekies het? Hoe werk dit dat 'n mens se hand, die vorm daarvan en die lyne, so dikwels sulke goeie aanduidings gee van wat in daardie mens se lewe aangaan? Sy begryp dit nie, net soos Fortuna seker nie heeltemal begryp het wat sy sien toe sy haar gewaarsku het dat sy haar geestelik moet voorberei op 'n skok nie. En dit wie weet hoe lank voordat Naas homself geskiet het. Maar voorkennis was 'n gawe van Fortuna. Die lees van hande kon Tish met haar hulp aanleer, al is sy nie heldersienende nie.

Sy het nagte saam met Fortuna omgesit daardie winter voordat hulle die uitval gehad het. En in die vier jaar daarna het sy so tussen haar studie deur elke boek oor die onderwerp waarop sy haar hande kon lê, gelees.

Die geklingel van die windharpie ruk haar uit haar gedagtes. Waldo, onthou sy. Dit moet Waldo wees.

Hy steek effens vas toe hy die gordyn wegstoot. 'n Siniese glimlag trek sy mond skeef toe hy instap en op die stoel oorkant haar gaan sit. “Kyk, ek weet jy's 'n fake. Ek glo nie in hierdie twak nie. Ek het maar net 'n afspraak gemaak omdat Yolande my gevra het om jou te ondersteun en omdat jy ons lot afslag gee. Maar go for it. Ek luister.” Hy kyk haar effens vermakerig aan.

Tish hou haar hande woordeloos uit na syne en vou haar duime om sy palms toe hy tog sy hande in hare lê. Sy maak haar oë toe en sit vir 'n paar lang oomblikke so. Tog vreemd, dink sy, dat die tekstuur en temperatuur van hande so verskil. Sy kan dit duidelik deur die ragfyn kant van die handskoene voel. Waar Esther se hande yskoud en effens klam was, is Waldo s'n effens warmer en droër, en tog het hy ook die gepunte vingers van 'n kunstenaar.

“Jy sit tussen twee vure. Nee, drie,” sê Tish nadenkend. “Op meer as een vlak.” Sy hou sy hande effens nader aan die lig van die kers. “Jy kom voor as

'n sinikus, maar eintlik is jy net 'n gefrustreerde idealis. Die lewe het jou teleurgestel, maar dis omdat jy te veel verwag. Van jouself en van ander mense. Jy is 'n perfeksionis, en tog verwag jy dat mense jou sal aanvaar soos jy is terwyl jy hulle nie so kan aanvaar nie, terwyl jy verwag dat hulle perfek moet wees volgens jou waardeskaal. En wanneer hulle is, skrik dit jou op 'n vreemde manier af.”

“Watse drie vure?”

“Wat jy graag wil hê moet waar wees, wat jy as die waarheid ervaar, en jou spirituele stryd hieroor. Jy is baie op die spirituele ingestel, maar jy ontken dit omdat die spirituele nie werk soos jy wil hê dit moet werk nie.” Tish frons. “Daar is ook drie vroue. Die een is 'n uitdaging. Iemand vir wie jy groot bewondering het, maar jy voel sy leef nie haar potensiaal uit nie. Die ander een is buite jou bereik, maar sy fassineer jou op seksuele vlak.” Tish skud haar kop effens, self nie seker wat sy bedoel nie.

“En die derde?”

“Jy probeer jouself oortuig dat die derde een nie aan jou hoë vereistes kan voldoen nie, en tog is dit by haar dat jy warmte vind, aanvaarding. Sy bring die beste eienskappe in jou na vore ... of sy sal kan, as jy haar en jouself net sou toelaat en verby die uiterlike kyk.”

“Vergeet van vroumense. Hoe lyk my toekoms? Wat my werk betref?”

“Ek voorspel nie die toekoms nie. Die hand dui soms op dinge wat in die toekoms kan gebeur, maar dis altyd gebaseer op die hede. Die lyne van veral die aktiewe hand,” sy lig sy regterhand effens, “is nie stagnant nie. Wat ek lees, dui dus op hoe die hand en die lyne op die huidige oomblik daar uitsien. Keuses wat gemaak word, besluite en handeling wat mens in die hede neem, kan die toekoms tot 'n groot mate beïnvloed.” Tish kyk hom ondersoekend aan, nie seker of hy werklik luister nie.

“Wat bedoel jy met 'n aktiewe hand?” vra hy met 'n effense frons.

“Die aktiewe hand is die dominante hand. Die passiewe hand – dis nou die linkerhand vir mense wat regs is, soos jy – word gelees vir oorgeërfde neigings en ’n persoon se potensiaal. Die aktiewe hand dui aan watse veranderinge die persoon gemaak het aan sy basiese persoonlikheid en wat, vanweë hierdie veranderinge, moontlik daaruit sal ontwikkel. As die palms baie dieselfde lyk, beteken dit dat die persoon nie baie veranderinge gemaak het nie. Indien wel, dui dit daarop dat die persoon ontwikkel het as individu, gegroei het en tot ’n mindere of meerdere mate beheer oor sy of haar lewe geneem het.”

“En wat sê my palms?”

“Jy het baie potensiaal. Om die waarheid te sê, jy het die potensiaal om groot hoogtes te bereik. Jy sal waarskynlik ook, maar jou houding sal bepaal of dit leë sukses gaan wees of ’n verrykende en verreikende reis daarheen. As jy wil hê dat jou sukses betekenisvoller moet wees, sal jy moet leer om jou hart oop te maak, om op emosionele vlak ontvanklik te wees. En self op emosionele vlak te gee.”

“Solank ek sukses bereik in my werk, het ek vrede met die res.” Sy mond kry ’n grimmige trek.

Tish kyk hom stil aan. “Dis waar jy verkeerd is. Met so ’n houding sal jy min vrede hê in vergelyking met wat jy kan hê as jy jou hart sou oopmaak en leer om te gee pleks van om altyd te verwag om te ontvang.”

Waldo trek sy hande uit hare en vou sy arms. “As dit was wat ek wou hoor, kon ek net sowel Patience Strong of Helen Steiner-Rice gelees het.”

“Ek vertel nie noodwendig vir mense wat hulle wil hoor nie.” Tish trek haar skouers liggies op. “Jy’t vooraf besluit ek is ’n fake. Jou ego sal dit nooit hou as jy nou moet erken dat jy weet wat ek sê, maak sin nie. Jy is jou eie grootste vyand. En net jy kan iets daaraan doen.”

Waldo stoot die stoel knarsend agteruit. “Ek betaal nie vir so ’n klomp

snert nie.” Hy gee haar ’n neerhalende kyk voordat hy die gordyn voor die ingang wegpluk en met ergerlike treë uitstap.

Tish sit ’n oomblik oorbluf. Toe lag sy sag. Ja, Waldo, dink sy, jy kan maar stry soos jy wil, maar êrens het Laetitia ’n snaar aangeraak.

Die res van die oggend lees sy nog drie mense se hande. Hulle het sommer net van die mark af ingestap, maar van Berk is daar geen teken nie. Ná die laaste kliënt gaan sy vinnig deur haar metamorfose sodat sy haar stalletjie kan beman. Teen sesuur raak die mark stil, maar sy is tevrede. Haar droomwippe het goed verkoop, sy het ’n bestellinkie vir kaggelteëls gekry, deposito en al, en Laetitia het amper die helfte van die maand se huurgeld vir die stalletjie betaal. Boonop is daar aansienlik meer afsprake in Laetitia se boek. Miskien het sy tog die regte ding gedoen, dink sy. Al laat Waldo se reaksie haar wonder.

Die onsekerheid bly aan haar vreet. As sy net met iemand kon praat. By iemand kon bieg oor Laetitia. En verduidelik hoe verward sy voel oor haar uitval met Ig. Haar vreemde gewaarwordinge en emosies wanneer sy net aan Berk dink, saam met iemand kon ontleed. Sy het self ’n bleddie Laetitia nodig.

Nadat sy die stalletjie gesluit het, stap sy na die foonhokkies by die kantore.

“Tish! Dis ’n lekker verrassing. Hoe gaan dit?” Maja se stem klink jonk en opgewek.

“Oukei.” Tish huiwer. Sy kan nie haar probleme op haar ma afpak nie, besluit sy. Maja het al swaar genoeg gehad. En dis veral nie nodig dat sy nou weer belas word met Ig se houding en sy woorde van nou die dag nie. “Ek wou maar net hoor of dit goed gaan daar. Ek verlang.”

“Ek ook. Ek en jou tante flenter gelukkig baie rond. Sy bederf my vreeslik. Maar wanneer sien ek jou weer? Tita wou al met alle geweld daar na jou toe

ry, maar ek het haar gesê dat jy eers op koers wil kom met al jou dinge.”

“Oor so ’n maand of wat, hoop ek. As alles goed gaan.” En as ek nie voor die tyd by die mark uitgegooi word nie, dink sy in die stilligheid.

Sy luister na Maja se vertellings, praat oor haar droomwippe en teëls, en lui af sonder om haar probleme met Maja te deel. Toe sy na die chalet toe terugstap, voel sy egter tog beter en amper weer optimisties.

Tish lê op haar rusbank en lees verder aan Jung se biografie met Mozart wat in die agtergrond speel toe daar ’n huiwerige klop aan haar chalet se deur is.

Om die een of ander rede is sy teleurgesteld toe sy die deur oopmaak en Yolande voor haar sien staan. “Kom in,” nooi sy nietemin.

Yolande skud haar kop. “Nee, ek kan nie. Helgard maak vir ons die een of ander bredie. Ek wou net kom sê ek is jammer as ek jou in die moeilikheid laat beland het by Berk. Ek het net nie die moed gehad om hom van Laetitia te vertel nie.”

“Dis oukei, Yolande. Ek begryp. Ek het jou so half daarin gedruk. Teen jou sin. Maar dis uitgesorteer. Berk is bereid om Laetitia ’n kans te gee. Voorlopig, in elk geval.”

“Hy’t vir my so gesê, ja. Gelukkig het hy my nie te veel uitgetrap nie. En ek is bly dit het vir jou uitgewerk.” Yolande huiwer, maar druk deur. “Ek wou ook net vir jou sê jy moet maar oppas vir Laetitia. Ek vertrou haar nie. Ná die eerste sessie het ek regtig gedink sy’s great, maar gister ... Dis asof sy alles wat sy die vorige keer gesê het, teruggetrek het. Ek weet nie juis van sulke goed nie en ek weet sy is familie van jou en alles, maar ek dink sy’s ... Skuus dat ek dit nou so reguit sê, maar ek dink sy’s ’n fake. Waldo sê ook so. Miskien moet jy maar weer dink oor die storie.”

Tish kyk Yolande ’n oomblik lank effens oorbluf aan. “Miskien sê sy maar net dinge wat julle dalk nie wil hoor nie?”

Yolande lig haar ken. “Miskien. Maar soos ek gesê het, ek vertrou haar nie, Tish. Ek wil nie hê sy moet dalk die oorsaak daarvan wees dat jy jou stalletjie en jou chalet verloor nie.” Sy retireer ’n tree of wat. “Ek moet gaan. Sien jou môre. En dink maar na oor wat ek gesê het. Nag, Tish.”

Tish kyk haar agterna totdat sy tussen die bome verdwyn en trek toe eers die deur met ’n sug agter haar toe.

“Laetitia, jy sal mooi moet dink om hierdie ding te kan laat werk,” dink sy hardop en stap deur na die kombuisie toe. Laetitia het haar inkomste vandag byna verdubbel, mymer Tish terwyl sy die laaste wyn uit die blink sak van die bokswyn forseer om ’n glasie op te lewer, maar Yolande is reg, dit help ook nie as sy dalk haar stalletjie en chalet daardeur gaan verloor nie.

Sy gaan sit op die puntjie van die bank, staan weer op en begin onrustig heen en weer stap. Wat het sy vir Yolande gesê wat haar houding teenoor Laetitia so laat verander het? Sy was so oorbluf deur Berk wat sy opwagting gemaak het dat sy nie meer mooi kan onthou nie. Iets van “Fokus jou emosionele energie eerder op jou man as die mense saam met wie jy werk”, as sy haar reg herinner. O ja, en sy’t ook gesê: “Moenie altyd dink dat die gras groener is aan die ander kant van die draad nie. Sien wat voor jou is. Fokus op wat jy het. Waardeer dit en werk daarmee.”

Tish sug. Miskien was sy ’n bietjie kras in haar poging om reg te maak wat sy verbrou het.

Die klip- en houtmure van die chalet wat haar altyd so verwelkomend en knus ontvang, begin haar vasdruk. Sy trek Berk se dik baadjie wat sy nog nie teruggegee het nie aan, vat haar wynglas en stap die paar honderd meter na die drywende houtkaaitjie by die boothuis. Sy gaan sit kruisbeen op die koue, klammerige hout heel op die punt. Die platform wieg onder haar en die water van die donker rivier kabbel teen die houtpilare. Die maan is feitlik heeltemal vol en wink gekartel op die water.

'n Crinkle cut-maan. Daar is nou vir jou 'n ding.

Sy teug suinig aan die wyn. Oorkant die rivier sien sy ligte in Berk se huis deur die bome wink. Die lig in die toringkamer is aan, let sy op. Sou Raponsie dalk uit verveling haar hare sit en hekel? Of tel Bloubaard die koppe van sy vermoorde vrouens?

Sy sug diep. Wat is dit aan Berk wat elke vrou met wie sy nog in aanraking gekom het hier by die mark so bewus maak van hom? Yolande voel hy verstaan en waardeer haar. Rubie kan hom sien as die boom waaronder sy kan skuil. Selfs Esther het waardering vir hom en het klaarblyklik al diep gesprekke met hom gevoer. Is dit bloot omdat hy so deksels aantreklik is?

Sy skud haar kop onwillekeurig. Nee, dis omdat hy werklik omgee vir ander mense. Hy sien mense se potensiaal raak en gun hulle die geleentheid om dit uit te leef. Hy stel werklik belang in hulle. Sy belangstelling is opreg, maar dit eindig ook nie daar nie. Hy doen iets daadwerkliks aan hulle behoeftes, of dit nou 'n opbouende gesprek is met Esther, of om 'n werksgeleentheid vir Yolande te skep wat haar vaardighede na vore bring. Of om 'n mark en chalets te bou vir mense wat dit so bitter nodig het om hulle aard en talente uit te leef. Selfs vir Laetitia het hy met relatiewe respek behandel, al het sy omtrent al die reëls verbreek.

En tog is daar iets oneindig hartseers agter sy meelewendheid. Sy kan dit aanvoel. Dis vir haar al asof hy probeer vergoed vir iets. Al asof hy op 'n manier boete doen. Alhoewel hy uitreik na mense, bly hy terughoudend. Vra hy niks van ander nie. Gee net.

Sy ril toe 'n suggie wind yskoud oor die rivier stoot, drink die laaste van haar wyn en kom strammerig van die koue regop. Die kaaitjie dans effens onder haar en sy staan stil totdat dit weer min of meer sy lê kry op die water. Die maan rek en krimp in die rimpeling van die water. Sy kyk weer na Berk

se huis. Die toringkamer se lig is af. Raponsie het haar web vir die prins klaar gehekel. Bloubaard het die koppe van sy vermoorde vrouens klaar getel. Moontlik 'n nuwe een aan 'n haak teen die klipmuur gehang.

Sy kies ingedagte koers terug na die chalet, koes hier en daar vir 'n laaghangende boomtak en skrik toe 'n padda vervaard voor haar uit 'n biesiepol spring. Die rivier ruis geheimsinnig aan haar regterkant, en links lyk die bome en hulle skadu's misterieus in die dowwe tuinbeligting. Een van die ligte op pad na haar chalet moes geblaas het, sien sy. Die paadjie daarheen lyk skielik donker.

Sy ruk tot stilstand toe sy 'n donker gestalte naby haar op die hangbrug sien staan. Toe herken sy die groot lyf, die hoeke wat sy breë skouers maak.

“Dis net ek.” Berk se stem is diep en gerusstellend.

“Ek sien so.” Sy stap stadig nader. “Wat maak jy so laat hier?”

“Kyk of jy oukei is. Ek het jou op die jetty sien uitstap. Dis nou wel redelik veilig hier, maar mens weet nooit.” Hy kom nader toe sy by die voet van die brug tot stilstand kom.

“Dis gaaf van jou, maar ek voel inderdaad heeltemal veilig hier.” Sy druk haar een hand diep in die baadjie se sak en skud die laaste paar druppels uit die wynglas in haar ander hand.

“So veilig dat jy jou as afgeskrik het toe jy my sien.” Sy kan die glimlag in sy stem hoor.

Sy gee 'n verleë laggie.

“Wat jaag jou so rond in die nag?” Hy lig sy hand en vee 'n krul van haar lang hare uit haar gesig toe die briesie dit oor haar oë waai.

Sy kyk weg en trek haar skouers op.

“Is dit Laetitia?” raai hy gedeeltelik reg.

Tish kyk vinnig op na hom. “Sy probeer net goed doen, jy weet.”

Sy sien hom in die maanlig knik. “Ek weet. Ek het met die mense gepraat

wat reeds by haar was. Wat sy vir hulle sê, maak baie sin. Niks wat 'n sielkundige nie ook vir hulle kon gesê het nie.”

Tish voel hoe 'n knop op haar maag saamtrek.

“Maar mense is nie altyd reg daarvoor om die waarheid te hoor nie. Veral nie van iemand wat die waarheid uit die vorm van hulle hande aflei nie.” Skadu's speel oor sy gesig, maar sy stem is nie krities soos sy verwag het nie.

“Moet dit daarom verswyg word?” verweer sy.

Hy skud sy kop. “Nie noodwendig nie, maar miskien moet hulle probleme versigtiger benader word. Meer geleidelik aangespreek word.”

Tish staar op in sy gesig. Die maan moes êrens uit 'n boom losgeruk het, hoër geklim het, want opeens kan sy sy oë duidelik sien. Dit is diepgroen, soos die rivier in helder sonlig daar waar dit op sy stilste vloei.

“Miskien het mense dit soms nodig om direk gekonfronteer te word met dit wat hulle dalk nie wil hoor nie, maar uiteindelik tog sal moet besef.” Sy moet hard konsentreer om sin te maak. Haar gedagtes fladder wild rond onder die aanslag van haar lyf se reaksie op Berk se nabyheid.

“Mense hoor dikwels in elk geval net wat hulle verkies om te hoor.” Hy streel oor haar hare met albei sy hande, en rilling op rilling hardloop met kriewelrige voete op en af teen haar rugstring.

Sy probeer haar gedagtes hokslaan. “Miskien, maar dit laat hulle tog dink. Al is dit op onbewustelike vlak.”

Sy hande kom liggies aan weerskante van haar gesig tot rus, sy duime warm en droog teen die effense holtes onder haar hoë wangbene. Hy lig haar gesig effentjies. “Kyk na my, Tish.” Sy duime streel oor haar wangbene.

Sy gehoorsaam onwillekeurig. Sy oë is naby hare.

“Laetitia kan ander mense nie red as hulle nie gered wil word nie, of as hulle nie besef dat hulle gered wil word nie. Uiteindelik kan mens net jouself red. Sy behoort dit te weet.”

“Berk, ek ...” Haar gedagtes gee bes. “Ek ... Jy ...” probeer sy weer.

“Ek weet.” Sy stem is hees. Die maan streel sy gelaatstrekke toe sy kop nader kom. “Ek weet, Tish, ek weet ...” Sy mond kom ’n asemteug van hare tot stilstand. Sy asem is ’n warm streling teen haar lippe. Hy gee haar kans om terug te trek, besef sy.

“Wat weet jy, Berk?” Die vraag glip van haar mond tot feitlik teen syne.

“Ek weet dat daar dinge is wat mens nie kan begryp nie. Wat jy net moet doen, al verstaan jy nie waarom nie.”

Sy voel die woorde teen haar mond en toe die hitte van sy lippe. Eers versigtig. Toe vraend. Ondersoekend. Vlindersag.

Tish kreun sag en lig haar mond tot teen syne.

“Tish.”

Sy proe haar naam op sy tong, voel hoe sy arms om haar gaan, sy hande haar lyf teen syne boetseer. Sy hoor die wynglas sag in die oewerkweek plof toe dit uit haar willose vingers val en haar arms om sy nek gaan. En toe is sy net bewus van die groot man met sy groot hart hier by haar, teen haar, om haar.

Die rivier se geruis word ’n rasende vloed in haar ore. Berk se geur is om haar, word deel van haar. Hy ruik ’n bietjie na soeterige sigaarrook en vaagweg na iets soos naskeermiddel of deodorant, maar oorheersend ruik hy na Berk. ’n Eiesoortige geur wat haar sinne bedwelms. Die tekstuur van sy digte hare verlei haar vingers om daarin te verdwaal. Die polsing van sy hart, sy lyf teen hare ontvoer haar na ’n wêreld wat net uit sintuie bestaan.

Vaagweg voel sy hoe hy haar oplig. Haar bene strik vanself om sy middel, haar arms om sy nek. Sy laat rus haar vuurwarm wang in die waai van sy nek en probeer haar wildekloppende hart en stuwende asemteue tot bedaring bring terwyl hy met haar aanstap na die chalet asof sy skaars meer as ’n kind weeg.

Hy kom skielik tot stilstand. “Tish.” Sy stemtoon is vreemd toe hy eers

haar bene om sy middel en haar arms om sy nek losmaak en haar weer staanmaak. Sy kyk hom vraend en effens verdwaas aan. “Jy’t ’n besoeker.” Hy knik na die chalet agter haar.

Tish swaai om. In die skadu’s onder die prieeltjie wat dien as patio sien sy iemand met sy rug na hulle toe teen een van die houtpilare sit. Aan die sit en die silhoeët kan sy sien dis ’n man, maar sy kan hom nie dadelik eien nie. ’n Sigaretkooltjie raak dieprooi en verdof weer.

“Nag, Tish,” fluister Berk en vee liggies met sy kneukels oor haar wang voordat hy koers kry in die rigting van die hangbrug.

Sy kyk hom met stoeiende emosies agterna – enersyds lus om agter hom aan te hardloop, andersyds woedend en gefrustreerd omdat hy haar net daar los. Uiteindelik sug sy net sidderend, kam met haar hande deur haar hare en stap nader.

Ses

Toe die man regop kom, dink sy vir een spanningsvolle oomblik dat sy Ig se gestalte herken. Sy besef egter dadelik dat hy nooit so 'n vormlose baadjie sal dra nie en dat sy hare heelwat korter is as dié van die man wat nou teen die dowwe lig van haar sitkamervenster afgeëts staan.

“Waar loop jy hierdie tyd van die nag rond?” herken sy Waldo se stem.

“Ek kan jou dieselfde vra.” Sy stap verby hom en sluit die voordeur oop. “En ek dag jy haat rook?” sêvra sy oor haar skouer toe hy die stompie met 'n gloeiende boog tussen die struik in skiet.

“Ek het so 'n jaar terug opgehou en sukkel steeds daarmee. Altyd nog lus vir die goed, jy weet. Nou dinges ek maar ander mense uit wanneer hulle rook.”

“Tipies. Haat wat jy vrees. Kraak ander af oor jou eie foute.” Sy druk die deur oop en kyk vlugtig in die rigting van waar sy en Berk gekom het. Dis donker tussen die digte bome. Die maan kan nie deur die digte loof dring nie. Ten minste een van die tuinligte moet ook uit wees. Waldo het haar en Berk waarskynlik nie gesien nie, besef sy vreemd verlig.

“Ja, dis seker maar tipies. Maar om jou eerste vraag te beantwoord, ek soek koffie en ek wil met jou praat.” Hy volg haar by die chalet in.

“Waaroor?” Sy vul die ketel onder die kraan en skakel dit aan.

“Laetitia.”

Tish vou haar arms voor haar en leun met haar sitvlak teen die kombuiskas. Sy kyk Waldo net vraend aan.

“Waar kom sy regtig vandaan? Wie is sy? Regtig, bedoel ek.” Hy trek 'n langbeenstoel onder die eettoonbank uit en gaan sit skeef daarop, sy elmboog op die blad.

“Laetitia de Espronceda y Delgado is my tante, ’n niggie van my pa. Sy was getroud met ’n Portugese besigheidsman. Dié is ’n paar maande gelede aan ’n hartaanval oorlede en sy wou weggom.” Haar arme tante Tita wat sy so goed leer ken het in Estoril se ore tuit seker nou, maar dis darem die waarheid. “Nou kuier sy by my ma, en om ’n inkomste te verdien, het sy gevra of sy hier kan hande lees vir mense,” verdraai sy die waarheid teësinnig. Tita is ’n vermoënde vrou wat nie nodig het om te werk nie en eintlik die lewe vir Maja aansienlik makliker maak met haar bydrae tot die huishouding. Sy is ook ’n formidabele vrou wat in haar lewe nooit sal toelaat dat ’n sigeunerin aan haar hand raak nie, laat staan lees. Sy het byna ’n oorval gekry toe Tish vir ’n paar weke by Fortuna in die karavaan ingetrek het nadat hulle van Naas se dood en Ig se reaksie gehoor het.

Waldo druk sy hand in sy baadjie se sak, vroetel ’n oomblik lank voor hy sy hand na Tish toe uithou.

Sy kyk na die geldnoot tussen sy vingers en toe na Waldo.

“Sal jy dit vir haar gee, asseblief? En vir haar sê ek is jammer ek het so oorreageer.” Hy lag rukkerig. “Sy het net ’n paar knoppies raakgedruk. Baie sensitiewe knoppies.” Hy sit die geld op die toonbank neer toe Tish dit nie neem nie.

“Hoe so?”

“Eers het sy raakgesien dat ek ’n pash op Yolande het, of liewer, gehad het. Toe dat ek ’n ding oor Esther het, al is dit nou maar net dat sy vir my ’n soort misterie het en ek bietjie skuldig voel omdat ek vermoed sy sien meer in my as wat daar is. En toe het sy geïnsinueer dat my ego in die pad van baie dinge in my lewe staan.” Hy sug en trek die beker koffie nader wat Tish vir hom neergesit het.

“Wat het sy vir jou gesê van Rubie?”

Hy roer die koffie ’n lang ruk voordat hy opkyk. “Jou storietjie klink baie

geloofwaardig, Tish, maar jy vergeet dat ek 'n skilder is. Ek doen heelwat portretstudies.”

Tish kyk hom fronsend aan. “Wat probeer jy sê?”

“Dat jy baie goed weet wat jy vir my van Rubie gesê het.”

Die koffie stort oor die rand van haar beker toe die betekenis van sy woorde deurdring. Sy staar hom geskok aan.

“Jy lees miskien mense se karakter in die vorm van hulle hande, en verder het jy 'n baie fyn waarnemingsvermoë wat lyftaal en interaksie tussen mense betref. Maar ek bestudeer beenstruktuur, liggaamshoudings, maniërismes, en onder meer ook hande vandat ek 'n kwas tussen my vingers kon hou. Jou oogkleur het my eers geflous, en die grimering werk in die donker vertrekke, maar die kanthandskoene kan nie jou handbewegings kamoefleer nie. En die mantilla ook nie die kanteling van jou kop, of die manier waarop jy jou onderlip vasbyt wanneer jy ergerlik raak of diep dink nie.” Hy loer oor die koffiebeker na haar, neem 'n paar versigtige teugies en sit weer die beker neer. “Ek het vanaand hierheen gekom om my vermoede te bevestig. En ek het. Vertel my nou weer wie is Laetitia en waar sy vandaan kom. Regtig.”

Tish staar lank in haar koffie voordat sy weer opkyk. “Gaan jy vir Berk en die res vertel?”

“Dit sal waarskynlik die een of ander tyd uitkom, maar nee,” hy skud sy kop, “ek sal hulle nie vertel jy speel die rol van 'n sigeunerin nie.”

Sy sug diep. Dis nou maar tot daarnatoe. “Senhora Laetitia de Espronceda y Delgado, aan my beter bekend as tante Tita, is werklik my tante. Ek het vir rukkies by haar in haar huis in Estoril gewoon toe ek 'n paar jaar gelede vir amper 'n jaar in Europa, hoofsaaklik in Portugal, gewerk en getoer en navorsing gedoen het. Haar man is dood en sy kuier by my ma, maar sy lees nie hande nie. Sy was baie goed vir my. As dit nie vir haar en Fortuna was nie, sou ek baie moeilik oor my grootmaakpa Naas se selfmoord gekom het.”

“En Fortuna is?”

“’n Sigeunervrou. Ek het een aand van Estoril af Cascais toe gestap om vriende in ’n restaurant te ontmoet. Ek het haar van die brug af gesien. Sy het my nader geroep en ek het uit nuuskierigheid gegaan en haar toegelaat om my hand te lees. Ons het bevriend geraak en toe het sy my begin oplei in die kuns van hande en tarotkaarte lees. Sy wou my leer om die kristalbal ook te bemeester, maar ek is hopeloos daarmee. Sy’t my ingewy in die geheime van tipiese fortuinvertellers, hoe hulle liggaamstaal lees, die regte vrae vra, antwoorde gee wat baie raak klink, maar eintlik net op die kliënt se eie interpretasie steun en nie op die fortuinverteller se insig nie.”

Sy gee ’n droë laggie. “Ek het baie dinge by haar geleer. Tricks of the trade, maar ook mensekennis. Nadat Naas homself geskiet het, het ek by haar ingetrek. Ek het ’n paar weke by haar gebly. Ek en sy het ’n ruk later ’n uitval gehad en ek is terug na tante Tita toe. Toe ek teruggegaan het na die pretpark toe om te gaan vrede maak, was die hele kaboedel weg. Die mallemeule, alles. Fortuna was ook net weg.”

“Jy kon sekerlik nie alles in ’n kwessie van ’n paar weke, selfs maande geleer het nie?” Waldo kyk haar skepties aan.

“Ek het baie geleer in die ses maande wat ek Fortuna geken het, maar nee. Ná haar verdwyning het ek haar oral gaan soek. Ek het Portugal platgereis. By elke pretpark, elke sigeunerstaanplek aangedoen. Ek kon haar nie kry nie, maar ek het by elke fortuinverteller wat drie woorde Engels kon praat, ingegaan. Ek het hulle dopgehou en fyn geluister. Ek het dit so half ’n studieprojek gemaak. Miskien omdat ek Fortuna só wou terugvind. Uiteindelik het ek teruggekom Suid-Afrika toe. Dit was ’n bietjie meer as drie en ’n half jaar gelede. Hier het ek alles waarop ek my hande kon lê, gelees oor die onderwerp.”

Waldo frons. “En dis al wat jy gedurende dié tyd gedoen het? Waarom het

jy nie jou eie karavaan gekry of so iets nie?”

“Nee, ek het nooit bedoel om hierdie kennis te gebruik om ’n inkomste te verdien nie. In elk geval nie as fortuinverteller nie.” Tish sug. Sy sal maar met die hele mandjie patats vorendag moet kom. Waldo is heeltemal te skerpsinnig om hom met ’n kluitjie in die riet te probeer stuur. “Destyds, voor ek Portugal toe is, het ek ’n BA gedoen met ’n paar kunsvakke, maar ek het ook belanggestel in sielkunde. Ek het dit as ekstra hoofvak geneem, asook ’n paar ander ondersteunende modules. Ná Naas se dood het ek besef dat, alhoewel ek gek is oor kuns en die beoefening daarvan, ek tog meer wil doen as dit. Dat ek mense wil help. Miskien wou ek vergoed vir die aandeel wat ek gevoel het ek in sy dood en sy onmin met sy seun gehad het. Ek wou begryp wat ’n mens sover kry om ’n rewolwer teen sy kop te druk en die sneller te trek. Ek is terug universiteit toe. Honneurs in sielkunde gedoen, en toe ek gekeur word vir my meestersgraad in kliniese sielkunde het ek ’n finansiële reëling met die universiteit getref en daarmee aangegaan.”

“Het jy gedop?”

Sy skud haar kop. “Nee, ek het vroeër vanjaar klaargemaak.”

“Maar hoekom sit jy nou en droomwippe verkoop en hande lees?” Waldo stoot sy leë koppie weg, voel-voel in sy sakke, haal ’n pakkie Camels uit, maar druk dit weer terug sonder om ’n sigaret uit te haal.

“Ag, dis ’n lang storie, Waldo.” Tish tel die twee bekers op en sit dit in die opwasbak.

Toe sy omdraai, het Waldo opgestaan. “In daardie geval wil ek gemakliker sit terwyl jy my vertel. Ek het so ’n idee jy’t dalk ’n oor nodig. Het jy wyn?”

“Niks meer nie. Maar ek het ’n bietjie van die sjerrie oor wat ek soms in die kos gebruik.”

“Klink goed.”

Waldo maak hom op die bank tuis terwyl sy die sjerrie uithaal. “Kom sit

hier langs my.”

Hy neem die bottel en die glasies by haar en skink vir hulle. “Nou toe,” por hy haar aan.

“Ag, Waldo, ek weet nie ...” Sy gaan sit op die puntjie van die bank.

“Jy het ’n behoefte om te praat, Tish. Gee my nou die geleentheid om die raad wat jy vir my gegee het, toe te pas. Laat my toe om ousboet vir jou te speel en ’n bietjie te gee pleks van te neem. Hier is ek, oor en skouer en al.”

“Dit hét ek nou van my groot mond.” Tish glimlag skewerig, skuif dieper op die bank in en trek haar bene onder haar in. Sy neem ’n slukkie van die soet drank. “Maar ek sal op ’n ander plek moet begin as by my meestersgraad in sielkunde. By Naas se seun Ig.”

“Nou maar vertel my van Ig.”

Tish draai die glasie om en om in haar hande. Miskien is dit nodig dat sy oor Ig praat. Die seer en die skuldgevoelens lê miskien al lank genoeg en sweer.

“Vandat my ma en sy pa mekaar ontmoet het en Naas van Ig se ma geskei is, het hy ’n wrok teen my en my ma gehad. En natuurlik teen sy pa. Aan die einde van my matriekjaar wou Naas die vrede herstel en het hy Ig saamgenooi na ons vakansiehuis op Plet. Ig was pas klaar met sy graad in ingenieurswese. Aanvanklik was hy ons vyandiggesind, maar geleidelik het hy genaakbaarder geword, al het hy hom die hele tyd eenkant gehou. My ma het nog vir my gesê sy dink Naas se plan begin werk.” Tish sug en kyk hoe die sjerrie goud in die leeslamp se dowwe lig glinster.

“Oujaarsaand was ons almal uitgenooi na vriende van Naas en Maja, maar ek wou na ’n strandpartytjie toe gaan by een van my vakansievriendinne. Hulle huis was direk op die strand en naby die plek waar die vuurwerkvertoning om middernag gehou sou word. Naas het begryp dat ek eerder daarheen wou gaan, maar hy wou ook nie hê ek moes alleen gaan nie.

Hy't ingestem, maar op voorwaarde dat Ig saam met my gaan. Dit het natuurlik tot 'n tipiese tieneruitbarsting gelei. Ek het nie vir 'n oomblik gedink dat Ig sy Oujaarsaand vir my sou opoffer nie. Hy was immers al klaar geswot en ek kon aan geen rede dink waarom hy met sy stiefsussie, pas uit matriek, opgesaal sou wou sit nie. Nie eens as hy van haar gehou het nie – wat ek mos geweet het nie die geval was nie. Maar Naas het voet by stuk gehou, Ig ingeroep waar hy langs die swembad gelê het en die situasie verduidelik. Ek kon dit nie glo toe Ig instem nie.”

“The plot thickens.” Waldo maak hom nog gemakliker op die bank. “Ek wed jou hy het intussen al klaar 'n pash op jou gehad.”

“Hoe't jy geraai?”

“Eenvoudig, my liewe Watson. Jy is gorgeous en het seker al by daardie einste swembad en op die strand met jou mooi heupe en ryp boesem in 'n bikini voor hom rondgeparadeer. G'n man met oë in sy kop kan dit miskyk nie, Tish. En ook nie die gesig wat daarmee saamgaan nie. Om vir 'n paar weke daarmee saam te leef, en dit in 'n vakansiestemming ... Nou ja, selfs vir my is dit nie moeilik om te voorspel wat sal gebeur nie.”

“Ek het nie vir 'n oomblik gedink dat hy my gesien het as enigiets anders as 'n onwelkome stiefsussie wat verduur moes word nie. Toe hy instem om saam met my te gaan, het ek gedink hy wou maar net op die manier laat blyk dat hy die strydbyl neergelê het. Maar dit was natuurlik ook vir my 'n opwindende gedagte dat ek aan die sy van 'n baie aantreklike ou wat al klaar gestudeer het, by my vakansiepelle se beach party gaan opdaag.”

Sy skud haar kop stadig. “Ek was jonk en onnosel, naïef, en boonop ydel. En Naas en my ma het ook nie die tekens geles nie. Hulle was maar net te bly dat daar hoop op versoening tussen ons almal kon wees.” Sy sug diep. “Ons is toe daar weg met 'n strandsak vol vonkelwyn en braaigoed.”

Die aand was soos 'n droom, onthou Tish. Asof alles net reg beskik was.

Die weer was perfek. 'n Halfmaan het op die kalm see gespeel. Daar was opgewekte musiek, en haar vriende was so beïndruk met Ig as wat sy gehoop het. Die feestelike atmosfeer, die effense afguns in die oë van haar vriendinne, die aandag wat Ig uit die bloute aan haar geskenk het en die vonkelwyn het na haar kop toe gegaan. Sy en Ig het gedans en gelag en gesels asof daar nooit enige onenigheid tussen hulle was nie. Wanneer hulle by die groep gestaan en gesels het, het sy arm liggies op haar skouers gerus. Wanneer hulle gelag het, het hy haar gemeensaam teen hom vasgedruk.

Toe die eerste vuurwerke op die kop om middernag die lug ingestuur is, het Ig haar teen hom vasgetrek en gesoen. *Happy New Year* van Abba het êrens luid gespeel. Die gelukkige-Nuwejaar-soen het verdiep tot 'n baie onbroederlike liefkosing. Sy het vergeet wie hy is. Vergeet van al die onmin. Vergeet dat daar 'n môre sou wees wanneer sy hom en Maja en Naas weer in die oë sou moes kyk. Dit was die eerste keer dat 'n volwasse man haar gesoen het en sy het haar met alles in haar daaraan oorgegee. Die reaksies van haar lyf het haar bedwelm. Ig se manlikheid het haar sinne verbyster.

'n Klapper het skielik êrens met 'n luide knal afgegaan en haar uit die droom geruk. Haar laat besef wat sy doen. Sy het verbouereerd uit Ig se omhelsing geswaai, haar sarong net daar op die strand laat val, oor die sand die see ingehardloop en deur die eerste brander geduik.

Toe haar kop deur die water breek, was Ig by haar. Die koue water het haar tot 'n mate na nugterheid geskok, en toe hy haar teen hom vasdruk en weer met dwingende passie soen, het sy probeer losruk.

“Nee, Ig!” het sy uitgeroep, maar dit was asof hy haar nie gehoor het nie. Met behulp van 'n stuwende brander en omdat haar lyf nat en glad was, het sy uit sy greep gespartel. Op die een of ander manier het sy die strand voor hom bereik. Sy het 'n ent met die strand af gedraf en toe uitasem omgekyk. Daar was oral mense. Paartjies wat hand aan hand stap. Ander in omhelsings.

Nog ander wat op komberse gesit of gelê het. Sy het net daar gaan sit met haar kop op haar knieë en probeer sin maak van wat tussen haar en Ig gebeur het.

Sy het verskrik opgekyk toe iemand 'n handdoek om haar skouers gooi.

Ig het langs haar gestaan. “Jou sarong het verdwyn,” het hy gesê. Sy het die handdoek om haar toegevou en toe eers agtergekom dat sy bewe van die koue.

“Jy tart my al die hele vakansie, Tish, en nou laat jy my voel asof ék iets vreesliks gedoen het.” Sy stem was koud en stram.

“En wat gebeur toe?” Waldo se stem laat haar verras opkyk. Terwyl sy vertel het, was dit asof sy weer terug was daar op Plettenbergbaai met die laaste vuurwerke wat nog af en toe afgegaan het op die eerste dag van die jaar wat haar volwasse lewe moes inlui.

“Ek het begin huil. Hy het net so bly staan. Nie getroos nie. Nie aan my geraak nie. Net stil bly staan tot ek klaar gehuil het. Toe het hy my huis toe gevat. My ma-hulle was pas terug van hulle vriende af en het dadelik gesien iets skort. My ma het gevra wat gebeur het, maar ek wou niks sê nie. Naas is agter Ig aan na sy kamer toe. Daar het harde woorde geval en Naas het hom uiteindelik beveel om te gaan. Ig is in die vroeë oggendure daar weg.”

Tish kyk ingedagte hoe Waldo weer haar glasier volmaak. “As ek nou terugdink, weet ek nie mooi waarom die bohaai gegaan het nie. Dis nie asof Ig my aangerand het of dat hy my biologiese broer was of iets nie. Ek het net geskrik vir sy passie en toe waarskynlik 'n bietjie dronkverdriet gekry.”

“Jy was wat, agtien? En hy waarskynlik in sy middel twintigs. Hy moes van beter geweet het, en jou stiefpa het hom juis saamgestuur om jou teen jou eie onskuld te beskerm. Hy het hierdie vertrouwe wat Naas in hom gestel het, geskok.”

“Maar so erg was dit nou ook weer nie. En tog het ons nooit weer vir Ig

gesien nie. In elk geval nie voor Naas se dood nie. Hy en Naas het nooit die breuk herstel nie. En dit is my skuld.”

“Niks is ooit net een mens se skuld nie. En dit behoort jy te weet as jy ’n sielkundige is.”

Tish lag wrang. “Ek is nog nie een nie. Nie amptelik nie, in elk geval. Ek het gehoop ek sou my studieskuld kon delg met die polisse wat veronderstel was om aan my ma uitbetaal te word en haar later terugbetaal wanneer ek eers werk het, maar Ig het haar hof toe gevat en, abrakadabra, geen geld nie. Nou kan ek nie as sielkundige praktiseer nie, want die graad word nie aan my toegeken voordat ek my universiteitsfooie betaal het nie. En dis ’n aardige bedraggie.”

“En nou vertel jy fortuin sodat jy jou skuld kan afbetaal en dieselfde goed vir mense kan sê met ’n sertifikaat teen jou muur as sielkundige.” Waldo lag. “Dis baie ironies.”

“So eenvoudig is dit darem ook nie, maar ...” Tish kan nie help om saam met hom te lag nie. “Maar jy het ’n punt daar beet.”

Waldo druk hom regop uit die bank uit. “Die voordeel van ’n fortuinverteller ... oukei, palmleser ... is dat sy mense bereik wat nie daarvan sal droom om na ’n sielkundige toe te gaan nie.” Hy grinnik. “Veral dié wie se ego’s te groot is om te erken dat hulle ’n probleem het.”

“Ek weet nie wat om te doen nie, Waldo. Lyk my wanneer ek aan iets raak, verander dit in chaos. Yolande is ongelukkig oor wat Laetitia vir haar gesê het, jy het deur my hele klein scam gesien, en Berk gaan my waarskynlik binnekort uitgooi. Boonop het Ig my bloot per toeval hier raakgeloop en ons het ’n enorme woordewisseling gehad.”

Waldo hou sy hand uit en trek haar op. “Byt vas, Tish. Kom tyd, kom raad.” Hy stap na die voordeur toe. Die naglug stoot koud na binne toe die deur oopswaai. “As jy wil, sal ek met Yolande praat. Net so hier en daar ’n

skimp gooi dat ek die pot misgesit het. Dat jy nie regtig 'n fake is nie.”

Tish stap saam met hom op die patio uit en trek die deur agter haar toe sodat die hitte binne kan bly. “Op 'n manier is ek, maar dit sal baie gaaf wees van jou.”

“Nou maar goed.” Hy laat rus sy een hand op haar skouer en lig haar ken met die ander. “Dit sal regkom. Glo my.”

Tish grinnik. “Ek hoop jy’s reg.”

“Jy kan moontlik 'n bietjie skaaf aan jou bedside manner, maar wat jy vir my gesê het, het my oë oopgemaak vir baie dinge. Dankie daarvoor.” Hy soen haar lig op die mond en trek haar teen hom aan. “En as jy nou en dan 'n hug nodig het, kom na ouboet Waldo toe.”

Tish laat rus haar kop vir 'n oomblik teen sy bors en drink sy broederlike toegeneentheid in. “Dankie. Jy is dierbaar.”

“H’m, ek weet. But don’t tell a soul. My reputasie as hardegat wysneus sal 'n ernstige knou kry.” Hy soen haar weer liggies en draf met die trappies af in die rigting van die boonste paadjie wat na sy chalet toe lei.

Tish vryf haar arms koulik en wuif toe Waldo aan die rand van die bome sy hand in 'n laaste groet lig. Toe sy omdraai om weer na binne te gaan, trek 'n beweging naby die onderste paadjie wat rivierlangs loop haar aandag. Vir 'n oomblik verbeel sy haar sy sien iets en dat sy baie effentjies die soet geur van 'n sigaar kan ruik, maar daarna is alles weer stil en donker en ruik sy net die klamte van die oewer.

Sewe

Tish kom holderstebolder by haar stalletjie aan nadat sy feitlik die hele aand rondgerol en toe byna verslaap het.

Die res van die oggend is nie minder dol nie, en dis eers gedurende etenstyd, toe die meeste van die besoekers iets te ete en te drinke gaan opsoek, dat sy 'n blaaskans kry.

Sy herrangskik die uitstalruimte van haar stalletjie en skuif haar ware sodat die leë plekke van goed wat verkoop is, opgevul word. Sy staan gebukkend toe sy die windharpie hoor. Toe sy omdraai, staan 'n groot vrou in die deur.

“Goeiemiddag. Kyk gerus rond,” nooi Tish en wil weer buk om voort te gaan met die regpakkery, maar die vrou skud haar kop.

“Ek hoor by die meisietjie van die klerestalletjie dat hier 'n vrou is wat palms lees en mense help?” Haar stem is onseker en daar is 'n bewing in haar onderlip.

“Dis reg. Haar naam is senhora Laetitia. Kan ek vir u 'n afspraak maak? Hoe klink volgende Vrydag, of dalk Saterdag?”

Die vrou skud haar kop en gee 'n paar treë vorentoe. “Vandag nog, as dit kan.”

“Ek is bevrees dis teen die mark se reëls dat senhora Laetitia op 'n Sondag ...” begin Tish.

Maar die vrou val haar in die rede. “Asseblief, kind. Ek sal dubbel betaal. Enigiets. Ek moet net ...” Haar pofferhande fladder pleitend in die lug. In haar traanblink oë lees Tish 'n intense desperaatheid en nood. “Ek moet net met iemand praat. Iemand wat moontlik sal verstaan. Wat my dalk kan help om lig in die tunnel te sien.”

Tish wik en weeg 'n oomblik, sien hoe die vrou teen haar trane veg en kyk vlugtig op haar horlosie. “Gaan u nog 'n rukkie hier wees?”

Die vrou knik. “Ek kan dalk intussen iets gaan eet.”

“Gee my 'n halfuur om haar in die hande te kry. En die fooi sal die gewone wees.”

Tish stuur 'n skietgebedjie op dat Berk haar nie moet betrap nie, maar sy weet ook dat sy hierdie vrou nie net aan haarself kan oorlaat nie.

Toe Anna Swiegelaar amper twee ure later uit die donker vertrekkie stap, is dit met dikgehuilde oë, maar met sekerder treë, en die bewing in haar mond en hande het effens bedaar.

Tish kyk haar agterna en laat sak toe haar kop op haar vuiste, emosioneel uitgeput, maar intens dankbaar dat sy Berk se reël verbreek het.

Haar kop ruk op toe sy aanvoel dat sy nie meer alleen is nie. Om die een of ander rede is sy nie doodverbaas om Berk oorkant haar te sien staan nie.

Anna se voetstappe moes die klank van syne verbloem het, besef sy.

“Senhor Colijn,” groet sy.

“Senhora Laetitia.” Berk kom sit oorkant haar. “Tish het jou sekerlik ingelig dat een van my voorwaardes was dat jy nie op Sondag jou ... gawes beoefen nie.” Daar is 'n gevaarlike lig in sy oë wat niks goeds voorspel nie.

Tish knik langsaam. Die feit dat hy met haar Afrikaans praat, laat haar vermoed dat hy Laetitia met Rubie of Esther bespreek het. Sy dik die Portugese aksent aan. “Sy het, maar dit was 'n noodgeval. Die arme vrou ... Sy was desperaat.”

“En hoe het Tish jou nogal in die hande gekry vir hierdie ... noodgeval?” Berk kyk haar skepties aan.

Tish se gedagtes fladder heen en weer. “Ek het dit ... hier gevoel. Net hier.” Sy druk met haar vuus teen haar solar plexus. “Ek het net geweet

iemand het my nodig, en toe Tish my van die foonhokkie af skakel, was ek reeds gereed om hierheen te kom.”

“In daardie geval moet jy ook ’n voorgevoel hê van wat ek volgende gaan sê?” Die gevaarliggies blink nog sterker in sy befoeterde oë.

Tish maak haar oë toe en knik melodramaties. “Inderdaad. Jy gaan my vra om weg te gaan en nooit weer terug te kom nie.”

“Jy het werklik ’n wonderbaarlike gawe, Senhora. Sê asseblief vir Tish dat as ek jou ooit weer hier sien, sy ook nie meer welkom sal wees by Organica nie. Ek wou jou ’n kans gun, maar as jy die eerste dag al die reëls verbreek, sien ek nie dat dit vorentoe gaan verbeter nie.” Die stoelpote knars oor die hout toe hy opstaan. “Totsiens, Senhora.”

“Senhor Colijn!” roep sy hom terug toe hy wegstap.

Hy draai om, irritasie vlak in sy oë.

“Jy moet leer om jou nie so vas te staar teen die praktiese en die pragmatiese nie. Jy’t ’n bietjie ... e ... magic nodig in jou lewe. Dis daar. Binne-in jou. Jy gebruik dit net nie.” Tish weet nie waar sy aan die woorde kom nie, net dat sy Fortuna daarin herken.

“Magic.” Die woord val soos ’n klip tussen hulle.

Tish knik. “Ja. ’n Bietjie meer magic. En minder skuldgevoelens oor dinge wat jy nie kan verander nie.”

Berk se oë verstar en hy word effens bleek in die lig van die kers.

Tish vou haar hande voor haar op die tafel. “Wat dit ook al is waarom jy so intens skuldig voel, jy doen meer as genoeg om te vergoed vir foute wat jy lank terug gemaak het.”

Berk kom staan by die tafel en leun met sy kneukels op die blad. Tish sit effens geïntimideer terug in haar stoel, maar kan die intensiteit van sy blik nie ontwyk nie.

“Hoe vergoed mens ooit daarvoor as jy ’n medepligtige was aan die moord

op en verminking van onskuldige vroue en kinders, Senhora? Verduidelik dit aan my.” Hy staar haar lang oomblikke stip aan en staan toe terug. “Eers wanneer jy dít aan my kan verduidelik, kan jy my dalk advies gee, maar nie voor die tyd nie.” Hy swaai om, ruk die gordyn voor die opening weg en marsjeer behoorlik uit.

Dis dan die einde van Laetitia se kortstondige en wisselvallige faam, dink Tish met ’n goeie skoot ironie toe sy verdwaas in haar stoel terugsit. Die volgende gedagte vervul haar egter met veel meer ang. Waarna op aarde het Berk verwys toe hy gesê het dat hy ’n medepligtige was aan moord? wonder sy, en besef sy sal nie rus ken voordat sy weet nie.

Yolande het pas haar kantoor gesluit toe Tish net ná sluitingstyd uitasem om die hoek kom.

“Yolande, wag!” roep Tish uit toe sy sien hoe Yolande wegdraai.

Yolande kyk effens gesteurd op. “Helgard wag vir my. Kan dit nie oorstaan tot môre nie?”

Tish kom voor haar tot stilstand. Sy kan die effense vyandigheid dadelik aanvoel. “Ek moet dringend iets op die internet nagaan. Ek sal betaal as ek net gou jou rekenaar kan gebruik. Ek sal toesluit en die sleutels vir jou by die chalet afgee. Asseblief, Yolande. Al is dit net vir ’n uur.” Tish hoor voetstappe agter haar, maar steur haar nie daaraan nie.

Yolande se oë flits oor Tish se skouer en toe weer terug na haar. Sy skud haar kop. “Nee, ek is jammer, Tish, ek kan dit nie toelaat nie. Dit sal ’n presedent skep. Ek kan nie almal toelaat om te kom en gaan in my kantoor wanneer ek nie hier is nie en ook nie om my rekenaar te gebruik nie.”

“Asseblief, Yolande. Net hierdie een keer.”

“Waarvoor wil jy die rekenaar gebruik?”

Tish swaai om toe sy Berk se stem agter haar hoor. “Die internet. Ek moet

iets opsoek ... virre ... vir 'n teëlontwerp. Ek het 'n bestellinkie gekry vir 'n stel teëls vir 'n Victoriaanse kaggel en wil seker maak die ontwerp is outentiek,” prakseer Tish vinnig. Dis in elk geval nie 'n leuen nie; sy sal dit binnekort moet doen.

“Yolande is reg. Sy kan nie mense alleen in haar kantoor laat werk nie.” Sy oë het nog niks van die befoeterdheid verloor nie en Tish kan nie glo dis dieselfde man wat haar gisteraand letterlik van haar voete af gehad het nie.

“Oukei, sien julle môre. Bye.” Yolande laat val die sleutels in haar handsak en stap met 'n effens vermakerige houding weg.

“Bye, Yolande,” groet Berk.

Tish kyk haar net agterna.

“Laetitia het jou seker vertel wat ek vir haar gesê het.”

Tish kyk op na hom. Sy oë is troebel en sy mond trek stram. “Jy bedoel dat jy haar weggejaag het terwyl sy maar net 'n vrou in nood probeer help het? Ja, sy't my gesê.”

“Reëls is reëls, Tish, en ek het die reëls baie duidelik aan jou uitgespel. Sondae is nie die tyd vir 'n palmlesery nie.”

“Ja, Berk, jy het die reëls uitgespel, maar reëls moet darem ook buigsaam genoeg wees om bruikbaar te wees. Laetitia se kliënt was 'n wrak toe sy daar ingestap het en tot 'n mate getroos toe sy daar uit is. Tel dit nie meer in die groter bestel van dinge as dat Berk se heilige reëls verbreek is nie?” Sy vou haar arms en kyk hom wederstrewig aan.

Hy hou haar oë gevange. “Ek neem aan jy het jou lovers' tiff toe gisteraand uitgesorteer?” verander hy die onderwerp so skielik dat Tish se mond byna oopval van verbasing.

“My wat?”

“Die man wat jou sit en inwag het. Hy het baie gelyk na die een wat ek uit jou stalletjie sien storm het.”

“Dit was nie Ig nie, dit was Waldo.”

Berk se oë is onleesbaar. “Ons weet almal hoe Waldo voel oor rook, Tish, en die man het met ’n brandende sigaret in die hand gesit. Nie dat dit iets met my te doen het wie vir jou kom kuier nie. Ek begryp net nie waarom jy vir my lieg nie.” Hy vou sy arms. “Maar dit daar gelaat. Jy het seker jou redes. Oor gisteraand ... Ek wou juis met jou daaroor kom praat het toe ek vir Laetitia daar betrap het. Vir jou gesê het ek is jammer dat ek my gisteraand deur die romantiek van die oomblik laat verlei het. Dit was oneties, al was jy nie onwillig nie.”

Dit voel vir Tish of sy twee keer ná mekaar in die wind geskop is. Sy kan hom net sprakeloos aanstaar terwyl ’n diep pyn soos ’n luislang om haar hart knel.

“Ons hoef nie ’n groot ding daarvan te maak nie. Jy’s ’n mooi en sensuele vrou, die oomblik was romanties, en ek is ook maar net ’n man.” Hy roer sy skouers. “Ek dink die beste sal wees as ons net probeer vergeet dat die hele petalje plaasgevind het en ons interaksie voortaan op offisiële vlak hou.”

Uiteindelik kry Tish genoeg asem terug om te antwoord. “Ek dink jy’s reg, meneer Colijn,” kry sy dit hees uit. “Maar hou van nou af asseblief jou neus uit my sake. En as jy weer aan my durf raak, sal ek jou aankla van onprofessionele gedrag teenoor ’n werknemer, indien nie seksuele teistering nie.” Sy swaai op haar hakke om en stap blindelings weg. Eers toe sy seker is Berk kan haar nie meer sien nie, vee sy die trane ergerlik van haar wange af.

“Tish, is jy oukei?” hoor sy Waldo se stem van waar hy op sy stoepie sit met ’n bier in sy hand.

Sy steek vas. “Ek is fine,” sê sy ingedagte, kyk verward om haar rond en sien sy het skoon in die verkeerde koers gestap.

Waldo staan op en stap tot by haar. “Jy lyk nie baie fine nie. Kom drink ’n bier saam met my en vertel vir Ouboet waarom jy so ongelukkig is.”

Tish begin haar kop skud.

Waldo slaan sy arm om haar skouers en lei haar na die stoepie toe. “Ag bog, man. Moet nou nie hardekwas wees nie. Kom sit. Jy hoef nie te praat nie, maar ek kan doen met ’n bietjie company.” Hy druk haar sagkens op een van die gietysterstoele neer. “Ek kry gou vir jou ’n bier.”

Tish bly willoos sit en kyk op na die houtsparre van die kenmerkende prieeltjie wat voor al die chalets aangebring is. Agter die jong druiweblare is die lug die vaalblou van net voor skemer.

“Hier. Drink and be merry.” Waldo draai die proppe met ’n tsjfff-geluid af.

Sy vou haar hand om die yskoue botteltjie wat Waldo na haar toe uithou. “Dankie, maar ek dink nie ‘merry’ is my vanaand beskore nie.” Sy teug diep aan die bier, skielik dors. “Berk het Laetitia weggejaag en hy dink Ig is my lover en dat ons gisteraand opgemaak het.”

Waldo hou sy hand omhoog. “Honou. Dis te veel inligting op een slag. Hoekom het hy Laetitia weggejaag?”

Tish vertel hom kortliks wat gebeur het en ook sommer van Berk se verkeerde gevolgtrekkings oor haar rusie met Ig. Net oor die “petalje” vertel ek jou niks nie, dink sy toe sy klaar is.

Waldo frons. “Ek begryp nog dat Berk gedink het jou tiff met Ig was ’n romantiese een, maar Berk is nie gewoonlik naer met mense nie. Om die waarheid te sê, dit irriteer my soms dat hy so uit sy pad gaan om mense te help. Sy reaksie op Laetitia se sogenaamde oortreding is heeltemal uit wans uit. Iets anders moes hom vooraf omgekrap het. Erg omgekrap het.” Hy skud sy kop. “En waarom dink hy dat jy en Ig gisteraand opgemaak het?”

“Hy’t jou by my chalet gesien,” antwoord sy ingedagte en wonder of Berk so oorreageer het teenoor Laetitia as gevolg van dit wat die vorige aand op die rivierwal plaasgevind het. Maar hy het dit tog ewe maklik afgemaak as ’n

“petalje”.

“Lyk ek dan soos Ig?”

Tish skud haar kop. “Nee, maar julle is omtrent ewe lank en julle bou is baie dieselfde. En julle is albei donker. Ek het hom gesê dit was jy, maar hy het die sigaret gesien en wou my nie glo nie.”

Waldo hou sy kop skeef. “Hoe het dit gebeur dat hy my gesien het?”

Tish besef onmiddellik dat sy haar mond verbygepraat het. “Ons het mekaar raakgeloop. By die hangbrug. Hy’t ... e ... aangebied om saam met my chalet toe te stap,” verdraai sy die feite effens.

“H’m ...” Waldo gee ’n droë laggie. “Jy’s wragtig ’n vrot leuenaar, Tish. En, vermoed ek, die laaste op die lang lys van girls wat hulle harte op Berk verloor het. Maar dis jou lewe, en wat Berk by jou chalet kom maak het, het niks met my uit te waai nie.”

“Ek het hoegenaamd nie my hart verloor nie. Op niemand nie. En definitief nie op Berk Colijn nie. Ek wil niks met Berk te doen hê nie. Om die waarheid te sê, ek dink ek moet môre my huur opsê, my goedjies pak en waai. Ek weet klaar nie wat ek vir die mense gaan sê wat afsprake met Laetitia gemaak het nie.” Tish kan die bewing nie uit haar stem hou nie.

“En waarheen trek jy? Waar gaan jy werk kry?” vra Waldo prakties.

“Ek weet nie. Na my ma toe kan ek nie met my tante wat nou daar inwoon nie. Maar ek kan ook nie hier bly nie, Waldo.”

“Dit help nie om te vlug nie, Tish, en jy weet dit. Jy sal die ding moet deurvoer. Die ding met Laetitia en ook die ding met Berk. En dit help nie om dit te ontken nie. Ek ken die tekens. Ek sien hoe jy na Berk kyk en hoe jou liggaamstaal verander as hy in die omgewing is.”

“Ek is nié verlief op Berk nie. Vergeet nou daarvan.” Sy probeer nie die ongeduld uit haar stem weer nie.

Waldo kyk haar nadenkend aan. “Jy weet, ek glo jou. Ek dink nie jy is

verlief op Berk nie. Dis veel, veel erger. Jy't die man liefgekry en dis die real thing."

"Bog. Ek ken hom skaars. Ek het hom ... wat ... minder as 'n week gelede ontmoet. Sulke goed gebeur nie oornag nie." Hemel, dink Tish, kan dit maar net 'n paar dae wees sedert ek Berk vir die eerste keer gesien het? Dit voel asof sy hom al 'n leeftyd ken.

Waldo is duidelik ingedagte toe hy weer praat. "En tog weet mens net soms wanneer jy iemand ontmoet dat dit die persoon is wat jou kan maak of breek. Die persoon met wie jy graag die res van jou lewe wil slyt of die res van jou lewe sal betreur. Dis asof jy herken wat van die voortye af in die sterre staan. Oombliklik. Net so." Hy klap sy vingers. "Al weier jy soms om dit te erken omdat dit te verdomp vreesaanjaend is."

Tish kyk hom verstorwe aan. Hy is reg, besef sy. Vandat sy die eerste keer haar oë op Berk laat rus het, het sy geweet dat geen ander man haar ooit so geraak het met sy blote teenwoordigheid nie. Van daardie eerste aand af oorheers hy haar gedagtes, haar handel en wandel. Diep in haar onderbewussyn was die stil wete dat daar 'n paadjie vir hulle gekarteer is. Saam. Maar haar onderbewussyn het vir haar gelieg.

"Jy is diep in die moeilikheid, Tish, en dis nie by Berk nie. Jy is diep in die moeilikheid by jouself." Die simpatie agter Waldo se woorde is die laaste strooi.

Tish laat sak haar kop in haar hande, die bierbottel koud teen haar voorkop. "Hemel, Waldo, wat gaan ek doen?" vra sy gesmoord terwyl ander woorde in stilte deur haar gedagtes daver. Ek het hom lief. Ek het Berk Colijn lief. Lief met die volle oorgawe van 'n vrou wat haar maat herken het. En hy wil my nie hê nie.

Haar liggaam reageer willoos toe Waldo haar uit haar stoel optrek en teen hom vashou. Haar arms gaan onwillekeurig om sy skraal middellyf en sy laat

haar kop teen sy nek rus terwyl snikke deur haar ruk.

“Sjjj, sjjj.” Hy wieg haar effens terwyl hy met een hand oor haar hare streel en haar met die ander styf teen hom vasdruk. “Ons sal iets uitwerk. Sjjj nou.”

’n Klein geluidjie laat haar opkyk. Oor Waldo se skouer sien sy hulle staan. Rubie met wydgerekte oë en haar hand voor haar mond, en Berk langs haar, die uitdrukking in sy oë donker en stormagtig.

Waldo draai na hulle toe. Rubie vlieg vervaard om, en met ’n laaste verdoemende kyk na Tish sit Berk haar met lang treë agterna.

Toe Tish uiteindelik opkyk na Waldo, vryf hy sy ken nadenkend. “Ja-nee,” sê hy mymerend, “the plot thickens.”

Agt

Tish het net klaar gestort toe daar 'n klop aan haar deur is.

Sy frons toe sy oopmaak en die tuinier in die sterk skemer voor haar sien staan. “Hallo, John?”

“Naand, Juffrou. Meneer Berk stuur dié.”

“Naand, Juffrou,” herhaal hy toe sy die briefie neem en lig sy hand in 'n groet voordat hy omdraai en wegstap.

“Dankie, John!” roep sy agterna en vou die nota met *Organica* daarop gebosseleer oop.

Ek sal dit op prys stel as jy my vanaand nog kan kom spreek. Dis in verband met marksake. So teen seweur sal my pas, lees sy die formele woorde wat in 'n sterk handskrif neergepen is. Onderaan staan net: *Berk*, die B effens groter as die ander letters.

Ergernis borrel meteens deur haar. Die arrogante, vermete le ... vent, dink sy grimmig, frommel die briefie op in haar vuur en klap die deur agter haar toe. Sy gooi die balletjie papier ontstoke na die snippermandjie, mis die wye bek en kyk hoe dit langsaan sy lê kry. Sy kners op haar tande, tel dit weer op en smyt dit so hard as wat sy kan in die mandjie. “Vlieg in jou hel in!” raas sy hardop. Sy kyk op haar polshorlosie. Tien voor sewe, sien sy op die fyn gesiggie van Naas se mondigwordingsgeskenk aan haar.

Sy gooi haar op die bank neer en staar broeiend na die balke van die grasdak bokant haar. *Dis in verband met marksake*, sien sy weer die woorde voor haar oë. Asof dit in verband met enigiets anders kan wees. Hoe gaan hy dit sê? Ek skort jou kontrak op met onmiddellike effek? Of dalk: Teen môremiddag moet jou stalletjie ontruim wees?

Maar waarom? Wat de hel het sy gedoen wat so verkeerd is? Dis nou

behalwe dat sy 'n saak van seksuele teistering genoem het, 'n palmleser wederregtelik op sy perseel laat werk het en daarmee saam feitlik elke ou reël en 'n paar nuwes in sy boek verbreek het. En die man liefgekry het.

Tish sug en kyk weer op haar horlosie. Sy spring op en storm na die badkamer, waar sy met bewende hande grimeer, haar hare 'n paar plukke gee en suinig van die parfuim wat sy vir haar verjaardag by haar ma gekry het, aan haar polse en agter haar ore spuit.

Op pad uit druk sy haar arms in haar baadjie en lig Berk s'n van die haak af. Met dié onder die arm kry sy koers na die hangbrug.

Dis tien oor sewe toe sy die klokkie langs die Gotiese deur lui.

'n Vrou met 'n gesellige gesig en 'n netjiese uniform maak feitlik onmiddellik oop. “Naand, Juffrou. Ek is Lizzie. Meneer wag vir Juffrou in die studeerkamer,” deel sy Tish mee en stap voor haar teen die breë houttrap uit. By 'n stel dubbeldeure kom sy tot stilstand, klop liggies en stoot die deur vir Tish oop.

Berk sit agter 'n enorme lessenaar en kyk op toe sy binnekom. Sy let weer op hoe mooi sy mond, hoe sterk sy neus en hoe opvallend sy oë is. Iets pynliks klop in die omgewing van haar hart.

Hy kom hoflik orent en beduie na die stoel oorkant syne. “Kom in, Tish. Sit gerus.”

Tish voel die digte mat onder haar tekkies meegee toe sy nader stap. Sy drapeer die baadjie oor die rugleuning van die aangebode stoel, laat rus haar hande daarop en bly staan. “Maak dit maar kort en bondig, meneer Colijn. As ek moet oppak, wil ek vanaand al begin.”

Hy sak terug in sy stoel. “Sit, Tish.” Dis onmiskenbaar 'n bevel, maar 'n relatief vriendelike een.

Tish wend haar oë hemelwaarts, sug hard en oordrewe, maar gaan sit tog.

“Daar is geen rede om so teatraal op te tree nie, Tish. En hou op om my te

‘meneer Colijn’. Sarkasme het geen uitwerking op my nie, en kinderagtigheid ook nie.”

Tish voel hoe haar wange aan die gloei gaan. “Tog eienaardig, baasspelerigheid en ondeurdagte, ongeregverdigde en onbewese aannames en beskuldigings het nou weer geen uitwerking op my nie.”

Hy tik met sy pen teen sy linkerpalm. “Moenie my te veel tart nie, Tish. Nie eens met ’n indrukwekkende rits byvoeglike naamwoorde nie. Ek het nie ’n goeie vier en twintig uur agter die rug nie.”

“Try me,” brom sy onderlangs, maar duidelik genoeg dat hy kan hoor.

’n Klein, half onwillige glimlaggie trek aan sy mondhoeke. “Veronderstel ek probeer verby die stoutkind-houding kyk en ek vra jou wat so danig vrot was aan jóú afgelope vier en twintig uur? Wat kan byvoorbeeld so vrot wees daaraan om drie potensiële minnaars binne so ’n kort tyd om jou pinkie te draai? Is dit nie elke meisie se droom nie?”

Tish kyk hom berekenend aan. “Ek weet jy dink die een is Ig en die ander Waldo, maar wie op die aarde sou die derde potensiële minnaar wees, meneer Colijn?”

“O, dis reg. Ek het vergeet. Die eerste geval was een van seksuele teistering.” Sy glimlag is lui, maar dit bereik nie sy oë nie. “Is dit wat jou aptyt so opgewek het?”

Tish kom so vinnig orent dat die stoel amper agteroor kantel voordat dit weer sy staan kry. “Kyk, Berk, ek het genoeg gehad van jou insinuasies, van jou flagrante en ongeregverdigde oordele en vooroordele. Jy is klaar ontslae van Laetitia. Skop my nou ook uit jou mark as jy wil, maar doen dit en kry klaar. Ek is moeg vir hierdie speletjie.”

Sy oë word skielik donker toe hy stadig uit sy stoel opstaan en tot by haar stap.

Tish wyk nie ’n duim voor hom nie, te woedend en te seer om meer om te

gee of hy haar wel die trekpas gaan gee of nie.

“En ek, Tish, is moeg vir jou kinderagtigheid, jou gebrek aan takt en medemenslikheid. Dink jy Rubie weet nie dat jy enige man, selfs Waldo, se voete onder hom sal kan uitslaan met daardie verleidelike lyf, daardie beeldskone gesiggie en jou aangeplakte terughoudendheid nie? Dink jy Yolande kom nie agter dat Helgard se oë jou voortdurend volg nie? Of dat Esther nie besef haar rol as die misterieuse vrou van die mark is nou ’n sekondêre een nie? Besef jy nie dat elke vrou voel dat sy haar in jou skadu bevind nie? En die meeste mans boonop?”

Sy kyk hom sprakeloos aan, sien hoe hy veg om selfbeheer voordat hy vervolg: “Jy is een van daardie mense wat met net mooi niks geseën is wat nié in jou guns tel nie. Het jy enige idee hoe intimiderend mense jou vind met jou skoonheid, jou intelligensie, jou kunstalent en jou skerpsinnigheid? Jou fyn sin vir humor en jou heerlike lag.” Hy haal diep asem en blaas dit stadig uit voordat hy verder gaan. “Jy het alles, Tish. Is dit nie genoeg nie? Hoekom dit misbruik om ander mense se geluk te knou? Of gee jy net nie ’n hel om nie? Gee jy vir niks en niemand behalwe jouself om nie?”

“Jy weet nie waarvan jy praat nie, Berk. Waar kom jy aan al hierdie snert?” Sy sien Berk se gesig voor haar, weet dis sy stem, maar sy hoor die eggo’s van Ig se woorde.

“Dit is die ‘snert’ waarom ek die hele goddelike nag rondgerol het en nie wou glo nie, maar dit is die ‘snert’ wat vanmiddag weer bevestig is. Ek het uiteindelik begryp.” Hy leun nog nader aan haar, sy stem so laag dat dit amper dreigend klink. “Alles is aan jou gegee, Tish, maar jy misbruik dit met ’n gebrek aan gewete, geveinsde beskeidenheid en losse sedes.”

Sy klap hom so hard deur die gesig dat die geluid daarvan deur die vertrek weergalm voordat sy die intense brandpyn op haar palm voel. Hy ruk terug en sy hand gaan werktuiglik na sy wang, waar sy lam van skok oor haar

optrede so buite haar aard, die vorm van haar vingers rooi geëts sien sit. Sy slaan haar hande oor haar mond, verskrik oor wat sy gedoen het. Dis die eerste keer in haar lewe dat sy haar hand vir iemand lig. Nie eens vir Ig nie, en hy het al baie erger dinge vir haar gesê.

Die volgende oomblik gryp Berk haar aan haar polse en dwing haar om te retireer totdat sy met haar rug teen die koue klipmuur staan. Hy druk haar hande aan weerskante van haar kop teen die muur vas. “Dit doen jy nooit weer nie,” sis hy.

Sy kop buig stadig maar meedoënloos oor hare. Sy sien sy oë skitter met ’n mengsel van woede en ongebreidelde passie. ’n Klein ewigheid hou sy oë hare gevange. “Met my sal jy waaragtig nie jou gemene speletjies speel nie.” Hy pars haar hande harder teen die muur.

Iets gee onder haar kneukels mee. Die ligskakelaar, besef sy toe dit skielik net die lig van die leeslamp op sy lessenaar is wat brand, ’n helder poel lig op Berk se dokumente gooi, maar verder die vertrek in skadu laat.

Dit lyk nie eens asof Berk dit agterkom nie. “Jy het jou misreken hierdie keer,” vervolg hy met ’n stem wat swaar dra aan rou emosie. “In my het jy jou Nemesis teëgekom, Tish Malan.”

Hoe reg is jy nie, dink Tish met pyn en woede en smagting wat kables deur haar hart laat klink en daarom vasdraai. Hoe reg is jy nie, dink sy toe sy haar mond na syne lig en die verwoesting van sy emosies willens en wetens en tog sonder voorbehoud en sonder enige verweer uitlok.

Hy kreun hardop toe hy met heftige drif, maar sonder die wreedheid wat sy verwag het, besit neem van haar lippe. Sy proe begeerte in die hitte van sy mond en weet dat hare dieselfde geheim verklap. Hy ruk haar teen hom vas, en die passie waarmee sy antwoord, met haar arms om sy nek, haar lyf teen syne, betrap hom onkant. Hy steier terug, verloor sy balans, en saam tuimel hulle op die sagte mat neer, steeds in mekaar se arms, hulle liggame in ’n

vlegsel van liefdesghonger gewroet.

Tish antwoord met oorgawe op soen na hartstogtelike soen. Haar lyf registreer die koorsagtige liefkosings van sy hande, sy mond. Met haar palms en haar lippe maak sy die kontoere van sy lyf, die kwispeling van sy spiere en die tekstuur van sy vel haar eie.

Dis asof alles in hulle en om hulle stil word. Tish maak haar oë met bedwelmdede teësin oop. Berk toring bokant haar uit waar hy met sy dye aan weerskante van haar heupe kniel. Sy oë is blink en donker en sy asem nog nie onder beheer nie toe sy vingers versigtig een na die ander knopie van haar katoenhemp losknoop. Toe die laaste een onder sy bedrewenheid besgee, stoot hy die hempspante weg van mekaar. Hy kyk met brandende begeerte na haar, maar bly net so sit, sy hande warm om haar middel gevou, sy duime weerskante van haar naeltjie.

Tish lig in stil begrip haar heupe en toe haar bolyf só dat hy die hemp saam met die baadjie van haar kan afskil. Die woede en onstuimige passie het skielik plek gemaak vir 'n emosionele gedraenheid. 'n Stilte in die oog van die storm. Hy lig sy een hand. Sy oë volg sy wysvinger wat vlindersag 'n vuurwarm paadjie trek van haar kuiltjie af, oor haar borsbeen, tussen haar borste deur tot by haar naeltjie.

Tish lê net met die grootste wilskrag stil terwyl haar borste swaar raak, haar lyf 'n taal van sy eie praat. Berk buig sy bolyf stadig oor hare. Sy voel sy borshare oor die pertinentheid van haar borste streel. Hy soen haar talmend in haar nek. Eers een kant en toe ander kant. Die kermgeluidjies wat sy self maak, kom van ver af na haar toe aan.

Sy lippe durf dieselfde roete van sy wysvinger aan, maak 'n rakelinge draai oor die heuwels van haar borste, trek konsentriese sirkels om haar naeltjie. Tish se hele lyf sidder, maar sy veg teen haar instink om hom nader te ruk en dadelik klaar te maak wat hulle begin het. Net die beweging van

haar kop, eers hierdie kant toe en dan daardie kant toe, kan sy nie stuit nie.

Hy leun weer oor haar, en toe sy haar oë oopmaak, is sy gesig feitlik teen hare.

“Sê my naam, Tish.” Die fluistering is rou, maar dwingend. Sy oë glim in die dowwe lig.

“Berk.” Sy kan haarself skaars hoor bo die geklop van haar hart en die gejaag van haar asem. “Berk,” herhaal sy met meer stem.

Hy vou sy hande om haar borste, du die volheid daarvan na mekaar toe en soen dit langsaam en doelgerig. Sy voel hom sidderend teen haar vel sug voordat hy sy hande aan weerskante van haar kop plant, haar lank en dringend, maar beheers soen. Toe hy sy mond lig, fladder haar oë oop. In sy oë voltrek ’n stryd hom voor hy opstaan.

Sy kyk verstom toe hoe hy met sy rug na haar toe voor die venster gaan staan en sy hande diep in sy sakke druk. “Ek dink dis beter as jy gaan, Tish.”

Tish bly lang oomblikke versuf net so lê voordat sy woorde tot haar deurdring. Sy rol om, gryp haar hemp en baadjie en kom regop, alles in een beweging. Met gedagtes wat verward tol en maal en probeer sin maak van wat gebeur het, trek sy oorhaastig aan. Sy vroetel die knope van haar hemp met bewende vingers toe, kom agter dat sy met een knoop te min en een knoopsgat te veel sit toe sy onder kom, maar laat dit net so. Sy pluk die deur oop, maar bly staan. Sy draai om en kyk na sy stywe rug wat steeds op haar gekeer is.

“Ek sal môre die stalletjie en die chalet ontruim.” Haar stem is steeds hees van passie. “Jy kan jouself op die skouer klop, Berk.” Sy sluk swaar. “Jy het gewen. Soos gewoonlik, vermoed ek.”

Hy draai stadig om en kyk haar ewe stadig op en af. “Ja, Tish, ek het gewen, maar nee, jy sal nie ontruim nie.”

Sy kyk hom vir die soveelste keer verdwaas aan.

“Dit sal kontrakbreuk wees as jy nie ’n maand kennis gee nie, en die Vader hoor my, ek sal jou hof toe vat.” Hy grimlag. “Dit het soms tog sy voordele om ’n advokaat te wees.”

“Waarom, Berk?” fluister sy onbegrypend toe die woorde insink.

“Jy het ’n koors in my bloed geword, Tish. ’n Koors wat hom eers moet uitwoed. Ek moet jou eers besweer voordat ek jou kan laat gaan.” Hy kyk haar ’n oomblik lank stip aan voordat hy wegdraai en weer deur die venster staar. “O, en Tish,” sê hy sonder om om te kyk, sy stem meteens bedaad, amper afgetrokke, “jy kan môreaand my rekenaar gebruik vir jou navorsing. Ek gaan so seweur se kant uit. Ek sal tot laat weg wees. Lizzie sal jou inlaat. Dis eintlik wat ek vir jou wou sê.”

Tish smyt die deur agter haar toe en die geluid daver deur die gang. Sy draf die trappe twee-twee af, gee die voordeur dieselfde behandeling en hardloop volspoed oor die hangbrug tot by haar chalet.

Toe sy die deur oopkry, storm sy in en skop die snippermandjie dat dit daar trek. Sy bly uitasem staan en sien hoe die opgefrommelde balletjie papier wat deur die lug vlieg tot by haar voete rol. Sy buk stadig en tel dit op. Sy frommel dit oop en stryk dit plat op die kombuistoonbank. Een woord spring uit. *Marksake*. Sy staar lank na die sterk letters, sien hoe die ink vervloei onder die aanslag van die trane wat op die woorde drup.

Nege

“You must be ... what you say ... tranquil, receptive when you look in ball,” het Fortuna gesê en verduidelik dat die helder bal vir haar mistig word ná ’n rukkie se staar, en eers wanneer die mis weer verdwyn, kon sy beelde daarin sien. Partykeer, het sy gesê, bly die bal mistig, word die wolkvorms en die kleure self die visioen. Soms sien sy net vorms of beelde of simbole, maar soms kan sy selfs ’n hele tafereel sien afspeel in die bal. En dit was sulke visioene wat Fortuna gevrees het. Soos die een waarin sy Tish sien staan het met ’n dolk deur haar hart en ’n swart mantilla oor haar kop.

Dit was die eerste visioen, het Fortuna haar daardie laaste aand vertel. En dié het sy gekry kort voordat sy Tish op die bruggie tussen Cascais en Estoril sien staan het. “That’s why I call you that night,” het sy gesê.

Die volgende visioen het gegaan oor ’n vreemde man in ’n vreemde land, het sy vertel, en toe sy die man aan Tish beskryf, was dit op ’n haar na die beskrywing van Naas. Sy het gesien hoe hy die rewolwer optel, teen sy kop druk en die sneller trek, en toe het sy weer ’n beeld van Tish gekry. “I knew I not can change event. But I knew too I can help you,” het sy probeer verduidelik.

Tish sug. En Fortuna hét gehelp. Fortuna het haar die emosionele toerusting gegee om Naas se dood tot ’n groot mate te verwerk. Sy het haar ook laat besef dat kuns nie haar enigste toevlug hoef te wees nie. “You have the hands of a healer. It is part of destiny,” was haar woorde.

Maar Fortuna is deel van die verlede, besef Tish. En dis die hede wat sy eers moet konfronteer.

Tish staar in die bal af, probeer haar gedagtes neutraliseer terwyl sy fokus. Die bal bly helder. Sonder mis, sonder wolkerigheid en sonder visioene. Net

een klinkklare gedagte kom vir die soveelste keer by haar op: Sy moet met Rubie gaan praat, die misverstand uit die weg ruim. En daarna met Yolande. Sy moet uitvind waarom Yolande haar nou skielik so effens stief behandel.

Tish drapeer weer die fluweellappie oor die halsstarrige bal wat Fortuna vir haar gegee het. En sy moet vergeet van Berk. Maar sy het geen kristalbal nodig om dit in te sien nie.

Die mark is altyd stil op 'n Maandag en sy voel dus nie skuldig toe sy die stalletjie se deur agter haar toetrek nie.

Rubie sit met haar kwitansieboek oopgesper voor haar en maak inskrywings in 'n ander boek.

“Haai, Rubie?”

Rubie kyk vlugtig op en weer af, maar sy gaan nie voort met haar inskrywings nie.

“Jy en Berk het tot heeltemal die verkeerde gevolgtrekking gekom gister. Ek was ontsteld en Waldo het my getroos.” Tish hurk by die tafeltjie waaragter Rubie sit. “Jy moet my glo, Rubie. Daar is op die aarde niks behalwe 'n baie platoniese vriendskap tussen my en Waldo nie. Niks waaroor jy ontsteld hoef te wees nie. Werklik nie.”

Rubie lig uiteindelik haar oë. Hulle blink effens, maar daar is 'n wederstewige uitdrukking in die blou dieptes. “Waarom sal ek nou danig ontsteld wees? Waldo is niks van my nie. Ek is net die vet girl wat lappies aanmekaar werk en klere van die bontspul maak. Ek het geen aanspraak op die benaming kunstenaar nie en eet af en toe sjokolade pleks van slaai. Ek is volgens hom seker die oninteressantste wese op aarde. Ek is nie buierig nie en ook nie misterieus nie. Ek is nie sexy of opwindend nie. Good luck to you. Onthou net, Waldo sal uiteindelik selfs met jou ook fout vind.”

Tish kom weer regop. “Rubie, ek dink Waldo is 'n wonderlike mens as jy verby die kors gekrap kry, maar ek sal nooit meer as vriendskap vir hom voel

nie en hy voel dieselfde oor my. En jy weet jy praat twak. Ek kan mos sien hoe Waldo na jou kyk. En jy na hom.”

Rubie sug en sit terug in die stoel. “Jy sal nie verstaan nie, Tish. Jy het alles. Die gesig, die lyf, die persoonlikheid, die kunstalent. Boonop is jy slim en nog nice ook. Jy weet nie hoe dit voel om relatief likeable en half oulik, maar eintlik gewoon te wees nie.” Sy vou haar arms en laat sak haar voorkop in haar hand. “Ek wens Laetitia was vandag hier. Met haar sou ek kon praat. Sy sal verstaan. Vrydag lê nog so ver.”

“Jy is allesbehalwe gewoon, Rubie. Ek dink jy’s ’n uitsonderlike mens.” Tish kan sien Rubie glo haar nie. Sy vee deur haar hare en verander die onderwerp. “Laetitia kom ook nie die naweek nie. Berk het haar weggejaag. Sy’t gevra dat ek vir julle almal sê sy kan nie anders as om al haar afsprake te kanselleer nie.”

Rubie se kop ruk op. “Wat? Hoekom?”

“Berk het haar verbied om Sondae te werk, maar toe kom Anna Swiegelaar, daardie vrou wat by jou ook was, en sy lyk so verlore dat ek maar vir Laetitia laat kom het. En toe betrap Berk Laetitia daar en jaag haar weg.”

Rubie gooi haar hande in die lug. “Wat is dit met Berk? Hy is so anders vandat hy terug is. Hy was nog altyd ferm sover dit die mark aangaan, maar altyd regverdig ook. Hy het almal altyd probeer help. Ek dink nie hy het al ooit ’n stalletjiehouer gevra om te gaan nie, laat staan weggejaag. Selfs wanneer hulle maande agter is met die huur, probeer hy help en sien hy dikwels dinge oor. En hy het al by tye kwaad geword, maar hy was nog nooit so buierig en befoeterd soos die afgelope tyd nie.”

“Laetitia het hom miskien verkeerd opgevryf,” skerm Tish onwillekeurig.

Rubie grinnik. “Sy het nogal ’n manier om te reguit te wees, maar as jy eers agtergekom het dat daar geen veroordeling daaragter is nie, het jy eintlik

waardering daarvoor. Sy't 'n baie fyn aanvoeling vir dinge waarvan mens in jouself wegskram, en sy ruk jou behoorlik in die werklikheid in. Dis iets wat mens soms nodig het.”

“Rubie, Laetitia is nou iets van die verlede, maar dis vir my belangrik dat ek en jy vriende is. Ek wil nie hê die scenario'tjie met Waldo moet afbreuk daaraan doen nie. Daar is werklik niks tussen ons nie. Hy het Saterdagand vir my Laetitia se geld gebring wat hy eers nie wou betaal nie omdat hy aanvanklik gedink het dat sy 'n fake is en snert praat, en gister het ek by hom verby gestap nadat ek en Berk vasgesit het en ek ontsteld was. Hy't vir my 'n bier en troos gegee. Dis regtig al.”

Tish is oorbluf toe Rubie opstaan en haar 'n drukkie gee. “Ag, Tish, ons is maar almal net 'n bietjie jaloers op jou, en die feit dat jy boonop so 'n nice persoonlikheid het, betrap mens onkant as jy eintlik nie van jou wíl hou nie, maar dit nie kan help nie.” Sy staan terug. “Waldo is regtig niks van my nie. Ek het 'n crush op hom gehad en het dit miskien nog tot 'n sekere mate, maar ek weet dit kan nie werk nie.” Sy haal haar skouers op. “Ek is oukei daarmee. Ek sal die boom soek waarvan Laetitia gepraat het en dalk vind ek hom eendag. Ek het 'n sterk boom in my lewe nodig, nie iemand so fickle soos Waldo wat enersyds met lang oë na Yolande kyk en andersyds agter die misterie van Esther probeer kom nie.”

“Miskien is dit juis omdat hy nie gereed voel vir 'n verhouding nie dat hy die een persoon wat vir hom gevaar inhou, vermy? Miskien is hy net doodsbenuid omdat hy besef dat hy sy moses teëgekom het, al lyk sy ietwat anders as die idee wat hy gekoester het van die vrou wat hy in sy lewe wil hê?”

Rubie lag. “Ag bog, Tish. Ons weet albei beter as dit. Maar kom ons laat die hele ou gory storie nou net daar. Ek was somer simpel.” Sy neem Tish aan die hand en lei haar na die vertrekkie wat van die uitstalruimte afgeskort

is. “Kom kyk wat het ek gisteraand so tussen die trane deur klaargemaak.”

Rondom die omkap- en naaimasjiene lyk dit soos ’n ontploffing in ’n lap- en krameryfabriek en dit ruik na katoen en leer, wierook en masjienolie.

Rubie haal ’n hanger van ’n haak af en trek die wit lap wat oor die kledingstuk gedrapeer is af.

Tish trek haar asem in. Sy neem die hanger by Rubie en bekyk die sagte bostukkie van nader. Die appliekwerk in verskillende kleure en teksture gare, gekleurde stukkies seemsleer en geaksentueer met kralewerk, het ’n abstrakte ontwerp. Dit spreek van ’n fyn aanvoeling vir lyn en kleur en kontoer.

“Rubie, dis asemrowend. Dis ’n kunsstuk. ’n Skildery.”

“Dis my wearable art.” Die trots spreek duidelik uit Rubie se stem. “Ek beoog ’n klein reeksie wat dieselfde tema het, maar waarin elke kledingstuk uniek is.”

“Hieruit gaan jy skatryk word, Rubie. Dit hoort in die topboeties in die land. Oorsee selfs. Jy sal nie kan voorbly nie.” Tish vee liggies oor die fyn handewerk, en skielik weet sy dat hierdie spontane voorspelling van haar inderdaad waar gaan word.

Toe Tish uiteindelik daar wegstap, is sy bly dat sy en Rubie die saak uitgepraat het. Sy kry gou Laetitia se afspraakboek in haar eie stalletjie en stap na Yolande se kantoor toe.

Yolande kyk op van die rekenaar toe Tish liggies aan die oop deur klop. “Hallo, Tish. Kom in. Ek is nou by jou. Ek stuur net gou die e-pos weg.” Haar stem is neutraal.

Tish staan effens ongemaklik rond en kyk maar intussen in die kantoor rond. Op die koffietafel staan ’n vaas vars blomme, en die vier stoele wat rondom geskik staan, is oorgetrek in ’n helder streepmotief. Teen die mure hang ’n paar skilderye met te-koop-kaartjies daarnaas.

“Jou kantoor lyk baie mooi,” komplimenteer Tish toe Yolande opstaan en

nader stap.

“Jy was al hoeveel keer hier in en uit.” Yolande vou haar arms.

“Ek weet en dit val my elke keer op hoe netjies en vrolik jy dit altyd hier hou. Ek het dit net nog nooit gesê nie.”

“Dankie. Kom sit.” Sy beduie na een van die gemakstoele.

“Dankie, maar ek wil nie sit nie. Ek wil net hoor of ek die foon kan gebruik. Dis marksake. Ek wil ...”

“Sit eers,” val Yolande haar in die rede. “Asseblief.”

Tish gehoorsaam en volg Yolande se bewegings effens verras terwyl sy die ketel aanskakel en koppies regsit voordat sy weer na Tish toe draai en oorkant haar gaan sit.

“Ek wil om verskoning vra.” Yolande wring haar hande inmekaar. “Ek weet ek was goor met jou gister. En die dinge wat ek gesê het van Laetitia ...” Sy skud haar kop en ’n strook sonskyn wat deur die venster val, skitter in haar blonde hare. “Sy het my ontstel toe sy vir my gesê het wat jy ook gesê het. Ek het gedink jy’t haar opgestook, maar toe het ek gisteraand weer mooi daaroor gedink. Dit was vir my ’n eye-opener, en ’n baie irriterende een, toe jy vir my gesê het jy dink Helgard is die wonderlikste man denkbaar. Ek het weer bekyk wat ek het. Laetitia, en jy, was reg. Ek is geneig om altyd verveeld te raak met wat ek het en na ander dinge te hunker. En dit terwyl ek met ’n juweel van ’n man sit. Berk is ’n wonderlike mens, maar dis wanneer Helgard na my kyk dat my knieë lam word en my hart in overdrive gaan.” Sy maak ’n verleë handbeweging. “Dit is wat Laetitia my laat besef het, en jy ook tot ’n mindere mate. Ek trek terug wat ek van Laetitia gesê het. Om die waarheid te sê, ek sal graag weer ’n afspraak wil maak om haar te sien. En nie weer ’n freebie nie.”

Tish glimlag effens. “Ek is baie bly as Laetitia jou gehelp het om raak te sien wat Helgard vir jou beteken. Maar ek is bevrees ek kan nie vir jou ’n

afpraak maak nie. Dis juis wat ek hier kom doen het. Ek moet die mense wat afsprake met Laetitia gemaak het, bel, die afsprake kanselleer en vir hulle sê dat sy nie meer hier werksaam sal wees nie.”

Yolande kyk haar met geskokte oë aan en kom nie eens agter dat die ketel afskakel nie. “Wat bedoel jy?”

“Berk het vir Laetitia gevra om te gaan.” Tish verduidelik vlugtig wat gebeur het.

“Maar kan Laetitia nie elders haar ding doen nie?”

Tish skud haar kop. “Moenie my daaroor uitvra nie, Yolande, maar dis onmoontlik. Ek ... en Laetitia het al die opsies oorweeg. En die ergste van alles is dat hierdie vrou wat Laetitia gister kom sien het, regtig iemand se hulp nodig het. Laetitia sê die vrou het baie probleme.” Tish sug. “Ek weet nie mooi hoe om vir haar te sê dat Laetitia haar nie meer kan sien nie. Sy’t ’n afspraak vir Vrydagoggend.”

“Wie is die vrou?”

“Haar naam is Anna Swiegelaar. Meer kan ek nie sê nie.” Yolande kou haar lip. “Anna Swiegelaar ... Waarom klink dit so bekend?”

“Sy maak pesto vir een van die stalletjies.”

Yolande skud haar kop. “Ja, maar daar is iets anders.” Sy klap haar vingers. “Is sy nie die vrou wie se seun in Zimbabwe aangehou word nie? Hy is mos ’n joernalis en word nou daarvan aangekla dat hy ’n spioen is. Of so iets. Dit was in gister se Rapport. En haar man is ook nog onlangs oorlede as ek dit nie mis het nie.”

Tish knik. “Sy woon glo hier naby en het gister hierheen gevlug net om weg te kom van alles af en toe gaan sien sy vir Laetitia.”

“Jene, Tish, Laetitia kan haar mos nie nou in die steek laat nie.”

Tish sug diep. “Ek weet. Ek ... Laetitia weet nie wat om te doen nie. Sy wil haar nie in die steek laat nie.”

Yolande staan op en maak duidelik ingedagte vir hulle koffie. “Ek sal ’n bietjie dink oor die saak,” sê sy toe sy die koppie vir Tish aangee. “Daar moet ’n oplossing wees. Voorlopig dink ek nie jy moet die afspraak kanselleer nie. Gee my kans tot oormôre.”

“As jy dalk daaraan dink om met Berk te gaan praat, kan jy maar vergeet.”

“H’m, ons sal sien.” Yolande drink haar koffie. Haar gedagtes gooi duidelik allerhande draaie.

Van seweur af stry Tish teen die drang om na Berk se huis toe te gaan, sy rekenaar te gebruik en te probeer agterkom wat in sy lewe verkeerd geloop het.

Sy wil nooit weer die binnekant van daardie huis sien nie en sy wil niks van Berk weet nie, probeer sy haarself wysmaak. Buitendien, wat laat haar dink sy sal enigiets op die internet kan wys word oor Berk se verlede? stry sy teen haarself. En sien sy werklik kans om in sy studeerkamer met die herinneringe van die vorige aand gekonfronteer te word?

Sy roep weer die vertrek voor haar geestesoog op en frons. Sy het nie juis daarna opgelet nie, maar sy kan nie onthou dat sy ’n rekenaar in sy studeerkamer sien staan het nie.

Teen halfagt gryp sy ’n pen, ’n aantekeningboek, asook die telefoonboekie waarin sy rekord hou van die webwerwe wat sy in haar navorsing oor teëls gebruik en sit af na die groot kliphuis. Dis al waaroor dit gaan, oor haar navorsing vir die kaggelteëls, kry sy haarself byna oortuig. En as die rekenaar in die studeerkamer is, draai sy net om en sê vir Lizzie sy het van plan verander.

Die huis is stil en voel sommer leeg toe Lizzie haar binnevoel. “Meneer Berk het gesê Juffrou sal dalk kom om die computer te gebruik, toe wag ek maar ’n bietjie langer,” gesels sy terwyl sy voor Tish uitstap.

“Ek is jammer ek het jou laat wag,” sê Tish terwyl sy agter die netjiese vrou aanstap.

“Ag, dis in orde, juffrou Tish. Meneer Berk het al baie klippe uit my paadjie gerol. Ek gee nie om om af en toe ’n bietjie later huis toe te gaan nie.”

Tish is verlig toe Lizzie op die tweede verdieping wegdraai van die studeerkamer af. Sy volg haar in die gang af tot waar dit doodloop teen die voet van ’n smal spiraaltrap.

“Juffrou kan maar net hier opstap. Die computer is daar heel bo in die toringkamer. Trek maar net die voordeur agter Juffrou toe wanneer Juffrou klaar is.”

“Dankie, Lizzie, ek maak so.”

Tish klim die steil trappies half onwillig op. Bloubaard se kamer, dink sy. Hoe gepas dat sy gaan werk daar waar haar kop ook, by wyse van spreke, aan ’n haak teen die muur hang. Een van Berk se vele slagoffers.

Die vertrek is nie baie groot nie, maar skep tog die indruk van ruimte. En terselfdertyd is dit knus. Dis duidelik ’n vertrek waar daar gewerk, maar ook gedink en ontspan word. ’n Klein Queen Anne-stofie staan reeds gepak, reg om aangesteek te word. Daar is ’n lessenaar met ’n rekenaar waarop ’n sluimerskerm wikkel en draai, asook ’n hele rits rekenartoebehore. Teen die mure is honderde boeke langs mekaar ingeryg. Regsboeke, boeke van Booker-prysweners, speurverhale, whodunnits, ’n paar van Russiese skrywers en een hele rak vol klassieke boeke van skrywers soos die Brontë-susters, Cervantes, Homerus, Victor Hugo en heelparty ander. ’n Belese man, dink sy, maar is nie verras nie. Berk doen niks half nie.

’n Franse dubbeldeur loop uit op ’n piepklein balkonnetjie, sien sy toe sy agter een van die gordyne inloer. Sy draai die sleutel en stoot die deur oop. Die windjie is skraal so hoog bo die aarde en sy bibber toe sy uitstap. Sy trek haar asem in. Voor haar lê die hele mark uitgestrek. Die beligting tussen die

welige plantegroei laat dit soos 'n sprokiestuin lyk. Sy sien ook vier van die chalets verskuil tussen die bome en sien dat die een wat sy huur relatief oop en bloot staan in die panoramiese vista van die balkon af. Sy kan selfs tot in die sitkamer sien.

Tussen die huis en die chalets lê die rivier soos 'n blink slang wat roer in die lig van die maan, wat vanaand uitgeswel het tot volle wasdom. Die boothuisie en die houtkaaitjie staan duidelik uit in die dowwe lig van die lamppaal op die oewer.

Dis hoe hy geweet het waar sy is, besef sy. Terwyl sy op die kaai gesit het, kon hy haar met die grootste gemak dophou. En dis seker ook van hier af dat hy haar en Waldo gesien het. Sy begryp nou dat hy Waldo ook nie van hier af sou kon sien, behalwe as iemand wat dieselfde bou as Ig het.

Tish sug, vryf haar arms en gaan weer na binne. Toe sy aan die rekenaarmuis raak, verdwyn die kriebeling op die skerm en 'n oop dokument verskyn daaragter.

Tish, lees sy en gaan sit met lam bene in die sagte kantoorstool. Kuier maar so lank as wat jy wil in die kuberruim. Die internet is permanent aan, dus maak dit nie saak hoe lank jy besig is nie. Ek het 'n bottel rooiwyn oopgemaak en dit saam met 'n glas op die tafeltjie in die hoek neergesit. Help jouself. Die etiket is af sodat ek kan sien of jy die wyn kan sien.

Sy sit terug in die stoel. Hier by haar sien sy die tafeltjie met die wyn waarvan hy gepraat het. Sy skuif nader aan die sleutelbord en tik 'n webwerf se adres in. Terwyl sy wag dat dit laai, skink sy vir haar 'n bietjie wyn. Sy swaai die glas in die rondte en kyk na die viskositeit van die vloeistof teen die wand van die bol. Sy ruik diep daaraan, neem 'n slukkie en spoel die wyn in haar mond rond.

Die webwerf wat sy gesoek het, maak oop en sy sit weer nader aan die skerm.

Dit neem haar skaars 'n halfuur om al die inligting oor Victoriaanse teëls te kry waarna sy gesoek het.

Sy sit terug en proe weer nadenkend aan die wyn. Sy gaan terug na die briefie wat hy vir haar gelaat het. *Kleur:*, tik sy, loer na die wyn teen die lig van die leeslamp, *tussen robyn en pruim*. Sy ruik weer aan die wyn. *Vrugtige neus met nuanses van kruie en peper. Teen die verhemelte 'n speserysmaak, asook 'n bietjie marsepein en vrugtekoek. Medium tot effens swaar.* Sy huiwer. *Goedgevonden Tinta Barocca*, tik sy in en proe nog 'n keer aan die wyn voordat sy haar finale oordeel vel. 1997. *Dit was 'n nat jaar en die wyn is gemaak toe die wynmakers nog net begin onderskei het tussen die suiker- en fisiologiese rypheid van die druif. Dankie vir die gebruik van die internet.*

Tish sit terug en dink aan haar en Naas se wynproeaande oor naweke en hoe hy haar die verskillende geure leer onderskei het. “Wyn moet integriteit hê, Tish-kind, nes mense,” het hy 'n paar keer vir haar gesê. Sy sug en sien hoe die sluimerskerm nogmaals sy krulle en draaie gooi. Met haar twee boeke bymekaar en die pen bo-op, leun sy weer terug in die stoel. Sy sal net die glasie wyn klaarmaak en dan maar koers kry, besluit sy.

Sy speel ingedagte met die muis, kyk hoe die skerm weer tot stilstand kom en klik op die ikoon vir die tuisblad van Berk se internetdiensverskaffer. Sy lees die weervoorspelling, die hoofnuusopskrifte van die dag en klik ingedagte op haar gunstelingsoekenjin.

Nee, sê haar gewete. Ja, sê haar vingers toe sy koerantargiewe aanvra en toe huiwerig *Berk Colijn* insleutel. Daar is 'n hele paar Colijn-resultate, maar niks oor 'n advokaat Berk Colijn nie. Sy sug verlig en frons toe. As hy 'n advokaat was, moes sy naam tog iewers in 'n koerantberig verskyn het in verband met die sake wat hy gedoen het. Sy laat die pyltjie teen die Colijn-resultate afrol.

Sy sit skielik regop toe die pyltjie oor die afkorting *adv. gly. Terroris*

losgepleit, lees sy die koerantopskrif. Adv. Bertrand Colijn ...

Tish dubbelklik op die artikel en wag ongeduldig dat die dokument oopmaak. Sy lees vinnig. Gaan na 'n volgende skakel. Die een na die ander gruwelkoerantberig gly voor haar oë verby.

'n Uur later maak sy die tuisblad toe en sit verdwaas terug. Sy het nie een aantekening gemaak nie, maar dit was ook nie nodig nie. Die gegewens is vasgebrand in haar brein. Dan is dit hoekom Berk aandadig voel aan die dood van vroue en kinders.

Tien

Tish bêre die laaste van haar ware wat sy teen sluitingstyd van buite af ingebring het en kyk weer na die briefie wat Yolande die oggend gebring het. *Alle stalletjehouers wat voel hulle het belang by die uitsetting van senhora Laetitia of voel hulle het iets daaroor te sê, word vriendelik gevra om vanaand 18:00 in die restaurant te vergader*, lees sy vlugtig weer die hoofparagraaf.

Anderkant die oop deur van haar stalletjie sien Tish hoe van die stalletjehouers in die rigting van die restaurant drentel.

Sy skrik toe Rubie skielik in die deuropening verskyn.

“Toe-toe-toe, jy wil nie laat wees nie. Wat skrik jy so?”

Tish glimlag effens verleë. “Maar net ingedagte.” Sy skud haar kop. “Ek dink nie ek moet die vergadering bywoon nie. Ek is te direk betrokke.” Sy tel haar drasak en sleutels op. “Ek sal wel môre hoor wat gebeur het.”

“Ag, twak. Jy is juis die persoon wat teenwoordig moet wees. Jy ken haar die beste van almal. Ek dink dit kan moontlik op ’n stemmery uitloop en elke stem tel. Kom, moet nou nie kleinkoppie trek nie.” Rubie sleep haar feitlik uit die stalletjie en Tish kry skaars kans om te sluit.

“Ek dink nie dis die regte ding om te doen nie, Rubie. Berk het sy besluit geneem. Dis sý mark,” probeer sy weer keer toe hulle aanstap.

“En ons woon deesdae in ’n demokratiese land, verstaan ek. Ons het die reg om na ons medestalletjehouers en hulle kliënte se belange om te sien. Ek sien die uitskoppery van Laetitia as onregverdige werkspraktyk. Berk kan ons nie almal uitgooi nie. Hy moet luister na ons argumente, al kan hy nog die meerderheid se stemme veto.” Rubie haak by Tish in. “Buitendien, dis nie die eerste keer dat ons so vergader nie. So ’n ruk terug was hier baie onmin oor

die houding van een van die stalletjehouers. Berk wou hom nie vra om te gaan nie en ons het daarop aangedring.”

“Wie’t gewen?” vra Tish terwyl haar gedagtes eintlik ander draaie loop. Paniekerige draaie.

“Berk, natuurlik. Hy het die ou aangespreek en ’n laaste kans gegee. Vir ons het hy gesê die man het baie probleme en ons kan hom nie net uitgooi nie, maar Divan het genadiglik uiteindelik self besluit om te waai. Dis juis daaraan te danke dat jy die chalet en die stalletjie gekry het. Divan was ’n regte ou pes, al het hy ná die vergadering in sy spoor probeer trap. Aanvanklik het hy amok gemaak onder ’n klomp van die girls en toe het hy almal teen mekaar probeer afspeel. Joanna was teen die einde die enigste een wat aan sy kant was en dis hoekom sy agter hom aangefoeter het Londen toe.”

Rubie wuif en glimlag vir iemand wat vir Tish verskuil is agter die plantegroei. “Ek dink dis hoekom Berk juis nou so ekstra versigtig is met die keuse van stalletjehouers. Hy het gesien hoeveel onmin een vrot appel kan veroorsaak.”

Daar is ’n goeie twintig mense in die restaurant, skat Tish toe hulle binnestap. Helgard sien hulle eerste raak en kom reguit op Tish afgepyl.

“Tish!” Hy slaan sy arm om haar skouers. “Ons sal jou tante terugkry op die mark. Moet jy nie worry nie. Sy het my ’n enorme guns gedoen. Yolande is ’n ander mens vandat sy by haar was.” Hy gee haar ’n gemeensame drukkie. “En ek weet ek hoef nie meer so half jaloers te wees op Berk nie,” fluister hy voordat hy weer terugstap na Yolande toe.

Tish se rug kriewel meteens. Toe sy omdraai, sien sy dat Berk haar met ’n skeptiese glimlag aankyk en sy kop veroordelend skud voordat hy wegdraai na iemand wat sy aandag probeer trek.

“Aha, wat het ons hier?”

Tish kyk af na Rubie, wat haar met tergende oë aankyk. “Wat?” Sy frons effens en probeer haar gedagtes weer hokslaan – gedagtes aan sy hande en die intensiteit van sy liefkosings.

“Nou sien ek hoe die wind waai.” Rubie lag agter haar hand. “Maar natuurlik. Ek moes blind gewees het.”

“Waarvan praat jy, Rubie?” vra Tish half deurmekaar.

“Berk. Jy. Ek kan nie glo ek het dit nie lankal raakgesien nie. Die man is behoorlik gróén.”

“Bog, Rubie. Daar is nie iets soos ek en Berk nie. Hy kan my nie verduur nie.” Tish verstel die band van haar drasak oor haar skouer.

“Wat hy nie kan verduur nie, is dat hy so pas gesien het hoe Helgard jou ’n drukkie gee, en wat hy nog minder kon verduur, was die tafereeltjie wat ek en hy gadeslaan het daar op Waldo se stoep. Baie dinge begin nou vir my sin maak.”

“Jy is heeltemal laf. Ek ...”

Yolande se getik op die tafel red Tish van verdere verduideliking.

’n Stilte sak langsaam oor die groep mense in die restaurant.

“Julle weet almal waarom ons hier is, maar ek som gou op. Senhora Laetitia is gevra om nie haar werk hier voort te sit nie. Daar is van ons wat glo dat dit nie heeltemal regverdig was teenoor haar of Tish, wat die stalletjie met haar gedeel het en nie die huur alleen kan dra nie.” Sy draai na waar Berk, arms gevou, met sy skouer teen ’n pilaar leun. “Berk, ons besef jy glo jy het goeie rede gehad om Laetitia te vra om te gaan. Ons ken jou as ’n regverdige persoon. Kan jy vir ons dalk meer vertel van jou beweegredes?”

Berk kom regop en kyk na die gesigte wat na hom toe draai. “Jy is reg, Yolande. Ek glo ek het goeie redes, maar ek hoor graag eers wat julle almal sê – teen of ten gunste van haar.”

Tish weet dis ’n oordeelsfout toe Yolande knik. Nou gun sy Berk die

geleentheid om die laaste, en as Tish hom goed genoeg ken, die oortuigendste en vernietigendste woord te spreek. Die afsluitingsargument te lewer van 'n advokaat wat die kuns ken om selfs 'n skuldige terroris los te pleit. Laetitia staan nie 'n kans nie, weet sy nou. En sy ook nie.

“Ek dink die ou girl is 'n fake, maar ek dink sy's fun en harmless,” hoor Tish 'n man in die agterste gestoeltes sê.

“Sy's nie 'n fake nie. Sy het vir my goed gesê wat 'n gewone mens nie kon geweet het nie,” klink 'n ander, vroulike stem op.

Tish herken haar as een van die meisies wat Laetitia uitgevra het oor haar liefdeslewe. En toe 'n preek gekry het wat daarop neerkom dat sy op haar kuns moet konsentreer en dink oor wie syself is, eerder as om te probeer uitwerk wat mans na 'n meisie toe aantrek.

“Ek dink dit doen die mark se naam skade om 'n fortuinverteller in ons midde te hê. Dit laat 'n wrang smaak in die mond. Die konnotasie is die mark werklik nie waardig nie. Dis bowendien uit die bouse. Dis erg genoeg dat Waldo Baum naakstudies doen.” Die opmerking kom van een van die twee ouerige susters wat kerspitwerk doen en agter hulle rûe onder die stalletjiehouers bekend staan as juffrou Prim en mevrou Proper.

Tish sug innerlik. Berk hoef nie 'n vinger te lig nie. Yolande se vergadering boemerang al klaar. Sy loer onderlangs na waar sy Waldo opgemerk het. Hy sê egter niks, kry net 'n meewarige glimlaggie om sy mond.

Tish staar na die punte van haar leersandale en probeer haar afsluit van die opmerkings wat heen en weer vlieg. Die positiewe opinies is in die meerderheid, maar te vaag om werklik 'n verskil te maak aan die argumente van die mense wat teen Laetitia is.

Esther se stem klink skielik met gesag op. “Julle praat in sirkels.” Sy bly 'n oomblik stil en wag dat die onderlangse gesprekke opdroog. “Laetitia het

my oë oopgemaak vir wat ek aan myself doen.” Sy hou haar hand in die lug en druk die punt van haar wysvinger teen haar duim. “Eerstens het sy my laat besef dat ek my eie grootste vyand is.” Sy haak die wysvinger om sy maat. “Tweedens is sy direk daarvoor verantwoordelik dat ek baie minder rook en oor die algemeen onderneem het om beter na my gesondheid te kyk.” Die wysvinger gaan na die middelvinger. “Derdens het sy my weer aan die skilder gekry.” Sy laat sak haar hande. “En só kan ek aangaan, maar die bottom line is, die ou girl weet waarvan sy praat. Hoe sy dit doen, weet ek nie. Of dit werklik in die vorm van my hand en in die lyne op my palm geskryf staan of nie. Sy het die vermoë om deur te dring tot die kern van mens se probleme. Ja, oukei, sy is partykeer te reguit en op die man af, maar dit werk. Dit het vir my gewerk. En vir dié van julle wat nog nie by haar was nie, kan ek net sê as julle haar eers in aksie gesien en gehoor het, sal julle converts wees voor die dag oud geword het. Ek voel baie sterk daaroor dat sy weer haar plek tussen ons moet inneem. Daar is niks anorganies,” sy kyk direk na die twee susters, “of enigsins boos aan wat sy doen nie. Sy help mense teen helfte van die prys wat ’n sielkundige jou sal kos.”

“Ek stem volmondig saam,” klink Rubie se stem op, en Tish sien dat sy op haar tone staan asof dit vir haar kort postuur sal vergoed en haar argument sal versterk. “Sy het my baie dinge laat insien. My gehelp om te sien dat ek volstruis probeer speel. En sy het my ook geïnspireer om weer wearable art te maak. Sy het my en Esther dus aangespoor om weer te doen wat uiteindelik ook die beste sal wees vir die naam van die mark. Ons het te gemaklik geraak en vergeet ons is veronderstel om kunstenaars te wees, nie net vervaardigers van pot-boilers nie.”

Uit die hoek van haar oog sien Tish hoe Waldo sy kop in Rubie se rigting draai, sy blik onleesbaar, maar die glimlaggie om sy mond nie meer sinies of meerderwaardig nie.

“Halleluja,” sê hy oor die gemurmur heen wat op Rubie se woorde volg.

“En wat dink jy, Waldo?” vra een van die ander skilders.

Waldo trek sy skouers op en druk sy hande in sy jeans se sakke. Hy wieg ’n oomblik op sy hakke en Tish hou haar asem op. “Ek dink die ou girl is great.”

Uit die gefluister wat op sy uitspraak volg, is dit duidelik dat die kunstenaars nie hierdie woorde van die siniese Waldo verwag het nie.

“Sy weet waarvan sy praat, en sy help mense. As dit nie holisties is nie, wat is?”

“Ek dink ons dwaal van die punt af.” Berk hou sy hande op en die gefluister raak geleidelik stil. “Die punt is eerstens of Laetitia hier hoort, maar dit gaan ook vir my om kontrakbreuk en agteraf konkelary. As die meerderheid van julle voel sy hoort hier, neem ek kennis. Die feit bly staan, sy het reëls verbreek. Reëls wat daargestel is omdat ek almal probeer gelukkig en tevrede hou sover dit binne my vermoë is. Juffrou Vermaas het beswaar kom aanteken by my dat Laetitia hande lees op ’n Sondag en ek het die senhora gevra om net op Vrydae en Saterdag haar nering te beoefen. Sy het daardie selfde Sondag nog die reël verbreek en dit is waarom ek haar gevra het om te gaan. Ek voel ek het haar ’n regverdige kans gegee om haar as eerbaar te bewys, al was ek uit die staanspoor teen die idee gekant. Dit gaan dus nie vir my soseer oor haar meriete nie, maar oor die feit dat sy haar verhewe gevoel het bo die opinies van ander stalletjehouers en ook bo die reëls wat ek op grond daarvan neergelê het.”

Tish is ietwat verbaas om ’n effens verdedigende noot in Berk se stem te hoor. Sy het verwag dat hy met een sterk argument na die ander alles wat gesê is, sou weerlê.

Die stilte wat weer eens oor die mense daal, bewys egter dat sy woorde indruk gemaak het.

“Ek dink julle begryp dat waar daar ’n klomp mense se belange op die spel is, daar reëls moet wees. As elkeen van ons maak en breek soos hy wil, is daar binnekort chaos,” sê hy met finaliteit in sy stem.

Hier en daar knik ’n kop instemmend.

’n Geskuifel onder die mense laat Tish in die rigting kyk waar daar meteens ’n pad gebaan word vir die lywige Anna Swiegelaar. Sy gaan staan reg voor Berk.

“Wat weet jy van chaos, meneer Colijn? Weet jy hoeveel chaos bestaan daar in die gemoed van ’n ma wie se kind in Zimbabwe in die tronk sit? Wie se man aan ’n hartaanval dood is toe hy die nuus gehoor het?” Sy draai om na die res van die vergadering toe. “Die behoefte om ’n einde aan jou eie miserabele lewe te maak, kan nie vir Vrydae en Saterdag uitgesonder word nie. Daardie Tish-kind daar het uit die goedheid van haar hart opgetree toe sy vir Laetitia laat kom het. En Laetitia het laas Sondag my lewe gered. Ek sou dalk nie werklik die moed gehad het om ’n einde aan alles te maak nie, maar as dit nie vir haar was nie, het ek vandag dalk in ’n gestig gesit. Ek was by breekpunt. Iets moes meegee. Gelukkig het dit gebeur in die teenwoordigheid van iemand wat geweet het hoe om dit te hanteer. En onthou, onse Liewen Heer het self mense op die Sabbat genees.”

Sy vou haar hande voor haar. “Ek is ’n gelowige mens, meneer Colijn, en ek staan nie fortuinvertellers voor nie. Net so min as wat ek dobbelary of wat ook al voorstaan. Daar is baie dinge wat wel uit die borse is. Maar daardie Laetitia-vrou ...” Sy skud haar kop. “Daar is nou ’n méns onder mense. Sy het geweet sy gaan opdraande kry, maar dit was vir haar belangriker om my te help as om ’n paar reëls na te kom. Mag die Here haar daarvoor seën.”

Tish kyk verras op toe iemand stadig begin hande klap. Waldo, met ’n breë glimlag. Nog ’n paar val in, en toe die grootste deel van die res. Agter Waldo sien Tish hoe Helgard vir Yolande teen hom vasdruk en ’n soen op

haar kroontjie plant.

Toe sy terugkyk na Berk, staan hy met sy een hand in die vou van sy elmboog en die ander, duim in die wang, om sy mond gevou. Dit moet haar verbeelding wees, dink Tish, maar dit lyk sowaar asof hy geamuseerd is.

Skielik betrap hy haar oë op hom. Aan die lagplooitjies om sy oë kan sy sien dat sy tog nie sy gesigsuitdrukking verkeerd verstaan het nie. Sy kan met 'n veer omgetik word toe hy baie duidelik vir haar knipoog.

Om haar gesels en raas die stalletjehouers, maar sy is van niks anders bewus as die uitwerking wat daardie gebaar en die implikasie daaragter op haar het nie. Want daardie blik van hom, daardie knipoog, het net een ding beteken. Hy kon net so goed hardop vir haar gesê het: “Ek kry my sin sonder om 'n vinger te lig.”

Uiteindelik hou Berk sy hande omhoog en 'n ritselende stilte daal neer, almal duidelik nou haastig om huis toe te gaan.

“Kom ons stem oor die saak en handel dit af. Yolande, help my asseblief tel. Sal dié wat daarteen is om Laetitia weer tot die mark toe te laat, hulle hande opsteek.”

Juffrou Prim se hand wil nog koers kry lug toe, maar sy laat sak dit weer toe mevrou Proper met haar elmboog aan haar stamp.

Hy kyk na Yolande. “Sien jy hande?”

Yolande glimlag en skud haar kop.

“Ek is bevrees dat ek die knie sal moet buig voor die meerderheid stemme. Tish, jy kan maar vir Laetitia laat weet sy kan Vrydae en Saterdag kom, maar Sondag is steeds volgens my nie 'n geskikte dag vir haar soort werk nie.” Hy glimlag ontwapenend vir Anna Swiegelaar toe dié haar kop opruk. “Tensy dit natuurlik 'n noodgeval is.”

Tish knik en loer na juffrou Prim, wat goedkeurend knik en toe effens frons voordat haar gesig weer min of meer sereen raak.

“Dan verdaag ons maar. Sien julle môre.” Berk slaan sy arm om Anna Swiegelaar se skouers, buig sy kop nader aan haar oor en sê iets vir haar wat haar laat opkyk en breed laat glimlag.

Tish bly doodstil staan in die kom en gaan van mense om haar. Waarom sou Berk toelaat dat Laetitia terugkom? Sy begryp niks van die hele storie nie. Al wat sy weet, is dat Berk hierdie mense soos ’n viool gespeel het.

Dat hy die stalletjehouers willens en wetens so gelei het dat Laetitia kan terugkom sonder dat iemand die vinger na hom kan wys.

“Dis nou jammer jy kan nie vir Laetitia in die hande kry nie. Sy moes hier gewees het om die oorwinning saam met ons te vier,” sê Waldo met ’n bier teen sy lippe en lagliggies in sy oë.

“Ja, ek sou haar graag sonder haar mantilla wou sien,” tjipt Rubie in terwyl sy ’n pak skyfies oopskeur en in ’n bak uitgooi. “Maar miskien ook nie. Ek hou daarvan dat sy so half ’n enigma bly.” Sy trek die deksel van ’n bakkie doopsous af. “Julle moet maar verskoon. Ek het nou nie juis reggemaak vir ’n paartie nie.”

“Ek kan nie glo jy kan op so ’n kort kennisgewing iets te ete voorsit nie,” sê Esther lui terwyl sy aan haar sigaret teug. “Ek moet behoorlik beplan net om ’n toebroodjie aanmekaargeslaan te kry.”

“Ag, toe almal so wegstap, toe dink ek nee wat, só kan die opwindning nie eindig nie. En dis darem ’n spanpoging. Gelukkig het jy altyd ekstra wyn. Yolande het gou bevrore pasteitjies in die oond gaan sit by haar, en Helgard het vir ons gaan kaas haal by die kaasmakers. Hy en Yolande sal nou-nou ook hier wees.” Rubie druk ’n skyfie in die doopsous. Voor haar mond huiwer haar hand. Sy kyk na Waldo wat haar dophou voordat sy die happie in haar mond sit en smaaklik kou, ’n vermakerige blik in haar oë.

Tish verskuil ’n glimlag agter die rand van haar glas.

“En hoekom nooi jy toe nie vir Berk nie?” ignoreer Waldo die aas wat

uitgegooi word.

“Ek het, maar hy sê hy het nog werk om af te handel.” Sy snork effens.
“Ek dink hy voel maar bra verleë omdat hy so op sy neus moes kyk.”

“Ek is nie so seker daarvan nie,” laat Esther hoor en neem ’n handvol skyfies uit die bakkie. “Hy het vir my alte veel gelyk of hy ’n piering room gekry het toe selfs ou Prim nie haar hand opgesteek het nie.”

“H’m, ek het ook gedink hy tree ’n bietjie verdag op vir iemand wat sogenaamd in die stof gebyt het.” Waldo staar na sy bier, maar kyk op toe Rubie giggel.

“Kan jy glo, Laetitia het die nerve gehad om vir hom te sê hy het magic in sy lewe nodig. Vir Berk!” Rubie lag agter haar hand. “En hoor hierdie een. Sy’t glo vir hom gesê: ‘Your berk is worse than your bite.’”

Waldo loer na Tish, gooi sy kop agteroor en bars uit van die lag. “Nee, maar die ou girl het spark!” kry hy dit tussendeur uit en raak weer aan die lag.

Elf

Tish kan nie die geluid plaas wat haar wakker gemaak het nie en is verstom om te sien dis al helder daglig buite toe sy haar oë op skrefies oopmaak. Dit voel behoorlik asof sy pas haar kop neergelê het.

Sy loer op haar polshorlosie. Sy het inderdaad net 'n paar uur geslaap. Hulle het tot wie weet hoe laat by Rubie gekuier.

Toe hoor sy weer die gehamer en besef dat dit iemand by haar voordeur is. Sy vlieg op en draf sommer kaalvoet oor die koel kleiteëlvloer terwyl sy haar vingers deur haar hare stoot en die slaap vlugtig uit haar oë vee.

Sy maak die deur op 'n skrefie oop en loer uit. Haar hart sak in haar skoene toe sy vir Ig voor haar sien staan, keurig in 'n pak klere geklee.

“Môre, Tish. Jammer ek pla so vroeg, maar ek wou my besoek afhandel voordat ek inry stad toe.”

Sy verbeel haar ál daar is iets genaakbaars in sy oë. “Ek is nog nie aangetrek nie,” kom dit lamlendig oor haar lippe.

Ig stoot die deur oop en stap binne. “Ek dink nie iets wys wat ek nog nie gesien het nie. Jou T-hemp bedek baie meer as jou bikini destyds.”

Tish voel al die ou wrewel in haar opstoot. “Ek wil nie weer daarvan beskuldig word dat ek jou uitlok nie.”

Ig antwoord nie, stap net op die ketel af waar dit op die kombuiskas staan en skakel dit eiegeregtig aan. “Ek het koffie nodig,” sê hy net toe sy hom verontwaardig aankyk.

Tish gaan sit by die toonbank en probeer haar oriënteer binne die situasie. Miskien droom sy.

Ig haak twee bekers van hulle hangplek af en trek die bottel kitskoffie nader. Hy skep 'n opgehoopte teelepel koffie in elke beker, draai na haar toe

en vou sy arms. “Ek het gister met Maja gaan praat.”

Tish kyk verras na hom.

“Ons het tot diep in die nag gesels.”

“Waaroor?”

“Alles. Die ding tussen haar en my pa terwyl my ma nog met hom getroud was. Daardie gewraakte vakansie. Naas se dood. Die hofsaak en die testament. Net mooi alles.” Hy draai om toe die ketel agter hom afskakel, maak die koffie en skuif haar beker nader. Hy gaan sit oorkant haar.

“Dankie.” Tish kyk hom wantrouig aan. “En?”

“Ek het baie tyd gehad om te dink voordat ek na Maja toe is.” Hy grinnik suurderig. “Ek het jou raad gevolg en die ure wat ek snags wakker lê, goed gebruik.” Hy draai die koffiebeker al in die rondte tussen sy vingers.

“Ek het besef dat al my vyandigheid grotendeels gebou is op die feit dat ek as kind so bitterlik ongelukkig was, en op afguns en jaloesie.” Hy kyk af op sy hande en toe weer op. “Ek moes by my ma agterbly terwyl jy by my pa en Maja kon bly. My ma was ’n moeilike mens. My pa het alle rede gehad om van haar te skei. Wat vir my so verskriklik was, was dat hy toegelaat het dat ek by haar agterbly.”

“Maar destyds was dit gewoonlik die ma wat toesig verkry het.” Tish kyk stil na hom.

“Ek weet, maar as mens so diep ongelukkig is, moet iemand die skuld daarvoor kry. Soos jy my tereg daarop gewys het toe ek jou laas gesien het. In elk geval, van daar af was dit maklik om almal kwalik te neem en te haat. En toe gaan ek saam met julle op vakansie en ek sien hoe goed my pa en Maja klaarkom. Hoe hy ook maar sukkel om jou in toom te hou, maar dat daar deernis en kommunikasie tussen julle drie was, al het die vonke soms gespat.” ’n Selfinkriminerende glimlaggie flits om sy mondhoeke. “En ek het natuurlik ook gesien hoe ongoddelik mooi jy geword het.” Hy gee ’n skor

laggie. “Ek het gek verlief geraak op jou. En dit het nie saak gemaak dat jy pas matriek geskryf het of my lewe lank die doring in my vlees was nie. Al wat ek geweet het, was dat ek jou wou hê.”

Tish kyk af in haar koffie en voel ’n gloed op haar wange uitslaan. “Ek is jammer, Ig. Ek was jonk en onnosel.” Sy kyk op. “Dit was nie moedswillig nie, maar ek dink ek het jou tog onbewustelik uitgetart. Ek wou hê jy moes my raaksien. Ek kan nie verduidelik waarom nie, maar ek wou jou beïndruk. Jy het soos ’n verhewe godjie daar rondgeloop. Aantreklik, volwasse. So seker van jouself. Ek kon dit nie verduur dat jy nie van my hou nie.”

“Tish, jy was agtien. Op die drumpel van volwaardig vrou wees. Ek begryp nou. Maja het dinge vir my verduidelik wat ek nooit verstaan het nie.” Hy skud sy kop. “Ek kan nie glo sy was so oop en grootmoedig ná alles wat ek aan julle gedoen het nie.”

Hy maak Tish se hande los om haar beker, vou dit in syne toe en kyk in haar oë. “Ek het vanoggend gekom om verskoning te vra, Tish. Ek het ’n hele ruk terug ’n wonderlike vrou ontmoet, die een wat jou teëls raakgesien het. Ons trou binnekort. En ek wil my verlede en al die vyandskap aflê. Van voor af begin.” Hy laat gaan haar een hand, verstewig sy greep op die ander en vroetel in sy baadjie se binnesak. Hy druk ’n stukkies papier in haar hand.

“Ek weet dit vergoed nie vir al die ellende van die afgelope jare nie, maar dit kom jou toe, Tish. My pa wou dit so gehad het. En ek ook.”

Tish kyk af. “Dis ’n tjek,” sê sy onnodig. Haar oë rek toe sy die bedrag sien. Sy kyk op in Ig se oë en skud haar kop.

“Ek het die universiteit gebel. Dis genoeg om jou skuld af te los en ’n paar duisend ekstra om op die been te kom. Ek het met Maja ook reggemaak. Asseblief, Tish, moenie my opregtheid in twyfel trek nie. As jy dit nie aanvaar nie, kan ek nie die nuwe blaadjie omslaan soos ek so bitter graag wil doen nie.”

Tish kou haar lip, skielik na aan trane. “Wat het Maja gesê?”

“Naas sal trots wees op jou.’ Dis wat sy gesê het.” Hy staan op en kyk af na Tish. “Ek hoop jy kan ook so grootmoedig soos sy wees.”

Tish kyk na die tjek en weer na Ig. “Ek dink Naas is baie trots op jou.” Sy vlieg op en gooi haar arms om ’n verdwaasde Ig.

Hy lag en swaai haar in die rondte voordat hy haar neersit, sy arms nog om haar middel. “Dankie, Tish. En ek hoop jy sal die teëls vir my huis maak?”

Tish laat rus haar wang teen die hemp wat na viskose en duursaamheid ruik. “Natuurlik.” Sy loer op na hom. “Ek was ’n bietjie verlief op jou ook. Destyds.”

“Maar dit was ’n onmoontlike situasie en jy was te jonk en ek te oorhaastig. Ek begryp, Tish. En ek begryp ook dat dit in elk geval nooit sou kon werk nie. Jou gees is te vry vir ’n ou bitterbek soos ek.” Hy buig sy kop en soen haar lig op die mond. “Die troukaartjies word môre gepos. Belowe jy sal op die troudag daar wees?”

Sy knik. “Ek sal.”

Eers toe Ig haar laat gaan, let sy op dat die voordeur nog oopstaan. En dat iemand die kosyn vol staan.

“Berk,” kry sy dit hees uit.

Sy oë skroei oor die T-hemp waarin sy geslaap het en sy pluk dit af waar dit opgetrek het terwyl sy met haar arms om Ig se nek gestaan het.

Vir ’n oomblik bly hy net so staan voor hy omdraai en uitstap.

Boggher hom, dink Tish toe sy na haar stalletjie toe aanstoom. As hy haar nooit die voordeel van die twyfel wil gee nie, is dit sy probleem, nie hare nie.

Kan jy hom kwalik neem? vra ’n stemmetjie.

Boggher Berk Colijn! doof sy dit summier weer uit.

Haar vingers verstaan nie haar kwasse nie, kom Tish agter toe sy haar met

oorgawe in haar werk wil verdiep. En nog minder die vleg- en rygproses wat haar droomwippe verg. Uiteindelik gaan sit sy op die trap voor haar stalletjie, haar voorkop in haar hande.

“Moenie vir my sê jy is ook in ’n bad mood nie.”

Tish kyk traag op toe sy Waldo se stem hier naby haar hoor. “Haai, Waldo. Is jy in een?”

“Nee, inteendeel. Dis Berk wat hier rondloop soos ’n beer met ’n hangover.” Hy leun met sy heup teen die reling om die stoepie. “Die grand kar wat ek vanoggend vroeg van jou plekkie af sien ry het, is dit wie ek dink dit is?”

Sy knik. “Dit was Ig.”

“En?”

“Die lug tussen ons is gesuiwer en hy het my ’n yslike tjek gegee. Genoeg om my studieskuld te betaal, en nog oor te hê. Hy’t met my ma ook vrede gemaak.” Tish sug. “En ek gaan die teëls vir sy nuwe huis maak.”

“En jy lyk só? Jy behoort in die sewende hemel te wees.” Waldo kyk haar onbegrypend aan. “En nou kan jy mos jou graad kry en begin werk aan jou loopbaan as Tish die shrink?”

“Ja, dis wonderlik, nè?” Tish se oë begin onverwags brand. Sy sluk. “Ek sal seker nou-nou my brief moet skryf om die stalletjie op te gee.”

Waldo kom sit langs haar op die trap en slaan sy arm om haar skouers. “Wat is dit, Tish?”

Sy skud haar kop, skielik nie by magte om haar stem te gebruik nie.

“As ek ’n wilde raaskoot moet waag, sou ek sê dat die heer Colijn dalk iets hiermee te doen het?”

Sy sug diep. “Berk kan gaan doppies blaas. Hy kan iemand anders uitsoek om van alles onder die son te verdink. Ek is klaar met Organica en gelukkig met hom ook. En as hy my hof toe wil vat, is dit sy saak.”

“Kyk, Tish, ek kan aan ’n honderd vrae dink wat ek almal tegelyk wil vra, maar ek kan sien jy is nie gereed om daaroor te praat nie.” Waldo gee haar ’n drukkies en staan op. “Wanneer jy ’n oor nodig het, weet jy waar om my te kry.” Hy soen haar kroontjie liggies. “Terloops, ek het laas nag ná die paartie iets bevestig wat ek lankal vermoed het.” Hy druk sy hande in sy sakke en begin agteruit wegstap.

“Wat?” roep Tish agterna.

“Rubie soen so lekker as wat sy lieflik sag en heerlik streelbaar en wonderlik vashoubaar is.” Hy lag, wuif vir haar en stap met ’n ligte tred na sy stalletjie toe.

Tish voel hoe ’n breë glimlag om haar mond plooi. Yes, dink sy, bal haar vuus en druk dit in die lug soos ’n wafferse gholfspeler wat sy bal gesink het. “Yes!” sê sy hardop.

Tish is verras toe Rubie Saterdagmiddag nadat Laetitia se eerste kliënt uit is, om die gordyn loer.

“Hallo, Laetitia. Ons kon Tish nie kry om haar te sê nie, maar die vrou wat jou volgende kliënt sou wees, het netnou haar voet verswik op my stalletjie se trap en sal dit nie vanmiddag kan maak nie.”

“Is sy oukei?”

Rubie knik. “Berk het arnica-room vir haar aangesmeer en dit vir haar verbind. Sy sê sy sal jou kontak om weer ’n afspraak te maak.”

“Dankie dat jy kom sê het.”

“Ek het nog iets om vir jou te sê.” Rubie gaan sit op die puntjie van die stoel oorkant die tafel. “Jy was reg. En Tish ook, weet jy.” Haar oë blink in die lig van die kersvlam. “Ek het my boom gevind, Laetitia.” Haar kuiltjies duik diep in haar wange.

“Ek is baie bly, Rubie. Onthou net wat ek laas ook vir jou gesê het:

Moenie die man in jou lewe idealiseer nie. Hy is 'n mens van vlees en bloed.”

Rubie knik. “Waldo is nie die maklikste mens nie, maar weet jy, ek het 'n sagte kant aan hom ontdek wat my by tye verbyster.” Sy staan op. “Ek wou dit ook maar net vir jou kom sê. Volgende keer maak ek 'n behoorlike afspraak.”

“Dis goed so.”

Rubie trek die gordyn weg en kyk weer om. “Eienaardig dat jy die beeld van die boom gebruik het. Waldo se van is Baum. Dit beteken ‘boom’ in Duits.” Rubie skud haar kop. “Ongelooflik, is dit nie,” sê sy sag en laat val die gordyn agter haar toe.

Ongelooflik, ja, Rubie, dink Tish en glimlag. Net jammer sy het vergeet 'n berk is ook 'n boom.

Sy kyk op die wekkertjie. Oor 'n driekwartier het sy weer 'n afspraak. Sy sug. Sy sal maar net so moet sit en wag.

Die fluweellappie gly af toe sy die kristalbal ingedagte nader trek. Die kersvlam se tweeling dans in die helder kristal, sien sy toe sy in die bal staar.

Berk kan dus verswikte enkels verbind bo en behalwe al sy ander wonderlike gawes. Sy sug weer. Sy het hom nog nie met 'n oog gesien nadat hy op haar en Ig afgekom het twee dae gelede nie. Almal bly uit sy pad uit. Hy is glo permanent in 'n skrikwekkende bui.

Yolande sê baie van die stalletjehouers dink dis oor die vergadering, maar hy het glo vir haar gesê hy is half verlig dat Laetitia teruggestem is. Dat hy sleg gevoel het dat hy haar die trekpas gegee het.

Tish se oë rek toe iets onverwags in die kristalbal roer. Sy leun nader en sien duidelik Berk se gesig in die vlam.

“Senhora?”

Tish hik van die skrik terwyl haar oë na die ingang vlieg. Berk staan die opening vol. Sy sukkel om nie uit te bars van die lag nie. Dit was genadiglik

nie 'n visioen nie, net sy weerkaatsing wat sy in die bal gesien het.

“Jammer ek het jou laat skrik. Ek weet jy het nou 'n tydjie vry voor die volgende kliënt.”

“Kom in, meneer Colijn,” nooi sy, die lag weer skoonveld voor Berk se formele stemtoon.

Hy gaan sit oorkant haar en vou sy arms.

Tish leun terug sodat haar gesig meer skadu kan benut. “Tish het vir my gesê jy wil hê dat ek jou hand moet lees, maar dit was voor ons laaste ... e ... onderonsie.”

Berk ontknoop sy arms en laat rus sy regterenkel op sy linkerknie. Met sy een arm oor die stoel se leuning en sy ander om sy enkel kyk hy haar aansienlik meer ontspanne aan. “Laat staan die palmlesery. Ek wou eintlik net kom om verskoning vra vir my optrede laas keer. Anna Swiegelaar het my vertel wat jy vir haar beteken het. Buitendien het ek tot 'n mate my frustrasie oor Tish op jou uitgehaal. Ek is jammer. Dit was onnodig.”

“Ek aanvaar jou verskoning graag, maar wat frustreer jou van Tish? Sy is eintlik 'n oulike kind.” Tish hoop die mantilla verberg die moedswilligheid wat sy voel.

Berk vee met sy wysvinger en duim aan weerskante van sy mond.

Sou dit dui op verleentheid? wonder Tish. Nee, eerder vertwyfeling, besluit sy. Sy het Berk nog nooit verleë gesien nie.

“Dis moeilik om te praat met iemand wat familie is van haar.”

“Ek is vertrouwd met haar foute ook, meneer Colijn. Sy is impulsief. Vang dom dinge aan sonder om al die konsekwensies te oorweeg.” Tish laat rus haar ken op haar vervlegte hande en kyk Berk direk aan. “Maar haar bedoelings is opreg.”

“Opreg? Sy maak mans mal. Sy speel met hulle gevoelens en hulle begeerte na haar.”

Tish stuit die woorde wat in haar opwel en skud net haar kop stadig. “Jy is verkeerd, meneer Colijn. Moet sy veroordeel word omdat sy geseën is met ’n aantreklike voorkoms? Sy kan dit nie verhelp dat sommige mans haar begeerlik vind nie, maar sy buit dit nie uit nie.”

“Ek is nie so seker daarvan nie, maar Waldo het vir my iets gesê wat my tog laat dink het dat liefde en onweerstandbaarheid nie soveel te maak het met die uiterlike nie.”

Tish kantel haar kop effentjies.

“Hy’t gesê hy dink Tish is pragtig en wonderlik, maar dat Rubie deel is van sy siel. En dit maak haar vir hom die mooiste en begeerlikste vrou in die wêreld.” Hy glimlag effens. “Hy’t ook erken dat hy eintlik dol is oor vroue wat effens plomp is.”

“Mense is dikwels bang vir dinge wat te goed lyk om waar te wees.”

Berk kyk nadenkend na haar. “En vir dit wat mens van jouself in ander sien.”

Tish knik. “En pleks daarvan om ander te verwyte oor dinge van jouself wat jy in hulle sien, moet jy leer om jouself te vergewe, Berk. Vir dinge wat in jou verlede gebeur het, maar ook vir wie jy is.”

“En wie is ek ... Laetitia?” Sy huiwering voordat hy die naam sê, laat haar vinnig bestek opneem van sy gesigsuitdrukking.

Tish gee ’n klein suggie. Die een of ander tyd sal hy tog uitvind, besef sy, al is hy dalk nog nie heeltemal seker nie.

Sy kyk hom reguit aan. “Jy is iemand wat met net mooi niks geseën is wat nié in jou guns tel nie, Berk. Mense hou van jou, maar hulle voel geïntimideer deur jou aantreklikheid, jou intelligensie, jou oorredingsvermoë en jou skerpsinnigheid.”

Sy kan in sy oë sien dat hy sy eie woorde van ’n rukkie gelede herken.

“Jy het alles, Berk,” vervolg Tish, “en jy het dit eenkeer gebruik om ’n

regter te oortuig dat 'n terroris onskuldig is. Let wel, gebruik, nie misbruik nie, want jy het in die man se onskuld geglo. Jy het gedink aan jou pa se onskuld aan die situasie waarin hy hom in Angola bevind het, die wreedheid waarmee hy doodgemartel is.” Tish sluk. “Jy wou vergoed daarvoor deur 'n man wat van terreurdade beskuldig is, los te pleit. Jy het immers gedink jou broer word vals beskuldig. Jy het nie naastenby vermoed hy sou 'n week ná sy vrylating 'n bom in 'n winkelsentrum laat ontplof nie. Dat hy verantwoordelik sou wees vir die dood en verminking van onskuldige vroue en kinders nie. En jy kon ook nie geraai het hy beplan om self in daardie ontploffing te sterf nie.”

Berk se gesig is lykbleek in die lig van die kersvlam.

“Jy hoef nie vir die res van jou lewe te vergoed vir jou broer se oortuigings nie, Berk. Om self suiwer te leef, is heeltemal goed genoeg.”

“En dit alles sien jy in die vorm van my hande en in my lyftaal? Want my palms het jy nog skaars gelees. Of het jy jou kristalbal geraadpleeg, Tish?” Die woorde kom moeisaam en drup van sarkasme.

Tish skud haar kop. “Ek het netnou jou gesig in die kristalbal gesien, maar dit was net 'n weerkaatsing van jou. Jy weier om deel van 'n toekomsvisioen te wees. Jy dink jy is 'n 1997 Goedgevonden Tinta Barocca. Die wyn wat alle belofte gehad het om 'n vyfster te wees, maar as gevolg van die nat jaar net 'n driesterwyn geword het. Steeds 'n uitstekende wyn, maar nie vyf sterre werd nie.”

Berk kom stadig regop. “Ek dink ek het genoeg gehoor,” sê hy skor en stap uit sonder om weer om te kyk.

Tish staar lank na die swaar gordyn voordat sy haar kop in haar hande laat sak.

Tish staar na die nagkleur van die rivier tussen die sporte van die kaaitjie

deur. Die maan het aansienlik gekwyn vandat sy laas hier gesit het en weerkaats net halfhartig op die water. Laas, toe die lig in die toringkamer aan was en Berk haar by die hangbrug ingewag het.

Sy kyk weer op na Berk se huis, maar al wat deur die lower skemer, is die tuinligte. Die toringkamer bly donker.

Sy kyk om toe die kaaitjie onder ligte voetstappe wieg.

“Jy sal verkleum.” Esther hou ’n tjalie met die een hand uit. In die ander hand hou sy twee vol wynglase vas.

“Dankie.” Tish gooi die tjalie dankbaar om haar skouers en neem een van die glase by Esther. “Ek onderskat aanhoudend die temperatuur saans hier by die rivier.”

Esther kom sit langs haar. “Ek weet jy wil dalk alleen wees, maar partykeer het mens geselskap nodig juis wanneer jy dink jy het nie.” Sy grawe in haar baadjiesak. “Buitendien,” sy diep ’n pakkie sigarette op en steek een aan, “ek kan self met ’n bietjie geselskap doen.”

Tish kyk na Esther. Haar gesig is bleek in die maanlig. “Is hierdie ding tussen Rubie en Waldo vir jou moeilik?” vra sy stil.

Esther trek haar skouers op en vou haar arms om haar knieë. “Ek sien dit lankal kom.”

“Maar jy is erg oor Waldo.” Tish stel dit nie as ’n vraag nie.

“Ja.” Esther teug aan die sigaret. “En ja, dis vir my moeilik, maar ek is bly vir hulle onthalwe. Ek en Waldo is albei te intens, te dieselfde. Ons sou mekaar uitgebrand het.” Sy gee ’n droë laggie. “Ek is nie juis baie slim wat die liefde betref nie. Raak altyd verlief op die verkeerde mans.”

“Soos Berk voorheen?” waag Tish ’n raaiskoot.

Esther trek haar skouers op. “Ek dink vir Berk het ek eerder ’n soort heldeverering gehad. Daar was tye wat ek behoorlik geswymel het oor hom, veral toe ek pas hier aangeland het. Hy was baie goed vir my. Ek het ure

omgesels by hom, maar hy het altyd sy afstand gehandhaaf.” Sy sug. “Ek het altyd geweet dat Berk my nooit as iets anders as ’n vriendin sou sien nie. Daarom dat ek vir Waldo geval het toe hy sy intrek hier geneem het.”

“Jou deel sal kom. Eendag gaan jy iemand ontmoet en besef dat Waldo en Berk wonderlik in hulle eie reg was, maar nooit werklik jou siel geraak het nie.”

“Is dit nou Tish of Laetitia wat praat?” Esther loer oor haar wynglas na Tish.

Tish gee ’n droë laggie. “Lyk my mens kan julle skilders ook nie ’n rat voor die oë draai nie.”

“Nee, jy kan nie. Dis ook hoe ek kan raai dat dit Berk is wat jou siel geraak het.” Esther kyk na die kliphuis op die oorkantste oewer. “Hy het vroegaand hier gery. Net vir Yolande gesê hy weet nie hoe lank hy weg gaan wees nie.”

Tish kyk verras na Esther. “Hoe bedoel jy weg?”

“Weg. Hy’t gesê moontlik ’n paar weke lank, maar hy is nie seker nie.”

Tish laat sak haar kop op haar knieë. Dus weet hy nie sy sit hier en wag dat hy haar raaksien nie. Dus is hy nie daar nie. Dus ignoreer hy haar ten minste nie.

“Gee hom kans, Tish. Ek weet nie mooi wat dit is wat tussen julle aan die gang is nie. Al wat ek kan sê, is dat Berk nog nooit só gereageer het op enige vrou in sy lewe nie. Êrens moes jy op ’n baie lewende kragstroom ingetap het.”

Tish sug. “Dis moontlik, maar die kortsluiting wat daarop gevolg het, was fataal.” Sy staar na die water. En buitendien, hierdie diep rivier sal altyd tussen hulle wees, dink sy terwyl sy na die stil water staar. En sy vermoed die hangbrug wat die kloof sou kon oorbrug, het vir hulle by wyse van spreke weggespoel.

“Snaaks, weet jy,” onderbreek Esther haar gedagtes, “ek het dadelik vermoed dat jy en Laetitia een en dieselfde mens is, maar terwyl ek met ‘haar’ gepraat het, het dit glad nie gevoel asof ek met jou praat nie.”

Tish gee ’n laggie. “Die oomblik wanneer ek daardie mantilla opsit, voel dit vir my of ek iemand anders word.”

Esther kyk haar skuinskop aan. “Wat gaan jy doen?”

“Ek gaan kennis gee einde van die maand, my kennisgewingmaand werk en daarna begin my lewe.”

“Wat gaan jy in daardie lewe doen?”

“Ek sal êrens in ’n vennootskap probeer inkom en as kliniese sielkundige praktiseer. My graad word toegeken sodra ek my studieskuld afgelos het, en dit kan ek môre gaan doen met geld wat my stiefbroer aan my terugbetaal het.”

“Jene, Tish. Dis ’n openbarende mondvol,” sê Esther verwonderd. “’n Sielkundige, nogal. G’n wonder jy het ons soos ’n boek gelees nie.”

“Jy glo my dalk nie, maar ek het baie uit die hande en die liggaamstaal ook gelees. En steeds foute gemaak.” Tish trek haar skouers op. “Ek verstaan self nie mooi hoe al hierdie dinge inmeekaarskakel nie.”

Hulle sit ’n rukkie in stilte, drink hulle wyn klaar.

Esther staan op. “Ek wil nog ’n bietjie gaan werk aan een van my skilderye. ’n Galeryeienaar het my nou Saterdag hier by die mark genader en gevra of ek sou belangstel in ’n uitstalling.”

“Dis wonderlike nuus, Esther!”

Esther trek haar skouers op. “Sal nog maar eers sien of dit gaan uitpan.”

“Dit sal.” Tish kom ook regop. “Ek het weer ’n boek wat ek wil klaar lees. Baie dankie. Dit was lief van jou om jou oor my te ontferm.”

Esther roer haar skouers. “Niks wat jy nie vir my ook sou gedoen het nie.” Sy kyk Tish op en af, ’n skewe glimlag om haar mond. “Somehow kan ek my

nie indink dat jy in 'n snyerspakkie elke dag deur die stadsverkeer na jou spreekkamer toe gaan nie. Met 'n boekie op die gesykousde knie sit en aantekeninge maak oor neurote en dames wat te min te doen het en daarvan hou om van 'my sielkundige' te praat.”

Tish grinnik. “Ek ook nie, maar ek hoop darem nie dit sal grootliks die aard van my werk wees nie.”

“Nee, dit sal seker nie, maar ek weet nie ... Dis net asof jy hier hoort. Miskien sonder die mantilla en die kristalbal, miskien net as Tish. Die stunning girl met sewe gaatjies in haar ore en met 'n verbleikte jean aan. Soms met die wysheid van Salomo in pag en soms voortvarend en hopeloos te reguit en impulsief, maar altyd met die beste intensies.”

Tish sluk. “Dankie, Esther.”

“En dankie vir jou.” Esther gee Tish se hare 'n speelse plukkie en stap tussen die bome deur terug na haar chalet 'n entjie verder.

Sy is reg, dink Tish. Ek kan my nie in 'n spreekkamer sien sit nie. Ek het my kuns nodig. En my vriende hier. Dit voel vir my ook asof ek hier hoort. En tog is dit die allerlaaste plek waar ek wel sal kan bly. Veral wanneer Berk eers terug is.

Twaalf

“Kind, was dit nou ’n profytlike dag toe ek daardie Sondag hier op Organica beland het! Kan jy glo dis al meer as ’n maand gelede?” Anna Swiegelaar se volmaangesig blom. “Eers jou tante wat my so wonderlik gehelp het, en toe Berk wat hom so ontferm het. Jy het seker in die koerante gesien dat hy die onderhandelinge oor my seun se vrylating hanteer het.”

Tish knik. “Dit was die afgelope drie weke gereeld deel van die hoofopskrifte. Mens kon dit skaars mislees.”

“Ai, as die oom nog maar hier was.” Anna kry ’n veraf trek in haar oë, maar sy ruk haar opsigtelik reg. “Om te dink ek sien my seun môre weer. As alles goed gaan, natuurlik.”

“Alles sal goed gaan, tannie Anna. Berk weet wat hy doen.”

Anna knik. “Ja, ek glo dit ook. Die Vader was vir my so goed tot dusver.” Sy druk die koekvurkie in die skyf wortelkoek voor haar, die pinkie fyntjies in die lug. “Ek verneem jy en Laetitia trek einde van die maand?”

Tish knik. “Ja. Ons tydjie hier is uitgedien.”

“Ai, kind, ek gaan julle mis, maar ek is bly jy het darem ingestem om ’n dankiesê-ietsie saam met my te gebruik, al kon Laetitia dit nou nie maak nie. Ek moet sê, dis ’n wonderlike vrou daardie.”

Tish staar af in haar vrugtesap. Miskien sal sy eendag die moed hê om vir Anna te vertel van Laetitia, maar vandag gaan sy nie die vrou se vreugde demp nie.

Sy wag terwyl Anna klaar eet, antwoord vrae en gesels saam, maar uiteindelik staan sy op. “Baie dankie, tannie Anna, maar jy moet my asseblief nou verskoon. Die stalletjie staan toe terwyl ek sit en kuier.”

“Natuurlik, kind.” Sy vee haar mond met ’n servet af. “Ek verneem van

Berk jy trou binnekort. Ek hoop tog jy sal baie gelukkig wees, al is dit nou nie saam met Berk nie.”

Tish staar haar verdwaas aan. “Trou? Nee, Tannie, ek voorsien nie dat ek binnekort, of dalk ooit, sal trou nie.”

Anna frons. “Maar kind, ek het nog gevra of daar iets tussen die tweetjies van julle is. Julle twee mooie mense sal tog so goed saam pas, het ek nog gesê. Toe sê Berk nee, jou troukaartjies is glo al uitgestuur.” Anna skud haar kop. “Hoe het ek dit dan nou?”

Ig, onthou Tish. “Die troukaartjies word môre gepos. Belowe jy sal op die troudag daar wees?” hoor sy weer sy stem en onthou die verstorwe uitdrukking op Berk se gesig waar hy in die deur gestaan het.

Die toringkamer is donker, soos elke aand die afgelope klompie weke, sien Tish toe sy kruisbeen op die kaaitjie gaan sit en haar glas wyn op die houtvloertjie staanmaak. Die maan het weer deur haar volle siklus beweeg sedert daardie laaste keer toe sy self in die toringkamer gesit het en skyn vol en blink op die water wat roerloos lê in die windstil naglug.

Sy laat rus haar elmboë op haar knieë en haar ken in haar hand terwyl sy na die sterbesaaide hemel kyk.

Nog siklusse is aan die roteer, mymer sy. Waldo en Rubie praat van bruilof. Ig s’n is om die draai. Esther se werk word binnekort in ’n vername galery uitgestal. Yolande het vir Laetitia in die oor gefluister sy vermoed sy is swanger. Berk word oral in heldeterme beskryf noudat hy Anna se seun uit Zimbabwe gekry het. Sy het gister oor die nuus gehoor dat alles goed afgeloop het en ma en seun herenig is, maar dit lyk nie of Berk weer sy opwagting gemaak het nie.

Sy sug. En nou het sy ook aan die einde van ’n siklus gekom. Haar graad is intussen toegeken. Oor twee weke sit sy in die stad. Tante Tita kuier nou

by 'n ander niggie, het Maja gesê toe sy haar gebel het, en Tish genooi om by haar in te trek terwyl sy verblyf soek.

Tish staar na die maan wat suiwer gereflekteer op die water lê; 'n plat, helder skyf soos een van die oppervlakke wat Nostradamus gebruik het om sy toekomsvisies na hom toe te kaats.

Die skyf van die maan raak meteens aan die beweeg. Eers net 'n krinkeling om die rande voor die goue waterlelie 'n boggel trek. Tish skreef haar oë, maar kan nie sien wat die water in beroering gebring het nie. Vir 'n oomblik verbeel sy haar dat 'n bewegende swart spleet deur die middel van die skommelende maan klief.

Sy maak haar oë toe, skielik effens gedisoriënteer. Sy hoor die ritmiese geluid van sag klotsende water. Ruik die oewer. Voel die warmer laat Oktober naglug om haar.

Toe sy weer haar oë oopmaak, kom sy agter dat die kaaitjie effens skommel.

Die kajak gly soos 'n warm lem deur botter tot teen die houtrappies, wankel heen en weer, en toe kreun die trappe onder die gewig van die groot gestalte wat uit die bootjie klim.

Tish bly net so sit, knak haar nek agteroor en kyk op na die bekende lyne van die lyf geëts teen die maan.

“Anna sê my dis nie jy wat met die man met die Merc trou nie.” Berk se stem klink soos die murmeling van water oor klippe.

Tish skud net haar kop.

“Waldo sê my hy rook nog af en toe 'n sigaret as hy ontsteld is. Of op patio's sit en wag vir fortuinvertellers.”

Tish knik.

“Esther sê my jy's 'n sielkundige.”

Tish knik weer.

“Rubie sê my Laetitia bring mense in touch met hulle eie gevoelens, hulle intuïtiewe sy. Dat sy hulle lei om selfondersoek te doen en hulle verborge wense en begeertes na vore te bring.”

Tish trek haar skouers op.

“En Yolande sê my jy het kennis gegee vir die einde van die maand.”

Tish kyk hoe Berk by haar hurk sodat hulle oë op een vlak is.

“Waarom hoor ek al hierdie dinge by ander mense, Tish?”

Sy haal haar skouers op, soek en vind haar stem. “Miskien omdat jy my nie vra nie?”

“En waarom vra ek nie?” Sy gesig is ’n skadu naby aan hare.

“Dalk omdat jy nie belangstel nie.”

“Nee, Tish. Ek was stiksienig. Daarom dat ek jou nie gevra het nie. Ek was so bitter bang vir die antwoorde dat ek my eie opgemaak het.”

Sy laat toe dat hy haar orent trek.

“Buitendien, jy weet diep binne in jou intuïtiewe siel dat ek wel belangstel. Jy weet net nie hoe intens ek belangstel nie.”

Sy kyk op na hom. “Jy is die een wat weggegaan het.”

“Maar ek is terug.” Hy streel liggies met sy wysvinger oor haar wang. “Ek het baie dinge gedoen die afgelope drie weke, maar nog meer dinge bedink. Deurgewerk. Begin begryp. En Tish, ek is weer heel. So heel as wat ’n stiksienige mens met foute en ’n verlede kan wees.” Sy hand word ’n skulp om haar gesig.

“Alle mense het foute en verledes. En ons is almal by tye stiksienig.” Haar stem kom asemrig.

“Ja, dis waarskynlik so. En dis tog jammer almal kom nie mense in hulle lewe teë wat hulle fortuin vir hulle so reguit kan vertel soos Laetitia dit kan doen nie.” Sy ander hand word die tweede helfte van ’n skulp. “Wonderlike vrou, dié Laetitia. Waldo het my baie van haar vertel vroeër vanaand. Van

haar, van haar akademiese agtergrond en haar nie so akademiese agtergrond. Ja, Waldo het my baie vertel.” Hy lag sag. “Van Laetitia, maar ook van Tish.”

Sy gesig versober effens. “Hoeveel daarvan kan ek glo, Tish? Durf ek byvoorbeeld glo dat ek verkeerd gehoor het toe ek daardie oggend wou kom sê dat ek jammer is oor die manier waarop ek Laetitia behandel het en jou toe in Ig se arms betrap het? Durf ek glo dat ek nie alles onherroeplik verbrou het met my, en ek haal aan, ‘baasspelerigheid en ondeurdagte, ongeregverdigde en onbewese aannames en beskuldigings’ nie?”

Tish vou haar hande in ’n dubbelskulp bo-oor syne. “Jy durf dit glo.”

“Durf ek glo dat die naam Tish Colijn vir jou ook die mooiste in die hele wêreld klink?”

Tish voel hoe alles in haar smelt en vervloei. Vir lang oomblikke kan sy nie praat nie. Uiteindelik kraak haar stem tog deur. “Maak dit doktor Tish Colijn.”

“Hoe nou?” Hy lig haar gesig ’n fraksie.

“Ek het besluit om nie as sielkundige te praktiseer nie. In elk geval, voorlopig nie.”

“Gaan jy aanhou hande lees?” Sy duime trek ’n rakelingsse roete om haar ken.

Tish knik. “Vir navorsing. Ek gaan my doktorsgraad doen oor chirognomie en die raakpunte met Jungiaanse sielkunde.”

Hy omsirkel haar neuspunt liggies met syne. “Wat gaan ek met so ’n slim vrou maak, dóktor Tish Colijn?”

“Liefhê. Vir altyd en ewig.”

“Dis te maklik. Daar moet ’n catch wees.” Sy lippe vervang sy neuspunt en hy soen haar sagkens op die effense wip van haar neus.

Tish voel hoe haar hele lyf lig tril. “Die enigste catch is dat Tish haar

stalletjie wil terughê vir haar teëls en droomwippe en bewers. Sy kan nie net studeer nie. O, en Laetitia haar deel van die stalletjie ook. Vir navorsingsdoeleindes, natuurlik.”

Sy mond beweeg na haar voorkop. “Klink vir my heel verdienstelik en organies. Solank die kristalbal nie deel uitmaak daarvan nie. Jy’t self gesê jy’s ’n hopelose scryer. En ek wil nie weet wat in die toekoms lê nie, net elke oomblik van die hede, van ons, en van ons nou geniet.”

Tish leun met haar voorkop teen sy ken. “Ek het jou so pas uit die blinkte van die maan sien kom, Berk. Dis meer as genoeg scrying vir hierdie hopelose scryer.” Sy stuur sy hande sagkens weg van haar gesig en maak haar palms oop teen syne. ’n Palmsaluut van vuur teen lug, intellek teen intuïsie, dink sy onsamehangend en voel hoe die hitte van sy hande teen hare skroei, hoe hulle lewenslyne, liefdeslyne en alle ander lyne vol stroompies lawa word en in mekaar versmelt.

“Jy hou my hart in die palm van jou hand, Berk Colijn,” sê sy eenvoudig voordat sy haar mond aanbied.

“Ek het jou lief, Tish Malan. Vir altyd en ewig.” Berk vou haar in sy arms toe, neem wat sy bied met ’n oorgawe en dringendheid wat diep binne-in Tish antwoord vind.

In hierdie oomblik voel dit vir Tish asof hulle dwarsdeur ’n kristalbal val, tot in die middel daarvan, waar hulle omsluit word deur die blink, helder, gladde gevoel van veiligheid wat sy weet hulle toekoms inhou.

Vlerke vir 'n visvrou

Een

Schilderkrans is 'n plek waar daar al wonderlike dinge gebeur het, dink Emma terwyl sy na die wapperende banier kyk. Behalwe die San-tekeninge in die Koueberg, wat die dorp met liefdevolle arms omsirkel, het daar miljoene jare gelede vreemdsoortige diere in die meer gewoon waar daar nou 'n vallei is. En gerugte wil dit hê dat, gedurende die vloed 'n paar jaar gelede, 'n meermin in die kloof uitgespoel het. 'n Watermeid, soos die mense hier rond na haar verwys. 'n Beeldskone, rondborstige vrou met 'n stert pleks van bene.

Wonderlike dinge, dus. Maar of die fees wat op die banier uitgebasuin word, so 'n goeie idee is, betwyfel Emma ten sterkste.

Toe sy 'n jaar gelede hierheen getrek het, was dit juis agter die stilte en afsondering aan. Met haar eerste besoek aan Schilderkrans 'n paar maande voor sy haar finale besluit geneem het, het die Karoo-lug haar betower. Die kruierige reuk van karoobossies het haar bedwelm. Die Melkweg, wat hier nader aan die aarde teen die naglug uitgestippel is as op enige ander plek aan haar bekend, was manna vir haar siel.

Sy het verlief geraak op die knarsende windpompe met lemme wat flits in die son en glim in die maanlig, die murmelende leivore en die fluisterende peerboomlanings. Vir haar was dit 'n pluspunt dat die dorpie nie teerstrate of straatligte het nie. Nie eens 'n vulstasie nie, en ook nie 'n bank nie. Die stilte en die afsondering, dit is wat haar uiteindelik hierheen gelok het.

Hier, op hierdie dorp met sy minder as vyftig permanente inwoners, het sy geweet, sou sy haarself kon wees – weg oor haar pa se skaduwee wat oor haar hang vandat sy kan onthou. Hier maak dit nie saak dat sy een van dié Steyns is nie. Die ontoereikende nasaat van 'n string bekende skilders.

Hier is dit onbelangrik dat grootjie Darius Steyn se skilderye in die voorhuise van vooraanstaande Victorianers gehang het. Of dat oupa Thinus Steyn die koninginmoeder persoonlik ontmoet het by een van sy uitstallings in Londen. Of dat haar pa Ernst Steyn is, die man wat die kunskringe van New York op sy dag aan sy groot Boerevoete gehad het, en tot 'n mate steeds het.

Hier is sy net Emma Steyn, die mooierige, maar ietwat eksentrieke vrou wat meubels beskilder. Wat malvas en Karoo-huise in die waai van eetkamerstoele se rugleunings laat wieg en guitige engele oor tafelblaaie laat vlieg. Meerminne op jonkmanskaste laat baljaar.

Emma sug. En nou kom die hele wêreld en sy kroos volgende week om op haar rustige hawe, die holte vir haar voet, toe te sak.

Sy vou haar arms en bekijk weer die banier wat deur 'n moedswillige bergwind rondgeflap word terwyl werkers dit tussen twee peerbome probeer span. *Die Watervrou-Winterfees*, lees sy vir die soveelste keer. Sy skud haar kop. Mammon-fees sou nader aan die waarheid gewees het.

Die dorp het die geld nodig wat die fees meebring. Sy besef dit. Die armoede in die bruin gemeenskap in hulle huisies teen die berg, 'n kilometer of wat uit die dorp, is nypend. En die kunstenaars wat bykans die hele hoofdorp oorgeneem het, sukkel om afsetgebiede vir hulle werk te kry.

Sy hoop self sy sal 'n slag kan slaan met haar beskilderde meubels en ander gebruiksartikels, maar die prys wat hulle daarvoor moet betaal, is hoog. 'n Week van dolheid. Van duisende mense wat die dorp oorneem en op sy kop keer.

“En as jy so staan en droom?”

Emma kyk om en glimlag suurderig vir haar vriendin wat tot by haar gestap kom. “Haai, Wanda. Ek was juis op pad na jou toe.” Sy beduie na die banier. “Ek dink aan die soete inval wat volgende week voorlê.”

“H’m. Ek kan nie wag nie.” Wanda maak haar oë toe en steek haar hande teatraal die lug in. “Dink net, vir sewe dae lank ’n restaurant wat beset word deur mense wat actually geld het om te betaal vir ’n maaltyd.” Sy loer deur haar wimpers na Emma. “Mense wat nie ’n cappuccino ad infinitum hoef te rek of ’n slaai met ’n pel hoef te deel nie.” Haar skalkse knipoog haal die steek uit die verwysing na die kunstenaars se knaende geldtekort.

“Dink net,” vervolg sy, “tafels vol mense wat nie hoef te wag vir die volgende tjek vir ’n skildery of tantième op ’n boek voordat hulle ’n bord kos kan bestel nie.”

“Jy is naer met ons.”

“Miskien, maar kunstenaars is nou maar eenmaal nie ganse wat goue eiers lê nie. Dierbaar, ja, maar uiteindelik oor die algemeen ’n klomp armgatte.”

“Eerder ’n armgatkunstenaar as een van ’n klomp neusoptrekkerige stedelinge of raserige toeriste wat hulle verbeel hulle is ’n geskenk uit die hemel net omdat hulle Schilderkrans besoek en ’n paar rand hier bestee. Wat met een van jou verruklike tramezzini’s of bredies agter die blad en ’n Watervrou-T-shirt aan die bas hier uitry en hulle pelle in die stad vertel hoe great daai dorpie in die middel van nêrens is.”

“Selfsug is ’n nare eienskap, Emma.” Wanda druk met haar wysvinger teen Emma se boarm. “Veral in ’n persoon wat gewoonlik die mededeelsaamheid vanself is. Hoekom is jy so besitlik oor die dorp?”

Emma sug. “Ag, jong, ek weet ons het die toerisme en alles wat daarmee saamgaan nodig, maar dis net met my kop dat ek dit weet. My hart wil nie die dorp deel met mense wat nie kan voel dat die plek uitsonderlik is nie. Nie die aardenergie wat hier opgedam het, begryp nie.”

Sy kyk na die dynserige berge. “En nie net dit nie. Hierdie gemeenskappie van ons lê my na aan die hart. Hier word ek aanvaar vir wie ek is. Wat ek doen, word nie as minderwaardig beskou nie. Hier maak dit nie saak of ek

meubels beskilder of die lewe op doek probeer uitbeeld nie. Hier is ek net nog een van 'n klompie kreatiewe mense wat 'n klap van die windmeul weg het. Mense wat my nie ontarf net omdat ek nie aan hulle verwagtinge voldoen nie.”

Wanda kyk Emma kopskuddend aan. “Ek kan nou nog nie glo dat jou pa jou wraggies uit sy testament geskryf het nie. En nog minder dat jy so hardkoppig weier om aan sy versoek te voldoen wat jou weer 'n erfgenaam sal maak. Sy enigste, nogal. En dit die erfgenaam van die enigste werklik suksesvolle skilder wat nog my weg gekruis het.”

Sy gooi haar arms in die lug. “Maggies, Emma, al wat hy vra, is dat jy een skildery maak, daarna sit hy weer sy finansiële ondersteuning voort en skryf jou terug in die testament. Buitendien, jy weet hoe graag ek 'n skildery van jou in my galery sal wil sien hang.”

“Ja, maar jy aanvaar dat ek nie op doek wil skilder nie. My pa kan my nie dwing om skilderye te maak net omdat hy dink meubels is nie goed genoeg nie. Doek, karton, hout – wat is die verskil?” Emma se stem is bot terwyl sy na die onrustige peerboomblare kyk. “Hy kan nie net op 'n dag hier opdaag, sy ultimatum stel en verwag ek moet daaraan voldoen nie, verdomp.”

Wanda gee 'n moedelse laggie. “Jy en jou pa is ewe hardkoppig. Julle sit so vas juis omdat julle so deksels eenders is. Ek wens partykeer ek kan julle albei skud tot julle tande ratel!”

Emma se oë verlaat die toppe van die peerbome en kyk na haar vriendin. Die vriendelike lagplooitjies om die hemelblou oë verklap dat die jeugdigheid wat uit haar hele wese straal, 'n lewensingesteldheid is wat niks met ouderdom te make het nie. Die silwer blink onverdoesel tussen die goud in die lang poniestert wat ongeërg oor haar skouer lê. Die lyf is onbeskaamd middeljarig en sag van kontoer.

'n Skewe glimlag pluk aan Emma se mondhoeke. “Jy loop op dun ys,

Wanda. Een van die dae sal jy moet kies tussen jou vriendskap met my en jou begogeling deur my pa sedert daardie kortstondige besoek maande gelede toe hy my van sy voorneme kom verwittig het.”

’n Bloss vlam in die sagte wange op. “Ek is g’n begogel deur jou pa nie.”

Emma grinnik. “Ha! Ek het nie ’n kristalbal nodig om te weet jy het die hots vir my pa nie, Wanda. Toe hy hier was ...”

“Was hy so omgekrap oor hy glo jy gooi jou talent weg dat hy my nie eens raakgesien het nie,” voltooi Wanda haar sin met wange wat nog dieper verkleur. “En ek het nie – let wel, nie – die hots vir jou pa nie.”

Emma lag. “O ja, jy het. En die feit dat hy jou skaars raakgesien het, bewys net hoe stiksienig hy werklik is.”

“Jimmel, Emma, ek is vyf en veertig. Mense van my ouderdom ‘hou van mekaar’, ‘het deernis vir mekaar’, ‘kom goed oor die weg’, ‘sien kans vir ’n toekoms’ of wat ook al. Hulle kry nie meer die hots vir mekaar nie!” Wanda gooi die poniestert met ’n ergerlike beweging op haar rug.

“Dit laat ek my nie vertel nie. Ek dink my pa kan nogal ’n hings wees as hy saam met die regte persoon is, en hy is net twee jaar ouer as jy.” Emma grinnik. “Dis juis omdat hy so ... sê maar passievol is dat hy en my ma moes trou toe hy maar twintig was omdat ek op pad was. Dit was natuurlik ’n enorme glips.”

“Jy ’n glips? Dit het jy my nog nie vertel nie.” Wanda lig haar wenkbroue vraend.

“H’m, dis nie juis iets waaroor daar gesels word in die familie nie. Sy was vyf jaar ouer as hy en hulle het eintlik maar net iets soos ’n uitgebreide one-night stand gehad. Sy is drie jaar ná my geboorte in ’n motorongeluk dood, maar die huwelik sou in elk geval nie gehou het nie.”

Emma kyk die vertes in. “Dit was glo nie ’n baie gelukkige verbintenis nie. Dié dat my pa nou nog so sku is vir die instelling van die huwelik, al het

hy deur die jare 'n paar vaste verhoudings gehad.”

Sy kyk weer na Wanda. “Dis ten beste nie maklik om met 'n kunstenaar getroud te wees nie, en as dit boonop een is wat jonk en onvolwasse is soos hy toe was ...” Sy trek haar skouers op. “Ek dink nie my pa kon op daardie ouderdom die hele getroude set-up met 'n kind op die koop toe, baie goed hanteer nie.”

“Maar ná jou ma se dood het hy tog goed na jou omgesien?”

Emma knik. “Sover dit binne sy vermoë was, ja. My ma se dood het hom geruk. Iets wat sy kuns goed gedoen het, maar vir hom baie moeilik was. Ek weet hy het nou nog skuldgevoelens daaroor. Hy praat nooit daaroor nie, maar ek voel aan daar is baie dinge wat hy nog nooit heeltemal verwerk het nie. Wat ek kan begryp, maar hy is steeds nie 'n maklike mens om mee saam te leef nie. Kunstenaars is van nature selfgesentreerd. My pa nog meer as die res. En boonop is hy, soos ek gesê het, buitengewoon stiksienig.”

Emma glimlag en vee 'n sliert hare wat losgekom het van Wanda se wang af. “Enigiemand wat jou miskyk, kort 'n bril. Maar moenie moed verloor nie; hy was dol oor jou cappuccino en appeltert. Om van die tramezzini's nie eens te praat nie.”

Wanda snork. “Ook maar net omdat hy by jou van kruietee en gesondheidsbeskuit moes leef.”

Emma trek haar skouers ongeërg op. “Waar moes ek leer kook het? Terwyl ek op laerskool was, het ons 'n inwonende huishoudster gehad wat die kombuis as haar heiligdom beskou en niemand daar toegelaat het nie. En toe ek hoërskool toe is, was my pa aljimmers in die VSA en moes ek koshuis toe.”

Sy gee 'n suur laggie. “Dis nou maar eenmaal nie die aangewese plek om mens se kulinêre vermoëns te ontwikkel nie. Jig, as ek net dink aan die spyskaart ... Maandae vet-en-bene wat moes deurgaen vir kookvleis. Vrydae

polonie, brood en konfyt. Saterdag papgekookte macaroni sonder 'n vermoede van kaas. Nee wat, kos het alle begeerlikheid vir my verloor. Eet word totaal oorskat as 'n manier om vitamieene in jou liggaam te kry.”

“Sê sy sonder om te blik of te bloos vir iemand wie se lewe om kos en resepte wentel ...” Wanda rol haar oë. “Maar van kos gepraat, ek is opgekommandeer as een van die beoordelaars in die potjiekoskompetisie. Hoe ek dit so tussen die geskarrel by 't Schilder ingepas gaan kry, weet nugter. Gelukkig beman Seth die galerygedeelte in ruil vir uitstalplek vir sy skilderye, maar die restaurant gaan al my tyd opneem. Terloops, hoe vorder jy met die ekstra tafels en stoele vir die stoep?”

Emma haak haar duime in die lussies van haar jean. “Die kleiner tafels is reg vir die laaste laag vernis. Klaas is ook darem nou klaar met die ekstra esels wat hy vir jou moes maak vir die galery. Van môre af kan hy weer voltyds kom help met die restoueerwerk en die afskuur van die stoele wat ek op die vendusie in Middelburg gekry het. Moenie panic nie, dit sal betyds klaar wees vir die fees. En daarna is dit nog net die groot tafel.”

“Nie as jy hier staan en kyk hoe baniere oor jou precious dorp gespan word nie. Kom.” Wanda trek Emma se hand deur die krink van haar arm. “'n Vinnige cappuccino op die huis voor jy weer aan die werk kom.”

Emma laat haar gewillig meevoer. “Nie op die huis nie. Jy sit die cappuccino op my tab, soos die res, en wanneer die meubels reg is, trek jy die geld af van dit wat jy my skuld. Jy is hoeka my beste kliënt.”

“Ja, ja, ja.”

Emma steek vas. “Ek is ernstig. Ek kan nie net heelyd op jou onkoste eet en drink nie. En vir die soveelste maal, nee, ek wil nie 'n voorskot hê nie. Jy betaal my wanneer alles klaar en afgelewer is.”

“Sowat van eiewys.” Wanda kyk na Emma. Het die kind enige idee hoe mooi

sy is? wonder sy. Die Karoo-son dartel in die diep heuning en vuur van haar donker hare wat tot laag in haar rug kartel en dans. 'n Eiewyse trek doen geen afbreuk aan die welgevormde, groot sjerriekleurige oë onder die lang, syagtige wimpers nie. Die waarskuwende boog van die donker wenkbroue aksentueer die hoë wangbene waaroor die fyngetekstureerde vel span. Maar dis haar mond, weet Wanda, wat mens van die eerste aanblik af betower. Die vol, blink lippe wat ewe maklik in 'n breë glimlag of afkeurend kan plooi. Geen wonder Seth se produktiwiteit het met rasse skrede afgeneem vandat hierdie prag van 'n kind met haar soepel lyf en lenige bene hier op Schilderkrans aangeland het nie.

“Ek hou nie daarvan om te werk aan goed waarvoor ek reeds betaal is nie. Jy weet mos. Buitendien, ek kom reg.”

Wanda knik en sug heimlik toe hulle weer aanstryk. Op 'n manier is dit juis Emma se ongeërgdheid oor haar voorkoms wat haar skoonheid verhoog, mymer sy en loer onderlangs na haar. Kyk nou daardie afgeleefde drafskoene, die verbleikte jean en die blou-en-wit ruitjieshemp wat so los en ongeërg om die smal heupe hang, die moue opgerol tot by die elmboë. Om van die verfbesmeerde arms en hande natuurlik nie te praat nie. Naels tot in die lewe in afgeknip om uit die pad van kwas en spons te bly. Sy lyk kwalik sestien, laat staan ses en twintig.

Miskien is dit omdat sy so 'n groot affiniteit vir hierdie meisiekind het dat sy van haar gevoelens op die pa oorgedra het, dink sy, en weet onmiddellik dat sy vir haarself lieg. Vandat sy die eerste keer haar oë op Ernst Steyn gelê het, is haar binneste omgekeer.

Emma was nog net 'n paar weke in haar beskeie huisie met die groot skuur daaragter toe Ernst in sy Land Rover voor 't Schilder stilgehou het. Sy was aan die opruim nadat die laaste van die toeriste ná middagete weg is.

Toe sy opkyk waar sy 'n laaste paar glase op 'n skinkbord staangemaak

het, het 'n lang man in die deur gestaan met die helder middaglig agter hom. Sy skouers was breed en hoekig afgeëts, maar sy gesig kon sy nie sien nie.

“Ek is jammer, ek maak binne enkele oomblikke toe, maar van sesuur af is ek weer hier,” het sy gesê terwyl haar asem ineens min gevoel het. Daar het iets van die gesiglose man uitgestraal wat haar direk in die solar plexus gekarnuffel het.

“Ek soek eintlik na Emma Steyn. Ek kan Watervroustraat nêrens kry nie.” Hy het 'n verleë laggie gegee. “Nooit gedink ek kan verdwaal op 'n dorp met hoogstens tien strate nie.”

Trust vir Emma om so 'n man op haar spoor te hê, het Wanda nog half naywerig gedink. Sy het Emma toe al ontmoet en geweet waar sy bly. Hulle het al hier en daar 'n paar woorde gewissel en daar was 'n natuurlike aangetrokkenheid tussen hulle, maar dit was voordat die hegte vriendskap tussen hulle ontstaan het.

“Moenie sleg voel nie. Die straat se naambordjie het verdwyn nadat 'n groep studente hier deur is en dis nog nie vervang nie. Kom sit en drink 'n koeldrank terwyl ek klaarmaak, dan ry ek saam met jou. Ek bly in elk geval nie te ver van haar af nie,” het sy genooi. Sy was nuuskierig en eerder geboei deur die man as wat sy genoop gevoel het om hom by die mooie jong Emma af te lewer.

Hy het nader gestap. “Dankie, dis baie vriendelik van jou.” Hy het sy hand na haar toe uitgesteek.

Sy het opgekyk terwyl hulle hande skud.

“Ernst Steyn,” het hy gesê, maar sy het skaars gehoor toe sy gesig meteens vir haar gelaatstrekke kry in die sagte lig in die restaurant. Sy het verdwaal geraak in die ligbruin oë met die waaierplooitjies rondom. Sy moes haarself dwing om weg te kyk, en toe het haar oë weer vasgesteek by die mooi mond met die diep kepe aan weerskante. Vriendelike kepe wat wip wanneer hy

glimlag. Sy vel was sonbruin en sy grysdeurspekte hare het skerp daarteen afgesteek. Vir haar was Ernst Steyn op daardie oomblik die mooiste man wat sy nog ooit gesien het.

“Ernst ... e ... Steyn?” het sy soos ’n tipiese dom blondine gevra.

Hy het geknik. “Emma se pa, ja.”

“O ... ek ... Wel, ek sien.”

Hy het haar skewekop aangekyk, sy hand nog om hare gevou.

“O ... e ... ek is Wanda. Wanda Jordaan,” het sy uiteindelik haar maniere op lamlendige wyse onthou.

Wanda kyk afwesig na die kar wat voor die Watervrou-museum met die sandsteenmure stilhou. Sy sien hoe die lang man hom letterlik uit die Duitse sportmotor met sy afslaankap vou en toe die kliptrappe langsaam uitklim, maar dit registreer nie werklik by haar nie. Sy is terug by die middag toe sy saam met Ernst in die Land Rover geklim en hom ná die kort rit voor Emma se huis laat stilhou het.

Hy het diep gesug en nog bly sit nadat hy die enjin afgesluit het en toe na haar gekyk.

“Het jy kinders, Wanda?”

Sy het haar kop geskud.

“Jy kan dit as ’n bedekte seën beskou. Glo my.” Hy het oor sy gesig gevee en sy het opgelet hoe skraal sy hande was, hoe lank die sensitiewe vingers. Kunstenaarshande, het sy gedink.

As jy maar weet, wou sy vir hom sê. As jy maar weet hoe bitter graag ek my kinderloosheid sou wou verruil vir wat ook al die probleme is wat tussen jou en Emma lê – selfs vir die kommer wat so duidelik oor jou gesig uitgestippel is.

Maar hoe kon sy so iets vir hom sê? Sy het hom pas ontmoet en Emma in daardie stadium net oppervlakkig geken. En sy het nie geweet wat die aard

van die probleme tussen hom en Emma was nie.

“Ken jy vir Emma?” het hy gevra asof hy die strekking van haar gedagtes kon volg.

“Ons kom goed klaar. Sy is nog maar kort hier, maar ek dink ons sal goeie vriende kan word,” het sy raak voorspel. “Emma is ’n sonderlinge mens. So ’n bietjie van ’n engel met ’n besem as rytuig. Eerlik en reguit soos die Karoo-landskap, maar met dieselfde soort onkenbare mistiek. Dieselfde soort teenstrydighede. Net as jy dink nou verstaan ek waarom mens so verknog raak aan die uitgestrekte, natuurskoon, kom foeter ’n stofstorm of swaar sneeuval jou hele logika deurmekaar.”

Sy kop het skuins gekantel en ’n onwillige glimlag het aan sy mondhoeke gepluk. “As ek al ooit ’n raak beskrywing van Emma, of die Karoo, gehoor het ... Maar Emma is ook deksels eiewys en hardkoppig. En so eiesinnig.”

’n Oomblik lank het sy gedink dat hy haar werklik raakgesien het, maar toe het hy weggekyk, nog ’n keer gesug en die deur oopgedruk.

Emma het om die hoek van haar vervalde huis gekom, haar hare in ’n hoë poniestert, haar wange met verf besmeer en haar kortbroek en moulose T-hemp van de stof en skaafsels.

“Pa!” Die vreugde wat kortstondig in haar oë deurgeslaan het, is feitlik oombliklik verdring deur ’n waaksaamheid.

Wanda het die twee so gekyk en toe koers gekies na haar huis twee strate dorp se kant toe – nie bereid om betrokke te raak by die duistere boeke van mense wat sy skaars ken nie.

Wanda sug saggies. Dit was tóé. Die boeke is steeds redelik duister, maar nou ken sy vir Emma soveel beter. Nou het sy lief geword vir die jong vrou, met haar streke en al.

En die pa? Die pa wat sy uit gesprekke met Emma intussen soveel beter leer ken het. Onder meer as ’n sensitiewe en verbeeldingryke mens, maar een

wat glo wat hy glo en daarby bly. Iemand met mededoë en deernis, maar wat so streng met ander kan wees as wat hy met homself is.

Ja, Emma, erken sy in die stilte, ek het die hots vir jou pa. Nie die ongebreidelde hots van 'n twenty-something nie, maar die volwasse, dieper, selfs stomender hots van 'n vrou op haar seksuele piek.

En ja, met haar sensualiteit skort daar niks. Dis net dat die letselweefsel van jare se seerkry en verguising tot dusver nog daardie einste sensualiteit verdring en oorheers het. Haar passie weggesluit gehou het agter 'n kalm, onverstoorbare uiterlike.

Maar sy kan nie ontken dat Ernst Steyn, vir die eerste keer sedert haar egskending sewe jaar tevore, die skanse stuk vir stuk afbreek nie. En dit sonder dat hy 'n vinger gelig of selfs enige aanduiding gegee het dat hy in haar meer gesien het as die vrou wat hom gewys het waar sy dogter bly. En daardie aand as die vrou van die restaurant wat die kos aandra. Kos wat sy met soveel liefde en oorgawe voorberei vir kunstenaars, toeriste en besoekers in die kombuis van haar restaurantjie hier in die middel van die Karoo. Waarheen sy gevlug het nadat sy die voorreg van 'n eie dogter ontnem is, maar ook waar sy haar plekkie in die son kom vind het ná jare se gespartel in versmorende skaduwee.

“Verdomde stedelinge,” hoor sy Emma langs haar brom en dit ruk haar finaal terug na die werklikheid.

“Wat nou?”

“Ag, newwermaaind. Kom, ek kan nie heeldag in die strate rondlê nie. Gaan ek nou koffie kry of nie? Daardie tafels moet klaarkom.”

Wanda kan nie help om te lag nie. Die kwiksilwer van Emma se buie is by tye so verruklik ... of ontstemmend soos haar skerpsinnige humor en soms maklik ontvlambare humeur. Vol draadwerk, die kind, maar sonder 'n greintjie werklike venyn in haar. Emma is net ... wel, Emma. Die matrys wat

aan haar vorm gegee het, is definitief net een maal gebruik.

Emma kan nie glo Wanda kan so ingedagte wees dat sy nie die man uit die luukse sportmotor met die Gauteng-nommerplate sien klim nie. Liewe hemel! Sy is geen connoisseur wat mans betref nie, maar as sy nou al ooit 'n hunk gesien het, is dit vandag.

Sy het hom weliswaar net van agter gesien, maar sjoe! Die pikswart hare, langerig in die nek, die breë skouers op daardie lang, proporsionele lyf ... Dis genoeg om enige volbloedvrou 'n tweede keer te laat kyk. Om van die netjiese agterstewe in die ontwerpersjean nie te praat nie.

Maar nou ja, dis tot daarnatoe. Sy het mans afgesweer. Veral mans uit die stad. Sy het haar voorheen al blind gestaar teen 'n sitvlak in 'n Armani-ontwerp.

Nie dat Henry naastenby so stunning was soos hierdie man nie, mymer sy terwyl sy in die gesellige 't Schilder wag vir die beloofde cappuccino. Hy was ook heelwat korter. Net-net so lank soos sy is. Mooi oë gehad. Sanderige kleur, met donker wimpers. Verraderlike oë, sou sy uitvind. Kom-bed-toe-oë want dit was nie net vir haar wat hy genooi het met sy skalkse blikke nie. Maar dit het sy te laat uitgevind. Te laat om te keer dat sy seerkry. Maar gelukkig vroeg genoeg dat haar hart nie onherroeplik gebreek was nie. En net betyds om die les te leer dat mans slange is. Alle mans.

Behalwe Seth. Maar vir Seth sien sy skaars as 'n man. Vir haar is Seth 'n gemoedelike beer. Iemand wat haar kan vashou en koester, sy onbeholpenheid ten spyte. Of miskien is dit juis vanweë sy onbeholpenheid dat sy tot hom aangetrokke voel.

Sy weet hy het voorheen 'n ernstige verhouding gehad wat skeefgeloop het en dat hy sedertdien sku is vir vroue. En sy weet dat dit die eerste keer in jare is dat hy homself weer toelaat om gevoelens vir 'n vrou te hê. Vir haar.

Enersyds laat dit haar veilig voel om te weet Seth is relatief onervare in die weë van die liefde, maar andersyds bekommer dit haar dat hy by tye so byna obsessief raak oor haar.

Emma sug en trek ingedagte die esel-en-palet-motief na wat sy vir Wanda op die tafel waarby sy sit, geverf het. As sy eerlik moet wees, is sy bekommerd daaroor dat Seth te veel, te vinnig verwag.

“Dis darem ’n vreeslike sug?” Wanda skuif die koppie met die hoë skuimkop voor Emma in en gaan sit oorkant haar met ’n tweeling daarvan.

Emma roer haar skouers en sprinkel bruinsuikerkorrels oor die skuim. “Hoe weet jy wanneer iemand reg is vir jou? Soos in vir altyd en ewig reg?”

“O, jy sal weet.”

Emma lig haar kykers en loer verby die haargordyn wat oor haar wang geval het. Sy lig haar wenkbroue toe ’n geheimsinnige glimlag om haar ouer vriendin se mondhoeke speel. “Maar hoe?”

Wanda skud haar kop stadig. “Nie met jou kop nie, dis vir seker.” Sy kantel die koppie versigtig teen haar lippe.

“Met jou hart dan? Wat weet ’n hart dan tog?”

Wanda sit die koppie neer en kyk na Emma. “Jou hart, ja, maar ook met jou lyf en met daardie diep wete wat nêrens in die besonder gesetel is nie. Jy sal hom sien en jy sal weet: Hier is hy. Hier staan hy voor my. Die man vir wie ek gemaak is.”

Emma kyk Wanda skepties aan. “En so het jy gevoel toe jy jou gewese man ontmoet het?”

Wanda skud haar kop stadig. “Nee. Ek was jonk en dom. Ek wou so graag só voel dat ek myself oortuig het ek voel wel só. Maar ek het nie. Nie regtig nie. Ek was lief vir hom. Aanvanklik, in elk geval. Maar daardie diep wete was nie daar nie. Ek dink dis hoekom ek so lank uitgehou het in die huwelik. Ek wou aan myself bewys ek het tog nie ’n fout gemaak nie. Of dalk wou ek

vergoed daarvoor dat ek diep binne-in my geweet het ek het myself van die begin af probeer flous.” Sy neem nog ’n versigtige slukkie. “Eers as jy regtig daardie gevoel ervaar het, kom jy agter hoe maklik mens vir jouself kan lieg.”

Emma kyk haar bespiegelend aan. “Maar wat van liefde wat groei en ryp word?”

Wanda gee ’n laggie. “Ek het nie die antwoorde op alles nie, Emma. Miskien werk dit vir ander mense, maar vir my, weet ek, is dit anders. Eers die diep wete, en daaruit groei die liefde – al werk dit nie altyd noodwendig beide kante toe nie.”

Emma leun vorentoe op haar elmboë. “Wie was hy? Wat het van hom geword? Jou eks, bedoel ek.”

Wanda skud haar kop en lag weer. “Miskien vertel ek jou eendag, maar daardie eendag is nie vandag nie.” Sy raak skielik ernstig. “Wees versigtig, Emma. Jy is so ’n pragtige mens. Uiterlik, maar ook innerlik. Jy lok mans na jou toe soos ’n blom bye lok. Jy het die vermoë om mans se koppe te laat duisel. En ek praat nie eens van hulle lywe nie. Dis ’n wonderlike gawe, maar ’n gevaarlike een as jy dit nie reg hanteer nie.”

Sy vou haar sagte hand oor Emma se verfbesmeerde een. “Moenie vir Seth seermaak nie. Hy lyk maar net so groot en sterk – hy is baie sensitief. Sy hart is kleiner as ’n sandkorrel. Moet hom nie aanleiding gee as jy nie dink daar kan iets van kom nie.”

Twée

Wanda se woorde weerklink die volgende oggend in Emma se kop terwyl sy die fyn stof van haar skuurwerk met 'n droë kwas skoonvee. Haar vingerpunte vryf outomaties agter die kwas aan, toets die tekstuur en gladheid van die hout, maar haar gedagtes is nie by die handeling nie. Sy hoor ook skaars Klaas se gewerskaf met een van die ander stoele dieper die skuur in.

Hoe voel sy oor Seth? Hoe voel sy werklik?

Sy kom regop en strek haar rug. Sy hou baie van hom. Hulle gesels heerlijk. Hulle deel 'n magdom belangstellings. Sy liefkosings tot dusver was huiwerig, maar dit was vir haar aangenaam.

Maar daardie gevoel waarvan Wanda gepraat het? Sy skud haar kop. Nee, dié is gewis nie daar nie.

Sy gee 'n gillettjie toe twee groot hande van agter of om haar dun middel vou en haar in die lug tel.

“Seth! Sit my neer!” raai sy dadelik raak toe sy die seepverdoeselde geur van terpentyn in haar neus kry. Sy voel sy baard in haar nek.

“Ai, Emma, sal ek ooit genoeg van jou kry?” Sy stem resoneer in haar hare. Hy soen haar op haar kroontjie voordat hy haar neersit en toe só draai dat sy na hom kan kyk. “Hallo, mooiste meisie van my.”

“Ek het jou voorheen gesê, Seth, ek is nie jou meisie nie.” Sy kyk op in die grys oë, sien die verskuilde kwetsbaarheid in die liefdevolle blik deurskemer. Sy lig haar hand en streel oor sy bebaarde wang.

Die lagplooie om sy oë kreukel. “Ook weer waar. Nie my meisie nie. Maar jy is my vrou, Emma. Dit weet ek baie diep in my hart. Vandat jy die eerste dag hier langs my ingetrek het met jou hebbes en houe. Toe jy my kom

vra het hoe mens die – en ek haal aan – ‘verdomde elektrisiteit’ aangeskakel kry, het ek al geweet daar sal nooit weer iemand soos jy vir my wees nie. Dis hoekom ek jou in ’n toring gaan toesluit en net vir my gaan hou.”

In sy blik lees Emma met toenemende kommer die soort gevoel waarvan Wanda gepraat het. En sy weet eensklaps dat sy nooit so oor Seth sal voel nie. Maar sy sal hom dalk kan liefkry, dink sy paniekerig. Miskien is sy anders as Seth en Wanda. Miskien is sy van die soort wat algaande liefkry.

Ja, dink sy toe Seth haar soen, dis wat dit is. Sy is net heeltemal anders as hulle. Sy is reeds erg oor Seth. Hy is ’n dierbare vriend en sy hou van sy groot lyf, sy teerheid. Sy hou van die manier waarop hy haar vashou en die manier waarop hy na haar kyk. Sy is rustig by hom. Tevrede. En hulle ruik ten minste al twee na verf en terpentyn.

Ja, besluit sy, haar liefde vir Seth sal met verdrag kom.

“Jy sal nie glo wie was hier nie, Emma!” Wanda se oë skitter later die middag terwyl sy die tafelblaaie een na die ander met ’n klam lap afvee.

“Genade, dit moet ’n groot gees wees wat jou so te beïndruk het. Wie?” Emma plak die A2-grootte stuk papier in haar hande met die skets na onder op ’n droë tafelblad neer.

“Raai?”

“Nee, gits, hoe sal ek nou raai? Het dit iets met die restaurant te doen?” Emma bekyk Wanda terwyl sy bly poets aan ’n tafel wat reeds blinkskoon is. Sy is so sag, so mooi met die opgewondenheid wat in haar oë blink.

“Hoe dan nou anders? Toe, dínk.”

“Ina Paarman?” raai Emma gedwee. Sy weet dat Wanda groot bewondering het vir dié vrou se kookvernuf.

“Nog beter as Ina Paarman. En dit sê baie.” Sy gooi die vadoek met ’n triomfantlike gebaar oor haar skouer. “Michael Lindeque,” blaker sy dit uit.

“Dié Michael Lindeque. Die man wat resepte in sy kookboek na poësie laat klink. Die man wat Kaaps-Maleise kos op die map gesit het onder die jappies. Die man wat ’n pasta kan maak wat sing.”

“Nog nooit van hom gehoor nie,” laat hoor Emma belangeloos en lig die papier van die tafel af. “Of van pasta wat sing nie.” Sy hou dit na Wanda toe uit, sketskant boontoe. “Hoe lyk hierdie een vir jou? Dis net rofweg, maar ek dink dit sal nogal goed lyk op die groot tafel wat jy in die hoek wil hê.”

Wanda neem die skets sonder om daarna te kyk. “Nog nooit van hom gehoor nie? Liewe jimmel, Emma, kyk jy nie televisie nie? Lees jy nie tydskrifte nie?”

“Nie programme of artikels wat oor kos gaan nie, nee.” Emma beduie na die skets. “Wat dink jy?”

Wanda se oë gaan vlugtig oor die tekening. “’n Mollige engel tussen vrugte.”

“’n Kosengel, dié dat sy so wulps is,” verduidelik Emma. “’n Maer kosengel deug net so min soos ’n skraal kok.”

Wanda loer oor die skets na Emma. “Probeer jy vir my iets sê? Iets wat dalk verband hou daarmee dat ek geensins ’n modellyf het nie?”

Emma gee ’n laggie en skud haar kop. “Glad nie. Modellywe is in elk geval overrated. Jy is pragtig nes jy is. Sag en vroulik. En ek vermoed jy kan deksels verleidelik ook wees as jy in die regte man se geselskap is.”

“Jy is bevooroordeeld, kom ons laat dit eerder net daar.” Wanda tik teen die glas in die engel se hand. “Maar drink engele wyn?”

“Natuurlik. Kosengele, in elk geval. Haar naam is Isda. Isda is die Angel of Nourishment, sê my *Dictionary of angels*.”

“Isda, nè?” Wanda hou die skets ’n entjie weg en bekyk dit meer aandagtig. “Ek hou daarvan. Sommer baie.”

“Gaaf. Ek begin vanmiddag verf. Die stoele gaan net die vrugte-en-wyn-

motiewe hê, anders word dit te veel.”

Emma gaan sit agterstevoor op een van die stoele en laat rus haar arms op die rugleuning. “En so van wyn gepraat, enige kans op ’n glasier ter versterking voordat ek begin? Op my tab, natuurlik.”

Wanda glimlag en gee die skets terug. “Natuurlik. ’n Beskonke skilder kan dalk net reg laat geskied aan die uitbeelding van ’n beskonke engel.”

Terwyl Wanda na die kombuis toe verdwyn, staar Emma na buite. ’n Wind het opgesteek en jaag stof in die straat op. Die winter is amper hier. Mens kan dit aan die knyp in die lug voel.

“Jou wyn.”

Emma kyk op toe Wanda die glas voor haar inskuif voor sy met nog een oorkant haar gaan sit, ’n boek oopslaan en begin rondblaai.

“Luister net hier.” Wanda vryf die boek oop op die bladsy wat sy klaarblyklik gesoek het en begin voorlees: “Ek het onlangs besef dat daar ’n kookgeheim is waarvan min mense bewus is: Kos absorbeer die emosies van die kok. So kan uietrane kos daardie ekstra souterigheidjie gee, maar trane van vreugde werk soos Old Brown Sherry – dit gee ’n effens branderige soetheidjie. Trane van frustrasie maak die kos suur, trane van woede maak die kos bitter, en trane van hartseer en verwyte in die kos maak al die gaste behalwe die kok siek.

“’n Moeë kok se kos proe moeg, ’n ongeduldige kok se kos smaak na aanbrandsel, ’n kok wat hom of haar uitgee vir ’n martelaar se dis het die geur van wildeaie. Daarenteen smaak ’n opgewekte kok se kos na die soort musiek waarna hy luister terwyl hy kook.

“Ja, musiek is ’n baie belangrike bestanddeel in enige gereg. Ek vind dat Mozart werk vir nageregte soos sjokolademousse – dis nou benewens die goeie skeut rum of brandewyn waarsonder enige mousse ’n muis is! – en dat Bryan Adams ’n wonderlike effek het op kerrie en rys. (Onthou sommer dat

kerrie altyd 'n soeterigheidjie nodig het om die brand teen te werk.) Pavarotti werk saam met spaghetti, maar Julio Iglesias nie. Laasgenoemde bring assosiasies van Italiaanse restaurante en daarmee saam die Pavlov-effek wat jou so honger maak dat jy oorhaastig is met die kosmakery. Eros Ramazzotti geur die sous met opgeruimde sensualiteit, terwyl Andrea Bocelli die dis deurtrek met romantiek.

“Dis maar 'n paar voorstelle. Elke kok besluit op die effek wat hy verlang, en dit hang natuurlik van sy eie musieksmaak en bui ook af.”

Wanda kyk op na Emma. “Dink jy nie dis 'n wonderlike benadering nie?”

Emma teug aan haar wyn en roer haar skouers. “Klink maar vir my bra fanciful. Kos is kos. As daar kaas in is, is die kanse goed dat dit lekker sal wees. As daar beet in is, is die kos pienk. En dis al wat ek hoef te weet van kos.”

Wanda snork. “Ek kan nie glo dat jou goed ontwikkelde verbeelding so prosaïes raak as dit by kos kom nie. Die man is wonderlik. Sy benadering is so vars en nuut. En die disse wat hy uitdink! Anders en verruklik. En boonop is hy 'n beeld van 'n man.”

“Wat nie veel help as hy 'n kok is nie.”

“Hoe so?” Wanda kyk Emma fronsend oor die rand van haar glas aan.

“Wel, is manlike kokke nie maar soos haarkappers en balletdansers geneig om ... skeef te wees nie?”

“Skeef?” Wanda gooi haar kop agteroor en lag helder. “Michael Lindeque skeef? Jy is seker van lotjie getik. Hy is die aantreklikste, manlikste man wat nog ooit aan 'n kastrol geraak het.”

“H'm. Klink nie so nie. As hy so poëties kan raak oor die voorbereiding van spaghetti, het ek my bedenkinge.”

“Ag, jy is nou sommer dwars, maar jy sal sien met die fees. En nie net sal jy sien dat hy 'n beeld van 'n man is nie, hy is ook sonder enige airs. Oop,

eerlik, reguit. 'n Aangename mens, met 'n sin vir humor. En 'n oog vir kuns. Hy het een van Seth se skilderye wat in die galery gehang het, gekoop. Nogal die een van jou waar jy in jou naakte glorie by die waterval sit.”

“Ek is bly vir Seth se onthalwe, en gelukkig is Seth nie into realisme nie. G'n mens kan my herken nie. Maar die man het goeie smaak. Ek dink dit is een van Seth se beste werke.” Sy trek 'n gesig. “Ook maar goed, want ek sit wraggies nooit weer vir 'n skilder nie. Ek was byna van my kop af van verveling. Destyds met 'n skildery wat my pa van my gemaak het ook.”

“O, maar hy het goeie smaak. Jy moet sien hoe trek hy aan. Die ene informele elegansie. En terloops, hy was mal oor die stoele en tafels. Hy het my gevra waar ek dit gekry het.” Wanda klap die kookboek toe.

Emma kyk belangstellend na Wanda. “En het jy hom gesê?”

“Natuurlik. Hy het 'n paar restaurante. Miskien kan julle nog besigheid doen. Ek het hom jou foonnommer en adres ook gegee.”

Emma glimlag verleërig. “Dankie. Ek kan doen met nog 'n restauranteenaar as kliënt vandat my pa my, ná sy laaste katastrofiese besoek, nie meer wil help met my finansies nie.”

Wanda kyk haar skewekop aan. “Miskien doen jou pa jou uiteindelik 'n enorme guns, Emma. Nou het jy rede om werklik jou talente te ontwikkel. Terwyl hy nog bereid was om gate toe te stop waar jou rande nie gerek het nie, kon jy nog bietjie leeglê. Nou het jy nie 'n keuse nie, jy moet 'n sukses van jou werk maak.”

“Moontlik, maar dit was darem baie lekkerder om 'n veiligheidsnet te hê. As dit nie vir jou heel eerste bestelling en nou jou laaste bestelling van die tafels en stoele vir die stoep was nie, weet ek nie so mooi nie.” Emma vee ingedagte oor haar handewerk op die tafel waarby sy sit; deel van Wanda se eerste bestelling net nadat Ernst sy hulp onttrek het. 'n Bestelling wat 'n ondertoon van welsyn bevat het, maar wat haar sowel as Wanda uiteindelik

goed te staan gekom het. Vir haar omdat dit 'n uitdaging was en boonop haar geldkoffers aangevul het, en vir Wanda omdat dit haar restaurant se interieur aansienlik opgekikker het.

Wanda gee Emma se hand 'n drukkie. “Toemaar, die fees sal ook vir 'n lekker hupstoot sorg, al is jy so gekant daarteen. En miskien bel Michael Lindeque jou nog met 'n enorme bestelling.”

Emma is aan die werk in die skuur en dink aan Wanda se laaste voorspelling toe die foon lui. Sal dit nie wonderlik wees om nog 'n bestelling vir 'n restaurant te kry nie! Sê nou net dis regtig Wanda se wonderlike Michael Lindeque wat bel?

Sy vee haar hande aan 'n verfbesmeerde lap af en tel die draagbare foon op terwyl haar oë besig bly met die engelwordende figuur op die tafelblad. Die detail kort nog, en die vrugtemotiewe, maar sy wil eers die engel so vermoontlik klaarmaak.

“Emma, halo?”

“Hallo, Emma.”

Emma byt haar onderlip onwillekeurig vas. “Hallo, Pa.”

Wat op aarde het oor sy lewer geloof? Hy het maande laas gebel. Net een keer ná daardie uitval die aand nadat hulle by 't Schilder geëet het. En toe net om vir haar te vra of sy by haar besluit gaan hou om nie die skildery te maak wat hy van haar gevra het nie. Toe sy ontkennend antwoord, het hy haar koelweg ingelig dat hy in daardie geval sy dreigement gaan uitvoer. Dat hy haar nie meer finansiële hulp nie en dat sy uit die testament geskryf gaan word.

Die hele ding het begin toe hulle ná ete teruggestap het na haar huis toe en sy gevra het wat hy van die meubels in die restaurant dink.

“Jy mors met jou godgegewe talent, Emma,” het hy ná 'n oomblik van

huiwering gesê.

Sy het hom skuinsweg aangekyk en 'n snaar in haar voel styf trek. “Hoe so, Pa?” het sy egter oënskynlik kalm gevra.

“Jy beoefen craft pleks van kuns, Emma. Dis goed en wel vir mense wat nie tot kuns in staat is nie, maar vir jou is dit nie goed genoeg nie.”

“Omdat ek die Steyn-naam moet hoog hou?”

Hy het fronsend na haar gekyk. “Nee, Emma, omdat jy bestem is vir meer as prentjies maak. Omdat jy te talentvol is om dit op craft te vermors.”

“Dis 'n snobistiese siening, Pa. En buitendien hou ek daarvan om op meubels te verf. Ek vind skilderye pretensieus. As mens iets teen jou muur wil hê, hoort die prent op die muur self.”

“Maar dis 'n verganklike medium, Emma. Kuns behoort ewigheidswaarde te hê.”

“Hoekom? Ek stem nie saam nie. Ek dink juis kuns moet verganklik wees sodat dit, as weergawe of interpretasie van die werklikheid, kan verdwyn saam met die huidige tydgees. Kyk maar hoe word grootjie Darius se skilderye nou in tydgebonde gleuwe geplaas. Waar hy in sy lewe voorgehou is as een van die grootste skilders, word daar nou na hom verwys as 'n bedrewe Victoriaanse skilder. Tyd het sy kuns geen guns gedoen nie. Kyk maar na oupa Thinus se kubistiese werke. Binne sy tydgees was dit wonderlik, maar nou is dit net 'n etiket wat om 'n sekere aantal van sy skilderye gehang word.”

Ernst het sy kop geskud. “Emma, jy ...”

“Buitendien, ek is net nie goed genoeg nie. My werk kan nie verintellektualiseer word nie. Dis bloot daar vir sintuiglike genot. En dis hoe ek dit wil hê. Daarom hoort dit nie op doek nie, maar op gebruiksartikels.”

“Bog, Emma! Jy kan ernstige goed skilder en jy kan 'n bydrae maak tot jou tydgees, maar dis harde werk, en jy is bloot te lui en te laid-back om 'n

ordentlike skilder te wees.”

“Ek is ’n ordentlike skilder!” het sy gefrustreerd uitgeroep. “Dink jy ek werk nie hard nie? Dink jy ek het nie erns met my werk nie? Net omdat ek kuns as verganklik sien, beteken dit nie dat ek nie alles wat ek het, insit vir daardie meubels nie. Ek neem hier en daar kortpaaie met sekere stukke, maar die fokusstukke is vir my net so belangrik soos enige van jou skilderye vir jou is.”

Die vet was in die vuur. Hulle het tot lank ná middernag geredeneer en baklei, hulle stemme teenoor mekaar verhef en by mekaar gepleit om begrip.

’n Haan het in die verte gekraai toe Ernst van die kombuistafel af opgestaan het. “Ek sien dat ek jou nie oortuig gaan kry nie, Emma. Ek haat dit om mense te manipuleer en ultimatus te stel, maar vir jou eie beswil gaan ek dit tog doen. Ek skort jou onderhoud op tot tyd en wyl jy ten minste ’n skildery probeer maak het.”

“Ek het baie gemaak terwyl ek op universiteit was.”

“En dit was deksels goed, al was dit duidelik opdragstukke en so pretensieus soos wat studentewerk maar gewoonlik is. Ek soek ’n skildery uit jou hart uit, Emma. Al is dit net een. En totdat jy dit vir my kan gee, sal jy self moet sien kom klaar. Miskien sal ’n bietjie sukkel jou ware insig gee.

“Jy het dit te maklik gehad, Emma. En dis my skuld. Ek wou nie hê jy moet ’n sukkelende kunstenaar wees wat uiteindelik om den brode agter ’n kasregister gaan sit of kelnerwerk doen om geld te verdien en sodoende kosbare skildertyd inboet nie. Ek wou jou die geleentheid gun om al jou tyd aan jou kuns te bestee sonder dat jy jou oor finansiële aspekte hoef te bekommer. Maar ek het ’n fout gemaak. Ek vermoed kunstenaars moet sukkel om werklik die kosbaarheid van hulle talent te kan waardeer en om ’n ware passie daarvoor te ontwikkel.”

“Hoe gaan dit?” Ernst se strammerige stem ruk Emma terug na die hede.

“Goed, en met Pa?” Sy hou haar stem neutraal. Wat anders kan sy sê? Danksy jou kan ek skaars die paalement op my huis byhou? Kan ek dit kwalik waag om te bel? Kan ek nie die verwarmers gebruik op koue aande nie omdat die elektrisiteitsrekening aan die einde van die maand voorkeur kry bo die koue? Danksy jou sukkel ek om Klaas betaal te kry, en moet ek op ’n tab by Wanda eet?

“Goed.” Hy bly ’n oomblik stil voor hy vervolg: “Ek mis jou, Emma.”

Die woorde betrap Emma onkant. Alle ergerlikheid verdwyn soos mis voor die son. Sy wil antwoord, maar die skielike knop in haar keel verhinder haar.

“Ek wou jou maar net sê, Emma. Dat ek jou mis. Vir jou lief is. En ek wou jou stem hoor.”

Emma vee met die verflap oor haar nat oë, maar kry nog nie haar stem aan die gang nie. Die woorde dam op agter ’n onverklaarbare obstruksie; iets soos ’n stuk dikmelk wat in die nek van ’n bottel vassit.

“Goed, Emma. Ek aanvaar jy wil nie met my praat nie. Dan sê ek maar tsiens.” Die foon klik in haar oor.

Sy wil nog sy selnommer haastig inpons toe die foon weer lui.

“Dis nie dat ek nie met jou wou praat nie!” spat die woorde hees verby die versperring in haar keel. “Ek mis jou ook. Ek is lief vir jou, demmit. Dis net ...” Sy maak ’n magtelose beweging met haar hande asof hy haar kan sien.

“Goeiemiddag?” groetvra ’n ewe diep, maar vreemde stem aan die ander kant.

Emma snuif hard en sluk verward.

“Hallo? Ek wil graag met Emma Steyn praat.”

“E ... jammer ... dis ek ... Dis sy wat praat ...” Emma vee haar oë en neus verbouereerd aan die verflap af. “Ek het gedink ...”

“Dis iemand anders? Ek het so afgelei.” Sy hoor ’n glimlag in sy stem. “My naam is Michael Lindeque. Mevrouw Jordaan van ’t Schilder het my jou nommer gegee. Ek verstaan jy het die meubels in haar restaurant beskilder?”

Ag, hemeltjie tog, dink Emma. Hier is haar kans op nog ’n moontlike bestelling en sy staan en tjank in die gehoorstuk. Wat moet die man dink?

“Dis reg, ja,” skraap sy ’n mate van waardigheid bymekaar.

“Ek is vanaand nog by die Rock Art-gastehuis tuis, maar is môre weer op pad terug Rand toe. Is daar dalk enige kans dat ek jou kan kom spreek? Miskien van jou ander werk kan sien? Mevrouw Jordaan sê jy werk aan nog meubels vir haar.” Die stem het saaklik geword.

Rock Art, nogal, dink Emma. Die duurste gastehuis in die omgewing. “Dis reg, ja. Wanneer wou jy oorgekom het?”

“As dit jou sou pas, binne die volgende uur of wat? Ek moet net ’n paar oproepe maak en fakse stuur en dis so ’n kwartier se ry hier van die plaas af waar die gastehuis is. Sal so vyfuur jou pas?”

O, die besige besigheidsman, dink Emma sinies. Hierdie jappies gee haar ’n pyn. Dis nes Henry was, altyd van die een vergadering aan die jaag na die volgende.

“Ja, dit sal goed wees. Dit gee my kans om my engel klaar te maak voor die lig ...” Sy laat die sin in die lug hang. Sy glo nie die besige besigheidsman sal begrip hê vir tanende lig in die vroegwinter nie. “Weet jy waar my plek is?”

“Mevrou Jordaan het verduidelik en ook gesê van die straat se naambord wat glo al maande lank soek is.”

“Gaaf. Jy sal my in die skuur agter die huis kry. Ry sommer in. Die hek staan oop.”

Emma sit die foon neer. Sy sal haar pa vanaand bel. Wanneer sy klaar is met die engel en met die man wat sousies vir spaghetti maak terwyl hy na

Pavarotti luister. Lyk seker ook soos Pavarotti. Wanda het nou wel gesê hy is 'n beeld van 'n man, maar sy is bevooroordeel op grond van haar bewondering.

En as Pavarotti saam met pasta gaan, waarna sou hy luister as hy braaivleis hou? wonder sy sinies. Worsie Visser? Of is dit nou terwyl hy snoek rooster?

Emma grinnik. 'n Besige besigheidsman wat kos besing asof dit 'n plek in die Louvre verdien, braai sekerlik nie vleis nie, en snoek sal hy waarskynlik nie hoog aanslaan nie.

Drie

Die engel is so na aan klaar as wat Emma haar kan kry voor die finale afronding en sy is besig met die onderlaag vir die vrugte toe 'n skadu oor haar werkoppervlak val.

Sy kom orent voor die tafel en strek haar rug. Toe sy opkyk, val haar kwas byna uit haar hande. In die skuur se groot waenhuiskleur staan die swartkopman wat sy by die museum gesien het. En as sy gedink het hy is stunning van agter af, het sy nie woorde om te beskryf hoe hy van aangesig tot aangesig lyk nie.

Hy is informeel geklee, maar in sy ontwerpersjean en 'n oopknoophemp, waarvan die boordjie oor die V-hals van die ligblou kasjmiertrui uitloer, kan hy deur 'n ring getrek word. Aan sy voete is gemaklike skoene wat net uit Italië afkomstig kan wees.

Sy probeer haar aandag by sy klere hou, maar uiteindelik moet sy opkyk na sy gesig.

Die knalblou oë gaan ewe berekenend oor haar en eindig met 'n ontwakende glimlag in haar eie. En wat 'n glimlag! Emma voel hoe haar knieë letterlik lam word. Die spierwit tande is egalig, behalwe vir twee effens skewe oogtande, maar dis die vol onderlip wat haar aandag gevange hou. Die sensualiteit wat daaruit spreek, slaan haar soos 'n vuur in die maag. Om deur so 'n mond, so 'n man, gesoen te word ...

“Emma Steyn?”

Verbouereerd knik sy en druk die kwas by die ander in die koffiebottel vol vuil water. Sy steek haar hand uit, sien hoe hy huiwer en kyk af na die pers en blou verfbesmeerde vingers. Sy trek haar hand terug en maak 'n verleë gebaar met die vuil palm na bo. “Jammer. Ek werk al heelmiddag. Ja, ek is

Emma. Michael Lindeque, neem ek aan?”

Hy knik, stap nader en buig oor haar engel. “Sy lyk merkwaardig baie na mevrou Jordaan.”

En dis al wat jy van my kunswerk kan sê? dink sy afgehaal. “Dit het half vanself gebeur. Wanda laat my nog altyd aan ’n engel dink.” Sy staar na haar handewerk. “Net so sag en mooi, so sagsinnig en gebalanseerd. So tuis met wie sy is.”

“En dis hoe jy dink engele is?” Hy loer oor sy skouer na haar, sy hande agter sy rug gevou.

“Hierdie een is. Maar omdat dit ook ’n kosengel is, soos Wanda, is sy boonop sensueel en wulps. Haar naam is Isda.”

Hy stuur sy skokblou blik weer na die engel. “Jy is baie talentvol, Emma. Ek hou werklik baie van jou werk.”

En ek hou werklik baie van jou agterstewe as jy so half gebukkend staan, grinnik sy innerlik. Jy is ’n kunswerk in eie reg.

“My kompliment amuseer jou?”

Emma voel haar wange warm word toe sy besef dat hy weer omgekyk het terwyl sy sy bates takseer het.

“Wanda sê jy het ’n paar restaurante?” verander sy vinnig die onderwerp.

Hy kom regop en draai na haar toe. “Ek is ’n aandeelhouer in ’n paar, maar ek wil nou my eie oopmaak. Een wat onder die vaandel van my eie kookkuns vaar. Iets heeltemal anders as die res. ’n Temarestaurant.”

Emma lig haar wenkbroue. “En wat is die tema?”

Michael grinnik. “Ek weet nog nie. Al wat ek tot dusver weet, is dat ek ’n interessante tema soek, en ek wil die hele interieur, die ambience, en natuurlik die spyskaart, daar rondom ontwikkel. Miskien het jy ’n idee?”

Emma kyk hom skewekop aan. “Presies wanneer het jy besluit om ’n temarestaurant oop te maak as jy nog nie eens weet wat die tema is nie? Is dit

nie 'n bietjie die kar voor die perde inspan nie?”

Hy vou sy arms en wieg effens op die hakke van die dure skoene. “Om die waarheid te sê, die gedagte het my vanoggend eers te binne geskiet. Nadat ek jou meubels in Wanda se restaurant gesien het. Dit het my verbeelding aangegryp. Ek het reeds 'n paar fakse terugontvang oor moontlike liggings, maar ek het half gehoop jy sou met 'n idee vir die tema vorendag kon kom.”

“Genade! Is jy ernstig?” Emma kyk hom ietwat verward aan.

Michael knik. “Doodernstig. As ek eers hierdie gut feeling oor 'n ding kry, weet ek dat ek daarmee moet loop. Dit het my nog nooit in die steek gelaat nie.”

“Juffrou Emma?”

Emma swaai om. “Klaar, Klaas?”

Die ou man se gesig kreukel in 'n glimlag. “Ja, Juffrou. Middag, Meneer.”

“Middag, Klaas.” Michael knik in sy rigting.

“Hoeveel stoele het jy klaargekry?”

“Drie, Juffrou. Ek kom môre vroeg in. Ek behoort teen môremiddag nog drie reg te hê, en Maandag die ander twee.”

Emma knik. “En Dinsdag en Woensdag help jy my om die skuur reg te kry vir die fees.”

“Ja, Juffrou.” Hy kyk af op sy skurwe werkershande en weer na haar. “Juffrou kan nie dalk solank 'n lassie maak nie? Die vrou wil graag roosterkoek maak vanaand en die meel is gedaan. En 'n vleisie daarmee saam sal darem alte goed afgaan.”

Emma knik. “Kom saam huis toe.” Sy kyk onseker na Michael. “Wil jy solank na my ander voorraad kyk? Daar is 'n paar stukke daar agter.” Sy beduie dieper die skuur in.

“Ek stap sommer saam, dan praat ons daar klaar. Ek sal na die res kom kyk wanneer ek afkom vir die fees. Ek het nou 'n goeie idee van wat jy doen.

Goed genoeg vir die oomblik, in elk geval.”

Emma knik met meer selfvertroue as waaroor sy beskik. Die man sal sekerlik ’n tweede keer daaroor dink om haar opinie oor ’n tema vir sy restaurant te vra wanneer hy haar woonplek sien.

Terwyl Klaas die skuurdeure sluit, stryk sy en Michael aan na die vervalle huis toe.

Ag bog, dink Emma terwyl sy kombuisdeur toe stap. As die man nie van haar smaak hou nie, is dit tot daarnatoe. Hy hou darem van haar restaurantmeubels. Hy moet maar net begryp dat sy nog die huis restoureer. En dat haar idee van binneversiering nie dié van die gemiddelde persoon is nie. Veral nie met haar begroting nie.

“Sit sommer hier by die kombuistafel. Die sitkamer is nog in wording,” nooi sy toe sy die lig aanskakel voor sy na die stoel toe loop waar haar bont rugsakkie oor die leuning hang. Sy vroetel die koord oop en haal haar beursie uit.

Sy probeer ongemerk die paar note tel. ’n Twintig en twee tiene. As sy tien rand hou, kan sy darem nog môre brood koop vir die naweek, reken sy vinnig uit. Gelukkig het sy nog kaas. Dis meer as genoeg om haar aan die gang te hou totdat sy Wanda se bestelling aflewer.

“Dertig genoeg, Klaas?” vra sy.

Klaas kyk grond toe. “Ek het gehoop vir vyftig, Juffrou.”

Emma voel haar wange warm word van verleentheid. As Michael nie hier was nie, kon sy verduidelik het, maar hoe sê sy voor ’n man wie se skoene waarskynlik meer gekos het as wat Klaas in ses maande verdien dat sy op haar laaste reserwes is?

“Ek het ongelukkig net veertig by my, Klaas. Ek gee jou môre die res?”

Klaas knik. “Dis goed so, Juffrou.”

Sy oorhandig die note aan hom. Miskien kan sy môre vir Wanda vra om

haar te help en dit op die tab te sit. Net tot sy weer op Graaff-Reinet kom.

Om wat te maak? dink sy wrang. Geld te trek uit 'n rekening wat so diep in die rooi is dat dit lyk asof die inktpot daarop omgeval het?

Toe sy die deur agter Klaas toemaak en omdraai, staan Michael met sy arms gevou en 'n hand onder die ken in die kombuis en rondkyk.

Wanda was reg. Die man straal 'n rustige selfversekerdheid uit sonder om aanmatigend voor te kom. Mens voel dadelik aan dat hy vertrou kan word.

“Ek kan vir jou koffie aanbied, maar ek het vergeet om melk te koop. En dis boonop kitskoffie,” bied sy verskonend aan. Dis 'n no-name brand op die koop toe, maar verswyg eerder dié brokkie inligting.

Hy draai na haar toe. “Gee jy om as ek vir ons 'n bottel wyn uit die kar gaan haal? Ek het 'n paar bottels uit die Kaap saamgebring om vir die restaurante te toets.”

“Inteendeel, dit sal heerlik wees.” Emma vee oor haar branderige oë. Op dae wat hulle meubels skuur, sukkel sy met die stof en vandag het sy boonop ure lank geverf. Dis seker die konsentrasie wat so aan haar oë vat.

“Ek is nou terug.” Michael stoot die afgeskilferde deur oop en verdwyn na buite.

Emma stap badkamer toe om haar hande ten minste ietwat skoner te kry. Toe sy in die gebarste spieël bokant die wasbak kyk, vergeet sy egter van haar hande. Haar hele gesig is van die verf besmeer, maar veral om haar oë lê daar donkergroen, blou en pers veeghale. G'n wonder haar oë brand so nie. Die verflap, onthou sy. Toe haar pa gebel en sy begin huil het. Sy kreun en onthou ook Michael se glimlag toe hy na haar gekyk het. Haar die eerste keer gesien het.

Verdomp, dink sy en tap warm water in die gevlekte wasbak. Die man lyk of hy uit 'n modetydskrif ontsnap het en sy lyk of sy 'n dag vantevore as verloorder uit 'n kryt ná 'n verfgeveg geklim het. En kyk net hoe lyk haar

hemp! Selfs haar hare is vaal van die stof.

Sy gryp 'n borsel en trek dit deur die lang, krullerige hare. Toe dit weer min of meer blink, was sy vinnig, pluk 'n skoon hemp oor haar kop en grawe 'n trui uit die kas. Dit hang los en uitgerek om haar skraal lyf, maar dis skoon en darem warm nou dat die son gesak en die hitte saamgeneem het.

Toe sy terugkom in die kombuis, maak Michael al 'n bottel rooiwijn oop met die kurktrekker wat gewoonlik saam met die skêr, rasper, vergiettes en 'n paar ander kombuisartikels aan hake teen die muur hang.

Hy kyk op sonder dat sy hande stil word. "Ek sien jy het van jou grimering ontslae geraak."

Emma glimlag suurderig. "Occupational hazard." Sy maak die ogiesdraaddeurtjie van die ou kombuiskas oop en haal twee glase van herwonne glas wat sy op 'n veiling van 'n glasfabriek gekoop het uit. Sy stuur haar vingers ongemerk oor die rande. Hy moet tog nie een met 'n tjip in kry en daardie mooie mond sny nie.

Sy maak die glase langs hom staan en kyk hoe die wyn gesellig en dieprooi in die liggroen bollings ghloek-ghloek.

Michael gee een glas vir haar en lig syne. "Op jou, Emma." Hy glimlag opgetoë, en haar hart mis 'n slag. "Lyk my ek het in jou 'n ware vonds raakgeloop."

Hy skommel die wyn in die glas, hou dit teen die lig en ruik daaraan voordat hy weer na haar kyk. "Ek het pas besluit my restaurant gaan soos jou kombuis lyk. Dowwe houtvloere. Die ruweg gevefde mure dofblou, lemmetjiegroen en helderpers, houtkaste met sifdeure en laag op laag verf wat elkeen op sy beurt agter die ander deurskemer. Kombuisgoed aan primitiewe hake teen die muur. Kombuistafels en onpas stoele wat halfafgeskuur is, behalwe vir die blaaië en rugleunings, wat deur jou beskilder is." Hy proe aandagtig aan die wyn en knik sy kop in waardering.

Emma kyk hom stilswyend aan. Is die man van sy kop af?

“En ek het nog ’n kreatiewe oomblik gehad. Die naam van die restaurant gaan Angel-on-Broom wees,” kondig hy aan.

Emma kyk hom nog ’n oomblik lank verstom aan, maar toe hy die naam sê, weet sy skielik presies hoe die motiewe op die tafels en stoele gaan lyk. Sy sien dit reeds voor haar geestesoog: engele wat voor ’n volmaan op besems verbyvlieg, hulle goue vlerke effens verlep, die uitdrukking op die gesigte skalks, die stralekranse pers pleks van goud. Hekse met harpe en engelagtige glimlaggies.

Sy swymel by die soete inval van idees en neem ’n stewige sluk wyn. “O heerlik,” steun sy, en bedoel daarmee nie net die smaak van die wyn nie.

Michael sit geduldig aan die bopunt van die kombuistafel terwyl sy met vlugtige potloodhale sketse maak. Die wyn in die bottel het tot halfpad gesak toe sy een na hom toe oorskuif.

Sy teug aan haar wyn terwyl hy die skets aandagtig bestudeer. Die kombuislig raak weg in die swart van sy hare, maar speel met die sonbruin van sy vel, blink op die brug van sy sterk neus en streel oor die hoë wangbene.

Wanda was reg, dink sy weer. Hy is ’n beeld van ’n man. Gebeitel en geboetseer deur die Groot Kunstenaar van alle tye toe Hy in ’n besonder goeie en kreatiewe bui was.

Michael tel die skets op en hou dit ’n entjie van hom af weg terwyl sy wysvinger oor die vol onderlip vee. Die haartjies op sy arms glinster donker.

Hy skud stadig sy kop. “Nee, Emma.” Hy kyk oor die skets na haar.

Emma voel haar moed in haar skoene sak.

Hy tik met die agterkant van sy vingers teen haar idee. “Dit is heeltemal te goed om op ’n tafel te kom. Ek sien dit as ’n groot skildery. En ek bedoel groot. Sal jy kans sien?”

Emma skud haar kop. “Ek maak nie skilderye nie. Ek sal op die muur verf, maar nie ’n skildery op ’n doek wat teen ’n muur gehang gaan word nie.”

Michael lig sy wenkbroue. “Maar as jy op die muur verf, is dit soveel minder waardevol. Dit kan nie verskuif word of later elders gebruik word nie.”

“Juis.” Emma draai die glas om en om tussen haar vingerpunte, wat nog steeds ’n pers skynsel dra. “Ek is nie into ewigheidskuns nie. Ek skilder net op verganklike, vervangbare items.”

“Mag ek vra hoekom?”

Emma roer haar skouers. “Dan neem niemand dit ernstig op nie. Niemand gaan oor dertig jaar na iets van my kyk en sê: ‘Kyk, dit was haar blou periode’ nie. ‘Hier het sy nog gesukkel met lig.’ Of: ‘In hierdie skildery het sy haar skadu’s nog nie onder die knie gekry nie.’ Of nog erger: ‘Hier kan mens duidelik sien hoe die tydgees verander het. Toe Emma Steyn hier geskep het, was die wêreld nog anders. Mense van die vroeë een en twintigste eeu het waarlik nog aan engele geglo. Dit was nogal ’n hele herlewing destyds – die engeleding.’” Sy skud haar kop. “Nee, dit wil ek nie hê nie.”

“En hoekom wil jy mense oor ’n paar dekades van nou af die vreugde van terugkyk misgun?” Daar speel ’n lui glimlag om sy mond.

Sy wens sy kan die man muilband. Daardie mond doen vreemde dinge aan haar lyf. Swaar, warm, dralende dinge.

“Omdat ek nie daar sal wees om te verdedig wat ek gedoen het, of dit binne konteks te verklaar nie. Buitendien, my werk is nie goed genoeg om dekades later waardeer te word nie. Selfs nou sal daar etikette om gehang word.”

“Soos wat?”

Emma kyk af in die gloeiende dieptes van die wyn. “Kommersieel. Herinner op sekere vlakke aan Hannetjie de Clercq. Of Wendy Malan.

Fantasmagories. Ongekunsteld. Wat ook al.” Sy kyk op na hom toe.

“Buitendien, wat is onge Kunstelde kuns? Die een term weerspreek die ander. As dié onge Kunsteld is, hoe kan dit kuns wees?”

“Het iemand vantevore hierdie etikette om jou werk gehang?”

Emma kantel die wynglas teen haar lippe. “Dis nie die punt nie. My werk sal vergelyk word met Darius Steyn s’n, met Thinus Steyn s’n, en met dié van Ernst Steyn. En êrens sal daar ’n kop geskud word en iemand sal sê dat die gene in die Steyn-familie verwater het en daarmee saam die talent.”

“Wat laat jou so dink? Dink jy nie dis moontlik dat hulle dalk sal sê hier, met Emma Steyn, gaan die Steyns se kunserfenis ’n opwindende nuwe fase binne nie? ’n Fase ontdaan van die formele, van die gestruktureerde?”

Emma lag met min plesier. “Ek dink nie so nie, nee. My oupagrootjie Darius was op sy dag as ’n nuwe Constable besing, maar wie weet nou van Darius Steyn, terwyl ’n Constable steeds ’n Constable is? Oupa Thinus se styl is in sy eie leeftyd al as verouderd afgemaak. En hulle was ware kunstenaars, nie kunstenaars wat bloot prentjies maak soos ek nie.”

“En Ernst ... jou pa se werk?”

Emma kyk op. “Ken jy my pa se werk?”

Michael laat sak sy oë. Hy tel weer die skets op en betrag dit aandagtig voordat hy vervolg sonder om na haar te kyk: “Ek het van jou pa se werk in my privaat versameling. Ek kon nie die toeval glo toe Wanda vir my sê jy is sy dogter nie.”

“Wel, wat dink jy van my pa se werk?” Sy sit terug in die stoel. Iets omtrent Michael se reaksie laat haar ongemaklik voel, maar sy kan nie haar vinger daarop lê nie.

“Hy het natuurlik heeltemal weggebreek van jou oupa en grootjie se realisme met sy surrealistiese aanslag.” Hy kyk uiteindelik weer na haar. “Op persoonlike vlak verkies ek geïnterpreteerde kuns bo realisme.” Hy sit die

skets neer en sit terug. “Seker daarom dat ek so baie van jou stilistiese aanslag hou. Ek hou ook van die kleure wat jy gebruik en die manier waarop jy skakeer en nuanseer. En van jou afwisseling tussen lig en skadu.”

Hy hou haar oë ’n oomblik in stilte gevange voordat hy voortgaan met sy diep, rustige stem: “Ek dink jy onderskat jouself en doen jou talent ’n groot oneer aan.”

Emma trek ’n gesig. “Nou klink jy soos my pa.”

“Maar dis jou goeie reg om jou medium te kies. As jy die skildery eerder teen die muur wil doen, is ek heeltemal daarvoor te vinde,” vervolg hy asof hy nie haar laaste opmerking gehoor het nie.

Eers toe Emma agterkom sy ontspan, kom sy ook agter dat daar spanning tussen hulle ingesluit het terwyl hulle oor haar voorsate se kuns gepraat het. Of miskien is dit maar net van haar kant af. Omdat sy so sterk voel oor die onderwerp, dalk.

“In daardie geval sal ek vir jou die muurskildery doen. Dit sal vir my ’n uitdaging wees. Ek sal werk aan sketse vir die tafelblaaie. Die motief hier en daar herhaal sodat dit ’n eenheid vorm met die muurskildery.”

“Dit gaan ’n wenner wees, Emma. Ek voel dit diep binne-in my.” Die lui glimlag pluk weer aan sy mondhoeke. “Maar sê my, waarom sien ek al weer vir Wanda in die engel? Waarom is daar nie ’n spoor van jouself te bespeur nie? Ek dag kunstenaars is selfgesentreerd?”

Emma kyk af na haar bloueriige naelrieme. “Omdat Wanda engelevermoëns het en ek hoogstens ’n visvrou is.”

“En die verskil lê in?”

Emma kyk na die gebosseleerde staalplafon wat plek-plek sleg afdop en begin roes het. “Engel het vlerke, wat hulle kan uitlig bo die hier en nou. Die visvrou is vasgevang in haar habitat. ’n Onbenydenswaardige habitat boonop. Sy is sleg toegerus vir die water omdat sy nie heeltemal vis is nie, en

sy is ook sleg toegerus vir terra firma omdat sy nie heeltemal mens ... heeltemal vrou is nie. Omdat sy nie met haar visonderlyf op land kan oorleef nie. Sy is vasgevang tussen dimensies, tussen die oerwaters van oorsprong en die vryheid van beweging. Sy is gestolde evolusie.”

Michael leun vorentoe en plant sy elmboë op die afgeskuurde tafel. “Ek dink weer eens jy onderskat jouself. Ek dink daar sit ’n engel en wag om bevryding binne-in die visvrou. Ek dink die visvrou is gereed om evolusie te takel en vlerke te kry. As jy haar sou toelaat.”

Emma gee ’n laggie. “En ek dink die wyn is na ons albei se koppe toe.”

Michael kyk haar ’n oomblik stil aan voor hy na die duur horlosie aan sy arm loer. “Gits, ek moet aanstalties maak. Ek het vir die mense gesê ek eet vanaand daar.”

Hy kom orent en stoot die stoel terug onder die tafel in. “Werk aan die sketse, Emma, en kry vir my ’n kwotasie gereed. Ek is volgende week hier vir die fees, dan praat ons verder. Intussen kan jy jou werk vir Wanda klaarkry en jou gereedmaak vir Angel-on-Broom. Dis ’n groot projek. Ek dink voorlopig in die rigting van ’n perseel wat so honderd mense kan hanteer. Ja, so twintig tafels vir vier en tien vir twee.”

“Genade,” kry Emma dit uit en staan ook op. “Dertig tafels en honderd stoele, en die muurskildery ook?” Sy dink aan Wanda se restaurant met sy tien tafels en veertig stoele. En dit was al klaar ’n groot projek vir haar.

“Jy sal meer hulp moet kry as net Klaas, sodat jy net die verfwerk kan doen. As ek eers huur betaal vir die perseel, moet dinge vinnig gebeur. Verkieslik moet die meubels teen daardie tyd al klaar wees sodat jy net die muurskildery hoef te doen voordat ons intrek en klaarmaak. Werk solank jou logistiek uit.”

Hy kyk na die ou kombuiskas met sy sifdraaddeurtjies. “En ek soek ’n hele paar van hierdie ook. Sommige met motiewe versier. Wees solank op die

uitkyk.”

“Onthou net die verfwerk vat so lank as wat dit vat. Met die res kan jy my aanjaag, maar nie daarmee nie,” waarsku sy terwyl hulle uitstap na waar die sportmotor langs die skuur geparkeer staan.

Die Karoo-lug koepel middernagblou bokant hulle en die sterre flonker met winterse skittering toe hulle by die motor tot stilstand kom en sy opkyk.

“Hy is ’n gelukkige man,” hoor sy Michael met ’n eienaardige stemtoon sê.

Emma kyk verras na hom. “Ekskuus?”

“Die man vir wie jy lief is. Die een met wie jy gedink het jy praat toe jy die foon geantwoord het.” Hy lig sy hand en streel half ingedagte, amper vertederend met sy kneukels oor haar wang. “Ek kon aan jou stem hoor dis ’n diep liefde. Moet net nie toelaat dat hy jou keer om vlerke te laat spruit nie, Emma. Jy is gemaak om te vlieg. Glo my.”

Emma staan nog steeds verstar terwyl sy kyk hoe die rooi liggies van die sportmotor oor die grondpad skommel. Selfs toe sy haar ledemate weer aan die gang kry, verlaat ’n donker, warm lamheid wat by sy aanraking oor haar gekom het, nie haar lyf nie.

Ook nie toe sy van vertrek tot vertrek deur die huis dwaal nie. Soos ’n uil in ’n murasie, dink sy. Kom dit nie uit die Bybel nie?

Sy gaan sit uiteindelik in haar spaarkamer, wat eerder dien as ’n stoorkamer, en staar na die esel. Haar pa se geskenk aan haar toe sy universiteit toe is. ’n Dure ding. ’n Kunswerk in eie reg. Een wat hy van Europa af vir haar saamgebring het. Die leë doek daarop het al effens vergeel.

Toe sy die stof afblaas, val daar ’n stukkie houtskool uit die gleufie van die esel. Sy buk werktuiglik om dit op te tel. Sy kyk weer na die doek. Met ’n paar vinnige hale teken sy ’n kinderlike stokvroutjie. Ná ’n oomblik se bepeinsing verander sy die stokbeentjies in ’n vislyf. En met ’n paar verdere

hale gee sy haar vlerke. Die verspote tekening staar grootoog terug na haar, en met 'n ergerlike beweging trek Emma dit met 'n kruis dood.

Net voordat sy die lig afskakel, kyk sy om na die doek op die esel. Van agter die kruis lyk dit of die stokvroutjie-vis-engel vir haar glimlag en waai.

Vier

“Ek kan nie help hoe ek voel nie, Emma. En ja, ek is jaloers. Daardie rykgatsportmotor het van skemer tot diepdonker hier langs die skuur gestaan.” Seth kyk haar beskuldigend aan waar hy met gevoude arms by haar in die skuur staan.

“Maar ek sê mos vir jou, Seth, die man wil ’n bestelling plaas vir meubels vir ’n restaurant. Hy het tog die skildery by jou ook gekoop. En buitendien, jy het geen reg om jaloers te wees nie.” Emma verf met ergerlike hale verder.

“Nee, Emma, ek het seker nie die reg nie, want jy wil my nie daardie reg gee nie. Maar die feit bly staan, ek is lief vir jou en ek is jaloers. Veral nadat ek gesien het hoe die man in jou oë staan en kyk toe julle afskeid geneem het.” Seth se wange vlam. “Ek is ’n skilder, Emma – ek ken lyftaal. En die taal wat julle lywe gepraat het, het op die aarde niks met meubels uit te waai gehad nie. Behalwe miskien met ’n bed.”

“Ag, nou praat jy pure twak, Seth!” roep Emma vererg uit en smyt die kwas met soveel geweld op die skuur se vloer neer dat die verf in alle rigtings spat. Sy draai weg van hom af en haal ’n paar keer diep asem om haar woede onder beheer te kry. Seth is nou skoon dwars en moeilik. Sowat van jaloesie het sy lanklaas teëgekom. En tog, hoe vergesog Seth se waarneming ook al is, êrens in haar diepste binneste kriel ’n skuldgevoel. Al is Seth hoe ver van die kol af wat Michael betref, onthou sy nog baie goed hoe daardie ligte aanraking haar laat voel het.

Uiteindelik draai sy terug na Seth. “Ek het van die begin af vir jou gesê ek het tyd nodig, Seth. Ek hou van jou. Dis vir my heerlik om by jou te wees, met jou te gesels en te ginnegaap. En ek hou van die manier waarop jy aan my vat en my soen. Maar dis hoe ver ek op hierdie stadium kan gaan. Ek is

lief vir jou op meer as 'n vriendskaplike vlak, maar ek is nie gereed om al te dink aan 'n vaste romantiese verbintenis nie. En dit weet jy van die begin af. Ek het dit duidelik genoeg gestel.”

Seth laat sak sy arms en draai halfpad weg voordat hy weer na haar kyk. “Dit neem nie my gevoelens weg nie, Emma. Ek voel wat ek voel en daar is niks wat ek daaraan kan doen nie. Jy het my met jou optrede laat glo daar is hoop vir my, al het jy my met jou woorde tot versigtigheid gemaak. Ek kan nie die kraantjie net so weer toedraai nie, jy weet. Liefde werk nie so nie. En as jy dit nie weet nie, het jy nog nooit liefgehad nie.”

Emma kyk die man met die ruie baard en bewolkte oë 'n rukkie stil aan. “Miskien is jy reg, Seth. Miskien het ek nog nooit liefgehad nie. Nie in die romantiese sin nie, in elk geval. Ek het gedink ek het Henry lief, maar ek vermoed dit was bloot verliefdheid. Ek was waarskynlik nog boonop meer verlief op die liefde. Miskien is ek van die soort wat nooit werklik diep kan liefkry nie. Ek weet nie. En as dit so is, sal dit vir my verskriklik wees, maar ek kan dit ook nie verander nie. En ek is jammer as my optrede jou mislei het. Ek het dit nie so bedoel nie. Ek het bloot ons vriendskap toegelaat om verder te gaan as die platoniese om die moontlikheid van 'n romantiese een te ondersoek, nie om jou hoop te gee of jou seer te maak nie.”

“Jy is my alles, Emma. Hoe kan jy so berekenend praat oor wat tussen ons is?”

Die pyn in Seth se blik kap diep in Emma se gewete. “Sal jy eerder wil hê dat ek vir jou lieg? Maak asof ek dieselfde oor jou voel as jy oor my? Hemel, Seth, as jy my net kans wil gee, ruimte wil gee, kan ek dalk daardie liefde in gelyke maat beantwoord. Maar nie as jy my versmoor nie!” Sy gooi haar hande in 'n magtelose gebaar in die lug.

Seth vou weer sy arms oor sy groot bors. “Nee, Emma. Die laaste ding wat ek wil hoor, is leuens, maar die feit dat jy versmoor voel ...” Hy skud sy kop

en sy oë is 'n bietjie te blink.

Emma stap nader en laat rus haar hand op sy elmboog. “Ek is jammer, Seth. Ek sien nie kans om in 'n hok opgesluit te wees nie. Ek kan nie vir jou sê hoe jammer ek is nie, maar as jy my nie tyd en ruimte kan gun nie, kan ek nie in ons verhouding bly nie. Dit sal alles vir jou uiteindelik net nog erger maak as dit nie sou uitwerk nie.”

Seth skud sy kop en sy stem is hees toe hy weer praat. “Pasop, Emma. Eendag gaan jy in dieselfde bootjie wees as wat ek vandag is. Om desperaat lief te wees vir iemand maar met ongeërgdheid begroet te word, is hel. Glo my.”

Emma kyk die beer van 'n man agterna met pyn en selfverwyrt wat deur haar klop. Sy sien die geboë skouers in die verbleikte trui wat aan sy vol figuur hang. Sien hoe hy die groot hande in die sakke van die dungewaste jean druk. 'n Pynlike deernis wel in haar op toe die verslete drafskoene oor die gruis knars terwyl hy wegstap.

Maak sy nie 'n fout deur hom so weg te stuur nie? Sy is tog lief vir hom, al is dit nie op die manier wat sy haar voorgestel het mens lief sal wees vir die mens met wie jy jou lewe wil deel nie. En tog, sy kan haar maklik indink dat sy en Seth vir die res van hulle lewe in een huis woon, elkeen met sy kuns aangaan en saans saam sit en lees of skerts.

Sy gee 'n paar treë agter hom aan, maar gaan staan weer. Ja, sy kan haar so 'n lewe indink, en dit sal waarskynlik 'n rustige, vervullende een wees. Maar nooit, dit weet sy, sal sy voel wat sy gevoel het toe Michael oor haar wang gestreel het nie. So iets sal daar nooit tussen haar en Seth wees nie. Daardie aseembenemende gevoel van begeerte wat oor haar gespoel het, het haar so onkant betrap dat sy nou nog die nagloed daarvan deur haar lyf kan voel trek net by die gedagte daaraan.

Maar dis begeerte, Emma, spreek sy haarself aan. Suiwer hartstog. Seth

praat van liefde.

Jy praat van 'n onverwagte veldbrand en Seth van 'n knus kaggelvuur.

Emma staar na die gekraakte sementvloer van die skuur. Is die twee te skei? Sluit liefde begeerte uit? Of begeerte liefde?

Nee, dink sy, Seth begeer haar ook. Dit weet sy uit die toenemende intensiteit van sy liefkosings. Maar haar liefde vir Seth sluit nie begeerte, geen vuur in nie. 'n Lou kersvlammetjie wat nou en dan lek-lek aan die donker, maar dis al. En vir haar is dit nie genoeg nie.

Ongevraagd hoor sy skielik weer Michael se diep stem: “Moet net nie toelaat dat hy jou keer om vlerke te laat spruit nie, Emma. Jy is gemaak om te vlieg. Glo my.”

Hy verkeer miskien onder die verkeerde indruk oor wie die man is met wie hy gedink het sy oor die foon gepraat het, maar sy woorde dra nietemin vir haar gewig.

Emma sug diep en buig weer oor Wanda se engeltafel. Laat sy tog eerder haar meubels verf. Daarvoor is sy ten minste toegerus. Vir die lewe met al sy kinkels en draaie blykbaar nie.

Die dorp lyk skoon anders toe sy laatmiddag drie dae later aanstryk 't Schilder toe. Oral wapper baniere, en plakkate adverteer die fees van bykans elke boom, paal en venster af. Die museum spog met vlae, en langs die strate rig mense reeds stalletjies op om hulle ware in uit te stal.

Die restaurant is 'n bynes van werkers wat mure afwit en vloere blink maak. Die bont mure van die galery in die geboutjie langs die restaurant staan ook sommer helderder in die laatlig. Wanda moes die stof laat afspuit het.

“Kan mens darem nog 'n cappuccino hier rond kry?” vra Emma oor die gesels en geskerts heen toe sy vir Wanda sien waar sy potte met blommende plante in 'n hoek op die stoep rangskik.

Wanda kyk verras op. “Natuurlik. Ek kan ook doen met ’n blaaskans. Hoe gaan dit, vreemdeling?” Sy kom regop en gooi die dik blonde vlegsels op haar rug.

“Moeg gewerk, maar ek het goeie nuus. Jy kan maar môreoggend jou bakkie nader bring. Die laaste vernislaag sal vannag droog word. Jou meubels is klaar.” Emma glimlag breed.

“Jou ou doring! Dis wonderlike nuus! Dit moet ons vier.” Wanda slaan haar arm om Emma se skouers en gee haar ’n drukkie. “Jy moes jou morsdood gewerk het. Kom saam met my kombuis toe. Daar is dit stiller.”

In die kombuis haal Wanda ’n bottel vonkelwyn uit die yskas en hou dit vraend in die lug. “Hoe lyk dit pleks van cappuccino?”

Emma lag en gaan sit op een van die hoë stoele by die werkoppervlak. “Heerlik.”

“En watse nuus is daar nog?” vra Wanda terwyl sy die draadjie van die prop afwikkel.

“My pa het my gebel, en ek en Seth is uit.”

Wanda se hande raak stil. “Ek is jammer om te hoor van Seth. Hy het vir my gesê toe hy sy skilderye galery toe gebring het.”

“Op jou skouer kom huil?” Emma vra dit sonder venyn.

“Ek is bly hy het iemand om mee te praat. Ek weet ek het hom diep seergemaak. Ek voel soos ’n luis.” Emma laat sak haar kop in haar hande.

“Jy kan nie vir Seth lieg net om sy gevoelens te spaar nie, Emma. Eerder nou reguit en eerlik wees as later, wanneer daar meer gevoelens en komplikasies is. Mens kan liefde nie forseer nie.” Die prop plof onder haar vingers uit.

“Ek weet, maar ek voel nog steeds soos ’n luis.”

Wanda kantel ’n sjampanjeglas skeef en skink van die borrelende vloeistof daarin. “Wat sê jou pa?” probeer sy opsigtelik die onderwerp verander.

“Dis nog ’n boggherop. Hy’t gebel om te sê hy mis my en hy’s lief vir my en hy wou my stem hoor. Ek kon nie ’n woord uitkry nie. Toe aanvaar hy ek wil nie met hom praat nie. Ek wou nog terugbel, maar toe gebeur die een ding na die ander. Eers bel Michael Lindeque en kom kyk na my meubels. Toe die ding met Seth, en die res van die tyd het ek so hard gewerk om my gedagtes weg te kry van alles af dat ek nog nie weer kans of die emosionele energie gehad het om te bel nie.” En boonop sit ek in die middernagtlike ure na stokfiguurtjies op ’n vergeelde doek en staar, maar dit sê sy liefs nie.

“Liewe jimmel, Emma, ek weet nie waar om te begin vra of oor wat nie. Al hierdie goed gebeur en ek weet niks daarvan nie! Wat sê Michael?” Sy hou een van die glase na Emma toe uit en lig hare. “Maar wag eers voor jy vertel. Baie dankie vir jou harde werk.”

Emma lig ook haar glas. “Voorspoed met die fees. Ek hoop dis ’n reusesukses vir jou en ’t Schilder.”

“O, ek hoop so, Emma. Ek het baie geld bestee. Ek is nogal benoud.” Wanda trek haar skouers op. “Maar nou ja, dis ongelukkig hoe dit werk. Ek kan darem vanjaar veel meer mense akkommodeer as laas jaar toe die toue hier in die straat af gestaan het.” Sy proe aan die vonkelwyn. “H’m, lekker. Maar nou moet jy eers van Michael vertel.”

“Daar is nie veel om te vertel nie.” Emma voel meteens sku om oor Michael te praat. “Hy’t gebel en kom kyk. Van die meubels gehou en wil sy eie hê vir ’n nuwe restaurant wat hy wil oopmaak. Ek werk saans aan sketse en ’n kwotasie vir hom. Hy kom glo weer vir die fees.”

“Maar dis wonderlike nuus, Emma! ’n Hele nuwe restaurant! Dit klink baie belowend.”

“Hy het baie planne. Hy wil dit ’n temarestaurant maak. Angel-on-Broom is die naam waarmee ons werk.” Emma draai haar vinger om en om die voetstuk van die glas. Sy sien hom ineens weer duidelik voor haar. Die mooi

mond. Die lui glimlag. Die sterk hande. Iets draai en woel agter haar naeltjie. Soos elke keer wanneer sy aan hom dink.

“Ek wonder of hy na Angelique verwys met die naam. Maar sy lyk vir my eerder na ’n witch-without-broom as enige soort engel.” Wanda frons meteens. “Ek wonder tog waar hy aan daardie naam kom.”

“Angelique?” Emma kry ’n nare gevoel op haar maag.

“H’m, Angelique Hanson. Sy is sy ... aanhangsel die afgelope jaar of wat. Sy is altyd saam met hom op die foto’s van sosiale geleenthede. Beeldskoon, natuurlik. Haar pa is die hotelmagnaat Arnold Hanson. Het glo ’n kosmetiekmaatskappy ook.”

Wanda sluk aan die vonkelwyn en skud haar kop. “Maar sy lyk vir my maar regtig baie plastic. Ek kan sweer daardie borsmaat kom nie van oorerwing nie. Alhoewel sy darem self ’n sukses in eie reg is. Sy is redaktrise van *Heavenly Homes*. Michael behartig die kosafdeling. Dis seker hoe hulle mekaar leer ken het. Sy is glo self nogal ’n kosfoendi, alhoewel ek haar wraggies nie met ’n voorskoot aan kan sien nie.”

Angelique Hanson, Angelique Hanson, knars Emma se drafskoene oor die grondpad toe sy terugstap huis toe. Sy voel lighoofdig van die vonkelwyn wat sy op haar nugter maag gedrink het.

Daar was nie veel tyd vir eet tussen haar verwery en die kwotasie en sketse deur nie. Dis seker daarom dat sy so ’n vreemde pyn op haar hart het wanneer sy aan Michael en sy Angelique Hanson dink. Dis waarom die blou blik en die val van die swart hare haar so bybly. En waarom die gedagte aan daardie mond haar warm en vreemd laat voel.

Natuurlik sal ’n man soos Michael Lindeque ’n vrou in sy lewe hê. ’n Beeldskone een wat sy passie vir kos deel – onder meer. Een wat nie permanent lyk of ’n kan verf oor haar uitgegooi is nie.

Die kombuis is koud en skielik vreemd toe sy binnestap. Sy skakel die ketel aan en laat val 'n teesakkie in 'n beker voor sy die verwarmers nader sleep. Môre betaal Wanda haar. Sy kan hierdie klein luuksheid van hitte vanaand bekostig.

Sy sug diep toe sy met die beker tee by haar elmboog, haar Angel-on-Broom-sketse nader trek. Lank staar sy na haar handewerk, maar die potlood tussen haar vingers het koers verloor.

Die tee is al yskoud en nog onaangeraak toe sy die foon optel en bel.

“Ernst Steyn. Ek is nie op die oomblik beskikbaar nie, maar laat asseblief 'n boodskap.”

Haar pa se stem laat die trane in haar oë deur haar wimpers stoot.

“Hallo, Pa.” Sy huiwer voordat sy voortgaan. “Ek mis jou ook.”

Sy sit die koordlose foon op die tafel neer en bly lank daarna staar voordat sy opstaan en badkamer toe stap. Vanaand gaan sy nie gewerk kry nie. Sy kan net so wel vir haar 'n lekker warm bad intap en vroeg inkruip. Môre is nog 'n dag.

Toe sy verby die spaarkamer stap, huiwer sy, maar hou toe tog reguit aan. Biedem met die stokvroutjies wat elke aand meer word asof hulle snags aanteel.

Wanda se bakkie trek vroeg-vroeg langs die skuur in.

“Môre! Wat lê jy so op die telefoon gisteraand? Raai wat?”

“Haai, Wanda. Kom drink koffie terwyl Klaas vir jou laai. Jy het seker gebel net toe ek my pa in die hande probeer kry het.” Emma haak by Wanda in en kry koers kombuis toe. “Wat moet ek raai?”

“Ek sal jou 'n leidraad gee.” Wanda se oë glim opgewonde. “Vendusie op Aberdeen.”

Emma druk die kombuisdeur oop. “Stoele?”

“Nie honderd nie, maar blykbaar ’n hele klompie. En tafels en kombuiskaste ook. ’n Ou tannie wat die tydelike met die ewige verwissel het en wie se baie kinders meer in kontant as ouderwetse meubels belangstel.”

“Wonderlik! Hoeveel van wat? Wanneer?”

Wanda trek haar skouers op. “Ek is nie seker hoeveel nie, maar dit sal die moeite werd wees om te gaan kyk. Môreoggend. Jy kan my bakkie en die sleepwa leen as jy jou karretjie vir my hier los.”

“Jy is voorwaar ’n engel. Kan jy nie saamkom nie?”

Wanda gaan sit by die kombuistafel terwyl Emma bekery regkry en skud haar kop. “Ek wens ek kon, maar ek het nog te veel werk voor die fees. Dit raak ook nou al te besig. Die mense van die stalletjies en so aan hou my baie bedrywig.”

Dit sal wonderlik wees om solank voorraad bymekaar te maak vir die Angel-on-Broom-projek. En dit sal ook lekker wees om ’n bietjie weg te kom, dink Emma toe die oorvol bakkie ’n ruk later ’n dun stofstreep in die pad agterna trek.

Sy vou Wanda se tjek in die helfte en druk dit in haar sak. Sy sal sommer môre die geld op Graaff-Reinet gaan inbetaal op pad Aberdeen toe. Miskien sal die trippie na Aberdeen haar laat vergeet van die feit dat haar pa nie teruggebel het nie. En van die seer in haar binneste oor Seth. Om van die woelinge wat Michael Lindeque in haar losmaak, nie te praat nie.

En vanaand is die aand wat sy haar spaarkamer regpak en die ellendige doek met stokvroutjies na ’n hoek verban waar sy hulle nie kan sien nie.

Vyf

Net die rit het haar al klaar goed gedoen, dink Emma toe sy voor die groot ou huis op Aberdeen stilhou.

Sy het vroeg weggespring nadat sy en Wanda gisteraand al voertuie geruil en die sleepwa met Klaas se hulp gehaak het. Die oggend was koud en vars en het haar siel verkwik ná al die botsende en stoeiende emosies waardeur sy die afgelope ruk moes werk. Seth sal wel later die wysheid van haar besluit insien. En as haar pa haar nie wil terugbel nie, is dit ook maar tot daarnatoe.

Emma slaan die bakkie se deur agter haar toe en strek haar uit voordat sy om die huis na die agterplaas stap waar sy mense sien woel en hoor gesels.

Dit lyk belowend, sien sy terwyl sy 'n vinnige draai deur die meubels gooi. Die stoele is nie almal in 'n ewe goeie toestand nie, maar Klaas is baie oulik met restourasiewerk. Hy sal wel iets kan prakseer. Twee van die tafels kan ook werk. Daar is een kombuiskas wat presies is waarna sy soek en 'n tweede wat die paal kan haal as die prys nie te hoog is nie.

Sy gaan staan eenkant met 'n sakrekenaar om uit te werk wat haar bielimiet is, skaars bewus van die toestroming van mense wat tussen die meubels deur woel en dwaal. Selfs met Wanda se geld in die bank sal sy haar oortrokke fasiliteit moet verrinneweer, besef sy toe sy by die eindtotaal uitkom, maar dit sal hopelik die moeite werd wees.

“Hallo, Emma.”

Voor sy opkyk, weet sy reeds dat sy daardie diep stem tussen duisende sal uitken, hoe onmoontlik dit ook al vir haar is om te dink dat hy hier is.

Die oë is skitterblou en die swart hare blink in die oggendson. “Michael.” Haar stem is onverwags hees.

“Kan ek jou voorstel?” slaan hy na 'n aksentlose Engels oor en draai na

die lang meisie met die sjiek kapsel langs hom. Die kort hare glinster in verskillende skakerings van blond, en die pragtige gesig met die sterk gelaatstrekke is perfek gegrameer. Die perfekte snit van die langbroek sit knus aan die perfekte lyf, en die ontwerperstrui vou verleidelik om die vol, perfekte borste sonder om blatant uitdagend te wees. “Angelique, dis nou Emma Steyn. Emma, my vriendin, Angelique Hanson.”

Die blou van Angelique Hanson se oë is ’n skakering of wat ligter as Michael s’n, maar die uitdrukking daarin veel skerper. Amper vyandig en heeltemal teenstrydig met die toegeeflike glimlag om die vol roosknopmond.

“Hallo, Emma. Michael vertel my jy verf sulke mooi prente op meubels?” Die neerbuigende toon in die stem en hoogdrawende Engels, wat duidelik êrens langs Angelique se lewenspad aan elokusieklasse onderwerp is, kriewel teen Emma se rugstring af en maak ’n onverklaarbare rebelsheid in haar wakker.

“Hallo.” Emma neem die skraal, goedversorgde hand wat haar aangebied word. “Jy is my een voor. Michael het my nie van jou vertel nie.”

Die blou oë verkil tot onder vriespunt. “Seker maar omdat julle besigheid gepraat het.” Angelique gee ’n laggie wat water summier in ys kan verander en loer liefies op na Michael wat oor hulle albei troon. “Ek weet hy hou nie daarvan om besigheid en plesier te meng nie, of hoe, darling?”

Michael glimlag effens afwesig en slaan weer oor na Afrikaans. “Ek kon jou die moeite gespaar het om hierheen te ry, Emma, maar jou foon is aanmekaar beset en ek het nie jou selnommer nie. Toe ek die advertensie in die koerant gesien het, het ek gebel om te sê ek kom hierheen om meubels bymekaar te maak vir ons projek. Ek het uiteindelik vir Wanda in die hande gekry, maar toe was jy blykbaar reeds weg.”

“Beset?” Emma kyk hom agterdogtig aan. Toe onthou sy dat Wanda ook gesê het dat sy nie kon deurkom nie. Gisteroggend al.

Skielik daag dit by haar. Sy het nooit die handfoon op die mikkie teruggesit nie. Die batterye is heel waarskynlik so pap as wat kan kom. G'n wonder sy het ook niks van haar pa gehoor nie.

“Dit lyk my die afslaer is gereed, darling.” Angelique haak by Michael in.

“Ja, beset. Maar nietemin,” vervolg Michael ná 'n kopknik in Angelique se rigting, “jy moet tog jou selnommer ook vir my gee.”

“Ek besit nie 'n selfoon nie. Daar is in elk geval nie 'n sein op Schilderkrans nie.” En ek kan dit buitendien nie bekostig nie, voeg sy in haar gedagtes by.

“Ook weer waar. Ek het laas so agtergekom. Ons stedelinge is maar bederf met al die geriewe.” Hy gee 'n skewe glimlaggie wat Emma nie mooi kan plaas nie. Sou hy sarkasties wees ten opsigte van die gebrek aan geriewe op Schilderkrans, of skemer daar iets amper verlangends deur in sy oë? Verbeelding, besluit sy. Michael is ooglopend 'n stadsmens in murg en been.

“Terloops, ek het navraag gedoen oor vervoer van hier of na Schilderkrans, maar kon niks vir vandag bewerkstellig nie. Die heel grootste stukke sal 'n kontrakteur Maandag vir ons kom laai, maar die kleiner en meer breekbare goed sal ons self moet vervoer. Ons kan gelukkig nou sommer Wanda se bakkie en sleepwa daarvoor inspan.” Hy kyk oor sy skouer toe die afslaer met sy hamertjie op die kateder tik. “Laat maar die bieëry aan my oor, anders bie ons netnou nog teen mekaar.”

“Maar ...” begin Emma, maar die stem van die afslaer oor 'n mikrofoon laat hare skoon verdwyn.

“Kom staan nader dat ons saam kan besluit waarop ons wil bie.” Michael vat Angelique se hand, kry Emma aan die elmboog beet en stap nader aan die afslaer.

'n Heerlike warmte spoel deur Emma by die aanraking. 'n Warmte wat 'n bewing deur haar lyf stuur voordat dit onrustig agter haar naeltjie gaan lê. So

'n verraderlike lyf. En dit terwyl hy hand aan hand met die sexy Angelique loop, dink Emma die vieste in vir haarself, maar die gevoel wil nie wyk nie.

“Ons begin by lot nommer een, dames en here. 'n Aanbod vir hierdie kombuiskas.” Die afslaer wys na die kas wat Emma uit die staanspoor bekoor het.

Êrens vanuit die agterste gestoeltes kom 'n bod wat Emma teleurgesteld laat kreun. Die eerste bod oortref reeds haar limiet. Sy kyk op toe sy Michael se oë op haar voel.

“Ek dink dis die ideale kas vir die restaurant, of hoe?” Die lui glimlag om sy mondhoeke maak haar lam.

Emma knik. “Dis ideaal, ja, maar die prys is heeltemal te hoog vir my.”

Angelique lig 'n perfekte wenkbrou hemelhoog en kyk verveeld om haar rond.

Michael glimlag net en lig sy hand. En weer ná die teenbod. Weer en weer, totdat Emma wil weghardloop. Toe die bod op hom toegeslaan word, trek sy aan sy mou.

Sy skud haar kop toe hy afkyk na haar. “Michael, ek kan nie hierdie tipe pryse bekostig nie.” Sy voel hoe haar gesig warm word van verleentheid. En van iets anders. Iets wat telkens in haar roer wanneer sy in daardie oë van hom kyk.

“Ontspan, Emma. Jou verantwoordelikheid lê by die restourasie en verf. Ek koop die meubels aan. Dit sal tog onsinnig wees as jy jou geld gebruik terwyl ek in elk geval hier is. Ek het 'n kontrak opgetrek wat hierdie sy van die saak hanteer en 'n Angel-on-Broom-tjekrekening oopgemaak waarop ons albei tekenreg het. Jy moet juis 'n paar vorms teken voor ek weer stad toe gaan. Maar ons praat later daaroor. Hoe voel jy oor die stoele?” Sy oë dwaal na waar hulle staan. “Lyk my hulle gaan as een lot.”

“Daar is hier en daar een wat nie te redde is nie, maar die res is óf reg óf

restoureerbaar. Maar wat bedoel jy. . .”

“Dames en here ...” praat die afslaer haar dood en hervat die veiling.

Die res van die oggend gaan vir Emma in ’n dwaal verby. Michael palm een na die ander lot in, en dit bly nie by meubels nie. Outydse eetgerei, ’n versameling bont glase, ou porseleineetserviese, ’n gehawende Persiese mat, vanmelewe se lampe, en selfs ’n Victoriaanse kaggel met ouderwetse teëls kry Michael se naam op.

Emma se asem slaan weg toe hy uiteindelik die bankgewaarborgde tjek uitskryf.

“Michael, dis ’n klein fortuin,” protesteer sy.

Michael trek net sy skouers op. “Dis die look wat ons soek, Emma. Buitendien, jy sal verstom wees as jy weet hoeveel moderne restaurantmeubels en paraferalia kos. Solank jy saam met my stem dat die goed wat ons aankoop, reg is vir wat ons in gedagte het.”

“Dit is, maar ...”

Hy skud sy kop. “Dis al wat ek wil weet, en dis al wat belangrik is. Laat die res aan my oor.”

Terwyl Michael toesien dat die meubels en losgoed gelaai word, bekijk Emma hulle aankope. Hy is reg, dink sy. Dis die ideale artikels vir wat hy in gedagte het. Sy sien al klaar die tafels gedek met ’n bont verskeidenheid eetgerei, ou glase en porseleinborde waarvan die een hoegenaamd nie by die ander pas nie en sodoende juis ’n geheel van verskeidenheid vorm.

Emma verstyf toe Angelique by haar kom staan.

“Ek weet nie wat Michael besiel om soveel geld op al hierdie junk te mors nie.” Die elokusieklasse slaan sterk deur die Koninginengels. Sy skud die perfekte kop stadig. “Ek het nog altyd groot vertrouwe in sy instink gehad, maar hierdie keer weet ek nie.” Met behulp van haar hoëhakstewels kyk sy ’n sentimeter of vyf af na Emma in haar gehawende drafskoene, haar oë

ondersoekend. “Weet jy ooit wat jy doen?”

Emma trek haar rug stywer. “Michael het besluit om my kombuis as riglyn te gebruik vir die geheelbeeld wat hy wil skep. As dit is wat hy wil hê, kan ek dit vir hom gee.”

“Ek hoop so, want so gaaf as wat Michael kan wees, so meedoënloos raak hy as mense nie kan lewer wat hulle belowe het nie. Jy kan dit maar gerus in gedagte hou. En terloops, jou jean se gulp is oop.” Daarmee draai Angelique om en stap na Michael toe waar hy die nylontoue toets waarmee die meubels vasmag word. Michael sien haar en stap haar tegemoet.

Emma kyk af en ruk die rits vinnig toe terwyl een vlam na die ander op haar wange uitslaan. Dit ook nog, dink sy omgekrap oor haar eie verstrooidheid. Hoe lank loop sy al só? En boonop moet dit haar nog oorkom in die teenwoordigheid van die verleidelike en boonop gekultiveerde kosgodin! Om van Adonis natuurlik nie te praat nie.

Sy is net weer kuis toe Michael en Angelique opnuut by haar aansluit.

“Ek is nie heeltemal gelukkig dat jy met die vreeslike pakkaas moet terugry Schilderkrans toe nie, Emma. Veral nie die laaste dertig kilometer deur die Koueberg nie. Die grondpad van Rock Art af Graaff-Reinet toe was vanoggend nog vrotter as wat ek dit van laas onthou.” Michael se donker wenkbroue knoop in ’n frons.

“Dis omdat dit intussen gereën het, maar ek sal regkom.” Emma haal die sleutels uit haar baadjiesak. “Dankie vir die hulp met die vasmakery.”

Michael vee nadenkend oor sy ken voordat hy na Angelique kyk. “Ek dink ek moet liever die bakkie bestuur. Sal jy omgee om alleen met die Merc terug te ry, Angie?”

Angelique se masker val ’n oomblik lank. Irritasie plooi om die vol mond en donker wolke pak saam in die ligte oë.

“Ag nee, Michael. Jy weet ek haat dit om alleen te ry.” Sy kry weer haar

gelaatstrekke onder beheer en glimlag liefies vir Emma. “Ek is seker Emma sal regkom. Sy lyk vir my baie onafhanklik en selfstandig.”

“Emma kan saam met jou ry, Angelique, dan vat ek die bakkie. Of hoe, Emma?” Michael kyk vraend na Emma.

Emma skud haar kop nog voordat sy die saak deurdink het. “Nee, ek het die bakkie by Wanda geleen en ek sal toesien dat dit weer heel by haar uitkom. Wat sou ek in elk geval gemaak het as jy nie hier was nie? Angelique is reg; ek sal regkom. Ek het dit al gedoen.” Nie met so ’n verskriklike vraag nie, dink sy in haar enigheid. En sy is nou wel skrikkerig vir die grondpad met die oorlaaide sleepwa, maar saam met Angelique klim sy wraggies nie alleen in ’n kar nie. Sy glimlag uitdagend. “Ek hou nie daarvan om onderskat te word nie.”

Michael weifel nog ’n oomblik. “Goed dan, as jy daarop aandring, maar ons sal agter jou aanry.”

“Ag nee, darling. Dit sal ’n ewigheid neem en ek het nog heelwat om te doen. Die fotografe kom vanaand al om die brediekompetisie te dek vir die artikel wat jy wil doen.” Angelique probeer nie eens meer haar ontevredenheid wegsteek nie.

“Dis ’n potjiekoskompetisie, Angelique, maar in daardie geval ry ek saam met Emma en kan jy solank my kar vat. Ek gaan nie vir Emma alleen laat ry nie. Die bakkie en die sleepwa is oorlaai. Die risiko is te groot, en ek begryp dat sy verantwoordelik voel teenoor Wanda.” Hy hou die sportmotor se sleutels na haar toe uit.

Angelique gee hom ’n vermorselende kyk en pluk die sleutels uit sy hand. Met ’n verstommend akkurate regsomkeer op die hoë hakke en sonder om te groet stoom sy weg in die rigting van die Mercedes SLK.

Michael kyk haar ’n oomblik fronsend agterna en draai na Emma toe. “Kom. Ek wil ook by die gastehuis kom,” sê hy net en hou sy hand uit vir die

sleutels.

Emma waag dit nie om verder te stry nie. Sy is buitendien heimlik baie verlig sy hoef nie te bestuur met die vrag agterop nie.

Terwyl sy hom volg, kan sy nie help om haar te verkneukel in die petalje wat hom voor haar afgespeel het nie. Angelique is opsigtelik iemand wat daaraan gewoond is om haar sin te kry, en Michael iemand wat hom nie daaraan steur nadat hy 'n besluit geneem het nie. Maar laat hulle dit maar uitbakei. Met haar wat Emma is, het dit tog niks uit te waai nie. En dit verander boonop niks daaraan dat selfs hulle name saam op 'n Kerskaartjie hoort nie.

Season's Greetings, Michael & Angelique, sien sy die perfeksie daarvan al voor haar geestesoog. Nie so romanties opreg soos iets soos *Liefde, Ernst en Wanda* nie, en wêrelde verwyder van iets so prosaïes soos *Kersgroete, Michael en Emma*.

Laat staan prosaïes – dis gewoon obseen! Klink soos Michael-enema.

Emma grinnik suur oor die verwarde draaie wat haar verbeelding loop. Jaa, sekere dinge werk net nie saam nie. Dan maar eerder net gewoon: *Groetnis, Emma en Seth*.

Hulle is al 'n hele ent uit Aberdeen toe Michael die stilte wat tussen hulle heers, verbreek. “Jammer dat jy die relletjie met Angelique moes aanhoor. Ons skaaf nog maar aan die growwe rande van die verhouding.”

Dis dus amptelik 'n verhouding. Emma se oë word onverklaarbaar warm. Sy sluk en kyk skuinsweg na hom. Sy oë is stip op die pad gerig, sy mond stram. “Ek is jammer as ek jou in 'n moeilike posisie geplaas het.”

Die mooi mond ontspan effens, en toe hy 'n oomblik lank sy oë van die pad af haal, betrap hy haar blik op hom. Sy kyk vinnig weg.

“Jý is die een wat in 'n moeilike posisie geplaas was, Emma. Buitendien,

ek wil ook nie hê die meubels moet iets oorkom nie. Ons gaan in elk geval sukkel om genoeg bymekaar te maak. Dié soort meubels raak al hoe skaarser en replikas gaan net nie dieselfde impak hê nie.”

“Nee, dit sal nie. Maar ek dink ons behoort ons kwota te maak. Ek het ’n oudhedehandelaar op Victoria-Wes gebel en hy is op die uitkyk vir my. Dit werk ’n bietjie duurder uit om deur hom aan te koop omdat hy ook sy wins daaruit moet maak, maar uiteindelik spaar dit my weer geld vir brandstof sodat ek nie agter vals gerugte aanry nie.” Sy skuif af op die sitplek en laat sak haar kop teen die rugleuning, skielik moeg ná die dolle dag en al die emosies wat daarmee gepaardgegaan het.

Wanda neem die bestelling by ’n tafel van ses stalletjiehouers toe iets haar laat opkyk na die deur van die restaurant. Die silhoeët van die persoon wat op die drumpel staan, kan net aan een man behoort, besef sy toe haar hartklop skielik wilde draaie gooi. Sy skryf die laaste van die bestelling neer terwyl sy haar versnelde asemhaling onder beheer probeer bring voordat sy Ernst tegemoet loop.

“Hallo, Wanda. Lyk my jy is lekker besig so op die middaguur?” Ernst se oë dwaal oor die besette tafels voordat hy sy blik na haar laat sak.

Wanda knik en knip haar pen aan haar bestelboekie vas. “Ja, dit gaan goed tot dusver en die fees het nog nie eens amptelik begin nie. Dis ’n verrassing om jou hier te sien. Kan ek vir jou ’n tafel regkry?”

Ernst skud sy kop. “Nee, ek is eintlik op soek na Emma. Ek kom nou net van haar huis af, maar alles is gesluit. Selfs die skuur.”

“Stap saam kombuis toe. Ek wil net die bestelling deurgee.” Wanda koers na agter. “Emma is Aberdeen toe vir ’n vendusie en het Klaas die dag af gegee. Hulle het die afgelope ruk sewe dae ’n week gewerk,” verduidelik sy oor haar skouer. “En môre begin die fees, dan gaan dit éérs besig wees. Kom

sit.” Sy beduie na ’n stoel in die kombuis terwyl sy die bestelling uit die boekie skeur en vir die kok gee wat sy tydelik vir die fees aangestel het.

Ernst trek die stoel uit. “Wanneer kom sy terug?” vra hy terwyl hy gaan sit.

“Sy behoort laatmiddag weer hier te wees, as alles goed gaan.” Wanda buk oor die vrieskas en diep ’n paar bakke daaruit op. “Jy is welkom om hier te wag. Snaaks dat sy nie die sleutel vir my gelos het as sy geweet het jy kom nie.”

Ernst skud sy kop. “Sy weet nie. Ek het haar in die hande probeer kry, maar haar foon bly beset. Ek was juis bekommerd. Dié dat ek sommer deurgery het.”

Wanda sit een van die bakke in die mikrogolfoond en draai na hom toe. “Ek weet ek het nie die reg om in te meng met julle sake nie, Ernst, maar ... jy werk verkeerd met Emma.”

Hy kyk haar stil aan voordat hy sy kop vraend kantel.

“Ultimatums en dreigemente werk nie met haar nie. Dit maak haar net nog meer vasbeslote om op haar eie koers te bly.” Sy tel die borde met kos wat gereed staan op. “Verskoon my. Ek kom maak vir jou koffie wanneer ek hierdie bestellings afgehandel het. Dis gelukkig die laaste tafel. Die tydelike kelnerinnetjie kan na dese self die fort hou.”

“Wat stel jy voor moet ek doen?” vra Ernst toe sy weer die kombuis binnekom en vir hulle koffie uit die perkoleerder skink.

“Ek kan nie vir jou voorskryf wat om te doen nie, Ernst, maar het jy al ooit probeer verstaan wat agter Emma se beweegredes lê? Werklik probeer begryp waar haar vrese vandaan kom?”

Ernst frons onvergenoegd. “Sy het hierdie ding in haar kop om net verganklike kuns te skep. Dis absurd. Sy is ongelooflik talentvol.”

“Ernst, jy hoor nie wat ek vir jou sê nie. Het jy al probeer agterkom

wáárom sy net verganklike kuns wil skep?” Die middaglig wat deur die venster val, speel met die silwer in sy hare. Sy wens sy kan die frons tussen sy oë wegvee en die bekommerde blik uit sy oë laat verdwyn. Sy wens ... Sy ruk haar doelbewus reg.

“Dink daaroor sonder om dit summier af te skiet. En dink ook sommer wat die rede vir haar trek hierheen was.”

Ernst staar haar peinsend aan terwyl sy doenig raak met opruimwerk wat sy net so wel aan die opwasser kon oorlaat, maar wat haar nou die geleentheid gun om ekwilibrium te vind. Die impak wat Ernst op haar het, woel al haar emosies deurmekaar, en sy kom agter haar hande bewe liggies.

“Het sy vir jou iets daaroor gesê?” vra Ernst en teug nadenkend aan die koffie.

Wanda skud haar kop. “Ek dink nie Emma besef self die ware rede nie. Jou dogter is ’n komplekse entjie mens en een vol vrese wat sy nog nie eens teenoor haarself erken het nie. Maar dis nie vir ’n buitestander so moeilik om te sien dat ...”

“Tannie Wanda, die mense by tafel ses wil nagereg bestel.”

Wanda kyk om na die kelnerinnetjie. “Ek kom.” Sy draai na Ernst toe en haal ’n bossie sleutels van ’n rak af. “Gaan na my huis toe, Ernst. Jy lyk moeg. My gastekamers is uitverhuur aan stalletjehouers, maar jy kan van my kamer gebruik maak tot Emma terugkom. Ek maak net die middagskof hier klaar, dan kan ons daar gesels.”

“Ek is inderdaad moeg. Ek het sleg geslaap en is al voor dagbreek weg uit Johannesburg.” Ernst neem die sleutels by haar en vou meteens sy hand om Wanda s’n. “Dankie, Wanda. Vir jou bedagsaamheid, maar veral omdat jy daar is vir Emma.” Sy ligbruin blik is warm en opreg. “Sy is baie gelukkig om iemand soos jy as vriendin te hê.”

Wanda sluk. Sy laat sak haar oë. Sy hand is warm en droog en sonbruin

teen haar bleker een. Haar bloed pols wild deur haar are. Liewe jimmel, die man moet tog nooit uitvind watse effek hy op haar het nie.

Toe sy haar gevoelens 'n bietjie meer onder beheer het, kyk sy op. “Ek is lief vir Emma, Ernst. Sy is 'n spesiale mens met spesiale kwaliteite.” Nes jy, dink sy, glimlag effens en trek haar hand uit sy ligte greep. “Ek is die gelukkige een.”

Emma word wakker toe hulle by 'n vulstasie stilhou. Sy vee vaak-vaak oor haar oë en strek haar uit. Haar nek is seer van die skeef lê.

Michael glimlag terwyl hy die ruit afdraai. “Hallo, slaapkous.” Hy hou die sleutels uit na die pompjoggie toe. “Vol, asseblief.”

“Is ons al op Graaff-Reinet?” Emma gaap agter haar hand.

Michael knik en maak die deur oop. “Ek wil net kyk of alles nog in orde is hier agter.”

Emma knik. “En ek wil gou 'n draai loop.”

Hulle moes baie stadig gery het, besef Emma toe sy by die kleedkamers uitkom en sien hoe laag die son reeds sit. Sy stap na die bakkie toe waar Michael op sy selfoon praat, 'n frons tussen sy oë.

“Nee, Angelique, dit kan nie anders nie. Die vrag op die sleepwa het sleg geskuif. Een van die heel onderste stoele het gebreek onder die gewig en die balans versteur. Ons sal alles moet afpak en van voor af moet laai. Teen daardie tyd is dit al donker, en ek ry wraggies nie in hierdie omstandighede in die donker in Schilderpas af nie. Ons slaap hier oor en vertrek môreoggend sodra dit lig word. Al wat ek jou vra, is om mevrou Jordaan op te spoor en te verduidelik dat ons haar bakkie eers môre sal terugbesorg. Asseblief, moenie vergeet nie. Ek wil nie hê sy moet bekommerd raak nie en ek het nie haar nommer op my sel nie. Rock Art se mense sal die nommer hê.” Hy kyk op terwyl hy luister, sien Emma raak en knik in die rigting van die sleepwa.

Emma stap nader. Die vrag hang skoon skeef. Daar is geen manier waarop hulle die grondpad so kan aanpak nie, laat staan die steil bergpas net voor Schilderkrans. Sy sug diep.

“My maggies, Angelique, sal jy nou eerder dat ek my en Emma se lewe in gevaar stel net sodat ek vanaand saam met jou fotografe kan ginnegaap? As dit anders kon, sou ek nie gehuiwer het om deur te ry nie. Ek is net nie bereid ...”

Michael word duidelik in die rede geval. Hy slaan sy oë gefrustreerd ten hemele en skud sy kop. “Wel, dit is tot daarnatoe, Angie. Ek sien jou môre, dan praat ons sake uit. Dis te sê as jy van plan verander en met my wil praat. Ek gaan nie die kans waag, en boonop met iemand anders se voertuig nie.”

Hy skakel die foon met ’n ergerlike beweging af voordat hy na Emma kyk. “Ek trek net die spul uit die pad uit. Die petroljoggie het gaan hulp haal sodat ons kan afpak en oorpak. Ek sal bly wees as jy intussen vir ons êrens slaapplek kan kry. Probeer die Drostdy. Nommernavrae sal die nommer hê. Een nul twee drie.” Hy druk die selfoon in haar hand.

Emma begin haar kop skud.

“Moenie jy ook nou moeilik raak nie, Emma. My geduld strek maar net so ver.” Michael klim terug in die bakkie.

“En moenie jy jou frustrasies met Miss Perfect op my uithaal nie!” Sy hou die foon na hom toe uit.

Hy ignoreer dit. “Kom ons praat later daaroor. Bel nou eers en kry vir ons slaapplek.” Hy trek die deur langs hom dig.

“Ek bly g’n ...”

Michael sluit die enjin aan voordat Emma verder kan protesteer en trek stadig weg.

Emma kners op haar tande. Ellendeling! Kan niks regloop nie? Die laaste ding wat sy nodig het, is om ’n aand in Michael se geselskap deur te bring.

Dis al klaar vir haar 'n marteling om in sy teenwoordigheid te wees met haar hormone wat so wipplank ry elke keer wat daardie blou blik selfs net rakelings oor haar gaan.

Maar hy is reg. Sy sug gefrustreerd. Dit sal dwaas wees om in die donker met die vrag te ry.

Sy kyk vies af na die selfoon en skakel die navraenommer met ergerlike bewegings.

Ses

Wanda kom heelwat later by haar huis aan as wat sy beplan het. Tafel ses het hulle middagete gerek met Ierse koffies ná die nagereg en toe nog 'n bottel wyn ook bestel.

Sy kyk vlugtig op haar horlosie toe sy die voordeur oopdruk. Sy het skaars 'n uur voordat sy moet teruggaan restaurant toe vir die aandskof en sy is flou. 'n Halfuurtjie se rus sal die ding moet doen.

Van die mense wat kamers by haar huur, sit in die sitkamer en televisie kyk. Sy groet afgetrokke in die verbystap, nie lus om aan die gesels te raak nie.

In haar kamerdeur steek sy vas. Ernst lê skuins oor haar bed in 'n diep slaap. Sy hare is deurmekaar gewoel, maar sy gesig is ontspanne.

Wanda sit haar handsak saggies neer en haal 'n los kombers van haar klerekas af. Ernst kreun behaaglik toe sy dit oor hom gooi, maar word nie wakker nie.

Sy kyk af na die slapende gesig en sien 'n vlugtige glimlag om sy lippe speel. Wat sou jy droom, Ernst Steyn? Miskien van 'n maer, sexy New Yorker in 'n gesofistikeerde snyerspakkie? Een met 'n foutlose kapsel en Chanel No. 5 aan die polse? Sy glimlag suurderig. Van wie hy ook al droom, dit sal sekerlik nie van mollige Wanda wees wat altyd maar na kos ruik nie.

Sy gaan sit versigtig op die bed langs hom. Ek verstaan jou dogter, Ernst, praat sy in haar gedagtes met hom terwyl sy die sterk gelaatstrekke van sy weggekeerde gesig indrink. Ek verstaan wat haar dryf, omdat dit dieselfde impuls is wat my hier na Schilderkrans toe laat kom het. Ons vlug albei, Ernst. En ons vlug min of meer om dieselfde redes. Ons vlug van dit wat ons die graagste wil hê. Ons vlug omdat ons bang is om ons illusies te verloor.

Wat ek buite rekening gelaat het, is dat mens agtervolg kan word deur jou drome. Kyk nou maar, hier sit ek tussen niwers en nêrens en jý daag uit die bloute hier op. Die man wat ek my hele lewe vermoed het êrens bestaan, maar wat ek moet opgee het om ooit te vind. Wat ek herken het die oomblik toe jy 't Schilder se kosyn skielik op 'n dag vol gestaan het. 'n Herkenning wat telkens bevestig word wanneer Emma oor jou praat, my vertel van jou lewe en jou lewenshouding, al besef sy nie eens sy doen dit nie.

Wanda gaan lê op haar sy, haar gesig na Ernst se rug gekeer, maar so ver as moontlik van hom af.

En jy? Vir jou is ek 'n ouer vriendin van jou dogter. Iemand wat kos bedien en moontlik raad kan gee, maar wat sekerlik nie kan opweeg teen die vroue in wie se sirkels jy beweeg nie.

Wanda verstar toe Ernst omdraai en skielik amper neus teen neus met haar lê. Sy verander in 'n soutpilaar toe hy sy arm in sy slaap om haar middel gooi en haar styf teen hom aantrek.

“Hier is nie plek vir 'n muis op die hele dorp nie, Michael.” Emma skud haar kop en hou die foon vir die tweede keer na hom toe uit. “Ek het die toeristeburo ook gebel. Hulle sê daar is niks beskikbaar met die Watervroufees op hande nie.”

Michael plant sy hande op sy heupe en kyk na die son wat agter die rante wegsink. Hy skud sy kop. “Ek sien nie kans om die pas in die donker af te gaan nie, Emma. Die risiko is te groot met die onstabiele vrag. En dis nie ons voertuig nie. Bel daardie gastehuis hier agter, so twee strate op. Die sandsteeneen. Die nommer is op die sel onder Ken. Sê vir Ken dis ek wat vra. Ek bly nou en dan daar oor wanneer ek in die omgewing is en ruil af en toe resepte uit met Kevin, Ken se vennoot en lewensmaat, wat die kos behartig.”

Emma sug, maar gehoorsaam tog.

Michael toets die toue vir 'n laaste keer net toe sy weer nader stap.

“Ken sê hy is vol. Daar is glo net die stal oor en ook maar net omdat daar 'n kansellasië was.”

“Die stal?” Michael neem die foon by haar, druk bedrewe 'n paar knoppies met sy duim en hou die foon teen sy oor.

“Haai, Ken. Michael. Ek hoor die stal is beskikbaar.” Michael staar nikssende na die gruis wat onder sy stewels knars terwyl hy luister na wat 'n redelike lang relaas blyk te wees. “Ek sien. Het jy parkeerplek vir 'n oorvol bakkie met 'n sleepwa?” Michael knik. “Goed, ons sal dit neem. En aandete?” Hy knik weer. “Oukei. Dankie, hoor. Sien jou oor 'n rukkie.”

Hy kyk na Emma toe hy weer die foon aan sy gordel klik. “Ons het nie 'n keuse nie, Emma. Moet asseblief nie nou moeilik wees hieroor nie. Ons was al twee al vroeg op en het 'n besige dag gehad. Ek wil nou net tot ruste kom en ek kan doen met 'n glas wyn en iets te ete ná al die gewerskaf.” Hy kyk vlugtig op sy horlosie. “As ek gou maak, kan ek nog 'n supermark oop kry. Bly jy hier by die bakkie om 'n oog te hou. Ek is nou terug.”

Sonder om op 'n antwoord te wag kry hy koers oor die straat in die rigting van die supermark 'n blok of twee verder.

Emma kners vir die soveelste keer op haar tande. Michael mag die sexyste man op twee bene wees, maar hy is onuitstaanbaar dominerend.

Sy vryf oor haar arms toe die son finaal wegsak en gaan sit in die bakkie om uit die knyp van die wind te kom.

'n Stal klink nie baie belowend nie, maar met 'n bietjie geluk sal daar darem twee beddens en hopelik 'n badkamer wees, dink sy. Miskien is dit selfs 'n gesinskamer met aparte slaapplekke. Miskien is dit ingerig as 'n selfsorgeenheid, en in daardie geval sal daar definitief volop slaapplek wees. Dié dat Michael supermark toe is. Die wonderlike kok sal darem sekerlik iets

kan prakseer om te eet, dink sy droogweg, skielik ook bewus daarvan dat sy dun voel ná die lang dag.

Dis skaars 'n kwartier later toe Michael ook in die bakkie klim en 'n enkele plastieksak op haar skoot neersit.

“So ja, nou kan ons darem skoon kom,” verklaar hy en sluit die enjin aan.

Emma loer in die sak. Geen kos nie, sien sy onmiddellik. Tandeborsels, tandepasta, deodorant, seep, en selfs 'n klein botteltjie gesigroom. Sy grawe verder terwyl Michael stadig wegtrek en haal een van twee sellofaanpakkies uit. Sy bloos effens toe sy dit eien as 'n tanga in die regte grootte.

“Nou nie Lily of France nie, maar dit behoort te doen,” sê hy met 'n vlugtige glimlaggie in haar rigting.

Emma snork. “Ek het in elk geval nog nooit Lily of France se onderklere gedra nie. Woolies s'n is heeltemal goed genoeg. Maar dankie, in elk geval.” 'n Vlugtige blik na die ander pakkie bevestig haar vermoede dat dit 'n stukkie mansonderklere is. Die intimiteit van die toiletware en onderklere wat so saam in een sak op haar skoot lê, maak haar meteens ongemaklik. En vreemd kortasem.

Sy betrap Michael dat hy onderlangs na haar loer. Hy lyk ongewoon ernstig.

Hy bepaal weer sy aandag by die pad en wissel ratte om by die stopstraat af te draai. “Jy hoef nie bekommerd te wees nie, Emma. Ek is werklik nie daarop uit om jou te probeer verlei nie. Dis die laaste ding op my agenda. Al waarna ek nou uitsien, is 'n lekker glas wyn, goeie kos, 'n warm stort en 'n ordentlike nagrus.”

Emma staar by die kantvenster uit. “Natuurlik,” sê sy en wonder in haar enigheid waarom sy vreemd afgehaal voel oor sowel die strekking van sy woorde as die neutraliteit van sy stem.

Michael hou voor die gastehuis stil, maar skakel nie die enjin af nie.

“Gaan solank in. Ek ry om met die bakkie en sleepwa. Ken het gesê ek kan agter die hoofhuis parkeer sodat die meubels veilig sal wees.”

Emma kry haar drasak en die supermarksakkie en spring uit die bakkie. Die wind ruk aan die sipresse voor die huis en trek koud deur haar trui terwyl sy wag nadat sy ’n paar keer met die swaar koperklopper teen die stewige deur getik het.

“Kom binne, sweetheart. Jy moet bevrore wees. Hallo, ek is Ken. Jy moet Michael se roommate vir die nag wees.” Die skraal man met die grys baardjie en verfynde stem trek haar aan die arm binne en maak die deur agter haar toe.

“Haai, ek is Emma,” groet sy en voel die warmte van die gesellige huis behaaglik om haar vou.

“Sorry dat ons julle nou in die stal moet sit, sweetheart. Ek weet dis pricey, maar dis die fees, you know. Ook maar gelukkig die honeymoon couple wat daar sou oorgebly het, se kar het op Colesberg gebreek. Een se dood is die ander se brood, sê ek altyd. Maar ons stuur vir julle sommer kos oor soos ons vir hulle ook gereël het. Die eetkamer is in elk geval vol.”

Emma luister skaars na Ken terwyl hulle in die lang gang af stap en hy haar toe deur die kombuis na die agterdeur lei. Wonderlike geure slaan uit dikboomkastrolle op, maar verdwyn toe hulle weer na buite stap en ’n ongelyke klippaadjie die koue in volg.

Ken kom tot stilstand voor ’n klipgebou met ’n lieflike ou houtdeur en sluit dit met ’n enorme sleutel oop.

“Voilà,” sê hy en gooi die deur teatraal oop. “Maak jou tuis, sweetheart. Ek het ’n bottel van Michael se gunstelingwyn oopgemaak om asem te haal en op die tafel neergesit. Die ete bedien ons eers ’n rukkie later.”

Emma stap na binne toe Ken weer in die paadjie af skarrel en druk die deur agter haar toe terwyl sy verdwaas na die knus vertrek voor haar staar. ’n Vuur knetter gesellig in ’n ruim kaggel en die vlamme weerkaats in

honderdvoud op die sierlike koper van die hemelbed. 'n Tweesitplekrusbank met vet gestopte kussings staan aan die een kant voor die vuur en aan die ander kant is 'n tafel, swierig gedek vir twee. Die enigste ander deur lei na 'n toilet. Die yslike Victoriaanse bad vir twee met sy koperkrane en die wastafel met 'n wasbak het net 'n skerm voor wat met kant en moeseliën bedek is.

Emma draai nog 'n maal in die rondte. Dis die romantiesste vertrek wat sy in haar dag des lewens gesien het. Ongetwyfeld bedoel vir wittebroodspare of skelm naweke. Pare wat saam wil bad by die lig van die kerse in die kandelare wat gereed staan. Of 'n skaam bruidegom wat die suggestiewe silhoeët van sy bruid deur die deursigtige moeseliën wil dophou in afwagting op die voltrekking van hulle beloftes. Twee mense wat mekaar klein happies eksotiese kos voor die vuur wil voer voordat hulle die simboliek daaragter voltooi in die uitnodiging wat die tamaai koperledekant hulle bied.

Emma kreun. En dis die kamer wat sy vanaand met Michael Lindeque van alle mense moet deel. Die een man wat, sonder om 'n vinger te lig, elke haartjie op haar lyf kan laat orent staan van begeerte. Die een man van wie sy slegs met moeite haar oë kan afhou. Die een man teen wie sy, vandat hy daardie eerste aand met sy kneukels aan haar wang geraak het, geen verweer het nie.

Sy swaai om toe die deur agter haar oopgaan en Michael saam met 'n koue windvlaag inlaat. Hy druk die deur vinnig toe en vee deur sy verwaaide hare.

'n Klont lood smelt teen 'n skrikwekkende spoed agter haar naeltjie, maak haar bene lam en laat hoendervleis op haar arms uitslaan.

“Sjoe, maar dit het koud geword.” Hy stap nader na die vuur en sprei sy hande na die hitte van die vlamme. Hy kyk skuinskop na haar. “En as jy nog net so staan met jou handsak en die supermarkpakkie in jou hande?”

Emma kyk af en kom nou eers agter dat sy nog niks neergesit het nie. Sy kyk weer op na Michael. “Ek kan nie vanaand hier bly nie, Michael.” Haar

stem is hees.

Michael neem die goed uit haar willose hande, sit dit op 'n kis aan die voetenent van die bed neer en kom staan voor haar. Sy hande rus lig op haar skouers en stuur rilling op rilling deur haar lyf.

“Emma, moenie so na my kyk nie. So asof ek jou enige oomblik aan die hare by 'n grot gaan insleep nie. Asseblief, ons is grootmense en, vermoed ek, relatief beskaafd. Ek verneem jy en Seth het 'n verhouding, en ek kan moontlik nog dinge met Angelique regmaak. Ons is bloot per toeval vanaand saam in een kamer gestrand.”

Hy beduie met een hand na die rusbank. “Ek slaap daar en jy kan die bed kry. As jy 'n prinses is, sal jy sekerlik die ertjie voel wat onder die matras is, maar verder behoort jy gemaklik te wees.”

Hy glimlag skeef vir haar. “Ek kan my hand op die Bybel sit, ek het nog nooit 'n vrou gedwing om by my te slaap nie, en nog nooit met een liefde gemaak teen haar sin nie.” Hy hou sy hand oor sy hart. “Scout's honour.”

Natuurlik nie, dink Emma wederstrewig. Hulle val almal soos ryp vye in sy skoot. En as hy dink dis vir hom wat sy bang is, is hy onnoseler as wat sy gedink het. Nee, sy is nie bang vir hom nie – sy is bang vir haarself. Bang vir die gevoelens wat hy in haar losmaak.

Ek is bang, dink sy terwyl sy na hom opkyk, want ek weet as jy my nou sou soen, sal ek geen verweer teen jou hê nie. En ek is bang hierdie verspotte aangetrokkenheid, hierdie infantiele verliefdheid, sal onherroeplik in futiele liefde oorgaan.

Het Seth dalk 'n profetiese vloek oor haar uitgespreek toe hy gesê het dat sy eendag in dieselfde bootjie gaan wees as hy? Toe hy gesê het dit is hel om desperaat lief te wees vir iemand en met ongeërgdheid begroet te word?

Emma sug en kyk na Michael. Sy wonder terloops waar hy daaraan kom dat sy en Seth 'n verhouding het. Wanda, dalk?

Of het Seth iets laat val toe Michael die skildery by hom gekoop het?

“Dan verstaan ons mekaar,” sê sy net botweg.

Sy oë verdonker skielik. Dit lyk of hy iets wil sê, maar hy draai net bruusk om na die tafel toe, tel die bottel wyn op en ruik daaraan. “Wyn, Emma?”

Verbeel sy haar of is sy stem dieper as gewoonlik?

“Asseblief.” Enigiets om haar hande besig te hou sodat sy nie na hom toe stap en haar arms van agter af om sy middel sit nie. “Die bank ... Dis te kort vir jou. Ek sal daarop slaap. Jy kan die bed kry.”

Hy draai om met twee glase dieprooi rooiwyn in sy hande, sy wenkbroue effens gelig. “Bang ek verander deur die nag van plan en kom kruip agter jou rug in?”

Emma neem die glas by hom en hoop hy sien nie hoe sy bewe nie. Sy neem ’n groot sluk in die hoop dat dit haar sal kalmeer en vee haar mond onelegant met die rugkant van haar hand af.

“Wat lag jy?” vra sy verdedigend toe sy agterkom dat hy haar met ’n skewe glimlag dophou.

Hy gee hardop ’n diep laggie. “Jy boei my, Emma.” Sy stem het ’n oktaaf gesak. “Ek kan dit nie ontken nie. Jy is ’n kombinasie van ’n bietjie kind en baie vrou. Onskuld en verleidelikheid ineengevleg. Jy is visvrou en engel ineen. Heks en feëprinses. Maar, wees gerus – ek is nie iemand vir one-night stands nie. Veral nie met ’n vrou wat in ’n verhouding is met ’n ander man nie. Dis die een grens wat ek nooit oorsteek nie. Daarom het jy niks te vrese nie.” Hy sit die glas neer, trek sy koordferweelbaadjie met die skaapwolvoering uit en hang dit oor een van die eetskamerstoele.

Emma staar na hom oor die rand van haar glas. “Maar jou verhouding met Angelique sal jou nie keer nie?”

Michael sug. “Dit sou definitief die grootste faktor gewees het, maar Angelique het gebel terwyl ek die bakkie geparkeer het.”

Hy kyk op na die hoë geelhoutplafon met die swaar, ruwe balke en toe weer na Emma. “Ek wou eintlik nie vir jou sê nie – ingeval dit jou nog meer sou ontstel oor hierdie sameloop van omstandighede – maar sy het my voor ’n ultimatum gestel. Gesê as ek vanaand hier oorslaap saam met jou, is my verhouding met haar iets van die verlede.”

Emma frons. “Hoekom het jy nie die sleepwa afgehaak en met die bakkie deurgery nie? Ons kon wel môre ’n plan gemaak het.”

“Die bakkie is ook oorlaai.” Hy kyk haar reguit in die oë.

’n Stomp val skeef in die kaggel en dis meteens donkerder om hulle.

Emma voel hoe die stemming tussen hulle subtiel verander. Asof daar meteens ’n verdigting in die atmosfeer tussen hulle plaasvind. Sy probeer ongemerk diep asemhaal om ontslae te raak van die bedwelming van sy nabyheid, maar sy kan nie haar oë van hom wegskeur nie.

“Jy kon die kans gewaag het as jou verhouding vir jou genoeg werd was.” Vir Emma voel dit of hy haar siel in die bloutes van sy blik insuig.

“Is ’n verhouding wat van geen vertrouwe getuig nie, die moeite werd?” Sy stem het nog laer gesak. Sy oë hou hare steeds gevange.

“Miskien is daar nie rede vir vertrouwe nie?” Emma voel hoe haar hart teen haar borsbeen bons. Die atmosfeer tussen hulle knetter amper hoorbaar.

“Ek het haar nog nooit rede gegee om my te wantrou nie.”

“Hoekom vertrou sy jou dan nie?”

Michael roer sy skouers. “Ek weet nie. Sy het nog altyd. Maar daar is ’n vraag wat my meer interesseer. Hoekom, Emma, het jy nie die voorstel om die sleepwa af te haak, vroeër gemaak nie?” Sy stem is so diep dat dit skaars meer as ’n fluistering is.

Emma het geen beheer oor haar bors wat op en neer dein nie. Daar is nie genoeg suurstof in die lug nie.

“Ek het gewoon nie daaraan gedink nie. Nie toe nie,” kry sy dit hees uit.

“En wat sal Seth sê?” Hy staan ’n halwe meter van haar af en tog voel sy die hitte van sy liggaam teen haar vasslaan.

Emma se asemhaling word nog vlakker. Moenie vir hom sê nie! skreeu ’n waarskuwende stemmetjie. Dis jou enigste verweer teen hom – dat hy dink daar is iets tussen jou en Seth.

“Seth ... Ek ...”

“Jy en Seth, Emma?”

Emma laat sak uiteindelik haar oë. “Ons is uit.”

Wanda hoor veraf die foon in die sitkamer lui. Sy voel Ernst se asem teen haar voorkop en verlustig haar in die warmte van sy slapende lyf.

Ernst kreun sag toe sy haar versigtig loswikkels en op haar tone uit die kamer draf.

“Wanda Jordaan?”

“Angelique Hanson,” kom die gemoduleerde stem kil oor die foon. “Ek skakel net om te sê dat Michael laat weet het hy en Emma Steyn sal eers môreoggend daar wees.”

Wanda is seker sy verbeel haar nie dat daar ’n vyandigheid in die woorde opgesluit lê nie. “Is daar fout?”

“Nee. Die vraag het glo geskuif en hulle wil nie in die donker die grondpad en die pas aandurf nie. Hulle slaap op Graaff-Reinet.” Daar is ’n klein stilte. “Dis sy storie, in elk geval,” vervolg sy effens nydig.

“Dankie dat jy laat weet het. Ek het al bekommerd geraak omdat ek nie van Emma hoor nie. Weet jy dalk waar hulle oorslaap?”

“Nee. Ek het nie gevra nie en Michael het ook nie gesê nie. Maar sê jy maar vir Emma Steyn as jy haar weer sien, mevrou Jordaan, sy moenie dink sy gaan hiermee weggom nie. Ek hoop sy geniet die naggie saam met hom, want dit sal haar eerste en ook haar laaste wees. Michael is myne, en myne

sal hy bly. Ek sal nie 'n klein slet soos sy tussen ons laat kom nie. Buitendien, hy weet baie goed ek kan hom ruïneer. Sonder my ondersteuning is hy niks nie.” Die gemoduleerde stem het skril geword.

Wanda voel hoe sy rooi in die gesig word van verontwaardiging. “Ek stel voor jy tel jou woorde, juffrou Hanson. Emma is 'n goeie vriendin van my en ek sal nie toelaat dat enigiemand haar 'n slet of enigiets dergeliks noem nie.”

“Gee maar net vir haar die boodskap, mevrou Jordaan. En wees maar versigtig, of jou restaurant se reputasie is ook in die gedrang. *Heavenly Homes* het 'n groot en invloedryke leserstal. As jy of Michael skeeftrap, sal daar niks van óf 't Schilder óf Angel-on-Broom te redde wees nie.”

Die foon klik met kil finaliteit in Wanda se oor. Sy bly 'n oomblik so staan en sit toe die gehoorstuk onsag terug op die mik. Bedorwe klein merrie, dink sy ergerlik. Ek laat my nie deur jou hooghartigheid of jaloesie manipuleer nie.

Sy stap ergerlik deur na die kombuis en skakel die ketel aan. Terwyl sy haar beker regsit en die teesakkie met geweld daarin smyt, klop daar egter tog kommer deur haar.

Angelique mag nou wel manipulerend en hoogs ongeskik wees, maar sy lieg nie; sy kan haar en Michael groot skade berokken met die invloed wat sy deur middel van haar tydskrif het. Een swak restaurantresensie kan Michael se hele projek laat sneuwel, en 't Schilder kan 'n groot knou kry as Angelique werklik gemeen wil wees. Nie net deur middel van *Heavenly Homes* nie, maar ook omdat Angelique restaurante vir ander glanstydskrifte resenseer, en vir een of twee koerante.

Wanda slaan van magtelose ergernis met haar vuus teen die kombuiskas.

“En as ons nou so humeurig is?”

Sy swaai verras om toe sy Ernst se stem agter haar hoor. Hy staan skuins teen die kosyn geleun en kyk haar met gevoude arms en geamuseerde oë aan.

Sy hare is nog deurmekaar van die slaap en hy het sommer op sy sokkies geloop. Seker dié dat sy hom nie hoor aankom het nie.

Sy grinnik verleë. “My sommer net gruwelik vererg vir Angelique Hanson. Sy’t my nou net gebel om te sê Emma en Michael slaap vanaand op Graaff-Reinet oor. Iets van die vrag en die pas in die donker.”

“Ek dag ek het die foon hoor lui.”

“Tee vir jou?”

Hy knik. “Asseblief. Ek het ’n dooie hou geslaap. Is jy lankal terug?”

Wanda skud haar kop en hou haar hande besig met die maak van die tee. Dankie tog, hy onthou nie dat sy by hom gaan lê het nie.

“Is dit jy wat die kombers oor my gegooi het?” Hy neem die beker tee by haar. “Dankie. Vir die kombers ook. Dit was bedagsaam van jou. En dit nadat ek sommer jou bed oorgeneem het.”

“Ek het in elk geval nie genoeg tyd gehad om skuins te lê nie.” Sy kyk op haar horlosie. “Ek sal moet wikkel as ek nog ’n blitsige stort wil inkry. Jy is ook welkom om die badkamer te gebruik. En kom gerus deur restaurant toe. Hier is nie veel kos in die huis nie.” Sy tel haar beker tee op. “Verskoon my, ek moet gaan klaarmaak.”

“Wanda.” Hy hou haar terug toe sy verby hom stap.

Wanda kyk op in die whiskykleurige oë. Daar is ’n sagtheid in wat sy nog nie voorheen gesien het nie.

Hy streel met geknakte vingers ’n haarsliert van haar wang af. Sy oë gaan na haar mond voordat hy weer in haar oë kyk. “Hoe is dit dat ek nie voorheen besef het hoe sag en mooi jy is nie?”

Wanda sluk. “Ek is maar net nie jou tipe nie, Ernst.”

Hy stoot sy sensitiewe vingers teen haar slaap op en deur haar hare. Sy palm skulp warm om haar wang. “Ek sal jou graag wil skilder, Wanda.”

Wanda laat sak haar oë. Idioot, skel sy haarself uit. Het jy werklik vir een

oomblik gedink hy sal jou as vrou raaksien? Op persoonlike vlak?

“Ek moet gaan, Ernst. Ek gaan laat wees.” Sy skuur verby hom en haas haar in die gang af.

“Sal jy daaroor dink?” volg sy woorde haar.

“Ons praat later!” roep sy oor haar skouer en vlug na haar kamer toe.

Sy sit die tee op die bedkassie neer en kyk toe verstar na die bed. Sy hoop maar Ernst was deur die slaap toe hy opgestaan het, want haar kopafdruk is baie duidelik in die kussing reg langs syne geëts.

Sy klop die kussings met geweld op, trek die bed reg en storm na die aangrensende badkamer toe. Sy steek skielik vas. As Emma op Graaff-Reinet oorbly, waar op aarde gaan Ernst slaapplek kry?

Sewe

Michael se wenkbroue skiet die hoogte in. “Julle is uit? Demmit, Emma, hoekom het jy my nie ...” begin hy, maar die luide klop aan die deur maak inbreuk op die res van die sin.

Michael stoot sy vingers deur sy hare, maak die deur oop en laat Ken met ’n oorlaaide skinkbord in sy hande binne.

“Hallo, sweethearts. Alles na julle sin? Ek het maar nog ’n bottel wyn gebring vir in case, en ’n lekker port vir saam met die cheese en biscuits. Ek het ’n wonderlike gorgonzola vir jou opgespoor, Michael, sweetheart.” Hy sit die skinkbord neer en stap na ’n jonkmanskas in die hoek toe. “Ag nee, wat is dit so stil hier?” Hy vroetel in die kas en ineens kom die klanke van Andrea Bocelli se stem deur onsibbare luidsprekers.

“Kom ons maak die tafel gou vir julle mooi.” Met raakvatbewegings rangskik hy die outydse opskepbakke, skik ’n bietjie aan die rooi rose in die silwer houertjie in die middel van die tafel en steek die kerse weerskante daarvan aan. “So ja, dis beter.”

Hy draai om, vryf sy hande en glimlag breed. “Geniet dit, my sweethearts. Bel maar kombuis toe as daar iets skort.” Hy frons effens. “Maar kam tog ’n bietjie jou hare, Emma. Jy is so ’n stunning girl. Bietjie lipstick sal ook nie skade doen nie. You’re a lucky man, Michael. As ek nie so skeef was nie, was ek dalk vanaand jaloers op jou. Maar nou toe, moenie die kos laat koud word nie.” Hy maak die deur oop. “Enjoy, sweethearts. Life is short.” En daarmee druk hy die deur agter hom toe.

Emma hark selfbewus deur die warboel van haar lang, krullerige hare.

Michael se sagte laggie laat haar opkyk. “Moet jou nie aan Ken steur nie. Jy is pragtig, selfs wanneer jy lyk soos ’n war-paint-ritueel wat skeefgeloop

het. Soos die eerste dag toe ek jou gesien het.”

“Moenie jou komplimente op my vermors nie, Michael,” sê Emma dwars om die hitte in haar wange teen te werk.

Michael draai sy kop vraend.

“Ek is nie heeltemal onder ’n kalkoen uitgebroei nie, al bly ek op ’n dorp wat net sewe en veertig siele huisves. Hou jou sjarme vir jou stadsmeisies.” Sy kyk hom uitdagend aan.

Michael gee ’n ongelowige laggie en kom staan voor haar. “Wat is dit met jou, Emma? Het jy iets teen ’n opreg bedoelde compliment of het jy werklik geen idee watse effek jy op mens het nie?” Hy vee haar hare van haar slape af en streel met sy duim oor haar mond.

Die veglus in Emma slaan oor in ’n magtelose ademloosheid. “Michael, moenie,” kry sy dit skor uit terwyl elke sel in haar liggaam wakker geskud word deur die tergende aanraking.

Hy staan onmiddellik terug. “Ek is jammer, Emma. Jy is reg. Kom ons eet.” Hy draai om na die tafel toe en lig die deksels van die opskepbakke af. “H’m, dit ruik heerlik. Kevin het uitgehaal vanaand. Kwartels en kefta. Die skelm het my een aand baie wyn gevoer en toe die resep uit my getrek.”

Emma staar hom ’n oomblik lank verward aan. Hoe kry hy dit reg om sommer net oor te slaan van intimiteit na neutraliteit? Asof hy sommer net so van een radiostasie na die volgende oorgeskakel het? Was dit hoe Seth haar ook ervaar het? Ek is jammer, Seth, dink sy. Jy was reg. Dis hel.

“Verskoon my,” mompel Emma gesmoord en verdwyn haastig by die toilet in. Sy kyk in die spieël bokant die wasbakkie terwyl sy haar hande was. Haar wange is hoogrooi en haar oë gloei met ’n andersoortige lig. ’n Lig wat in haar aangesteek is toe Michael aan haar lippe geraak het.

Emma kreun. Hy speel met jou, demmit! spreek sy haarself streng aan. Angelique het hom afgesê en nou wil hy hom net met jou vermaak.

Sy spoel haar gesig of en druk dit droog in die sagte wit handdoek voor sy weer haar weerkaatsing trotseer. Wees dankbaar, sê sy geluidloos vir haar spieëlbeeld. As hy nie geluister het toe jy hom gekeer het nie ...

Sy skud haar kop vies. Jy kan hom weerstaan, Emma Steyn, want jy moet. As jy sou toelaat dat Michael Lindeque ... Sy durf nie die gedagte verder voer nie.

Onthou net, vervat sy haar alleenspraak, die uiteinde sal wees dat jy hierdie keer werklik met 'n gebroke hart op Schilderkrans sal agterbly en stoele verf terwyl hy weer vort gaan na sy bedrywige jappielewe toe. En na Angelique toe. Of die volgende Angelique.

Hy dink jy is mooi. Vind jou dalk begeerlik. Jy boei hom. Maar jy en 'n man soos Michael leef wêrelde uit mekaar. Dit sal dalk opwindend wees vir 'n nag, maar uiteindelik ... Sy skud haar kop. Jy gaan net seerkry.

Maar ek sal hierdie een aand kan onthou vir die res van my lewe, flikker 'n ander stem in haar op.

Dis nie die moeite werd nie, smoor die wyser stem die flikkering.

Emma haal diep asem en maak die deur oop. Die vuur vreet lustig aan die nuwe stompe wat Michael moes opgesit het.

Andrea Bocelli se stem tas haar sinne aan toe sy weer die vertrek binnestap. Dit is egter niks in vergelyking met die man wat gebukkend in die lig van die dansende vlamme met kenmerkende behendigheid die klein kwarteltjies op die basmatirys rangskik nie. Sy kom langs hom tot stilstand en kyk hoe hy die petite pampoenballetjies presies posisioneer en die sousie met netjiese polsbewegings oorskep sodat dit kunstige poeletjies op die bord maak. Toe hy terugstaan nadat hy die juliennegroente geskik en vars kruie oorgestrooi het en na haar kyk, lyk die twee borde soos weloorwoë skilderytjies wat perfekte komposisie illustreer.

Hy kyk oor sy skouer en trek die stoel vir haar uit. “So ja. Kom sit aan.”

Hy kantel die bottel wyn oor albei glase en volg haar voorbeeld toe sy gehoorsaam gaan sit.

Emma tel haar mes en vurk op en kyk af op haar bord. Die kwarteltjies lyk klein en broos in die rysbedding en sy kies eerder 'n pampoenballetjie om mee te begin. Die soeterige smaak gekombineer met die Midde-Oosterse geheimenisse van kruie, en speserye streel haar tong en blom deur haar mond. Sy maak haar oë toe.

“Hoe smaak dit?” hoor sy Michael vra.

“Verruklik.” Sy maak weer haar oë oop. Michael kyk met 'n skewe glimlag na haar terwyl die kersvlamme in sy oë dans. “Dis hemels, maar ek weet nie of ek dit oor my hart gaan kry om die kwartels te eet nie. Hulle lyk so ... weerloos.”

Michael lag sag. “Dink jy nie hoenders is ook maar weerloos nie? Of die wild waarvan daar sulke heerlike biltong gemaak word nie?”

“Seker, maar ...” Sy kyk weer af op haar bord. “Hulle is so klein, so delikaat.”

“Dis seker hoekom hulle as 'n delikatesse beskou word.” Sy oë skitter vol humor.

Emma kan nie help om te lag nie. “Pun intended, neem ek aan.”

“Ek pleit skuldig.” Hy bring sy glas na sy mond toe en die wyn laat 'n blinkigheidjie op die vol onderlip agter.

Emma trek verbouereerd 'n murgsagte dytjie van die lyfie los en proe 'n happie. Enigiets om nie weer in daardie maalstroom van hormone te beland nie.

“En toe?” vra hy toe sy haar lippe fyntjies probeer aflek.

“Dis heerlik,” erken sy. “En 'n groot verbetering op die snackwich wat my stapelvoedsel is. Dit en tee en beskuit.”

“Ernst het my gesê jy het geen kulinêre gewete nie,” grinnik hy terwyl hy

'n netjiese happie op die vurk prakseer.

Emma laat sak haar hand met die dybeentjie nog tussen haar blinkerige vingers vasgeklem. “Ernst?”

Michael kyk vinnig op, 'n skuldige trek in sy oë.

“My pa Ernst?” Emma vee haar hande aan die gestyfde servet af.

“Ja, jou pa Ernst.” Michael sug. “Ek het my mond verbygepraat. Jou pa wou nie hê jy moet weet ons is vriende nie. Nie nou al nie, in elk geval.”

“En hoekom nie?” Emma kyk hom agterdogtig aan. En toe daag dit by haar. “Dis my pa wat jou opgesteek het om my industrietjie te kom ondersteun, is dit nie? Omdat hy skuldig voel. Jy het nie toevallig op Schilderkrans aangekom, my meubels toevallig by Wanda gesien en toe toevallig besluit jy wil sulke stukke vir jou tema- restaurant gebruik nie. My pa het jou gestuur. Jou dalk nog betaal uit daai vet tjek wat hy vir sy laaste uitstalling in New York gekry het.”

“Dis nou presies waarom hy nie wou gehad het jy moet weet nie. Jou pa het my gewaarsku jy sal tot al die verkeerde gevolgtrekkings kom. Hy het gesê dis by jou 'n wet soos Murphy s'n. Emma se Wet, het hy dit genoem. ‘As Emma enigsins die kans gegun word om tot 'n verkeerde gevolgtrekking te kom sal sy.’” Michael skud sy kop. “Ek wou hom nie glo nie. Ek wou uit die staanspoor oop kaarte met jou gespeel het. Veral nadat ek jou ... jou meubels gesien het.”

“Dus het jy wel toevallig op Schilderkrans uitgekom en toevallig ...” Emma laat die sarkastiese woorde in die lug hang, welwetende dat hy die strekking sal volg.

Michael skud sy kop. “Nee, dit was nie toeval nie. Dit was egter wel 'n sameloop van omstandighede. Ek wou in elk geval 'n artikel vir *Heavenly Homes* oor Karoo-kos doen met die Watervrou-fees as agtergrond. Ek het dit aan jou pa genoem toe ek hom by 'n geselligheid raakgeloop het en hy het

gesê jy woon op Schilderkrans. Een ding het tot die volgende gelei ...”

“En toe word jy aangestel as my barmhartige samaritaan.” Emma gooi die servet neer en stoot haar stoel agteruit. Vernedering bruis deur haar toe sy opspring, met haar hande op die tafel druk en na Michael toe oorleun. “Wel. Ek het nuus vir jou en jou vriend Ernst. Ek het nie julle barmhartigheid nodig nie. Ek sal regkom sonder jou denkbeeldige restaurant.”

“Sit tog, Emma. Jy het die kat heeltemal aan die stert beet. My idee vir die restaurant ...”

“En in watter stadium sou jy my so ver probeer kry om die idee vir die muurskildery te verruil vir een op doek? Want dis tog waarom dit gaan. My pa se beheptheid daarmee dat ek iets op doek moet doen,” val sy hom dwarsweg in die rede.

“Emma, bedaar.”

Sy kan hoor hy het hom vererg, maar sy is verby die stadium wat sy omgee. Sy slaan met haar hand op die tafel dat die glase rinkel. “Moenie my ‘Emma bedaar’ nie!” Sy swaai om en gaan staan voor die venster met haar rug na Michael toe. Sy sien skaars die takke van die bome wat onder die geweld van die wind heen en weer swiep.

Eers toe hy haar aan die skouers beetskry en omswaai sodat sy na hom moet kyk, besef sy dat hy ook van die tafel af opgevlieg het. En toe sy in sy oë kyk, besef sy dat hy net so woedend is soos sy.

“Emma Steyn, nou luister jy na my. Jou pa het gevra dat ek jou moet opsoek. Moet probeer agterkom of jy darem die pyp rook. Of jy oukei is. Maar dis hoe ver dit gaan. Hy het my gesê van jou meubels en dat Wanda daarvan in die restaurant het, maar ek sou nooit ...”

Emma probeer losruk. “Los my uit. Ek is nie ’n verdomde charity case nie. Los my net uit!” Haar magtelose wrewel styg nog ’n paar grade toe sy die trane oor haar wange voel rol.

“Emma ...”

Sy kyk op na Michael. Deur die trane is sy gesig uit fokus. “Ek verstaan nie waarom my pa my nie ...”

“En ek, Emma, verstaan nie ...” val hy haar in die rede, maar bly skielik stil.

’n Oomblik lank bly hulle so staan. ’n Oomblik gestol in die tyd. ’n Oomblik waarin hulle oë ’n tweegeveg veg. Een wat hulle albei verloor, besef Emma toe sy Michael se oë sien verdonker en die atmosfeer van vroeër vanaand weer die lug tussen hulle vol hang.

“En ek verstaan nie, Emma, dat ek so ’n moedswillige, so ’n wederstewige ... meisiekind so verskriklik begeerlik vind nie.” Sy stem is hees, met ’n soort magtelose ongeloof daarin. “Van die eerste oomblik af wat ek jou daar in die skuur sien staan het.” Sy lippe is meteens op hare.

Emma verstar ’n breukdeel van ’n sekonde lank voor die passie wat in haar bly sluimer het vandat sy haar oë op hom gelê het, oorneem. Haar mond gaan oop onder syne en haar hande raak verstrengel in sy hare, trek hom nog nader aan haar. Sy hoor hom kreun, voel hoe hy haar teen hom vasruk. Die kamer duisel om haar.

Sy tong is warm en hartstogtelik in sy ontdekking van haar mond, sy hande dringend oor haar lyf. Met die laaste greintjie van haar weerstand wat sy weet sy moet hê, draai sy haar kop weg. “Michael!” roep sy uit, maar dis net ’n hees fluistering wat verlore gaan in die knetterende geluid van die vuur.

Sy lippe vind haar nek, sy tong speel met haar oorlelletjie, en sy voel sy asem in haar ore jaag. Sy hoor die kreungeluidjies wat sy maak, maar dit kom van ver af. Sy is bewus daarvan dat Michael haar optel en op die koperbed neerlê. Sy voel die sagte matras onder hulle gesamentlike gewig meegee en die hitte van sy liggaam teen hare skroei. Sy proe die preweling van haar

naam op sy lippe.

Haar vingers vroetel ongeduldig met die knopies van sy hemp voor hy haar hemp en trui in een beweging oor haar kop trek. Sy hoor dofweg hoe dit op die vloer beland en ruk die laaste paar knope van sy hemp oop, skaars bewus van die een wat wegspar onder haar vingers.

Sy sien hoe sy oë met verwondering die pad van sy hande oor haar borste volg en haar vol kontoere met sy lippe ontdek. Sy kreun toe sy mond warm oor die pieke van haar begeerte sluit en boog haar lyf nog nader aan hom. Sy vel is glad en warm onder haar hande toe sy sy hemp gejaagd afskil en eenkant toe gooi.

Die klop aan die deur kom van ver af na haar toe, maar dring eers tot haar deur toe Michael se liggaam verstyf en hy sy kop lig.

Die wind kom koud saam met Ken die kamer binne. Michael rol in een beweging van haar af en gaan staan tussen haar en die skraal man.

“Ag, jammer, sweethearts, maar die deur was nie gesluit nie.”

Emma gryp-gryp na Michael se hemp en hou dit voor haar terwyl blos op blos in haar wange opvlam.

“Sit maar net die skinkbord buite wanneer julle klaar is.” Ken lyk heeltemal ongestoord toe hy met ’n wuif van die hand weer die deur agter hom toetrek.

Michael gaan sit op die bed asof sy bene hom nie meer wil dra nie en laat sak sy kop in sy hande. “Hemel, Emma,” prewel hy en hark met sy vingers deur sy hare. “Liewe hemel, Emma, ek is jammer.”

Emma buk en tel haar verstrengelde hemp en trui van die vloer af op. Met bewende hande ontwar sy die twee kledingstukke en trek net die trui oor haar kop. Sy vou haar arms, skielik koud en skaam, voordat sy na Michael kyk wat nog met ’n kaal bolyf wat brons glimmer in die lig van die vlamme langs haar sit.

“Ek weet nie wat in my gevaar het nie. Ek is jammer,” herhaal hy. Hy staan op sonder om na haar te kyk, gryp sy baadjie wat nog oor die stoelleuning hang en stap so in die aantrek tot by die deur. Toe eers kyk hy na haar. “Ek gaan ’n entjie stap.”

Emma sluk swaar aan die droogte in haar keel. “In hierdie weer?”

Michael maak die deur oop. “Ek sien jou later.”

Die deur klap agter hom toe.

Sy val agteroor op die bed neer en staar na die swaar balke van die plafon. Wat op aarde het oor hulle gekom? In haar dag des lewens is sy nog nooit so oorval deur passie nie. Nog nooit is sy so meegevoer deur hartstog nie. Nog nooit het sy ’n man so intens begeer soos vir Michael nie.

Sy kreun hardop en draai met haar gesig in die kussing in. Wat op aarde het hulle aangevang?

Wanda is stokflou toe sy die restaurant laataand agter haar sluit. Vir die soveelste keer wonder sy wat van Ernst geword het. Hy het nie by die restaurant kom eet nie, en toe sy tussen die hardlopery deur gebel het, was daar ook nie antwoord by die huis nie.

Sy stap kouluk in die donker straatliglose straat af. By haar huis brand die stoeplig en nog ’n lig in die kombuis, maar verder is alles in donkerte gehul. Ernst se Land Rover staan ook nie meer langs die huis geparkeer nie.

In die kombuis vind sy ’n briefie in ’n sterk, vloeiende handskrif.

Wanda

Dankie vir jou gasvryheid.

Ek het Seth raakgeloop en hy het kos en blyplek vir vanaand aangebied.

Sien jou môre.

Sterkte met die fees.

Ernst

Wanda gaan sit by die kombuistafel. Sy kan nie besluit of sy teleurgesteld of verlig is nie.

Sy grinnik suurderig. Wie probeer sy bluff? Teleurstelling is by verre die sterkste emosie wat nou in haar woed. Teleurstelling, en 'n irritasie met die arme Seth wat sekerlik net wou goed doen. Maar wat het sy verwag? 'n Romantiese tête-à-tête in die middernagtelike ure met 'n man vir wie sy vir alle praktiese doeleindes 'n vreemdeling is, al voel dit vir haar of sy hom al donkiejare ken?

Wanda rek na die kombuiskas en haal 'n glas en 'n halwe bottel wyn uit. Te hel daarmee dat dit eenuur in die nag is, dink sy en skink vir haar wyn in. Sy is moeg, maar nie vaak nie. Buitendien wag die bed koud en leeg op haar. Soos die afgelope paar jaar al. En voor dit ... Nee, sy wil nie aan die verlede dink nie. Veral nie vanaand nie. Daarvoor voel sy te rou en emosioneel oor Ernst se gebrek aan belangstelling in haar as vrou.

Die wyn het egter die regte uitwerking. Toe sy uiteindelik in die koue bed klim, is sy ten minste 'n bietjie meer afgewen. Sy trek die duvet hoër op en ruik hom. Die groenerige geur van sy naskeermiddel, maar ook die vars geur wat so eie aan hom is.

Wanda maak haar oë toe en adem die geur diep in. Voor haar geestesoor sien sy hom teen die kosyn in die kombuis geleun. Sy voel weer die sensitiwiteit van sy vingers teen haar slaap en deur haar hare, sy palm wat warm om haar wang skulp.

“Ek sal jou graag wil skilder, Wanda,” hoor sy nog die diep timbre van sy stem.

Wanda sug diep. Miskien moet sy dit tog maar oorweeg. Miskien is dit die

enigste manier waarop sy aan hom kan behoort, al is dit net vir 'n kort rukkie. Terwyl sy kwas haar op doek verewig.

Emma sleep haar van die bed af toe die teistering van haar gedagtes ná 'n rukkie vir haar te veel word. Terwyl die bad voltap, gooi sy nog 'n paar stompe op die vuur en ruim die tafel op. Sy los Michael se kos onder 'n koepeldeksel, ingeval hy dalk honger is wanneer hy terugkom, en sit die res van die goed buite neer soos Ken gevra het. Sy kry die sak met toiletware en plak dit op die wastafel neer, maak haar wynglas vol en steek die kerse langs die bad aan.

Met 'n vlugtige blik na die deur trek sy haar skouers op en steek haar hare op haar kop vas met 'n knip wat sy uit haar sak opgediep het. As Michael terugkom terwyl sy bad, is dit maar tot daarnatoe. Hy sal maar net ordentlik moet wees.

Sy raak van haar klere ontslae en sak, glas in die hand, stadig weg in die heerlike warmte van die water. Sy teug diep aan die wyn en voel 'n loomheid deur haar trek. Miskien sal al die emosies in die badwater intrek, dink sy. En die hormone. Haar liggaam bevry van hierdie houvas wat Michael Lindeque op haar het. Wat haar so laat oorreegeer het toe sy gehoor het dat hy en haar pa geheul het.

Sy sug. Miskien het sy oorreegeer, maar sy wil werklik nie aan die ontvangkant wees van gunste en gawes wat deur haar pa geïnisieer is nie. Nie van Michael of enigiemand anders af nie.

Maar sou hy werklik al daardie geld uitgegee het as sy restaurant net 'n verskoning was om haar te help? Of is dit haar pa se geld wat hy so vrylik bestee? Sy weet haar pa is welaf. Sy skilderye is baie gesog in Amerika en hy word in dollars betaal, maar dit sou tog baie makliker gewees het om maar net weer haar onderhoud te hervat as om met hierdie omslagtige plan

vorendag te kom.

Sy rek oor die rand van die bad en sit die leë wynglas op die vloer neer. Tensy sy reg was en haar pa haar wel met Michael se hulp wil manipuleer om 'n skildery te maak. Maar dit klink nou vir haar ook darem te vergesog, dink sy terwyl sy haar lyf inseep. Amper so vergesog soos die feit dat Michael haar klaarblyklik net so begeerlik vind soos sy vir hom.

Sy spoel die seep af en lê weer terug in die water. Maar hy is 'n man, mymer sy, en sy was beskikbaar.

“Ons mans is maar so gemaak en gelaat staan, Emma,” het Henry probeer verduidelik toe sy uitgevind het dat hy gereeld 'n bed met ander vroue ook deel. “Ons is primitiewe wesens. Ons lewe draai om seks. As 'n vrou net naastenby gewillig lyk, maak ons die meeste daarvan. Dis hoe ons geprogrammeer is.”

Is dit al wat vanaand gebeur het? Uit Michael se oogpunt gesien? 'n Romantiese omgewing, 'n tog te gewillige vrou, en daar het jy dit. Die programmering skop in.

Sy kreun van verleentheid en maak haar oë toe.

“Emma! Wat op aarde ...”

Michael se stem reg langs haar ruk haar uit 'n verwarde droom. Die kerse brand laag, en van die vuur het daar net 'n paar verlate kole oorgebly, merk sy voordat sy agterkom dat sy nog steeds in die bad lê, maar teen hierdie tyd rittel en beef van die koue.

Sy slaan haar arms oor haar borste. “Wat maak jy hier? Loop!” kry sy dit tussen kletterende tande uit.

“Ek moes hier agter die skerm kom kyk wat van jou geword het toe ek roep en jy nie antwoord nie. Jy kon verdrink het, demmit!” Hy gee vir haar een van die groot badhanddoeke aan en draai om. Verby die skerm sien sy

hoe hy klein houtjies op die vuur gooi en die kole weer wakker blaas.

Sy droog haar bibberend af, trek haar nuwe tanga aan en gooi die trui oor haar kop. Sy borsel vlugtig haar hare, smeer van die gesigroom aan en borsel haar tande.

Toe sy agter die skerm uitkom, het die hout weer vlamgevat.

Michael skud sy kop. “Hoe kan jy in die bad aan die slaap raak en boonop nie wakker word terwyl jy aan die verkleum is van die koue nie?”

“Ek was moeg. En buitendien, ek het nie verdrink nie en ook nie verkleum nie. Nie heeltemal nie, in elk geval.” Sy gaan staan reg voor die vuur om weer hitte in haar ledemate te forseer, maar weier om na Michael te kyk waar hy by die tafel gaan staan het. Sy hoor hoe hy die deksel van die bak afluig. Op die rusbank sien sy ’n ekstra duvet lê wat hy moes saamgebring het – waarskynlik met komplimente van Ken.

Sy loer tog om na Michael waar hy die laaste stukkie van ’n kwarteltjie verorber.

“G’n wonder Ernst is bekommerd oor jou nie. Jy is ’n gevaar vir jouself,” brom Michael terwyl hy sy vingers aan ’n servet afvee en na die wastafel toe stap om sy hande te was.

“Hou my pa uit hierdie gesprek, Michael.” Emma vou die groot duvet op die bank dubbel en klim tussen die lae in asof dit ’n slaapsak is. Sy trek die donsigte warmte tot oor haar ore en voel hoe die koue geleidelik die wyk neem.

Michael se lyf maak skadu’s agter die skerm terwyl hy eers sy tande borsel en toe met die handstort sukkel. Die mooi proporsies van sy lyf word verwring deur die flikkerende vlamme van die vuur en die kerse, maar dit keer nie haar verraderlike liggaam om daarop te reageer nie. Uiteindelik knyp sy haar oë styf toe, maar die slaap wil nie kom nie.

Sy hoor Michael klaarmaak en ruik toe hy die kerse uitblaas voordat hy

ligvoets na die koninggrootte bed toe loop.

“Is jy seker jy sien kans vir die rusbank?” vra hy met ’n lae stemtoon asof hy bang is sy slaap dalk al.

“Ek lê lekker, dankie,” mompel sy en probeer haar bene effens strek, maar die armleuning is in die pad. Boonop het sy vergeet om ’n kussing van die bed af te vat.

“Soos dit haar majesteit behaag.” Sy hoor ’n beterweterige laggie in sy stem. Die lieflike, gemaklike bed kraak onder sy gewig toe hy inklim.

Emma maak haar oë oop. Die vlamme lek en vreet aan die dikker stompe wat Michael weer opgegooi het, maar verder is dit donker en stil. Sy hoor hoe Michael sy lê kry en sy kan haarself skop daaroor dat sy so eiewys was om aan te dring op die bank, wat ’n heerlik gerieflike sitding is, maar vir slaap gewis nie gemaak is nie.

“Jy wil nie dalk ’n kussing hê nie?” kom Michael se stem geamuseerd, asof hy presies weet wat sy dink.

Emma wil eers weier, maar toe dink sy aan die paar ure wat nog voorlê. “Asseblief.”

“Kontinentaal of standaardgrootte?” vra hy ewe vroom, maar sy weet dat hy vir haar lag. Sy uitstappie het hom klaarblyklik besonder goed gedoen, dink sy grimmig.

“Standaard.” Sy kom halfregop, net betyds om die kussing te vang toe hy dit vir haar gooi. “Dankie,” sê sy bot. Die vlamme van die vuur speel oor sy breë skouers en gedefinieerde armspiere.

Sy druk die kussing onder haar kop in en knyp weer haar oë toe.

“Geruste nag, Emma.”

“Nag, Michael.” Selfs in haar eie ore klink haar stem effens verlate en verlore.

Michael se asemhaling het lankal egalig geword toe kry sy nog nie haar lê

nie. En dis nie net die ongemak van die bank nie, erken sy uiteindelik met 'n sug. Dis haar ellendige lyf. Dis haar malende gedagtes en haar grafiese geheue. Dis haar ryk verbeelding wat tonele voor haar geestesoog optower. Tonele waarin Ken nie tussenbeide kom nie.

En dis hierdie bykans onbeheerbare drang in haar om by Michael te gaan inkruip en hom stadig, maar doelbewus wakker te maak met haar hande en haar mond wat haar slapeloos laat.

Agt

Michael maak Emma douvoordag wakker met 'n beker koffie wat hy wie weet waar vandaan gekry het. Hy is reeds aangetrek en klaarblyklik reg vir die dag.

“Opstaan, Emma. Ons moet aan die gang kom. Ek moet die potjiekoskompetisie gaan beoordeel en ek wil uit die staanspoor daar wees sodat ek die hele atmosfeer en opbou deel van my artikel kan maak.”

Emma kom vaak-vaak orent, vryf oor haar oë en neem die beker by hom. “Dankie. Ja, ek moet ook die skuur oopkry vir die feesgangers. Gelukkig het ek en Klaas alles reggekry en klaar die bordjies opgesit voor ek Aberdeen toe is.”

“Goed geslaap?”

Sy loer oor die rand van die stomende beker na hom. “Heel goed, dankie,” lieg sy en wonder of sy veel meer as twee ure se slaap ingekry het tussen die ongemaklike rusbank en haar nog ongemakliker gedagtes.

Hy glimlag af na haar en vee haar hare oor haar skouer terug. “Hulle sê dis hoe mens toets of 'n vrou 'n ware skoonheid is. Jy kyk hoe sy lyk wanneer sy pas wakker geword het.”

Emma slurp versigtig aan die koffie. “My pa sê ware skoonheid lê in 'n vrou se oë, want dit weerspieël haar hart.”

“Jou pa is 'n wyse man. Toe, opskud. Ek kry jou by die bakkie.”

Toe Michael die deur oopmaak, sien Emma dat die lug hemelsblou is, maar die luggie wat inkom, is steeds snerpand koud. Sy kan nie help om te wonder of sy die toets geslaag het nie.

Die bakkie sukkel die berge uit. Michael moet voortdurend ratte wissel en dis

duidelik dat al sy konsentrasie op die verraderlike grondpad toegespits is.

Emma staar by die venster uit. Die berge is dynserig pers teen die helderblou lug en die oggend is vars en jonk om hulle.

“Het jy darem genoeg voorraad vir die fees?” vra Michael toe die pad gelyker word.

Emma kyk na hom. Sy sterk profiel val haar weer op. Die fyn punt van die sterk neus, die suiwer definisie van sy lippe. Sy kyk weer weg. “Ek hoop so. Dit het maar ’n bietjie rof gegaan so met Wanda se bestelling, maar ek het ’n paar mooi kiste en ook ’n horde kleiner goed soos broodblikke, broodplanke, en so meer. Vir die res werk ek maar op bestelling. Vervoer is altyd ’n probleem vir besoekers.”

Michael bly ’n ruk lank stil. “Wat my vriendskap met jou pa betref, Emma, en die redes hoekom ek jou genader het vir die restaurant se meubels ...”

Emma vou haar arms en wag in agterdogtige stilte dat hy moet voortgaan.

“Soos ek gisteraand vir jou begin sê het, ek wou in elk geval die artikel kom doen het, en toe ek jou pa raakloop, het hy net genoem jy woon daar en verf meubels. Hy het gesê daar is van jou meubels by ’t Schilder. Ek was dadelik geïnteresseerd en het gesê ek sal gaan kyk. Ek beplan al lankal om my eie restaurant te begin. Jou meubels het my net die inspirasie en geesdrif gegee om finaal deur te druk daarmee. Maar ek erken Ernst het gevra dat ek tog moet gaan kyk of jy die mas opkom en het verduidelik dat julle vassit oor jou loopbaan, maar dis al.” Hy kyk vlugtig na haar voordat hy weer sy aandag by die pad bepaal.

“En die skildery?”

Michael wissel weer ratte en ry stadig oor ’n slegte deel sinkplaatpad. “Hy het dit aan my genoem dat jy weier om op doek te skilder en dat hy dink jy vermors jou talent.”

“En jou gevra om my, as die geleentheid hom voordoen, aan te moedig om ’n skildery te maak? Een op doek?” Sy kyk uitdagend na hom.

“Nie in soveel woorde nie, maar dit het in ons gesprek deurgeskemer dat hy dit sal waardeer as ek jou sou aanmoedig om ’n skildery te maak – as die geleentheid hom sou voordoen.” Hy glimlag droog. “Jy ken jou pa goed, Emma. En hy vir jou.”

“Wanda sê dis omdat ons ewe hardkoppig is dat ons so vassit.”

“Wanda is ’n wyse vrou.” Sy gesig raak ernstiger. “Ek dink jou pa is spyt dat hy jou so in ’n blik probeer druk het. Hy wil nie regtig hê jy moet sukkel nie.” Hy loer skuinsweg na haar. “Wil jy dit nie maar oorweeg om die ellendige skildery te maak nie?”

Emma skud haar kop. “Nee,” sê sy botweg.

“Is dit net oor trots? Omdat jy as die verloorder uit die stryd sou tree? Sal voel jy het ingegee onder die druk van jou pa?”

“Dit ook, ja. My pa het my probeer afpers vir geld. Dis immoreel, al dink hy dat hy dit vir my eie beswil doen. Ek weet hy bedoel nie kwaad daarby nie, maar dit bly afpersing.”

“Maar dis nie al nie?”

Emma sug en skud haar kop. “Nee, dis nie al nie.”

“Jy dink jy is nie goed genoeg nie.”

“Nee.” Emma kyk ingedagte na ’n dassie wat oor die pad hardloop. In haar gedagtes word die diertjie ’n stokfiguurtjie op ’n vergeelde doek. Eers toe die dassie tussen die karoobossies in verdwyn, vervolg sy: “Ek wéét ek is nie goed genoeg nie.”

“Is dit nie lafhartigheid om nie eens te probeer nie? Probeer en laat dit dan oor aan mense wat objektief kan oordeel.”

“As jy ’n Steyn is, die jongste en onbewese een boonop, oordeel daardie mense nie objektief nie. En nee, dis nie lafhartigheid nie. Ek is net realisties.

Ek ken my vermoëns en my beperkinge.”

“Of jy lê jouself beperkinge op omdat jy bang is vir mislukking? Omdat jy bang is kunskenners bevestig jou vermoede dat jy nie in die voetspore van jou voorsate kan volg nie?”

Emma bly lank stil. “Het jy enige idee hoe dit voel om in die skadu van voorsate groot te word wat elkeen ’n meester op sy eie gebied was? Weet jy hoe voel dit wanneer almal jou met arendsoë dophou en jou meet aan hierdie meesters? En nie net jou werk nie, maar ook jou optrede, jou gedrag. Wat jy aantrek. Met wie jy vriendskappe smee. Wat jy met jou lewe aanvang.”

“Nee, Emma, ek weet nie, maar ek dink dis ’n groot voorreg om uit ’n familie soos joune te kom. En ek dink ook dat jy dit enersyds nie besef nie en andersyds nie waardeer nie. Het jy enige idee hoe dit voel om arm groot te word? Nie te weet of daar vanaand kos op die tafel gaan wees nie? Om jou skoolklere, wat nooit pas nie, by die welsyn te gaan haal?”

Emma kyk hom verdwaas aan. Om die een of ander rede het sy aangeneem dat hy ook uit ’n vooraanstaande huis kom.

“Weet jy hoe dit voel om te moet kies tussen botter en konfyt vir jou skooltoebroodjies? Leë koeldrankbottels in die veld te moet gaan optel om daardie einste brood te kan koop omdat jy weet jou pa sal waarskynlik eerder ’n nip brandewyn vir homself koop as kos vir sy gesin?”

’n Bitter glimlaggie speel om sy mooi mond. “As ek maar ’n pa gehad het wat so by my betrokke wou wees soos joune, sou ek my hande saamgeslaan het van dankbaarheid.” Hy loer na haar. “Ek sê nie ek stem saam met die wyse waarop hy te werk gaan nie, maar ek weet – soos jy ook – dat dit uit liefde is en nie uit gemeenheid nie.”

Michael rem stadig en bring die bakkie byna tot stilstand voordat hulle die eerste skerp draai van die pas neem. Die gradiënt van die pad, die steilte van die pas en die hoek van die haarnaaldboog doen vreemde dinge aan die

oorlaaide bakkie en sleepwa. Michael bly in beheer, maar dis duidelik dat hy moet konsentreer, en Emma swyg eerder as om sy aandag af te trek van sy onbenydenswaardige taak.

Dis heeltemal 'n nuwe kant van Michael wat so pas na vore gekom het. Sy het hom nou al as besigheidsman gesien. Sy het gesien hoe bedagsaam, maar ferm hy teenoor Angelique opgetree het. Hoe hy gister frustrasie en verydeling hanteer het. Hoe gemaklik hy met Ken was. Hoe hy met kos werk. En hoe hy optree wanneer hy 'n vrou begeer. Maar nou het hy 'n veel kwesbaarder kant van homself aan haar geopenbaar.

Hy moet dink sy is 'n opperste bedorwe brok. In vergelyking met sy herkoms is hare maanskyn en rose. En dan kla sy nog steen en been. En kyk waar staan hy en waar staan sy in die hiërargie van persoonlike sukses. Hy is nou wel 'n paar jaar ouer as sy, maar nie veel meer as drie of vier nie. Hy het boeke gepubliseer, is 'n aandeelhouer in verskeie restaurante, die kosredakteur van 'n spogtydskrif, en wie weet wat nog alles. En sy? Sy verf meubeltjies op 'n vergete dorpie in die Karoo en kla omdat haar pa haar eintlik wil help! Sy behoort haar te skaam.

En tog, sy is presies waar sy wil wees en doen presies wat sy wil doen. Haar finansies kan baat by 'n hupstoot en dit sou lekker gewees het as daar 'n man in haar lewe was, maar sy is tog gelukkig.

Sy respekteer Michael en ander soos hy. Hulle gedrewenheid. Sy het bewondering vir hulle. Maar dis nie hoe sy aanmekaargesit is nie. Haar pa verwar dit met luiheid en 'n gebrek aan ambisie, en Wanda het op 'n dag gesê sy vlug van wie sy dalk kan wees. Maar sy is doodtevrede met haar lewe net soos dit is.

Emma staar nikssiende na die landskap om haar. Die loop van die rivier en die winterse populierbos daarnaas registreer egter nie werklik by haar nie.

Miskien moet sy maar die toekoms wat sy saam met Seth gevisualiseer het

in heroorweging neem. Sy weet nou nog beter as tevore die veldbrand wat Michael in haar aansteek, is gevaarlik. En dat dit uiteindelik vir haar nooit op enigiets sal uitloop behalwe 'n gebroke hart nie.

Buitendien, hulle hoort nie bymekaar nie, besef sy nou – nog beter as tevore. Selfs al sou hy met meer erns na haar kyk. Selfs al sou hy haar dalk kon sien as iets meer as net ligte vermaak op 'n romantiese aand in romantiese omstandighede.

Hy het iemand nodig wat sy gedreweheid deel. Wat net so ambisieus is soos hy. Iemand wat hom die aansien in die lewe kan gee wat hy as kind moes ontbeer. Wat ook kos as kunsvorm sien. Ja, dink sy, hy hoort by iemand soos Angelique, en sy glo hy besef dit.

Toe hulle net ná tien die dorp binnery, is dit een groot rumoerigheid met hordes mense in feestelike stemming.

Emma draai die venster oop en lig haar neus effens. Die geur van wors wat braai, van pannekoek en kerrie-en-rys, ding mee met mekaar, vermeng en word die geur so kenmerkend van feeste. Musiek daver vanuit verskillende oorde teen wisselende desibels namate hulle deur die strate ry en telkens vir fleurig geklede voetgangers moet rem en uitswaai.

't Schilder sit toegepak van mense, maar hulle sien Wanda tog raak in die roesemoes. Sy wuif glimlaggend terug toe Emma haar arm by die venster uitsteek en met haar duim wys dat alles goed afgeloop het.

Michael hou voor die deur van die skuur stil, waar Klaas al handewringend op hulle wag. Emma spring uit en draf na die huis toe om die skuur se sleutel te kry. In die verbygaan wonder sy nog wie se Land Rover by Seth geparkeer staan toe 'n vreemde vrou haar op pad na die agterdeur voorkeer.

“Weet jy dalk waar ek Emma Steyn in die hande kan kry?” vra sy met 'n Pretoria-aksent.

“Hallo. Ek is Emma.” Emma hou aan stap.

“Haai, Emma, ek is Susan. Ons was gisteraand by ’t Schilder en die vrou daar sê dis jy wat die stunning meubels vir die restaurant gemaak het en dat jy daarvan te koop het.” Susan volg haar geduldig.

“Ek het dit beskilder, ja, en ek het ’n paar stukke in die skuur as jy wil kom kyk.” Emma sukkel om die sleutel in die slot te kry, maar druk uiteindelik tog die deur oop. “Verskoon my, ek kry net die sleutels vir die skuur.”

Toe sy oomblikke later met die sleutels in haar hand omdraai, het die vrou haar die kombuis in gevolg en kyk verwonderd om haar rond. “Sjoe, maar dis stunning!”

“Kom saam,” nooi Emma. “Jy kan na my voorraad in die skuur kyk. Ek moet net ’n vrag meubels afgelaai kry.”

Susan kyk Michael met bewonderende oë aan toe hulle by die skuur kom, maar toe Emma die deure oop het, stap sy met ’n uitroep na die afgeskorte gedeelte toe waar Emma en Klaas ’n uitstalruimte gemaak het.

Emma laat haar begaan en draai na Michael toe.

“Klaas het gaan hulp haal om af te laai. Ek moet gaan, Emma. Ek is al klaar laat. Ek stap sommer kerksaal toe waar die potjiekoskompetisie gehou word. Hopelik is Angelique daar met my kar. Maak gerus later ’n draai. ’n Hele paar baie bedrewe kosmakers het ingeskryf vir die kompetisie. Die beoordeling vind so van vyfuur af plaas en daarna sal die kos verkoop word vir liefdadigheid.”

“Ek sal sien hoe dit gaan,” antwoord Emma ontwykend. Sy het tog nie die krag om Angelique in die oë te kyk nie.

Michael hou haar aan haar arm terug toe sy agter haar potensiële klant wil aanstap. Dit lyk of hy iets wil sê, maar uiteindelik plant hy net ’n ligte soen op haar voorkop en kies koers in die rigting van die kerksaal.

Emma staan 'n oomblik lank met lamheid geslaan, maar toe hoor sy iets in die skuur val en stap vinnig nader.

Susan kyk op toe sy binnekom. “Skuus, man. Ek het 'n pot met houtlepels omgestamp, maar daar was nie skade nie.” Sy kyk by die skuur se deur uit en toe weer na Emma. “Het ek my verbeel of was dit Michael Lindeque daar buite?”

Emma glimlag skewerig. “Nee, dit was inderdaad Michael.”

Susan kreun gemaak. “O, maar hy is nog beeldskoner in lewende lywe as op TV. Wat maak hy hier?” Sy vroetel in haar beursie. “As ek vinnig uitreken, is dit presies reg?”

“Ek gaan vir hom meubels vir sy nuwe restaurant verf,” sê Emma terwyl sy die honderdrandnoot wat Susan haar gegee het in haar broeksak druk. “Dis reg, dankie.”

“Dis nou interessant,” sê Susan peinsend. “Baie interessant. Wag, ek moet waai. Ek stuur vir jou klante, hoor. En daar is iets waaroor ek met jou wil kom gesels voor ons weer pad vat. Ek sal jou seker hier kan opspoor?”

Emma knik. “Ek sal hier wees.”

Die res van die dag is 'n dolle gejaag. Klaas en sy handlangers moet so tussen die mense deur aflaa. En haar voorraad verkoop so vinnig dat Emma later bestellings moet neem. Nie net vir groter stukke nie, maar ook vir kleiner goed waarvan sy aanvanklik gedink sy te veel gemaak het.

Teen vieruur sluit Emma die deure van die skuur en stap na die huis toe. Genoeg is genoeg, besluit sy. En môre is nog 'n dag.

Sy gooi die note wat sy in haar hemp- en broeksakke geprop het met 'n ingenome glimlag op die kombuistafel. Vandag het sy meer geld ingekry as wat sy gehoop het sy die hele fees sal maak.

“This is a hold-up. Give me all your money.”

Emma vlieg om toe sy die stem uit haar kombuisdeur hoor. “Pa!” Sonder om te dink, val sy hom om die nek.

“Ek het al van die verlore seun se verwelkoming gehoor, maar die verlore vader s’n laat min te wense oor,” grinnik hy terwyl hy haar styf teen hom vasdruk en ’n keer in die rondte swaai. “Ek het jou so gemis, Emma.” Hy soen haar op die wang en laat haar gaan.

“En ek vir Pa.” Sy staan terug en kyk op na die man wat haar so kwaad kan maak en vir wie sy tog soveel liefde en respek het. “Ek ...”

Ernst keer Emma met ’n wysvinger op haar lippe. “Kom ons laat nou eers die vrae en verduidelikings en beskuldigings en wat ook al daar. Ek is hier, jy is aan die ryk word, en daar is potjiekos wat geëet moet word. Dis al wat op hierdie stadium belangrik is. Gaan maak jouself nog mooier. Ek kry jou oor ’n rukkie by die kerksaal. Ek sal die hoofhek dophou.”

Emma loer waarskuwend onder haar wenkbroue deur na hom.

Ernst hensop. “Dis nie ’n bevel nie, net ’n uitstekende voorstel. Ek is al redelik dun. ’t Schilder is al van vroeg af vol en dit het nie veel beter geraak deur die dag nie.” Hy skud sy kop. “Ek weet nie hoe Wanda dit gaan hou nie. Seth sit af en toe ’n handjie by as dit stiller is in die galery, maar hy kan ook nie te lank op ’n slag wegbly nie. Ek het ’n bietjie probeer uithelp in die galery, dié dat ek nou eers hier uitkom, maar die mense wil met die skilder self gesels. Gelukkig hou hy vanaand van vyfuur af vir ’n uur of twee die fort by die restaurant sodat Wanda kan help met die beoordeling van die potjiekos. Dis darem ’n bietjie van ’n blaaskans vir haar, al is sy op haar senuwees omdat die ding geborg word deur *Heavenly Homes* en hulle glo ’n artikel oor die hele affêre gaan doen.”

“Ek is bly dit gaan goed met die restaurant.” Emma wonder hoe haar pa so skielik so baie van Wanda en haar bewegings weet, maar besluit daarteen om hom uit te vra. Sy glimlag skewerig. “Nou ja toe, as Wanda ook daar gaan

wees, is ek omgepraat. Ek gaan net vinnig stort, dan kry ek jou by die vleispotte van Schilderkrans.”

Vir Michael en Angelique sal sy darem seker vermy kan kry met so ’n leërskaars mense.

Dis inderdaad ’n bonte mengelmors mense wat haar begroet toe sy deur die hekke stap. Mense in elke denkbare kleur en soort baadjie, serp en mus. Die temperatuur het skerp gedaal, maar almal lyk jolig. Dit het dalk veel te doen met die Glühwein wat by een stalletjie uit groot kastrolle in glase geskep word. Of miskien die sjerrie wat by ’n volgende in dubbelmaat verkoop word. Maar daar is ook die onmiskenbare jovialiteit en gemeensaamheid wat hand aan hand loop met mense wat daarop uit is om dit te geniet.

“Emma!” hoor sy bo die gejoel uit en sien haar pa wat vir haar waai.

Sy stap verlig in sy rigting. Hy moes op die uitkyk gewees het vir haar, anders het hulle mekaar waarskynlik nie sommer raakgesien nie.

Hy stop haar ’n glas Glühwein in die hand. “Ek het nou net laat volmaak. Wag net hier, ek gaan gou vir my ’n vars enetjie kry.”

Sy hou hom dop terwyl hy wegstap en haar hart swel van trots. Sy lengte, maar ook sy regop houding laat hom uitstaan tussen die mense om hom. ’n Aantreklike man met ’n jeugdige tred, al is hy in sy laat veertigs. Informeel, maar netjies in sy jean, Nikes en duursame leerbaadjie. ’n Pa om op trots te wees, al het hy sy streke.

Hy lyk meer ontspanne as wat sy hom in ’n lang ruk gesien het en sy wonder of sy dalk nie besef onder hoeveel spanning hy ook maar leef nie. Sou sy gedreweheid dieselfde oorsprong as haar letargie hê? Het sy voorvaders se sukses dalk juis die teenoorgestelde uitwerking op hom gehad as op haar? Stoei hy nie dalk ook maar met hulle skadu’s nie? Net op ’n ander manier as sy? En boonop het hy ’n wederstewige dogter om hom oor

te bekommer.

“Jy lyk diep ingedagte, Emma?”

Sy voel hoe ’n hele rits senuweepunte in haar rug geaktiveer word. Sy draai stadig om. “Hallo, Michael.”

“Jy lyk mooi.” Sy oë gaan warm oor haar nommerpas jean, nappaleersteweltjies en weer terug na haar kort fluweelbaadjie wat sy oor ’n noupassende toppie met ’n dieperige V-nek aanhet.

“Dankie.” Sy skud haar hare selfbewus op haar rug terug. En jy lyk hemels, soos gewoonlik, dink sy, en onthou hoe hy gisteraand dieselfde koordferweelbaadjie aangetrek het voor hy gaan stap het ná hulle kataklismiese intimiteit. “Ek dag jy beoordeel al die potjies?”

“Ons wag vir Wanda. Sy is by die restaurant opgehou, maar sy behoort enige oomblik hier te wees.”

Die “ons” wat so gemaklik uitglip, kan net na Angelique verwys, besef Emma met ’n venynige stekie in haar hart. Maar waarom gloei hierdie energie steeds so sterk tussen hulle? kan sy nie help om te wonder nie.

“My pa is hier,” sê sy om die klein stilte te oorbrug wat op sy woorde volg.

“Ek het hom vroeër vandag raakgeloop.” Hy druk sy hande dieper in sy baadjie se sakke. “Ek het hom gesê ek het met die mandjie patats vorendag gekom. Het julle vrede gemaak?”

Emma knik. “Min of meer. Ons het nog nie dinge uitgepraat nie, maar daar is ’n gemoedelike wapenstilstand.” Sy teug aan die Glühwein. “Ek wag juis vir hom.”

“En hier kom hy nou net aan.” Michael knik in die rigting van Ernst, wat vir hom ’n pad baan met twee glase wat hy in die lug hou om te keer dat hy die inhoud daarvan uitstort.

“Haai, Michael. Ek het jou hier by Emma sien staan en somer vir jou

ook 'n glas gebring. Miskien sal jy die potjiekokke genadiger wees ná een hiervan.” Ernst gee vir hom 'n glas aan. “Skol.”

Michael glimlag. “Dis nou wat ek diens noem.”

“Michael! Ek soek jou oral. Kom, die beoordeling gaan begin. Wanda wag al vir jou en ek is ook gereed.” Angelique lyk asemrowend in hoë stewels en 'n noupassende fluweellangbroek met 'n bypassende baadjie. “Hallo, Ernst,” groet sy met 'n vlugtige glimlag, maar vir Emma ignoreer sy. “Kom, darling, die kokke is al senuweeagtig en die mense is honger.” Sy haak by Michael in en vly haar kop teen sy skouer aan. “En 'n paar mense wag dat jy hulle kopieë teken. Jou boeke verkoop goed ná die resensie in *Heavenly Homes* se herfsuitgawe.”

Michael trek sy skouers verskonend op. “Verskoon ons, asseblief, Ernst, Emma.”

Angelique begin hom al wegstuur.

“Dankie vir die drankie!” roep hy oor sy skouer en lig die glas gemeensaam in die loop.

Emma se oë volg hulle waar hulle tussen die mense deur beur. Die swart kop en die blonde een dig by mekaar. Sou hulle beoordelingstrategie bespreek of liefdeswoorde uitruil nadat hulle so opsigtelik hulle verskille uit die weg geruim het? wonder Emma en verstom haar oor die seer wat deur haar trek.

“En as jy nou skielik so bleek lyk, Em?”

Haar pa se besorgde stem ruk haar terug na die werklikheid. Sy kyk op na hom.

“Ag, dis maar net die laatlig. Jy verbeel jou,” antwoord sy ligtelik en forseer 'n glimlag na haar lippe.

Ernst frons, duidelik nie 'n rat voor die oë gedraai nie. “Emma?”

Emma skud haar kop. “Sommer niks nie, Pa.”

Ernst lig haar ken met sy wysvinger. “En ’niks’ se naam is Michael, as ek dit nie mis het nie?” Hy kyk haar ondersoekend aan voordat hy sy hand laat sak. “Moenie vir jou pa probeer lieg nie, Emma.”

Emma kyk weg en neem ’n groot sluk van die loutwarm Glühwein.

“Michael is ’n man uit een stuk, Emma, maar hy het ook maar sy onsekerhede en dinge. En Angelique is ’n klein gifappel.” Hy slaan sy arm om haar skouers. “Maar as dit dalk iets vir jou sal beteken, ek dink jy en Michael saam sal wonderlik werk. Die ene malse kleur. Jukstaposisie en komposisie.”

Emma loer op na Ernst. “Pa sê nie sommer so nie?” vra sy met ’n stem wat selfs vir haar klein klink.

Ernst gee haar skouers ’n ekstra drukkie en glimlag af na haar. “Nee, ek sê nie sommer so nie. Ek het nog vandat ek Michael ontmoet het, gedink ek sou julle twee graag op die een of ander manier by mekaar wou uitkry. Dat jy dalk net die regte vrou is om Angelique se houvas op hom te verbreek.”

“Houvas?”

Ernst knik nadenkend. “Ja, ek dink Michael voel hy is iets aan haar verskuldig. Sy het in ’n groot mate bygedra tot sy sukses. Aanvanklik, in elk geval. Maar ek dink hy oordryf sy dankbaarheid. Sy het hom miskien daardie hupstootjie gegee, dinge dalk ’n bietjie vinniger laat gebeur met haar pa se invloed agter haar, maar Michael was in elk geval bestem vir sukses, met of sonder Angelique.”

Emma tuur nikssiende tussen die mense in. “Ag, Pa, dis in elk geval ’n gemors. Ek kan skaars water vir tee kook sonder om die ketel te laat droogkook, en sy lewe wentel om kos. Hy is dubbel en dwars ’n stadsmens, en ek is lief vir my lewe hier op die verlate Schilderkrans. Hy het ambisie, en ek ... Wel, Pa weet beter as enigiemand hoe ongedrewe ek is.” Sy kyk op na Ernst en gooi haar hande in die lug. “Dit help nou maar nie. En ek sal wel

daaroor kom.”

“Moet nooit die kinkels wat die lewe gooi, onderskat nie, Em. Hou jou oop vir die goeie.” Hy grinnik. “Ek het onlangs weer besef hoe stiksienig mens partykeer kan wees omdat jy die ergste pleks van die beste verwag.”

Emma kyk hom vraend aan, maar hy lag net en skud sy kop. “Gee kans, Emma. Ons praat wanneer die tyd ryp is. Vanaand geniet ons net.”

Emma staan in die kleedkamer in die ry en wag vir ’n beskikbare toilet toe ’n vrou by almal verby druk en by die wasbak gaan staan met haar gesig in haar hande. Emma herken die blonde Franse vlegsels onmiddellik.

“Wanda!” roep sy verras uit.

Toe Wanda opkyk en sy Emma se oë in die spieël bokant die wasbak ontmoet, skrik Emma en stap dadelik nader. Wanda se gesig is bleek, haar oë groot en ontsteld, en dis duidelik dat sy op die drumpel van trane is.

“Wanda, wat is fout?” Emma slaan haar arm om Wanda se skouers en voel hoe die ouer vrou bewe.

“Ag jimmel, Emma.” Die trane loop oor die sagte wange.

“Maar wat is dit dan, Wanda?” vra Emma bekommerd.

“Dis Dieter. My eks. Hy is hier en hy het my gesien. Ek dink hy wag vir my hier buite.” Sy vroetel met bewende hande ’n snesie uit haar baadjie se sak en probeer die trane droogdruk, maar nuwes neem net die plek daarvan in. “Ek het ’n interdik teen hom, maar ek kan mos nie nou die polisie laat kom en ’n scene maak tussen al hierdie mense nie! En buitendien, ek moet by die restaurant kom. Seth is seker al gedaan.”

“Hoe lyk hy?” Dis nie nou die tyd om te vra hoekom Wanda so vreesbevange is nie.

“Groot. Effense maag, effens bles, maar redelik aantreklik vir sy jare. Hy het ’n rooi parka aan. Hy lyk sommer Duits.” Wanda se hele lyf gaan aan die

rittel en beef.

“Wag hier. Ek is nou terug.”

“Moenie eens daaraan dink om met hom te gaan praat nie, Emma. Hy is ’n boelie van die eerste water!”

Emma skud haar kop. “Ek belowe ek sal nie. Wag net hier. Ek is nou terug.”

Emma druk verby die vroue in die langer wordende ry, en toe sy buite kom, sien sy hom dadelik. Haar oë soek vinnig verder totdat sy haar pa sien waar hy verveeld vir haar staan en wag.

Sy drafstap tot by hom en pluk dringend aan sy mou. “Moenie vrae vra nie. Stap net saam met my tot by die kleedkamer se deur. Ons moet Wanda daar uitkry. Haar eks wag haar in en sy is doodbang vir hom.”

Ernst frons en laat sy oë oor die malende mense dwaal. “Waar is hy?”

“Die groot Duitser in die rooi parka,” verduidelik sy en trek Ernst aan die baadjiemou in die rigting van die wit geboutjie se deur. “Wag net hier. Ek gaan haal vir Wanda.”

Emma kry Wanda aan die elmboog beet. “Kom. My pa wag vir ons.”

Wanda se hand klem om Emma se pols. “Jimmel, Emma ...” Haar oë blink angstig.

“Tree net so natuurlik as moontlik op. Kom.”

Die Duitser staan weggedraai van hulle af toe hulle by die deur uitgaan. Ernst is dadelik by en slaan sy arms beskermend om Wanda en Emma se skouers.

“Wat ’n voorreg om tussen twee sulke mooi vroue te kan loop,” sê hy gerusstellend en lei hulle weg.

Die volgende oomblik stamp iemand Ernst so hard teen die rug dat hy byna struikel. “Dan is jy die bliksem wat Wanda by my gesteel het! Jou vuilgoed!”

Ernst druk Emma en Wanda tegelykertyd weg van hom af. Hy moes die vuishou sien kom het, besef Emma toe sy sien hoe Ernst die hou netjies systap en die groot man voor die bors beetkry. Sy gryp vir Wanda toe sy gil en hou haar vas.

“Bedaar, man,” probeer Ernst Dieter kalmeer.

Maar die Duitser ruk met swaaiende arms los. “Vir jou donder ek dood!” roep hy met sy swaar Duitse aksent uit en storm weer op Ernst af.

Die naaste feesgangers gee pad en staan verstom en toekyk hoe Ernst die man weer systap en toe met ’n blitsvinnige beweging sy arms van agter af beetkry en hom só immobiliseer.

“Sekuriteit!” roep Ernst uit terwyl die man worstel om los te kom.

“Iemand, kry die sekuriteitswag!”

’n Man in die skaretjie wat intussen vergader het, kies koers in die rigting van die wagte by die hekke, maar hulle het reeds lont geruik en kom aangehardloop.

Die volgende oomblik ruk Dieter egter weer los, en dié keer is Ernst nie so gelukkig nie. Emma sien hoe sy kop ruk van die vuishou wat hom skrams teen die ken tref. En net daarna sien sy hoe die groot Duitser soos ’n os neerslaan. Eers toe sy sien hoe haar pa sy kneukels pynlik vryf, besef sy dat hy moes teruggeslaan het.

Dieter wil nog dronkerig probeer regop kom toe ’n sekuriteitswag hom omstamp, op sy maag rol en boeie om sy polse slaan. Dit kos vier wagte om hom weg te lei terwyl hy al swetsend in Duits probeer losruk.

’n Ouer man in ’n polisieuniform stap na Ernst toe en klop hom op die skouer. “Is jy oukei, maat?” vra hy, en vervolg toe Ernst knik: “Ek het gesien wat gebeur het in die draf hierheen. Dit was duidelik selfverdediging, maar jy sal tog ’n verklaring moet kom aflê. Ou dikke gaan dadelik selle toe. Ons wil nie sulke onaangenaamheid op die fees hê nie.”

“Ek wil net my dogter en vriendin by die huis besorg, daarna kom ek polisiekantoor toe. Is dit in orde, Inspekteur?”

Die polisieman knik. “Solank dit nog vanaand is.”

Wanda stap onder Emma se beskermende arm uit. “Ek het ’n interdik teen hom, Inspekteur.” Sy lyk bleek, maar daar is ’n besliste trek om haar mond. “En ek wil ’n klag teen hom indien. Eintlik verskeie klagte. Dis in verband met insidente wat ’n aantal jare gelede plaasgevind het.”

“Dis goed so, Mevrou. Kom maar saam met u vriend stasie toe wanneer julle gereed is.”

Wanda het net die sny op Ernst se kaak begin versorg toe Michael Wanda se kombuis binnegestorm kom. “Emma, is jy oukei?”

Emma kyk vervaard op waar sy vir hulle elkeen ’n sopie brandewyn teen die skok skink. Michael se hare is deurmekaar gewaai en sy oë is donker van kommer. Sy knik. “Dis my pa wat ’n bietjie deurgeloop het.”

Michael se gesig ontspan effens. “Ek het my oor ’n mik geskrik toe ek van die insident hoor.” Hy draai na Wanda en Ernst toe. “En julle? Ernst? Wanda?”

Ernst trek ’n gesig. “Lanklaas ’n vuus gevoel, en boonop een met ’n ring wat tussenbeide gekom het, maar ek sal oorleef. Trust vir Wanda om die grootste en befoeterdste Duitser in die Republiek as eks te hê.” Hy knipoog vir Wanda en trek ’n gesig toe sy die Dettol-deurweekte watte stywer op die sny vasdruk.

“Alles is nou onder beheer, Michael, maar wil jy nie net vir Seth bel en sê ek gaan nie by die restaurant uitkom nie?” Wanda skil die teenkant van ’n pleister af en plak dit versigtig oor die sny. “Sê vir hom hy moet maar die nuwe aankomelinge wegwys en net klaarmaak met dié wat al daar is. Ek kan nie verwag dat hy die hele aand moet diens doen nie, en ek en Ernst moet

gaan verklarings aflê.”

“Ek sal hom gaan help,” bied Emma aan. “Ek kan nie die kosafdeling behartig nie, maar ek is seker ek kan darem kelnerin speel, en dit behoort al te help.” Sy sluk die brandewyn weg, ril en sit die leë glasie neer.

“Ek kan die kos doen. Ek en Emma sal Seth gaan aflos.” Michael gee Wanda ’n kloppie op die skouer. “Moet jou nie bekommer nie. En moenie eens daaraan dink om terug te kom restaurant toe nadat julle by die polisie was nie, Wanda. Jy is deur ’n rowwe ervaring, en ek en Emma is heeltemal in staat om vanaand self reg te kom.” Hy draai na Emma toe. “Kom jy?”

Die restaurant is ’n bynes van onderskeidelik oorvrolieke, ontevrede en lydsame klante toe hulle daar aankom. Seth is rooi in die gesig en Emma kan sien sy humeur is kort.

Verligting volg kort op die kommer toe Emma eers verduidelik van Wanda voor sy vir hom sê hulle het hom kom aflos.

Hy pluk dadelik die geldsakkie van sy middel af en gee dit vir Emma. “Dank die gode. Ek het nooit besef dis sulke harde werk om honger mense gelukkig te hou nie. Ek weet nie hoe doen Wanda dit nie. Good luck. Ek is weg.”

Michael val onmiddellik in die kombuis in, en Emma het skaars die bestelboek in haar hande, toe eis die een morrige klant na die ander haar aandag op.

Nege

“Hoe op aarde het dit gebeur dat jy met so ’n geweldenaar getrou het?” vra Ernst terwyl hy oor die pleister vryf en sy kaak gepynig wikkel.

“Ek het nie.” Wanda bêre weer al haar goed in die noodhulpkissie en staan op haar tone om die kissie bo-op die kas terug te sit. “Hy was nie só toe ons getrou het nie. Hy het wel mettertyd patologies jaloers geword en het ’n hewige humeur gehad, maar hy het nooit sy hand vir my gelig nie. Hy het eers die laaste jaar van ons huwelik gewelddadig geword.” Sy gaan sit by die kombuistafel en proe versigtig aan die brandewyn.

“Toe ’n ander man jou by hom gesteel het?”

Wanda skud haar kop. “Niemand het my by hom gesteel nie. Ek het nooit die inklinasie of die geleentheid gehad om met ander mans deurmekaar te raak nie.”

“Wil jy my daarvan vertel, Wanda?”

Wanda trek haar skouers op. Ernst se stem is so simpatiek dat sy skielik nie meer verweer het teen die herinneringe wat oor haar spoel nie.

“Dieter het my behoorlik agter slot en grendel gehou. Hy het geweier dat ek gaan werk, en wanneer ek gaan inkopies doen het, moes ek sy toestemming vra en in detail verslag doen oor wat ek van uur tot uur gedoen het. Hy het elke aand die afstandmeter van my kar gekontroleer, en die foon was selfs in ’n stadium aan meeluisterapparaat gekoppel.”

Sy sug diep en skommel die brandewyn in die ballonglas rond. “Ek het eendag sonder sy toestemming dokter toe gery. Ginekoloog toe, om presies te wees. Ek het reeds vir drie maande vermoed dat ek swanger was, maar ek wou nie hê Dieter moes weet nie. Ek wou bitter graag ’n kind gehad het, maar ek het ook geweet ek sou nie enetjie kon grootmaak in die atmosfeer

wat in die huis was nie. Ek kon nie nog 'n mens blootstel aan sy tirannie nie – veral nie 'n onskuldige kind nie.”

Sy laat sak haar voorkop in die mik van haar hand. “Ek was so verward. Veral toe die ginekoloog my vermoede bevestig het.” Haar stem raak weg en sy maak keel skoon. “Ek het op pad huis toe planne beraam om te vlug. Al was hy in daardie stadium nie op fisieke gebied gewelddadig nie, was ek te bang om vir hom om 'n egskeiding te vra terwyl ek nog in dieselfde huis as hy gebly het. Ek het geweet dat ek versigtig sou moes wees en eers dinge by die huis sou moes stabiliseer voordat ek sou kon verdwyn ...

“Dieter het my ingewag. Om die een of ander rede het hy vroeër huis toe gekom. Sy instinkte rakende my was nog altyd baie sterk. Hy moes aangevoel het dat ek iets in die mou voer.” Dit voel vir Wanda of haar keel toetrek by die herinnering aan daardie aand.

“Die motorhuis was hoër as die huis geleë en daar was 'n steil trap na onder. Dieter het my rondgepluk in sy woede, en om 'n lang storie kort te maak ...” Sy sluk. “Hy het my gestamp en ek het teen die trappe afgerol. Ek het my enkel gebreek en my baba verloor.” Sy bly 'n lang ruk stil en kyk eers op toe sy Ernst se hand oor hare voel vou.

“Ek het inwendig begin bloei en uiteindelik moes die dokter 'n totale histerektomie tydens 'n noodoperasie uitvoer. Ek dink die skuldgevoelens het Dieter gery, maar soos gewoonlik het hy dit op my uitgehaal omdat hy dit nie self kon verwerk nie. Dis van daardie dag af dat hy ook fisiek gewelddadig geword het.” Sy kyk af op die sagte grein van die houttafel. “En daarmee het hy my eintlik 'n guns gedoen. Ek het hom, ná 'n sessie wat my in die hospitaal laat beland het, voor 'n ultimatum gestel: Óf hy skei my óf ek kla hom aan van moord op ons kind en poging tot moord op my.”

Sy gee 'n versufte laggie en staan rusteloos op. “Ek het geen idee of ek eers in die posisie was om dit te doen nie, of ek hoegenaamd 'n saak gehad

het nie, maar hy het daarvoor geval. Hy het my uit die huis gejaag en toe vir almal vertel dat ek soos 'n sleg hond met 'n ander man weggeloop het. Ek dink hy het dit later self geglo. Ek het nie omgee wat hy glo of sê nie, ek was maar net te verlig om te kon weggeloop.

Sy stap na die venster toe en lig die gordyn sonder om werklik te besef wat sy doen. “Hy het my een keer weer opgesoek, en gevind. Ek het 'n interdik teen hom gekry en Schilderkrans toe getrek.” Sy draai met 'n siniese glimlag om na Ernst toe. “En daar het jy dit. 'n Storie so oud en onoorpronklik soos die berge.”

Ernst staan stadig op en kom staan voor haar. Sy oë is intens en donker. Sy woorde kom moeisam tussen sy geklemde kake deur. “As ek vroeër vanaand geweet het wat ek nou weet, Wanda ... Die Vader weet, ek sou die vark kon doodmaak.”

Wanda skud haar kop. “En dan? 'n Minus kan net met 'n vertikale strepie 'n plus gemaak word, nie met nog 'n minus nie. Dít het die lewe my op 'n moeisame manier geleer.”

“Maar wat gaan jy doen? Weer trek en van voor af begin?”

Sy skud weer haar kop. “Nee. Ek gaan elke klag teen hom indien wat ek moontlik kan en daarna gaan ek die klagte terugtrek en hom duidelik laat verstaan dat ek dit in werking sal stel as ek hom ooit weer sien, al is dit per ongeluk.”

“Maar hoekom? Hoekom laat jy hom nie agter tralies sit nie?”

“Wat sal dit help? Selfs al word hy toegesluit – wat nie 'n uitgemaakte saak is nie – sal hy tog weer daar uitkom, en dan sal hy nie by stampe en vuishoue ophou nie. Nee, ek wil hê hy moet die een wees wat met die swaard oor sy kop leef.”

“Maar jy sal ook. Jy sal altyd bang wees dat hy weer op 'n dag hier sal uitslaan.”

Wanda trek haar skouers op en kyk nikssende weg. “Ek ken hom goed genoeg om die voorspelling te waag dat hy sal wegbly. Veral nou, ná al die jare. Buitendien, hy het ’n doodsangs vir tronke. Ek kan jou waarborg hy is op hierdie oomblik een angstige bol jellie. Inherent is hy ’n lafaard.” Sy kyk op na Ernst. “Daar is egter ’n guns wat ek jou wil vra?”

“Kan ek vir jou ’n sluipmoordenaar huur?” Ernst glimlag skewerig.

Wanda grinnik. “Nee, maar dit is ’n groot guns.”

Ernst kyk haar vraend aan.

Sy sluk. “Sal jy omgee as ek hom onder die indruk hou dat ek en jy ... saam is? Op permanente basis? Soos ek gesê het, in wese is hy ’n lafaard. Vir my sien hy kans omdat hy weet hy het op fisieke vlak die voorsprong. As hy dink iemand soos jy, wat hom al een keer op sy baadjie gegee het, deel my lewe, sal dit hom ’n tweede en ’n derde keer laat dink voordat hy weer agter my aankom.”

“Natuurlik gee ek nie om nie, Wanda. Inteendeel.” Hy streel oor haar wang. “Inteendeel,” herhaal hy peinsend.

Wanda trek terug onder sy aanraking uit. Hy voel net jammer vir jou, herinner sy haarself en probeer beheer oor haar hartklop herwin. “Kom ons kry dit agter die rug.”

Die gaste is versadig en heelwat gemoedliker toe Emma opkyk en met ’n effense sug nog ’n paar mense teen die trappe opgedrentel sien kom.

“Haai, hallo, Emma. Wat maak jy hier?”

Emma glimlag toe sy Susan herken. Genade, dink sy, was dit net vanoggend wat Susan die koopstormloop ingelui het? Dit voel soos dae gelede. “Hallo, Susan. Ek help net uit. Soek julle ’n tafel?”

“Ek weet dis laat en ons is eintlik versadig ná die potjiekos, maar ons is lus vir lekker koffie en ’n nagereggie. Hoe lyk dit?”

Emma kyk in die restaurant rond. “Daar is ’n tafel in die hoek wat net wag vir hulle kleingeld. As julle nie omgee om ’n minuut of wat te wag nie ...”

“Jy’s ’n engel.” Susan draai om na die ander twee vroue by haar. “Dis nou die girl wat die asemrowende meubels maak.”

Emma lig haar hand in ’n groet en stap na die klante in die hoek wat hulle baadjies bymekaar kry.

Susan en haar metgeselle wag reeds vir hulle bestelling toe ’n kar in ’n stofwolk voor die restaurant stilhou. Emma sug innerlik. Nee wat, genoeg is genoeg, besluit sy terwyl sy deur toe stap. Al is dit nou Salomo en die koningin van Skeba, sy gaan net sê die restaurant is gesluit vir die aand.

Sy herken die kar oombliklik, en ook vir Angelique toe sy die deur toesmyt en teen die trap opstorm.

Angelique word tot stilstand geskok toe sy Emma op die stoep sien staan. Sy lig haar wysvinger en druk dit byna teen Emma se neus. “Met jou reken ek later af. Waar is Michael?”

Emma haal diep asem en druk die wysvinger met al die kalmte wat sy kan opkommandeer uit die pad. “Michael is in die kombuis. Ek neem aan jy het hom kom haal om gastehuis toe te gaan. Hy sal nie meer lank wees nie. Wil jy ’n koppie koffie hê terwyl jy wag?”

Angelique gee haar net ’n vernietigende kyk voordat sy haar eenkant toe druk en die restaurant binnestorm op dieselfde oomblik as wat Michael Susan-hulle se nagereg vir hulle bedien. Sy plant haar hande in haar sye, haar woedende blik op Michael waar hy nog gebukkend by Susan staan en gesels.

“Ek ry hierdie hele godverlate dorp plat op soek na jou! Jy’t gesê jy gaan net kyk of Ernst oukei is, en nou kry ek jou, ure later, hier saam met hierdie klein ... flerrie!” Sy beduie minagend met haar kop na Emma terwyl die skrilheid van haar stem met die elokusieklasse baklei.

Emma kyk ongemaklik na die gaste wat een en almal na die tirade

geluister het. “Angelique, daar was ’n krisis. Wanda ...”

“Hou jou hier uit. Jy het al genoeg moeilikheid veroorsaak.” Angelique kyk nie eens na Emma nie.

Emma byt die woorde terug wat na haar tong aangemarsjeer kom en kyk na Michael wat verskonend vir Susan glimlag en toe stadig orent kom.

“Kom deur kombuis toe, Angelique. Ons kan daar privaat gesels.” Sy stem is rustig, maar dit bevat ’n waarskuwende noot wat Emma laat ril.

“Jy kan my nie rondbeveel nie, Michael Lindeque. As jy nie nou onmiddellik saam met my kom nie, kan jy van my vergeet, en kan jy ook daarvan vergeet om ooit weer jou kop op te tel in enige kulinêre kringe, én van jou knus possie by *Heavenly Homes*.” Sy vou haar arms en tik-tik-tik met haar Italiaanse stewel op die vloer.

Michael kyk na Emma. Sy oë is die kleur van ink, maar sy stem is rustig. “Gee jy om om hier klaar te maak en toe te sluit?”

Emma skud haar kop terwyl ongeloof en diepe teleurstelling in haar opwel. Hoe kan Michael hom op hierdie manier laat hiet en gebied deur hierdie bitsige, bedorwe brok? Hom so laat verneder voor al die mense?

“En jý, Emma Steyn,” Angelique druk weer ’n wysvinger onder Emma se neus, “bly van nou of uit my pad. En jy kan maar vergeet van Angel-on-Broom. Ons sal iemand anders kry.” Sy swaai om en storm by die deur uit. Oomblikke later klap die motordeur en brul die enjin aan die gang.

Emma kyk verdwaas na Michael.

Hy laat rus sy hand ’n oomblik op haar skouer. “Ek is jammer, Emma. Ons praat môre. Glo my, ek doen wat vir ons almal die beste is.” Hy glimlag skewerig.

Die toeter klink ’n paar keer skel van die straat se kant af op. Michael lig sy hand in ’n groet voor hy met ’n rustige tred by die restaurant uitstap.

Wanda frons toe sy die toeter hoor en draai na Ernst toe wat pas vir hulle elkeen 'n glas wyn ingeskink het. “Dit klink of dit van die restaurant se kant af kom. Ek hoop nie die dorpenaars skroef my op oor lawaaierige gaste nie.”

“Dis feestyd, Wanda. Die dorpenaars moet begryp hulle rus gaan vir 'n week lank verstoer wees.” Hy hou 'n glas na haar toe uit en lig syne toe sy dit by hom neem. “Op jou dapperheid vanaand, Wanda.”

Sy glimlag. “Sonder jou kon die hele affêre lelik skeefgeloop het. Dankie vir jou hulp. En dankie dat jy jou rol so oortuigend gespeel het dat selfs die inspekteur gedink het ons is ... saam.” Sy neem 'n slukkie. “Hoe voel jou kaak?” Sy raak liggies aan die pleister.

Haar hand bly in die lug hang en sy kyk op in Ernst se oë toe hy stilbly. Sy oë is skielik ernstig in hare. “Dit het nie vir 'n oomblik vir my gevoel of ek 'n rol vertolk nie, Wanda.” Hy vou sy hand oor hare en druk haar palm teen sy lippe.

Wanda voel hoe 'n bewing deur haar liggaam trek. “Ernst ...”

Hy neem die glas uit haar hande, sit dit saam met syne op die tafel neer en trek haar stadig nader. Sy lippe rus lig op hare.

“Ek wou dit vanmiddag al doen toe jy so 'n minitantrum hier in die kombuis gegooi het nadat Angelique jou ontstel het. Maar daar is iets anders wat ek wou doen ná die episode by die kerksaal. En ek sou as Emma nie by was nie.” Sy kop sak weer oor hare en Wanda voel sy mond warm oor hare sluit.

Wanda se lippe gaan oop onder syne en sy verwonder haar oor die drif wat deur haar stu toe sy tong hare opsoek. Drif wat die aarde om haar laat tol.

“Ernst, ek weet nie ...” begin sy toe hy 'n eon later sy gesig in haar nek bêre.

“Ek dink jy weet, Wanda. Ek dink ons albei weet maar alte goed.” Sy stem is hees.

Hy stuur haar in die rigting van haar kamer terwyl hy haar steeds in sy arms hou. “Ons wil nie jou gaste wakker maak nie, wil ons?” fluister hy in haar oor en byt saggies aan die skulp daarvan.

Wanda maak haar oë toe en lig haar mond na syne.

Sy weet nie hoe hulle in haar slaapkamer beland het nie, maar die volgende wat sy voel, is hoe hy haar sagkens op die bed neerlê. Sy maak haar oë oop toe hy die deur toedruk voor hy langs haar kom lê.

Hy skulp sy hand om haar wang en trek haar styf teen hom vas. “Ek het vanmiddag die mooiste droom gehad.” Hy soen haar op haar neus. “Ek het gedroom ’n engel van ’n vrou kom lê langs my op die bed. Ek kon haar ruik. Viooltjies en kaneel.” Hy soen haar langsaam, maar diep. “Ek het gedroom dat ek my arms om haar sit en haar teen my vastrek. Eers was sy soos ’n stywe snaar.” Hy streel met sy lippe oor haar oë. “En toe voel ek hoe sy ontspan. Hoe haar lyf sag en ontvanklik word teen myne.” Hy vee haar hare uit haar nek en volg haar haarlyn met sy lippe. “En toe lui daar ’n dekselse telefoon.”

Wanda vervleg haar vingers in sy digte hare. “Ek het gedink jy slaap.”

“Maar ek het. Ek sê mos ek het gedroom.” Hy lag diep en murmelend teen haar kuiltjie. “Wil jy vir my sê jy het my toe al kom uitlok?” Sy vingers beweeg strelend oor haar sleutelbene en gly rakelings oor haar borste.

Wanda voel die asem in haar keel vasslaan. Haar hart gaan swaar en dawerend aan die klop. “Jy spot met my.” Haar asem is vlak.

“My ouma het altyd gesê: ‘Met spot gaat je naar bed.’” Sy hand maak haar kontoere hulle eie. “Ek het die uitdrukking nog nooit begryp nie, maar vanaand ...” Hy speel met die boonste knopie van haar hemp en dop dit uit die knoopsgat. Sy lippe volg sy vingers tot by die skuimwit rand van haar bra.

Wanda maak haar oë toe en kreun saggies.

“Wanda. Sagte, begeerlike Wanda.”

Toe sy mond dié keer oor hare sluit, gly haar hande om sy nek en sy trek hom nog nader. Sy hoor hom kreun.

“Wanda, ek begeer jou,” prewel hy in die dieptes van haar mond. Met een kragtige beweging skuif hy haar verder op die bed en plant sy elmboë weerskante van haar. “Kyk vir my, Wanda. Sê vir my dat jy my ook begeer.”

Wanda kyk in die goue oë so digby hare. “Ek begeer jou, Ernst.” Sy herken skaars haar eie stem.

Hy trek haar gelaatstrekke met sy wysvinger na.

Ja, ek begeer jou, Ernst, dink sy in stilte terwyl emosies deur haar klop en stu. Maar daar is ’n verskil. Ek begeer jou omdat ek jou liefgekry het. Ek aanvaar dat dit vir jou anders is. Ek aanvaar dat vanaand waarskynlik ’n eenmalige gebeurtenis vir jou is, maar ek sal ten minste vir die res van my lewe hierdie herinneringe kan bewaar.

En toe maak niks meer saak terwyl hy haar mond opeis en vir lang, duiselingwekkende ligjare plunder nie. Sy gee haar oor aan die bedwelming van sy liefkosings, sy hande, en laat haar lyf ontsnap aan al die jare se vrees en gevangenskap.

Tien

Die son is nog skaars op toe Emma lusteloos haar ware begin regpak vir nog 'n dag van feesverkope. Sy het min slaap ingekry. Dit was al ná twee toe sy die restaurant kon sluit. En toe sy uiteindelik in die bed kom, het sy nog 'n uur of wat rondgerol terwyl die gebeure van die dag in haar gedagtes rondgemaak het.

Sy het gewonder wat die afloop van Wanda se probleme met Dieter gaan wees, maar sy het veral aan Michael gedink. Het haar teleurstelling in hom dieper en dieper voel wegkalwe aan haar bewondering en respek vir hom.

Selfs haar drome, toe sy uiteindelik tog aan die slaap geraak het, was verwarrend en ontstellend. Sy kan nie veel onthou nie, maar sy onthou beelde van 'n watervrou.

Emma sug vir die soveelste maal en gaan staan in die deur van die skuur. Sy staar uit oor die werf, dink terloops daaraan dat sy en Seth iets aan die slordige heining tussen hulle erwe moet doen en sien hom toe op sy agterstoep uitkom.

Sy groot figuur bring 'n warmte in haar hart en 'n onwillekeurige glimlag pluk aan haar mondhoeke. Dierbare Seth. Sy weet meteens sy het 'n fout gemaak om hom weg te stuur. Boggheer veldbrande. Dit is die rustige kaggelvuur waarna sy nou smag. Dis vir Seth wat sy in haar lewe nodig het.

Sy gee impulsief 'n paar treë in sy rigting en is op die punt om hom te roep toe sy in haar spore bly staan. Sy kyk met ongeloof na die vrou in die pienk japon wat by die kombuisdeur uitkom en haar arms om Seth sit. Emma staar verstar na die twee toe Seth omdraai, haar teen hom vasdruk en lank en innig soen. Toe hy uiteindelik sy kop lig, kyk hy op asof hy Emma se geskokte blik kon voel.

Emma wil omswaai en vlug, maar Seth wink na haar. “Emma! Kom nader. Ek wil jou aan iemand voorstel.”

Haar bene beweeg onwillekeurig in hulle rigting. By die heining kom sy tot stilstand. “Hallo, Seth.”

“Kan jy glo wat die fees opgelewer het? Marla, dis my buurvrou Emma.” Sy arm vou om die skouers van die vrou langs hom. “Emma, ontmoet Marla. Ek het jou van haar vertel. Ons was ’n paar jaar gelede verloof en het toe uit pure onnoselheid die verlowing verbreek. En gister, toe ek nog in die galery staan, kom Marla heel per toeval daar ingewals.”

“Hallo, Emma. Verskoon tog maar die japon. Daar was nog nie tyd vir stort en aantrek nie.” Marla glimlag guitig op na Seth.

“Hallo, Marla.” Emma glimlag flouurig terug en kyk verwonderd na Seth. Hy lyk soos ’n kat wat ’n piering room gekry het, maar wat haar die meeste opval, is die uitdrukking in sy oë terwyl hy na Marla afkyk. Só het hy nooit na haar gekyk nie, besef Emma, en dit voel skielik of ’n vuur haar hart pynlik toeklem.

“Ek en Marla het die hele nag omgesels nadat jy en Michael my genadiglik van daardie ellendige restaurant verlos het.” Hy trek Marla stywer teen hom aan en kyk na Emma. “Ons het agtergekom dat alles wat tussen ons skeefgeloop het, bloot op ’n misverstand berus het. Ons trou sommer binnekort. Ons het reeds te veel jare verspil.”

“Dis wonderlike nuus, Seth. Geluk, Marla.” Emma forseer ’n glimlag na haar lippe. “Ek hoop julle sal altyd so gelukkig wees as wat julle nou lyk.”

Seth se grys oë blink met die soort innerlike vreugde en vrede wat Emma nog nooit by hom gesien het nie. “O, ons sal, Emma, ons sal. Ek en Marla is vir mekaar gemaak.”

Emma kyk om toe sy ’n kar langs die skuur hoor stilhou. Haar hart sink in haar skoene toe sy die sportmotor herken. Sy groet Seth-hulle en stap stadig

nader.

Michael staan langs die motor toe sy daar aankom. “Hallo, Emma.”

Emma vou haar arms. “Ek neem aan jy het kom bevestig dat my insette in Angel-on-Broom nie meer verlang word nie. Jy moet maar reël dat die meubels gehaal word. Bel net voor die tyd dat ek kan seker maak ek is hier.”

“Is daar enige kans op ’n koppie koffie? Al is dit kits. Ek het nog ’n lang pad voor vandag.”

Emma sug en skud haar kop. “Ons het niks om vir mekaar te sê nie, Michael. Buitendien, ek is nogal geheg aan my gesig. Ek wil dit nie stukkend gekrap hê deur ’n tierwyfie as sy uitvind jy was hier nie.”

“Angelique weet waar ek is en om watter rede. En jou gesig is veilig; sy is saam met die fotograwe op pad terug Rand toe. Koffie?”

Emma trek haar skouers op. “As jy daarop aandring. Ek het in elk geval self ’n koppie nodig.”

Michael buk, steek sy hand deur die afgedraaide ruit en bring ’n lêer te voorskyn. Hy knik in die rigting van Seth se huis waar hy en Marla op die stoep sit en koffie drink. “Ek sien jy is toe regtig uit jou boyfriend uit.”

Emma gee hom ’n verwoestende kyk en begin aanstap huis toe. “Hoe het jy in elk geval geweet van my en Seth?”

“Seth het my gesê toe ek een van sy skilderye gekoop het, nog voor ek jou ontmoet het.” Hy val langs haar in.

“Dis dus na Seth wat jy verwys het toe jy gesê het dat ek nie moet toelaat dat hy my keer om vlerke te laat uitspruit nie?” Emma frons. “Hoekom dink jy Seth sou?”

“Ek hou van Seth en ek dink hy is ’n uitstekende skilder. Dis net ...” Michael roer sy skouers. “Ek het die idee gekry dat hy jou dalk sou kon versmoor. Maar dit was voortvarend van my, en dit nogal nadat jy met soveel gevoel vir hom gesê het jy is lief vir hom daardie eerste keer toe ek jou gebel

het.”

“Ek het gedink ek praat met my pa, nie met Seth nie.”

Michael gaan staan, knik langsaam. “Nou verstaan ek beter.” Die knik gaan oor in ’n skud van die kop. “As ek dit maar eergisteraand geweet het.”

“Hoekom?”

Michael skud net weer sy kop, gaan sit by die kombuistafel en leun met gevoude arms terug terwyl Emma die ketel aanskakel en die koffiekorrels in die bekers skep.

“Het niemand jou nog ooit gesê dat die lewe te kort is om slegte koffie te drink nie?”

Emma loer onder haar wenkbroue deur na hom. Die tergende glimlag doen vreemde dinge aan haar lyf, maar sy verhard haar hart. As hy nie wil antwoord nie, gaan sy hom nie lek nie. En jy kan maar gerus onthou dis dieselfde man wat gisteraand soos ’n mak lam weggelei is deur ’n vrou wat hom voor ’n klomp mense beledig en verneder het, spreek sy haarself streng aan.

Sy lig haar ken. “Wil jy koffie hê of nie? En jy sal verromer moet drink. Ek hou nie melk aan nie. Dit word net suur.”

Michael se glimlag verbreed. “Ek sal swart drink, dankie. Hopelik het jy darem suiker?”

Emma skink die kookwater oor die korrels, plak die beker voor hom neer en skuif die suikerpot nader. “Hoe het jy in elk geval so vol fiemies geraak as jy as kind skaars kos ...” Emma kyk vinnig na hom. “Ek is jammer. Dit was gemeen van my.”

“’n Bietjie venynig, maar nie regtig gemeen nie.” Hy skep vier groot lepels suiker in die koffie en roer dit langsaam. “Ek dink dis juis waarom ek so ’n fassinatie met kos ontwikkel het.” Hy neem ’n slukkie. “Aanvanklik was ek maar te dankbaar wanneer ons wel ons mae kon vol kry. As tiener het ek by

’n steakhouse gaan werk, vir die sakgeld, maar ook om vol te kom. Die kelners het elke aand ’n bord kos gekry as deel van die skamele betaling. Dié het ek altyd as ’n take-away huis toe geneem vir my ma. My pa het hom teen daardie tyd al genadiglik doodgedrink. Vir my was daar meer as genoeg om van vol te kom op die borde wat ek deurgeneem het kombuis toe.”

Hy glimlag skewerig. “Dit klink ’n bietjie grusaam, maar ek glo nie jy het enige idee hoe daar in restaurante met kos gemors word nie. Of hoe honger ’n tienerseun kan word nie.”

Hy tuur ’n oomblik by die venster uit asof sy gedagtes ver paaie loop voordat hy weer na haar kyk. “In elk geval, toe die basiese behoefte, die honger, gestil was en ek besef het ek staan ’n goeie kans om elke dag vol te kom as ek net kan sorg dat ek my werk behou, het ek met ander oë na kos gekyk. Waar alles voorheen letterlik om den brode, om oorlewing gegaan het, het ek begin droom van kos wat nie net die maag vul nie, maar ook al die sintuie prikkel. Ek het in die steakhouse se kombuis geboer en besef hoe basies hulle vaardighede in der waarheid was. Ek het opgelees oor kos en die filosofie oor kos. Die eienaar van ’n deftiger restaurant wat af en toe by die steakhouse kom ribbetjies eet het, het ná ’n rukkie vir my gevra of ek dit sal oorweeg om in sy restaurant kelner te word.”

Michael grinnik. “En dit was die begin van my roemryke loopbaan as kelner.”

“Maar jy het nie ’n kelner gebly nie.” Emma glimlag en probeer haar toenemende bewondering vir hierdie man onderdruk met ’n doelbewuste gedagte aan sy optrede gisteraand.

“Nee, maar terwyl ek nog een was, het ek die sjefs mal gemaak. Ware sjefs is oor die algemeen ’n befoeterde lotjie wat nie daarvan hou dat kelners rondhang en met hulle oë steel nie. By die laaste restaurant waar ek as kelner gewerk het, het die sjef egter ’n sagte plekkie vir my ontwikkel en by die

restaurateur aanbeveel dat ek leerlingkok word.”

“En dit was die begin van jou roemryke loopbaan as sjef?” terg Emma.

Michael lag. “Inderdaad. Maar so maklik was dit ook nie.” Sy glimlag kwyn. “As ek nie vir Angelique ontmoet het nie, sou ek seker vir die res van my lewe net ’n sjef gebly het. Ek glo ek sou seker by ’n toprestaurant uitgekom het, maar my ambisie was beperk tot die maak en opdis van kos.”

Emma kyk in haar koffie af.

“Ek is Angelique baie verskuldig, Emma,” sê hy stilweg. Eenvoudig. Asof dit ’n verduideliking op sigself moet wees.

Sy lig haar oë. “En dit gee haar die reg om jou te behandel soos sy jou gisteraand behandel het?”

Michael skud sy kop. “Nee. Maar die feit bly staan, sonder haar sou ek nooit gekom het waar ek nou is nie.”

Emma kyk hom lank in stilte aan. Haar stem is hees toe sy weer praat. “Hoe het julle ontmoet?”

Michael kyk nikssiede na die plafon. “Sy en haar pa en sy vriendin in daardie stadium het by die restaurant waar ek toe gewerk het, kom eet. Ek was teen daardie tyd tweede in bevel in die kombuis, maar die hoofkok was in die bed met griep. Ek het my kans waargeneem en van my eie resepte as spesialiteitsdisse aangebied. Arnold Hanson het my na die tafel toe geroep om my geluk te wens met die koedoe-lende en gesê sy metgesel was dol oor die spanspek met gerookte volstruis, en Angelique het baie van die sjokolademousse gehou.”

Hy kyk na Emma. “Die volgende dag het Arnold my gebel en my ’n werksaanbod gemaak. Hoofkok by een van sy eksklusiewe game lodges. Dit was ongeveer op dieselfde tydstip dat hy *Heavenly Homes* uitgekoop en vir Angelique redakteur gemaak het. Sy het gereeld na die lodge toe gekom en ons het ... betrokke geraak.

“Eers het ek haar van resepte voorsien vir die tydskrif, en later het ek artikels geskryf. Die reaksie van die lesers was baie gunstig en sy het met die idee gekom dat ons ’n kookboek moet uitgee. Toe sowel die eerste as die tweede gewild blyk te wees, het sy en Arnold dit so bewimpel dat ek ’n TV-program aanbied. Ek het as sjef bedank en met verdrag aandeel in ’n paar goeie restaurante gekoop. Angelique het my aangestel as kosredakteur en ek het my verder toegelê op skryf- en TV-werk.” Hy draai die beker om en om tussen sy lang vingers. “Soos ek gesê het, sonder Angelique ...” Hy trek sy skouers op.

Emma kyk hom lank in stilte aan. “Ek begryp, Michael,” sê sy dan. “Ek begryp net nie waarom jy gisteraand toegelaat het ...”

“Ek weet hoe dit moes gelyk het, Emma, maar as jy dink ek is soos ’n gedwee skoothond agter haar aan uit dankbaarheid vir alles wat sy vir my gedoen het, het jy dit mis.” Hy gee ’n sardoniese laggie. “Ek ken Angelique beter as enigiemand anders. Ek lees haar buie soos ’n meteoroloog die weer lees. En ek het geweet hier kom ’n orkaan van formaat aan. Ek wou nie jou of die gaste daaraan blootstel nie. Angelique kan baie gaaf wees wanneer sy wil, maar sy kan ook ’n absolute heks wees. Sy sal niks daarvan dink om tafels om te gooi of selfs te klap en te krap nie. En as sy eers deur ’n sekere grens gebreek het, is daar nie keer aan haar nie. Om die een of ander rede het sy ’n teësin in jou gekry. Dit het al vantevore gebeur dat sy so ’n jaloesie ontwikkel het en dit het op ’n storm uitgeloop wat ek nooit weer wil sien nie. Ek stap eerder weg in ietwat vernederende omstandighede as om jou daaraan bloot te stel.”

Michael kom orent en stoot die lêer na Emma toe oor. “Maar nou het ek genoeg geklets. Ek moet ry. Lees asseblief die dokumente goed deur. Laat Ernst ook daarna kyk, en teken as jy daarmee tevrede is.”

Emma frons en slaan die lêer oop.

“Kortliks kom dit daarop neer dat die interieuridees vir die Angel-on-Broom-restaurant jou kreatiewe eiendom bly en dat jy my toestemming gee om dit teen vergoeding te gebruik op voorwaarde dat jy self die kreatiewe insette behartig en monitor. Verder word jy betaal vir elke item soos per faktuur ooreengekom. Daar is ook vorms wat jy moet teken om jou tekenreg op die Angel-on-Broom-bankrekening te gee sodat jy meubels en ander materiaal kan aankoop.”

“Maar Angelique het gesê ...”

“Angelique dink die kontrak is reeds van krag. Sy besef jy kan ons hof toe vat en vir derduisende rande dagvaar as ons kontrakbreuk pleeg. Sy weet boonop Angel-on-Broom is ’n baie goeie idee.” Michael vee oor sy oë asof hy skielik besef dat hy moeg is.

“Maar die kontrak is nog nie van krag nie. Jy lei haar om die bos. Nee. Jy lieg vir haar.” Emma skud haar kop. “Hoekom doen jy dit, Michael? Het my pa ’n vinger in die paai hier? Is dit een van sy welsyn-vir-Emma-projekte?”

“Liewe hemel, Emma. Die perseel waarheen ek nou op pad is om te gaan kyk, gaan my oor die honderd duisend rand ’n maand uit die sak jaag. Dink jy vir een oomblik ek sal soveel geld in ’n welsynprojek belê? En ek praat nog nie eens van die toerusting nie. Jou werk is ’n druppel in die emmer.”

Emma se mond sak oop. “Hóéveel?”

“Jy’t my gehoor.”

“Waar is die plek? Is dit met goud beslaan?”

Michael grinnik. “As dit is, sal ons die goud moet laat afkrap sodat jy jou verfding kan doen. Nee, dis ’n huis wat op rotse uit rotse gebou is en ’n uitsig van omtrent twee honderd grade op Valsbaai het. Ek weet nie wat jy gedink het nie, Emma, maar ek het nie ’n gesinsrestaurant in gedagte gehad nie. My gaste sal nie ’n bottel wyn vir onder drie honderd rand kan bekom nie. ’n Voorgereg sal hulle ’n minimum van honderd rand uit die sak jaag.”

Emma sluk. Sy hou haar hande uit, beduie na die meubels, die kombuis.
“Maar hoe kan jy hierdie interieur met jou idee versoen?”

“Dis die hele punt. Die kontras. Die jappies gaan mal wees daaroor, die ou geld sal dit vermaaklik vind, en die parvenu’s sal hulle daarin verlustig om met hulle rekeninge te kan spog. Angel-on-Broom gaan die kaf van die koring skei onder die rykes in die land. Almal gaan daaroor praat, skinder oor wie daar was en nie was nie, en heimlik hulle rekeninge vergelyk.” Hy tel sy sleutels op.

“Maar ek dag jy beoog om die restaurant aan die Rand oop te maak.”

“Ek het aanvanklik, maar toe ek die foto’s van hierdie huis op die internet sien, het ek besef dis die plek. En nou moet ek ry, Emma. Ek bel jou nadat ek die plek gesien en alles afgehandel het. Jy sal moet kom kyk en so gou as moontlik aan die muurskilderye moet begin werk.”

“Skilderye? Ek dag net een.”

Michael trek sy skouers op. “Dis ’n groot plek, maar ek sal jou laat weet.”

In die kombuisdeur draai hy om. “En Emma, dis van kardinale belang dat hierdie plan van ons nêrens uitlek nie. Ek belê enorme bedrae geld. As iemand snuf in die neus kry en my voorspring met iets soortgelyks, kan ek maar vergeet om ooit ’n sukses daarvan te maak. Die hele plan berus op die feit dat dit ’n oorspronklike idee is. Dis waarom ek die geheimhoudingsklousule in die kontrak ingebou het.”

Emma knik. “Natuurlik. Vir wie sal ek in elk geval vertel?”

Hy gee weer ’n tree nader en gaan staan. “Nog iets, Emma, net sodat daar nie misverstande is nie en dinge so glad as moontlik verloop tussen jou en my en Angelique ... Angelique besef ook nou dat ek en jy slegs op werksvlak enigiets met mekaar te doen sal hê. Dat daar niks persoonliks tussen ons is nie. Net ’n kontrak wat geld tot tyd en wyl dit afgehandel is. Totsiens, Emma.”

Die stof het lankal agter die sportmotor gaan lê toe Emma nog verdwaas in die kombuisdeur staan terwyl 'n rou seer, so diep dat dit verby trane gaan, sy lê in haar lyf kry.

“Ek kan jou en Michael nie genoeg bedank vir gisteraand nie,” sê Wanda toe sy later die oggend by Emma inval om die sleutels vir die restaurant te kry.

“Ek is so bly dis nou alles agter die rug. Die klagte is gisteraand ingedien en vanoggend teruggetrek, soos ek beplan het. En toe kom dit boonop uit dat Dieter in elk geval op die punt staan om Australië toe te emigreer. Hy mag nie 'n voet verkeerd sit nie, anders is sy emigrasieplanne na die maan. Ek kan nie vir jou sê hoe verlig ek is nie.”

“Ek is so bly dat daardie storie darem 'n goeie afloop gehad het. En om uit te help was 'n plesier. Dit lyk darem asof jy 'n goeie nagrus ingekry het. Om die waarheid te sê, jy lyk wonderlik.” Emma frons skielik. “Wat my nou skielik daaraan laat dink ... Ek het half en half verwag om my pa laas nag hier aan te tref. Toe hy nie hier uitkom nie, het ek aanvaar dat hy weer by Seth slaap, maar ek weet nou dit was nie die geval nie.”

Wanda voel die hitte in haar wange opslaan.

“Wanda?”

Wanda kan in Emma se oë sien hoe die begrip geleidelik daag. Sy sug en kyk na die sleutels wat tussen haar vingers klingel. “Ek hoop nie dit ontstel jou nie, maar ... jou pa het ...” Sy trek haar skouers op en trotseer die aanslag van nog 'n blosaanval dapper toe sy opkyk na Emma. “Ag jimmel, Emma. Ja, hy het die nag by my deurgebring.”

Emma sit haar hand voor haar mond en giggel.

“Ons het dit nie so beplan nie.” Wanda roer haar skouers verleë. “Dit het net so gebeur.”

Wanda steier terug toe Emma skielik haar arms om haar nek gooi en haar

styf vasdruk. “Ek dink dis wonderlik, Wanda.”

Wanda stoot haar ná ’n oomblik weg en kyk haar bekommerd aan.

“Regtig, Emma? Dink jy regtig so, of sê jy sommer so?”

“Maar natuurlik bedoel ek wat ek sê. Ek hoop al lankal daar wil so iets tussen julle gebeur.”

Wanda hou skielik haar hande voor haar oë. “Jimmel, Emma, ek weet nie wat om te dink of te sê nie. Ek wil net nie hê dit moet ons vriendskap beïnvloed nie.”

“En dit sal ook nie, wat ook al gebeur.”

’n Beweging by die skuur vang Wanda se oog. “Ek dink jy het klante.”

“Agge nee. En ek wil juis hoor ... Wag net hier. Maak solank vir ons tee. Ek is nou terug.”

Wanda sit werktuiglik koppies uit toe Emma skuur toe draf en gaan staan toe voor die venster. Wat op aarde het hulle besiel? Wat het haar besiel? Dis te gou. Dis ...

Sy sug diep. Sy kan haarself nog gisteraand vergewe. Sy was pas deur ’n baie spanningsvolle situasie. Dit was in die middernagtelijke ure. Ure wanneer dinge so maklik ver van die werklikheid verwyder kan raak. Maar wat van vanoggend?

Hulle het lepelgelê toe sy wakker geword het. Ernst se hand was om haar bors gevou. Hy moes aan haar asemhaling gehoor het sy slaap nie meer nie. Hy het haar langsaam, amper lomerig geliefkoos. Sy handpalms het haar lyf stadig, versigtig gelees en geïnterpreteer. Haar borste, haar maag, haar dye, haar bobene, en toe weer haar borste, wat reeds swaar van hartstog was. Sy kon hom teen haar rug voel. Sy begeerte, die versnelde klop van sy hart. Maar dit was sy wat omgedraai en die uitlokking beantwoord het met elke greintjie van haar wese.

Sy sug weer. Een en almal in die huis en by die polisiekantoor moes op

haar gesig kon lees wat gebeur het.

Ernst het so bedagsaam en teer teenoor haar opgetree toe sy die klagte gaan terugtrek het. Tog het hy, toe sy gesê het sy kom die sleutels by Emma haal, net geknik en gesê dat hy solank by Seth in die galery gaan inloer. Asof hy nie kans gesien het om Emma in die oë te kyk nie. Asof hy nie voor sy dogter wou bevestig wat gebeur het nie.

By dié besef sien sy skielik ook nie kans om verder met Emma te praat nie.

“Hallo, Susan,” herken Emma haar klant glimlaggend.

“Haai, jong. Jammer om so vroeg te pla, maar ons is al weer op pad en daar is iets wat ek graag met jou wil bespreek. Het jy ’n tydjie?”

Emma kyk vlugtig in die rigting van die kombuis. Sy brand om te hoor wat Wanda te sê het, maar as Susan wil besigheid praat, is dit op die oomblik belangriker. Wanda sal verstaan, en hulle kan in elk geval later ook praat.

“Nee, dis oukei. Ons kan maar praat.” Emma loer weer oor haar skouer toe sy die kombuisdeur hoor kraak. Sy waai terug toe Wanda vir haar wuif.

“Ek het iets vergeet! Sien jou later, Emma!” roep Wanda.

Emma steek haar duim in die lug en draai weer na Susan toe. “Wil jy in die kombuis gaan sit? Die ketel behoort nog warm te wees; tee sal vinnig gaan.”

“Enige verskoning om weer jou wonderlike kombuis te sien.” Susan glimlag en val langs Emma in. “Ek kan nie my vinger daarop lê nie, want as mens dit so stuk-stuk bekyk, lyk dit seker eintlik amper bouvallig, maar daar is iets magic aan die ambience van die geheel. Iets wat herinner aan Provence, of Toskane, of Katalonië, maar tegelykertyd aan my ouma se kombuis. Boere-Provence. Hoe klink dit vir jou?”

Emma lag en stoot die deur oop. “Welkom, sit gerus in Boere-Provence.

Koffie of tee?”

“Koffie, dankie.” Susan kyk vlugtig op haar horlosie. “Jong, ek wil sommer met die deur in die huis val. Ons moet nog ten minste tot op Bloem kom vandag. Ek wil baie graag ’n artikel doen oor jou en jou huis en jou meubels. Hoe lyk dit?”

Emma frons. “Artikel? Is jy ’n joernalis?”

Susan se oë rek. “O gits, ja, jy weet natuurlik nie. Dis hoekom ek eintlik hier is, om die fees te dek vir *Iris*. Ek doen vryskutwerk vir hulle.”

Emma lig haar wenkbroue. “Ek hoor *Iris* is pas aangewys as die beste vrouetydskrif in die land. Geluk.”

Susan glimlag trots. “En ons het nou amptelik die grootste leserstal ook. Van die vrouetydskrifte.”

“En jy wil ’n artikel oor my goed doen?” Emma skud haar kop ongelowig.

“Ag asseblief, Emma. Ek behartig die interieurafdeling. Jou goed is stunning, jou huis is stunning, en boonop is jy stunning.” Susan hou haar kop skeef. “En boonop kuier een van die stunningste mans in die land hier.”

Emma skud haar kop. “Nee, hy kuier nie hier nie, Susan. Hy is net ’n kl. . .” Emma bly skielik stil.

Susan se oë rek. “Liewe hemel, Emma, moenie vir my sê hy is ’n klant nie! Gaan hy ’n restaurant oopmaak? Het jy enige idee watse groot nuus dit gaan wees in die kosafdeling van *Iris*?”

“Susan, asseblief, ek wil nie verder praat nie. Ek trap hier op baie gladde ys.”

“H’m.” Susan tik-tik met haar wysvinger teen haar lippe. “Ek ruik hond, maar solank jy my net laat weet wanneer julle gereed is met die nuus van die restaurant, en die storie daaragter, sal ek geen sprak sprook nie. Terloops, daardie relletjie met Angelique ...”

“Susan ...” Emma voel paniek in haar opslaan. Sy weet hoe joernaliste

stories kan verdraai. Haar pa was al 'n paar keer slagoffer daarvan.

Susan skud haar kop. “Relax, Emma. Ek gaan nie 'n spanner in die works gooi nie. Ek het lankal my mes in vir daardie klein merrie, maar ek sal nooit misbruik maak van inligting nie. Ek wil haar fair en square op haar baadjie gee.”

Emma hou haar kop vraend skeef.

Susan lag. “Sy het my vroeg in my loopbaan gefire, en dit omdat ek haar aangevat het toe sy my idee vir 'n artikel gesteel en onder haar eie naam geplaas het. Maar nietemin. Hoe lyk dit met 'n artikel oor jou huis en kunsgoed, die goed wat jy vir 't Schilder gedoen het, en so 'n bietjie oor die dorp en sy inwoners wanneer dit nie fees is nie? Dit sal 'n lekker opvolgartikel wees ná die een oor die fees. Ek sal 'n fotograaf kry en jou laat weet van die datum.”

Emma kou haar onderlip. Sy hou van Susan en haar openhartigheid, en dit kan haar besigheidjie nie skade doen nie. Solank niks omtrent Angel-on-Broom uitlek nie, kan dit eintlik voordelig wees. Vir Wanda ook. En tog ...

“Ek sê jou wat, ek belowe om die artikel aan jou deur te stuur voordat ek dit vir plasing voorlê. As daar iets in is waarvan jy nie hou nie, haal ons dit uit,” probeer Susan haar verder oorreed.

“Op daardie voorwaarde, dalk, en op voorwaarde dat niks van Michael of sy projek genoem word nie,” gee Emma eindelijk bes.

“Ek kontak jou sodra alles gereël is,” glimlag Susan en tel haar handsak op. “Jy sal nie spyt wees nie, Emma.”

Maar toe Emma haar agternakyk, wonder sy tog oor die wysheid van haar besluit.

Emma is die meubels van die veiling aan die sorteer toe Ernst laatmiddag sy opwagting in die skuur maak. “Hallo, Emma.”

“Haai, Pa. Dis ’n verrassing. Ek wou juis net hier klaarmaak voordat ek na julle toe oorstap.” Sy loer tergend na hom. “Ek verneem daar was intussen ’n paar verwikkelinge ...”

Ernst grinnik. “Moenie te veel lees in te min nie, Emma.”

Emma frons en plant haar vuiste in haar sye. “Wat bedoel jy?”

Ernst druk sy hande in sy jean se broeksakke en trek sy skouers op. “Dis early days, Em.”

“As jy vir Wanda gaan seermaak, kry jy met my te doen. Pa of nie pa nie.” Emma staar hom stip aan.

“Moet nou nie die kar voor die perde inspan nie, Em. Al wat ek sê, is dat ...”

“En al wat ek sê, is dat jy nie met Wanda se gevoelens moet speel nie.”

Hy skud sy kop. “Jy behoort van beter te weet as dit, Em. Wanda is baie spesiaal. Alles is maar net nog baie nuut ... en redelik onverwags.”

Emma sug en stamp ’n kruppel stoel weg. “Julle mans is die pits. Hier sit jy met ’n juweel reg voor jou en jy bekommer jou oor terme soos ’nuut’ en ‘onverwags’. Wat van ‘great’ en ‘’n seën’?”

Ernst glimlag skewerig en kyk weg oor die deurmekaar werf. “Ek dink Wanda is great.” Hy kyk weer na haar. “Beter?”

“Skaars. Natuurlik is Wanda great. Dit kan ’n blinde sonder ’n stok aanvoel.” Sy vee haar hare uit haar gesig. “Maar kom ons gaan drink tee, sodat jy my kan vertel hoe great sy is.”

Ernst volg haar toe sy in die rigting van die kombuisdeur stap. “Net nie van daardie kruiegoed nie, Em. Ek het krag nodig. Mens raak nie op sewe en veertig verlief sonder dat dit jou emosionele energie tap nie.”

Emma loer oor haar skouer. “Verlief? Dit klink aansienlik beter.”

“Ek neem dus aan jy is oukei daarmee?” sêvra Ernst toe hy met sy beker Engelse tee voor hom sit.

“Oukei? Nee, dis nie die woord nie. Ek is meer as oukei daarmee. Veral omdat my pa klaarblyklik nie so stiksienig is as wat ek gedink het nie.” Sy grinnik.

“Ek wou nie vanoggend saam met Wanda kom nie. Ek dink ek was verleë.” Hy gee ’n laggie. “Dit moet vir jou eienaardig klink.”

Emma stut haar elmboë op die tafel en koester die beker tee tussen albei hande. “Nee, Pa. Ek begryp. Maar glo my, daar is niks om oor verleë te wees nie. Ek is darem ook al mooi groot.”

“Jy verstaan hopelik dat nie een van ons onmiddellik huweliksklokke hoor lui nie?”

Emma trek haar skouers op. “Solank julle albei dieselfde daaroor voel.” Sy gee ’n ironiese laggie. “Ek reken julle is seker ook al mooi groot.” Sy word weer ernstig. “Daar is sekere emosies in mens se lewe waaroor jy nie veel beheer het nie, net oor wat jy daarmee doen.”

Ernst kyk haar ’n oomblik lank stil aan. “Ai, Emma, ek wens dinge was anders vir jou en Michael.”

’n Oester klap in Emma toe. “Michael is ’n klant. Niks meer en niks minder nie. En vergeet in elk geval van my dinge. Konsentreer op jou en Wanda. Maar ek sal bly wees as jy die kontrak wat Michael laat optrek het vir my deurgaans voor ek teken.”

“Natuurlik.” Hy vroetel sy leesbril uit sy hemsak toe Emma die dokument vir hom aangee.

“Nee, dit lyk gaaf, Em,” sê hy nadat hy die kontrak deurgelees het. “Amper te gaaf.” Hy skuif die dokument weer nader aan Emma en bêre sy bril. “Maar vir Michael kan jy vertrou. Met of sonder kontrak. En daar is bitter min mense op hierdie aarde van wie mens dit kan sê.”

Emma knik ingedagte.

“Gee hom kans, Em.”

Sy kyk na Ernst en skud haar kop stadig. “Michael het dit baie duidelik gemaak waar ek en hy met mekaar staan, Pa. Dit is ’n saketransaksie sonder enige emosionele bande. En dis die laaste transaksie wat ek ooit met hom sal aangaan. Ek doen dit net omdat die hele konsep van Angel-on-Broom my aangegryp het.” Sy kyk verby haar pa sonder dat sy werklik iets raaksien. “Net jammer hy het die ding nou so gaan opfoeter.”

“Hoe so?”

Sy skud weer stadig haar kop. “Ek sou graag wou hê dat gewone mense vreugde moes kon put uit wat hy in gedagte gehad het. Nie ’n klomp rykgatte wat daarheen gaan vir brag value nie.”

Ernst staar haar ’n paar oomblikke aan voordat hy antwoord. “Onthou dat ryk mense ook die reg het om hulle geld te geniet, Em. Die meeste van hulle werk hard daarvoor en maak baie opofferings. Dis tog hulle goeie reg om dit te bestee soos dit hulle pas. En as dit in ’n plek kan wees wat vir hulle iets beteken, soveel te beter.”

Hy sit terug in sy stoel. “Maar ek dink ek verstaan wat jy bedoel. Jy is seker die onsnobistiesste mens wat ek ken. Om ’n restaurant na jou te gaan vernoem en al wat jappie en snob is die teikengaste te maak ... Dit gaan nie op nie.”

Emma staar haar pa verdwaas aan. “Na my vernoem? Dis mos na Angelique ...”

Ernst skud stadig sy kop. “Nee, Emma. Ek het destyds vir Michael vertel wat Wanda van jou gesê het, selfs nog voordat julle sulke goeie vriendinne geword het. Sy’t gesê dat jy vir haar voorkom as ’n bietjie van ’n engel met ’n besem as rytuig. Eerlik en reguit, het sy gesê. Soos die Karoo-landskap, maar met dieselfde soort onkenbare mistiek. Dieselfde soort teenstrydighede. En toe ek dit aan Michael genoem het, het hy nog gelag en gesê: ‘Ek sal jou dogter graag wil ontmoet. An angel on a broom. Angel-on-Broom. Wat ’n

wonderlike titel vir 'n boek. Of 'n naam vir 'n restaurant.'”

Elf

Vir Emma voel dit weke later of sy al 'n duisend stoele uit hole en gate gedelf het pleks van net oor die honderd. Sy kyk in die vol skuur rond. Met 'n bietjie geluk en baie geduld het sy nou feitlik genoeg kaste en tafels bymekaar.

Klaas se geskuur en getimmer in die agtergrond is musiek in haar ore. Vandat Michael voorgestel het dat Klaas per stuk betaal word pleks van 'n dagloon, skuur en restoureer hy van vroegdag tot die lig hom nie meer toelaat nie. Hy het 'n helper vir haar in die hande gekry om die meubels voor te berei vir die verfwerk. Ook een vir wie sy die verftegnieke vir die basiese agtergrond leer doen het, dus kon sy haar net by die verf van die motiewe bepaal.

As sy nou net oor hierdie harwar van emosies in haar kan kom. Michael bel haar so nou en dan om te hoor hoe sy vorder, maar dis gewoonlik kort, sakegerigte gesprekke wat haar net ontstel – juis as gevolg van die neutraliteit daarvan. Sy het egter gaandeweg skanse leer bou teen die seerkry en behandel hom koel en kortaf sonder om werklik onvriendelik te wees.

En tog krimp sy ineen elke keer wat sy sy stem herken.

Sy glimlag effens hartseer. Gelukkig het sy darem geleer om die seer oor Michael teen te werk deur Wanda en Ernst dop te hou. Vreugde te put uit die openlike verliefdheid wat tussen hulle blom.

“Jimmel, Emma, ek voel soos vyf en veertig going on sixteen,” het Wanda nog onlangs verleë erken.

“H'm. Ek kan sien julle kan skaars julle hande van mekaar afhou,” kon Emma terg.

Wanda het gebloos. “Ek weet wraggies nie wat oor my gekom het nie. Ek is seker die oudste tiener duskant die ewenaar.”

“Dis wonderlik, Wanda. Geniet dit. Jy verdien dit.” Emma het elke woord

bedoel, en tog kon sy nie anders as om Wanda 'n bietjie te beny nie. En sy het gewonder of sy ooit daardie vreugde en vrede gemeng met opwinding sal smaak wat sy in Wanda se oë sien.

Emma draai terug na haar werkstafel toe. Werk. Dis al wat sy nou daaraan kan doen, besluit sy. As teenvoeter teen al die emosies wat in haar maal en kolk, kan sy haar maar net in haar werk verdiep.

“Ons vorder goed,” rapporteer sy toe Michael haar later die middag bel.

“Ek is bly. Nou kan jy 'n naweek afknyp om af te kom Kaap toe.” Michael se stem is so neutraal soos voorheen.

Emma voel alles in haar op 'n knop trek. Sy weet sy sal by die restaurant moet uitkom om met die muurskilderye te begin, maar sy het haarself telkens wysgemaak dit lê gelukkig nog in die verskiet. “Ek wil net eers al die meubels agter die rug kry,” skerm sy.

“Jy sal beter kan werk as jy weet hoe lyk dit hier, Emma. 'n Idee kan vorm van hoe die geheel daar gaan uitsien. Ons moet ook finaal besluit oor die kleure en verf tegnieke wat ons vir die mure gaan gebruik. Ek stel voor jy ry eerskomende naweek af.”

Emma bly lank stil. “Nou maar goed,” sug sy dan. “Solank jy Angelique onder my voete uithou.”

“Angelique is in Mauritius tot Woensdag oor 'n week. Hulle doen 'n interieurartikel daar.”

Dis bloot 'n mededeling, hoor sy aan sy stem, en tog wonder sy of hy nie juis wil hê sy moet afkom Kaap toe terwyl Angelique landuit is nie. Net om seker te maak dat sy Angelique nie weer gaan ontstel en die harnas injaag nie.

“Ek sal Vrydagmiddag ry. Sal jy vir my plek in 'n B&B bespreek vir Vrydag- en Saterdagand? Ek wil vroeg Sondag weer terugkom,” stem sy teësin in.

“Ek maak so. Bel my wanneer jy ry, dat ek kan weet wanneer om jou te

verwag, en sodat ons sommer afsprek waar om mekaar te ontmoet.”

Toe Emma die gehoorstuk oomblikke later neersit, voel dit of al haar ingewande in ’n bol klipharde kougom verander het. Sy gaan Michael weer sien. En sy weet nie of sy opgewasse is daarteen nie. En daar is nog haar afspraak met Susan Donderdag vir die artikel. Dit gaan ’n dolle gejaag wees om alles ingepas te kry.

“Nonsens, Emma. Jy het gesê alles verloop volgens jou beplanning,” kom Wanda se stem vroegaand beslis oor die foon. “Vanaand kom eet jy by ons. Ek het die restaurant toegemaak en ons eet by die huis. Maandae gaan hier niks aan nie. Ek maak niks fancy nie. Ons drie kuier net gesellig. Al is dit net vir ’n uur of wat.”

“Ek wil nie inbreuk maak nie.” Emma vee moeg oor haar oë. Eintlik sal dit wonderlik wees om net ’n ruskans te geniet en boonop weg te kom van gedagtes wat maal en tol oor wat sy die naweek te wagte kan wees.

“Ek sou jou nie genooi het as ek gedink het jy maak inbreuk nie. Ons wil graag saam met jou kuier. Buitendien, Ernst wil jou iets wys.”

“Oukei, dan. Dit sal lekker wees,” gee Emma bes. “Ek moet net gaan stort. Ek sal so oor ’n uur daar wees.”

Wanda het die groot houttafel op die agterste stoep feestelik gedek, sien Emma toe hulle deurstap om te gaan aansit. En dit verbaas haar glad nie dat Wanda se “niks fancy” toe uiteindelik ’n feesmaal blyk te wees nie. Maar die mooiste, besluit sy toe hulle ná ete terugsit met ’n likeur, is die innigheid tussen Wanda en haar pa. Die terloopse aanrakings, die intieme kyke wanneer hulle dink sy sien dit nie.

“Wanda sê Pa wil my iets wys?” vra Emma uiteindelik.

Ernst knik. Hy kom orent. “Kom saam.”

Emma volg die twee in die lang gang af na een van die kamers aan die ander kant van die huis.

Toe Ernst die deur teatraal oopgooi, glimlag Emma.

“Omskep in ’n studio!” Sy kyk skuins na Ernst. “Lyk of Pa beplan om lank te bly.”

Hy kry ’n verleë trek om die mond en trek sy skouers op. Hy stap na ’n esel met ’n bedekte skildery daarop en trek die laken af voordat hy met ’n afwagtinge uitdrukking op sy gesig na Emma toe draai.

Emma staar na die skildery. Sy toets instinktief die komposisie met haar oog, bereken die diepte van die perspektief en meet die kleurnuanses. Verloor haar in die passie van die kwashale waarmee haar pa Wanda se sagte gesiglyne geskilder het, die delikate detail van die silwerdeurspekte blonde hare wat oor die roomkleurige skouer lê. Sy kyk verby die skildery en sien die liefde raak waarmee elke kontoer en lyn geskilder is.

“Dis asemrowend, Pa,” fluister sy ná die lang stilte. Sy kyk om na waar Ernst met sy arm om Wanda se skouers gedrapeer staan. “Dis nog beter as die een wat jy van my gemaak het destyds voor ek hierheen gekom het.” Sy draai terug na die skildery toe. “Asemrowend,” herhaal sy nog sagter.

“Emma, asseblief.” Ernst laat gly sy arm van Wanda se skouers af en kom staan by haar. “Asseblief, skilder vir my iets uit jou hart uit. Op doek. No strings attached. Ek het jou toe uiteindelik nooit uit my testament geskryf nie. Was nooit regtig van plan om dit te doen nie. En jou onderhoud lê vir jou in ’n rekening en wag. Ek weet nou dat ek jou nie moes afgedreig het nie, maar ek vra jou om ’n skildery te maak net omdat ek so bitter graag wil sien wat jy kan doen. Sodat jý kan sien wat jy kan doen.”

Emma skud haar kop stadig. Sy beduie vaagweg na die skildery op die esel. “Ek kan mos nie meeding met so iets nie, Pa.”

Ernst vou sy hande om Emma se skouers. “Dis nie ’n kwessie van

meeding nie, glo my.”

“Ernst ...”

Emma en Ernst kyk om toe Wanda by hulle kom staan. “Moet Emma nie dwing nie. As sy nie gereed is daarvoor nie, is sy nie gereed nie.”

“Maar sy is, Wanda. So gereed as wat sy ooit sal wees. Ek sien dit verskuil agter die motiewe op haar meubels. Ek weet sy kan, en ek wil hê Emma moet vir haarself uitvind waartoe sy in staat is.”

“Moenie praat asof ek nie hier is nie,” kners Emma tussen haar tande deur. “Ek ís. En ek sal nie! Ek kán nie skilder nie!”

Skielik word alles vir Emma te veel. Die harde werk, die lang ure, die spanning, maar veral die verskriklike gemis aan Michael. “Ek wens almal wil my net uitlos!” roep sy uit en hardloop by die studio uit, in die lang gang af en by die voordeur uit.

Uitasem en met natgehuilde wange kom sy by haar huis aan. Sy klap die kombuisdeur agter haar toe en storm die studeerkamer binne. Sy ruk die lap van die doek op die esel af en kyk na die skets wat elke aand nog ’n figuur of nog ’n aksent bygekry het in die afgelope weke, totdat die stokkiesvroutjies agter vloeiende lyne verdwyn het. Terwyl snikke deur haar ruk, sak sy op die driebeenstoeltjie voor die esel neer.

“Ek dink daar sit ’n engel en wag om bevryding in die visvrou,” hoor sy weer Michael se stem. “Ek dink die visvrou is gereed om die evolusie te pak en vlerke te kry. As jy haar sou toelaat.”

My vlerke is geknip, Michael, dink sy en staar na die vlerkpunte op die skilderdoek, omdat ek vermoed dat ek sonder jou nooit volwaardig vrou sal kan wees nie. En dit het ek besef die aand daar op Graaff-Reinet.

Sy laat sak haar kop in haar hande. Hoe kan mens so fataal liefkry? Hoe kan mens so verskriklik eensaam en so verskriklik bang wees?

Emma gryp ’n handvol kwasse uit die leë koffiebottel en smyt dit op die

vloer neer. Sy tel die houtkissie met die olieverbuisies op en slinger dit teen die muur.

'n Buisie kets van die muur af en land by haar voete. Verstorwe kyk Emma na die siaanblou wurmpie wat uit 'n skeurtjie in die sagte metaal van die buisie peul.

Sy tel die buisie op en vee die verf met haar vinger af. Sy staar lank na die kronkeltjie kleur voordat sy haar palet opneem en die verf daarop smeer.

“Emma?”

Ernst se stem vind haar die volgende oggend agter in die skuur waar sy met Klaas staan en beraadslaag oor die afwerking van 'n stoel.

“Pa?” Sy stap nader.

“Ons moet praat.” Hy sit sy arm om haar skouers en lei haar na die huis toe.

“Koffie?” vra sy toe hy by die kombuistafel gaan sit.

“Eerder kruietee.” Hy kyk haar met 'n skewe glimlaggie aan.

Emma lig net haar wenkbroue en raak doenig met die ketel.

“Ek is jammer, Emma. Dat ek jou so probeer druk het.” Ernst kyk af op sy hande. “Ek en Wanda het gisteraand lank gepraat, en miskien begin ek verstaan. Ek dink ek verstaan hoe kosbaar Wanda werklik vir my is, maar ook van jou begin ek verstaan.”

Hy kyk op. “Ek weet nie of jy dit besef nie, Em, maar ek was net so geïntimideer deur ons voorsate soos jy. Ek moes ook wegbreek uit die Steynmatrys, soos jy nou genoop voel om te doen. En soos my pa seker ook gevoel het hy moes. Wanda het my help begryp. Dat my manier nie die enigste is nie. Ek wil net hê jy moet weet ek verstaan nou jy moet jou eie manier vind.” Hy sit terug in die stoel. “En as meubels en broodplanke jou manier is, sal ek my daarin berus.”

Emma voel hoe die trane deur haar fyn wimpers breek. Sy tel haar pa se mooi kunstenaarshand op en druk haar lippe daarteen. “Dit beteken vir my oneindig baie, Pa, maar jou geloof in my vermoëns nog meer.”

Die afspraak met Susan en die fotograaf het toe darem heel goed afgeloop, dink Emma toe sy Vrydag in die pad val Kaapstad toe. Dis nog vroeg en die berge lê dynserig om haar. Die winter het die Karoo behoorlik in sy greep en sy is bly toe haar karretjie se verwarmers uiteindelik warm lug uitstoot.

Sy loer na die stapels sketse langs haar op die passasiersitplek. Nou moet sy hierdie ding met Michael deursien en daarna kan sy haar daarop toelê om die bestellings af te handel, die muurskilderye te doen en daarna haar nuwe lewe te begin. ’n Lewe sonder oproepe van Michael, en hopelik uiteindelik een waarin die seer by die blote gedagte aan hom minder en minder sal word.

Hoogstens drie maande, belowe sy haarself vir die soveelste keer. Teen die tyd dat dit weer somer is, kan sy terugkeer na ’n normale lewe. Wat dit ook al mag wees.

Emma kyk na die plek wat voor haar lê. Dit lyk of die kasteelagtige huis uit die rou rotse geboetseer is. Die see aan die voet van die krans is donkergrys en winteronstuimig, maar sy kan haar net indink hoe die plek op een van die Kaap se sjampanjedae sal lyk.

Sy parkeer haar karretjie langs Michael se sportmotor. Daar is nie tyd om haar stram bene te rek nie. Sy draf geboë teen die wind en die stuifreën na die enorme houtdeur met sy Gotiese vorm en swaar skarniere wat reeds begin oopswaai.

In die ingangsportaal kom sy tot stilstand. Sy het net ’n breukdeel van ’n sekonde om die impak van Michael se teenwoordigheid teen te werk terwyl hy die swaar deur toedruk. Toe hy omdraai en emosies haar solar plexus soos ’n groot vuis tref, weet sy egter dat sy nooit gereed sal wees om op neutrale

vlak teenoor Michael te staan nie. Daarvoor het die sterk gesig, die breë skouers 'n te groot uitwerking op haar sinne.

“Hallo, Emma.” Sy stem is nog dieper as wat sy onthou. Grinteriger.

“Hallo, Michael.”

Hy lig sy hande palms na bo en kyk vraend na haar. “En wat dink jy van Angel-on-Broom se tuiste?”

Emma kyk op na die hoë houtplafon, af na die ruwe kleiteëls, na die klipmure wat afgewissel word deur rugepleisterde gedeeltes. Sy vermy Michael se oë en mik in die rigting van die boogingang wat na die volgende vertrek toe lei. “Wys my die res.”

Teen die tyd wat Michael haar van vertrek tot vertrek, vlak na vlak en uiteindelik tot op die boonste verdieping gelei het, is Emma ademloos. Sy gaan staan voor die yslike venster wat 'n onmeetlike uitsig oor Valsbaai bied.

“En?” vra hy agter haar.

Die haartjies staan orent in haar nek.

Sy skud haar kop. “Dis onbeskryflik, Michael. Ek het my bedenkinge gehad, veral oor jou teikengaste, maar ...” Sy lig haar hande by gebrek aan woorde. “Dis onbeskryflik. Dit leen hom perfek tot die hele idee.” Sy draai om en kyk op na hom. “My sketse is in my motor. Ek sal heelwat wil aanpas by die gevoel van die plek, maar ek dink dit kan wonderlik werk. Soos jy gesê het, die kontras is juis die element wat dit so besonders gaan maak. Dit gaan behoorlik voel of jy met twee sprokieswêrelde tegelyk gekonfronteer word. Stout engele en kuise hekse in 'n Gotiese kasteel. As mens hier instap, gaan dit voel of jy 'n ander dimensie, 'n fantasie binnegaan.”

Emma stry teen die effek wat Michael op haar het deur te visualiseer wat sy met die interieur wil doen. Sy stap na die oorkantste muur en laat haar vingers oor die ruwe pleister gly. “Ons behou die grofheid daarvan. Dit sal moeiliker wees om daarop te verf, maar die effek sal dit die moeite werd

maak.” Sy draai weer terug na hom toe. “Maar dit gaan baie tyd neem, Michael. Dis ’n enorme plek, en jou idee om van die ander vertrekke in privaat eetruimtes te omskep ...”

“Dit kan later kom. Hierdie vertrek sal die vlagskip van die restaurant wees. Die ander kan met verloop van tyd kom.”

Maar kan ek so lank saam met jou werk sonder om heeltemal stukkend anderkant uit te kom? wonder Emma in haar enigheid.

“Emma.” Michael se stem slaan deur.

Verras kyk sy op. Sy oë is inkleur.

Sy verloor haar begrip van tyd terwyl hulle oë mekaar gevange hou.

Uiteindelik laat sak hy sy wimpers, draai om en gaan staan met sy rug na haar toe voor die venster. “Ek gaan oorsee. Volgende week. Ek skat vir so ’n maand of wat. Vir ’n televisiereeks en die bekendstelling van die vertalings van my boeke. Dis lank terug reeds gereël. Jy sal vrye teuels hê hier.”

“Maar die sketse ...”

Michael skud sy kop. “Ek vertrou jou oordeel volkome.” Hy stap na ’n deur aan die ander kant van die vertrek en stoot dit oop.

“Is jy seker?” Emma volg hom en loer om die deur na ’n ruim vertrek.

“Doodseker.” Hy beduie na binne. “Jy kan dit gebruik vir ’n werkplek. Ek het ’n huis in Kampsbaai gekoop wat onbewoon sal wees terwyl ek weg is. Sodra jy gereed is om met die muurskilderye te begin kan jy daar intrek.”

“Dankie, maar ek sal sommer hier intrek. Ek sal waarskynlik saans ook wil werk.”

Hy kyk fronsend af na haar. “Jy kan nie alleen in hierdie reuseplek bly nie, Emma.”

Emma draai weg. “Ek wil so gou as moontlik klaarmaak. Die meubels is feitlik gereed, op ’n paar stukke na. Ek sal volgende week hier kan intrek en met die muurskilderye begin. As alles goed gaan, behoort ek byna klaar te

wees teen die tyd dat jy terugkom.” Sy sal sorg dat sy klaar is, al moet sy vier en twintig uur ’n dag werk. Hier wil sy uit wees voordat Michael terugkom.

“Ek kan jou nie keer om hier te kom bly nie.” Hy trek weer die deur agter hom toe. “Maar my aanbod staan. Jy kan in my huis bly. Dit sal baie geriefliker wees.”

Emma skud haar kop. “Dankie, maar ek bly hier.”

Hy hou haar aan haar arm terug toe sy wegdraai. “Emma, daar is dinge wat ... Ek en Angelique ...” soek hy na woorde, maar vind dit nie. Hy laat haar gaan en vou sy arms.

Emma vryf onwillekeurig oor die plek waar sy hand gerus het. “Jy is aan my geen verduidelikings verskuldig nie, Michael. Wat tussen jou en Angelique gebeur, is julle saak. Ek het ’n kontrak geteken vir die konsep van Angel-on-Broom en ek sal my deel nakom. Dis al wat vir ons van gesamentlike belang is.” Sy huiwer ’n oomblik lank. “Al wat ek nie kan verstaan nie, is waarom jy vir my pa gesê het ... geïmpliseer het ... dat jy die plek ... op ’n manier ... na my vernoem het.” Emma voel verleentheid in haar wange brand toe sy die vraag vra wat al so lank by haar spook.

Sy oë word byna swart. “Nie ‘op ’n manier’ nie. Ek het my droom na jou vernoem, Emma.”

Emma kyk hom verstorwe aan. “Maar ...”

“Moenie vra nie, Emma, want glo my, jy wil nie die antwoord hoor nie.” Michael diep sy motorsleutels en nog ’n stel uit sy broeksak op. Hy gee die tweede stel vir haar. “Jou suite by die Mount Nelson terwyl jy hier is. Jy kan bly so lank as wat jy wil. Jy kan nog hier rondkyk ook as jy wil. Die sleutels vir hierdie plek is in die deur. Hou dit by jou. Ek sal dit nie nodig hê totdat ek terugkom nie.”

Soveel sleutels, dink Emma toe sy na die hotelsleutels in haar hand kyk, en tog kan ek nie kom waar ek die heel graagste wil wees nie – in hierdie man se

hart.

Sy kyk stadig op. “Michael, ek ...” Die woorde stol in haar mond. Nog nooit het sy soveel naakte emosie in enigiemand se oë gesien nie.

Emma weet nie wie beweeg het nie, maar skielik is Michael se mond op hare. Hy soen haar met ’n magtelose hartstog wat die bloed in haar ore laat suis. En toe is hy skielik weg. Sy hoor sy haastige voetstappe teen die kliptrappe af, hoor die groot deur oopkraak en toeslaan.

Haar bene gee mee onder haar en sy gaan sit op die koue teëls. Michael voel oor my net soos ek oor hom voel, daag die besef skielik by haar. En dis waarom hy sy droom na my vernoem het.

Sy laat sak haar voorkop in haar hand. Ook hy voel hierdie magtelose, diep emosie wat nie in woorde omgesit kan word nie. Maar hy kies daarteen.

Emma skud haar kop moeisaam. Sy kyk byna gedistansieerd na die trane wat op die teëls neerplons. Hoe kan geld en aansien belangriker wees as dit wat hulle vir mekaar voel? Dis al wat dit kan wees. Vir Michael, wat so hard moes werk vir sy sukses, is dit klaarblyklik ondenkbaar om sy roete na groter roem en rykdom aan die sy van Angelique in die weegskaal te plaas.

En buitendien, selfs al was dit nie vir Angelique en alles wat sy verteenwoordig nie, hoe sou sy en Michael ooit hulle lewe en ideale kon versoen? Sy kan Michael nie met sy soort gedrewenheid op Schilderkrans sien sit en vergaan terwyl sy meubels verf nie. Net so min as wat sy haar kan indink dat sy in Kampsbaai kan sit en vingers om mekaar draai terwyl hy sy lewe lei. Want hoe mooi die Kaap ook al vir haar is, sy weet dat ’n lewe in die stad haar kreatiwiteit uiteindelik sal doodwurg.

Sy sug diep. Ja, selfs al was dit nie vir Angelique nie, is die situasie steeds onmoontlik.

Twaalf

Vir Emma voel dit of sy in 'n beswyming ingaan toe sy op 'n onstuimige dag met die eerste muurskildery begin. Sy betree meteens 'n fantasiewêreld, spin haar toe in 'n kokon van skalksheid en geheimsinnigheid, terglus en waarskuwing.

En tog, besef sy toe sy die aand terugstaan en haar handewerk bekyk, roep elke figuur en elke nuanse net een vraag in haar op. Waarom?

Waarom is daar soveel onbegryplikhede in die lewe? Waarom moes sy Michael ontmoet het? Waarom moet hulle wêreld so ver uit mekaar wees? Waarom moet juis roem en aansien vir hom so belangrik wees? Hulle so verskillend wees?

Haar dae kry 'n patroon. Soggens vroeg staan sy op en werk tot die lig besgee. En saans staan sy voor haar esel in die kamer wat Michael vir haar ingerig het as 'n studiwoonstel.

Die dag nadat sy die laaste kwashaal op die ruwe pleister gelê het, kom die meubels aan, en daardie aand maak sy die doek op die esel ook klaar.

In die week wat daarop volg, handel sy die res van die interieur van die hoofrestaurant af. En toe sy op 'n oggend terugstaan, besef sy dat sy dit reggekry het. Die atmosfeer is heel anders as wat sy en Michael daardie aand, maande terug, in haar kombuis beplan het. Die huis met sy ongelooflike uitsig en Gotiese impak het sy eie atmosfeer gedikteer. Dis meer gesofistikeerd, meer geskoei op fantasie, maar die geheeleffek is asemrowend en uniek.

Emma gaan staan in die hoek van die vertrek en bekyk die eindresultaat. Dit werk, besef sy. Die konsep werk wonderlik. En tog voel sy meteens heeltemal leeg. Getap van elke druppel energie.

Sy leun met haar rug teen die muur en hou haar hande voor haar gesig. Sal dit nooit weggaan nie? wonder sy. Hierdie gemis aan Michael. Hierdie onvervuldheid wat sy ervaar, selfs nadat sy haar hele wese in 'n projek gestort en dit suksesvol voltooi het.

Sy frons toe sy die voordeur hoor klap. Skrik ruk deur haar toe sy voetstappe met die kliptrappe hoor opkom. Selfs toe sy Angelique se blonde kop na bo sien dobber, bly die skrik in haar sit.

Angelique steek vas toe sy aan die bopunt van die trap kom. Sy klim die laaste twee treetjies uit met haar oë vasgenaël op die mure. Stadig draai sy in die rondte en neem alles in voordat sy na Emma kyk. “Goeie hemel, sowat van kitsch! Wat het jy aangevang? En Michael kom vanmiddag terug.” Sy beduie in die rigting van die mure. “Ons sal nooit al hierdie gemors betyds toegeverf kry nie.”

“Ek sal eers Michael se opinie wil hoor voordat ek enigiets laat toeverf.” Emma sukkel om die woorde verby haar stram lippe te kry.

Angelique stap tot voor Emma. “Voor of nadat hy jou vir kontrakbreuk gedagvaar het?” Sy ruk 'n tydskrif uit haar leerhandtas en gooi dit op die naaste tafel neer.

Emma kyk na die eksemplaar van *Iris* wat fladderend sy lê kry. Vanuit die voorblad staar haar eie gesig na haar terug waar sy by haar kombuistafel sit. Op die agtergrond is die helder kleure van die mure, die beskilderde meubels en paraferalia wat haar kombuis so besonders maak, maar dis uit so 'n hoek geneem dat daar op alledaagse gebruiksartikels gefokus word. 'n Oranje plastiekrasper, 'n goedkoop vergiettes, 'n erdeskottel.

“Ek wil hê mense moet sien hoe treffend die gewone kan lyk as dit gekombineer word met die ongewone,” het Susan nog vir die fotograaf gesê.

Wil welaf klante werklik slagoffers word van goedkoop truuks? lees Emma onwillekeurig die voorbladonderskrif.

Hoe kón Susan? dink Emma verdwaas. Sy steek haar hand uit en tel die tydskrif op. Dit val oop by die artikel.

Haar oë gaan vlugtig oor die foto's voordat sy die woorde spoedlees. Van die stuk wat Susan vir haar na Wanda toe gefaks het om goed te keur, het min oorgebly. Feitlik die hele artikel gaan oor Michael se planne vir Angel-on-Broom sonder dat enigiets pertinent by die naam genoem word. Die trant van die artikel is subtiel sarkasties. Tussen die lyne deur is die boodskap egter duidelik: Mense word aan die neus rondgelei deur foefies wat bedink word deur ander wat gou geld wil maak.

Net voordat Emma die tydskrif toemaak, val haar oog op die naam van die skrywer van die artikel. Angelique Hanson.

“Wat het van Susan se artikel geword?” vra sy sag.

“Geskrap. Ek het die foto's oorgeneem. Advertensiegeld van *Heavenly Homes* en my pa se kosmetiekmaatskappy beteken baie meer as een joernalissie se geswymel oor 'n klomp junk.” Angelique kyk Emma met 'n lig van oorwinning in haar oë aan.

Emma skud haar kop verward. “Maar in daardie geval is dit tog nie ek wat kontrakbreuk gepleeg het nie. Dis jy wat julle vertrouensverhouding geskaad het. En Michael gaan jou nooit vergewe nie, Angelique. Hoe kon jy so iets aan hom doen, en nog onder jou eie naam?”

“Natuurlik is dit nie kontrakbreuk nie. Ek wou maar net jou reaksie toets. En vertrouensverhouding? Dis Michael wat ons vertrouensverhouding verbreek het toe hy daardie aand saam met jou op Graaff-Reinet oorgeslaap het. Dis van toe af al dat ek my planne agtermekaar begin kry het.”

Sy skud haar kop en haar mondhoeke trek na onder. “Maar voordat jy te bly word oor die feit dat my en Michael se verhouding iets van die verlede is ... Michael kan jou dalk bo my verkies – iets wat duidelik sy swak bloedlyn weerspieël – maar jy kry hom pennieloos en gebroke. Die grootste deel van

sy geld is in hierdie projek in. Ná hierdie artikel, en nog een wat in die volgende *Heavenly Homes* gaan verskyn, is Angel-on-Broom geruïneer. Ryk mense glo wat mense met groot geld sê, Emma.” Sy laat die woorde ’n oomblik lank insink. “Ek het ook sy kookboeke onttrek en sy televisieprogram is gekanselleer. Ek neem aan hy sal uit sy eie bedank as kosredakteur van *Heavenly Homes*.” Sy gee ’n kras laggie. “Mens speel nie met die groot manne ... of vroue nie, Emma. Dis ’n les wat Michael nou uiteindelik ook geleer het.”

Emma voel skielik duiselig. “Wat bedoel jy Michael verkies my bo jou?”

Angelique se mondhoeke pluk meteens verdag. “Ek is nou wel blond, maar ek is nie onnosel nie. Michael was die afgelope paar maande al baie neutraal teenoor my, maar vandat julle daardie dag teruggekom het van Graaff-Reinet af, is sy aandag feitlik nooit meer by my nie. En as jy in die omgewing is, gloei hy soos ’n lamp wat aangeskakel is.”

Die ligblou oë word vir ’n breukdeel van ’n sekonde kwesbaar voordat die hardheid weer oorneem. “Onthou net, Emma Steyn, jy het alles waarvoor Michael sy lewe lank gewerk het, al die energie en passie wat hy in sy werk gesit het, in een aand opgefoeter. Ek hoop jy voel trots daarop.”

Angelique kyk haar ’n oomblik lank deурdringend aan. “Ek wonder hoe lief hy jou na dese nog sal hê.” Sy lag sag en gemeen voordat sy op haar hoë hakke omswaai en met die trappe af klik-klak.

Emma trek een van die stoele uit. Sy vee ingedagte die stof van die engelvlerk af en gaan sit. Met haar elmboë op die wulpse lyf van die engel wat die tafelblad versier, laat sy haar kop in haar hande sak.

Toe sy weer haar kop lig, kan sy nie onthou hoe lank sy so gesit het nie, maar aan die grou lig buite sien sy dat dit laatmiddag moet wees.

Sy stap deur na die woonstelletjie toe en tel die foon op. Toe dit die antwoordmasjien is wat aan die ander kant inskop, is sy verlig.

“Emma hier. Ek kom huis toe, Wanda, maar ek het eers ’n paar dinge om te doen. Ek sien julle môreaand,” laat sy haar boodskap futloos.

Sy sit die gehoorstuk neer, kyk vir oulaas om haar rond en begin sonder haas pak.

Net voordat sy die Gotiese deur agter haar toetrek, kyk sy vir oulaas na die ongeraamde skildery wat sy op ’n kis in die ingangsportaal staangemaak het.

Die stert van die meermin glim in die sagte vroegoggendlig. Haar borste is dragtig van begeerte, en die engelagtige glimlag word weerspreek deur ’n skalkse knipoog. Die hare tuimel wanordelik oor die bleek skouers en word deel van die vlerke, wat halfoop gereed staan om die lyf uit die water die lug in te neem.

Toe die deur agter haar toeklik, weet Emma dat sy ’n hoofstuk in haar lewe afsluit, maar dit voel hoegenaamd nie vir haar asof dit ’n gevleuelde oomblik is nie.

Dis lankal reeds donker toe Emma op Schilderkrans aankom. Haar aankope het langer geduur as wat sy gedink het, en boonop het sy die rit uitgerek met ’n koppie koffie hier, ’n gedwaal deur ’n snuisterywinkel daar. Asof sy dit so lank as moontlik wou uitstel om terug te kom en haar nuwe, leë lewe te begin.

Sy toet en wuif halfhartig vir Wanda wat mense op die stoep van ’t Schilder bedien. Wanda glimlag breed en waai ’n soentjie in Emma se rigting.

Emma parkeer naby die kombuisdeur en laai die sakke met die olieverb en kwasse uit. Die skilderdoeke sal met die tweede draslag moet gaan, besluit sy.

Toe sy regop kom, gaan die kombuisdeur oop.

Hy staan feitlik die hele kosyn vol, geëts teen sag flikkerende lig vanuit

die kombuis.

Emma se bene kom ná 'n oomblik van verstarring werktuiglik aan die gang.

'n Tree van hom af kom sy tot stilstand. Met die lig agter hom kan sy nie die uitdrukking op sy gesig sien nie.

“Hallo, Emma.”

“Hoe het jy voor my hier aangekom? Jy't gistermiddag eers geland,” vra Emma verward.

“Ek het jou vanoggend vroeg-vroeg by Angel-on-Broom gaan soek en toe ek sien jy is sak en pak daar weg, dadelik deurgery hierheen. Toe ek by Wanda-hulle langs gegaan het om iets met Ernst te bespreek, het sy vir my gesê jy is op pad, maar gaan eers laat kom.”

“Maar wat maak jy hier, Michael?” Die hees kwaliteit van haar stem verras haar.

“Ek het gedink jy sal dalk honger wees ná die lang rit.” Hy draai dwars in die deur en nooi haar met 'n handbeweging in.

Die inkopiesakke ritsel toe Emma gehoorsaam asof sy in 'n droom van willoosheid vasgevang is.

Die kombuis is salig warm ná die koue buite en gloei in die lig van seker 'n dosyn kerse terwyl asemrowende geure stoom uit 'n paar potte op die ou koolstofie wat sy nooit gebruik nie. Op die tafel, staangemaak in 'n miniatuurblikemmertjie, roer die blare van kruie en veldblomme in die yskoue bries wat by die deur instoot.

Sy draai vraend na Michael toe.

Hy druk die deur agter hom toe. “Welkom in my studio, Emma.” Die kerslig speel oor sy glimlag en flonker geheimsinnig in sy oë. Hy neem die sakke by haar en sit dit om die hoek in die sitkamer neer voor hy reg voor haar kom staan.

“Ek verneem van Ernst dat jy ’n ding het oor die feit dat ek kosmaak en jy daarvan minder weet as ’n kat van saffraan.”

Hy streel met sy vingerpunte oor haar wangbeen. “Hy sê dit pla jou dat jy skaars water vir tee kan kook sonder om die ketel te laat droogkook, terwyl my lewe wentel om kos. Dat ek dubbel en dwars ’n stadsmens is, terwyl jy lief is vir jou lewe hier op die godverlate Schilderkrans. Dat ek ambisie het terwyl jy ongedrewe is.”

“My pa het geen reg ...”

“Vergeet vir die oomblik van Ernst, Em. Ek weet dinge lyk onversoenbaar tussen ons. Belangriker dinge as dat ons nie ’n passie vir kos deel nie. Ek weet wat jy dink. Jy is gelukkig hier op jou klein kunstenaarsdorpie in die middel van die Karoo. Ek sit met sakebelange wat van my ’n stedeling maak.” Hy trek ’n gesig. “Wel, ek het tot kort gelede, in elk geval.”

Hy skink vir hulle wyn in en hou een glas na haar toe uit. “Kom sit.”

Hy trek sy stoel tot voor hare toe sy gehoorsaam het en gaan sit knie aan knie oorkant haar. Hy neem ’n slukkie wyn en vou sy hand om hare. “Ons het baie om oor te praat, Emma. Oor Angel-on-Broom, oor Angelique, oor ons verskille. Maar eerstens wil ek weet van jou skildery. Die visvrou met die vlerke.”

Emma sit haar glas op die tafel neer, draai en draai aan die steeltjie en kyk hoe die kerslig op die voetstuk tol.

“Vir wie het jy daardie skildery gemaak, Emma?”

Die vreemde timbre in sy stem laat haar werktuiglik opkyk. “Vir myself.”

Toe sy dit sê, besef sy dat sy die waarheid praat. Dit was nie vir Ernst, of selfs vir Michael nie. Daardie skildery het sy uitsluitlik vir haarself gemaak.

“Maar hoekom het jy dit vir my by Angel-on-Broom gelos?”

Emma kyk weer weg, hou die flikkering teen die bont mure nikssiende dop.

Michael vou sy hand om haar wang en draai haar gesig na hom toe. Sy laat sak haar oë.

“Kyk na my, Emma.” Sy duim onder haar ken dwing haar sagkens.

“Hoekom?” vra hy toe hulle oë ontmoet.

“Ek wou hê jy moet weet ...” Sy wil haar gesig wegdraai, maar hy keer haar.

“Sê?”

Emma sug. “Ek dink ek wou hê jy moet weet dat ek ... dat ek gereed is om my vlerke te toets.”

“Emma.” ’n Klein glimlaggie speel om sy mooi mond en sy oë blink sag in die kerslig.

Emma skuif die stoel agteruit en kom vinnig orent. Sy gaan staan voor die venster. “Ek het die skildery ’n hele ruk terug begin, Michael. Ek weet te veel water het intussen in die see geloop. Deur my toedoen het jy alles verloor. Ek het jou toekoms opgefoeter. As gevolg van my gaan jy Angel-on-Broom verloor.” Sy draai om. “Ek is die een wat jou droom vernietig het. En daarom kan ek nie begryp dat jy hier is nie. En ek begryp ook nie waarom jy ...”

Michael kom staan voor haar. Sy moet haar nek knak om in sy oë te kan kyk.

Hy skud sy kop stadig heen en weer. “Dis nie in jou aard om enigiets te vernietig nie, Emma. Alles wat jy doen, is kreatief. Skeppend. En skepping is die direkte teenoorgestelde van vernietiging. Wat ook al vernietig is, is nie deur jou toedoen nie. En daar is ook nie veel vernietig nie, behalwe miskien ’n bankbalans hier en daar en ’n verhouding wat in die eerste plek nooit tot stand moes gekom het nie.” Hy buig sy kop en soen haar vlugtig, maar aandagtig op haar mond.

Emma is te oorbluf om te reageer, maar sy voel onmiddellik hoe iets warm in haar loskom. Iets wat in haar roer en dans, soos ’n kersvlam om sy

pit.

Michael glimlag enigmaties, asof hy besef watse effek hy op haar het, neem haar aan die hand en lei haar terug na hulle stoele toe. Hy gaan sit weer oorkant haar.

“Buitendien, die enigste poging tot vernietiging het van Angelique gekom.” Hy kyk haar stip aan. “Kom ons begin by Angelique, Emma, en daarna werk ons al die dinge van daar af deur.” Hy stut sy elmboë op sy knieë en kry haar hande in syne beet. Met die agterkant van sy duim vryf hy oor die agterkant van haar een hand en druk dit sag teen sy lippe.

Ek droom, dink Emma. Ek gaan netnou wakker word.

“Ek het voorheen al vir jou vertel hoe ons ontmoet het en ook dat ek gevoel het ek is te veel aan haar verskuldig. Gedurende die paar jaar wat ek en Angelique mekaar geken het, was ons verhouding nog maar altyd stormagtig. Ek het sommer vroeg-vroeg besef dat dit nooit kan werk nie, maar daar was emosionele bande en gedeelde passies. Ek is nie seker of ek haar dalk tot ’n mate misbruik het om te kom waar ek gekom het nie. Al wat ek weet, is dat ek dubbel en dwars daarvoor betaal het in ’n ander valuta as geld. En tog het ek geweet hoe hard en ongenaakbaar Angelique ook al mag voorkom, hoe moeilik sy ook al by tye kan wees, sy eintlik ’n aanhanklike mens is. Ons het wonderlike vakansies saam gehad en meestal baie goed saamgewerk. Maar Angelique is nie baie stabiel nie. Dis waarom ek aanvanklik nie by jou betrokke wou raak nie.”

Hy soen die palm van haar hand. “Ek het geweet dit sou haar knou as ek ons verhouding sou verbreek. Ek was bang sy sou dit op jou uithaal. Of op haarself.” Hy staar mymerend die niet in. “Ek het al twee keer tevore met haar hospitaal toe gejaag nadat sy ’n oordosis pille gedrink het. Ek het geweet ek sal nie daarmee kan saamleef as ek ’n aandeel in haar dood het nie.”

“Sy’t jou emosioneel afgepers?” vra Emma toe hy ’n rukkie lank stilbly.

Michael knik. “Elke keer wat dinge tussen ons skeefgeloop het, het sy met selfmoord gedreig. En ek wou nie die kans waag om aandadig te wees nie. Ek was te bang sy sou dit werklik deurvoer. Dat ek eendag nie betyds sou wees om haar te red nie.” Hy sug. “Want glo my, sy het nie net gedreig nie. Albei kere het sy by die dood omgedraai.

“Sy kan soms so irrasioneel optree, soos toe ek en jy teruggekom het van Graaff-Reinet af. Sy het gedreig om van die hele potjiekoskompetisie te onttrek as ek en sy nie opmaak nie. Ter wille van al die mense wat daarby betrokke was, het ek besluit om voort te gaan met die charade. Maar daardie aand toe sy by ’t Schilder aangekom het, kon ek sien sy was werklik op die punt om emosionele grense oor te steek. Dis waarom ek haar eerder daar uitgeneem het.

“Ek het nie geweet hoe om uit hierdie vernietigende patroon te ontsnap nie, maar ek het wel geweet ek wil ten alle koste verhoed dat jy hierby betrek word. Daarom dat ek my afstand gehandhaaf het, al het ek gebrand om jou net voor op my wit perd te laai en met jou weg te jaag na waar ek jou kon wys hoe lief ek vir jou geword het vandat ek die eerste keer Ernst se skildery van jou gesien het en namate hy my meer en meer van jou vertel het.”

Emma hou haar kop skeef.

“Die skildery van jou voor jou esel.” Michael glimlag effentjies. “Teen die tyd dat ek jou ontmoet het, het dit vir my gevoel of ek jou al jare lank ken, Emma.”

“My pa het gereken dis die beste skildery wat hy nog ooit gemaak het, maar jy moet die een van Wanda sien.”

Michael skud sy kop. “Daar sal nooit vir my ’n mooier skildery wees as die een van jou nie. Al twee hang in my studeerkamer.”

“Al twee?”

“Ernst s’n en Seth s’n. Ek het jou dadelik herken toe ek Seth se skildery

sien.” Hy leun nader aan haar. “Jou houding. Die kanteling van jou kop. Dinge wat van jou Emma maak, selfs al is die gesig net ’n suggestie.”

Emma voel haar asemhaling versnel.

“Emma, jy moet weet ek is gek oor jou, maar wat jy nie weet nie, is dat dit al so ’n lang pad kom. Van voor jy nog uit die stad uit weg is.” Hy skud sy kop. “Ek het op jou verlief geraak toe ek jou op ’n skildery gesien het, maar ek het jou in lewende lywe liefgekry.”

“Michael, maar ...”

Michael skud sy kop. “Laat ek klaarmaak. Ek en Angelique het ’n enorme uitval gehad terwyl ons oorsee was. Sy het al my kontrakte gekanselleer, en sy kon, want almal is deur *Heavenly Homes* hanteer. Iets waarop sy uit die staanspoor aangedring het. En ja, ek het ’n hele klomp geld verloor, maar met verloop van tyd het ek ook geleer dat ek Angelique nie alles kan vertel nie. Sy weet byvoorbeeld nie dat ek ’n kontrak vir ’n kooktrilogie met ’n internasionale uitgewery gesluit het nie. En ek is die alleeneienaar van Angel-on-Broom. Soos ek sê, al wat ek verloor het, is geld uit die Heavenly Homes-stal. Die belangrikste is egter dat ek my vryheid herwin het. Dit beteken vir my veel meer as ’n paar honderd duisend rand.”

“Maar ná daardie artikel in *Iris*?”

Michael skud sy kop. “Nee, Emma, daardie artikel sal feitlik geen impak hê nie. Enersyds is dit eerder gratis reklame as enigiets anders. Andersyds kan g’n mens onaangeraak wees of dink dis ’n goedkoop foefie as hulle eers sien wat jy daar bewerkstellig het nie. Dis werklik asemrowend. Ek het geweet dit sal wees, maar jy het nog steeds my stoutste verwagtinge oortref. Ek het my vanoggend verkyk aan alles wat jy uitgerig het. En my verwonder aan jou talent.”

Hy druk haar kneukels teen sy lippe. “Buitendien, ek dink nie jy het die artikel gesien wat Susan vir *Iris* se opposisie gedoen het nie. Sy het my gebel

toe sy agterkom wat met haar artikel gebeur het en verduidelik hoe dit gebeur het en wat ek te wagte kan wees. Omdat sy vryskutwerk doen, kon sy egter haar oorspronklike artikel by 'n ander tydskrif plaas, met ander foto's. Sy het ook gesê dat sy, om te vergoed vir alles, maar ook omdat sy dink dis 'n scoop, 'n opvolgartikel spesifiek oor Angel-on-Broom sal doen.”

Emma skud haar kop. “Ek kan skaars alles inneem. Ek weet nie mooi ...” Sy laat die sin in die lug hang.

“Al wat jy moet doen, Emma, is om vir my te sê dat jy net naastenby so erg is oor my soos wat ek oor jou is.” Sy oë is meteens effens onseker. “Dan eers sal ek weet dat alles reg is.”

“Jy weet dit, Michael.” Die skor woorde val soos 'n ligte vlerkgeklap tussen hulle voordat sy haar hande uit syne trek en opkyk na die plafon wat in die flikkering van die kerse roer.

Sy sug diep en kyk weer na hom. “Maar dit kan nog steeds nie werk nie. Ek sien nie kans vir die stad nie. En ek kan nie van jou verwag om al jou ideale op te gee om op Schilderkrans te kom sit nie. Angel-on-Broom is 'n enorme projek, en jy sal weer ...”

“Emma, jy stres oor nietighede. Ek sal nou betrokke wees by Angel vir die eerste maand of twee, drie, en ek sal altyd my hande op die spyskaarte en ander teuels hou, maar ek was nooit van plan om self die restaurant op 'n daaglikse basis te bestuur nie. Toe ek en jy daardie aand vir Wanda uitgehelp het, het ek weer onthou wat 'n uitmergelende en ondankbare taak dit is, en ek het toe al voelers uitgesteek vir 'n bestuurder. Ek het die perfekte egpaar oorsee raakgeloop en hulle kan nie wag om te begin nie. Ek wil ook nie meer elke dag van my lewe self kook nie. Ek hoef nie. Ek werk die spyskaarte uit, lei die sjefs op en hou 'n oog oor die bestuur. Niks meer as dit is nodig nie. Ek sit met die kooktrilogie wat geskryf moet kom. Dis maande, indien nie jare nie, se werk. Al wat ek nodig het, is 'n goed ingerigte toetskombuis. Ek

kan geen rede sien waarom ons nie die stal hier agter op jou erf in een kan omskep nie. Ek kan alles van hier af doen en net so een keer 'n maand inry Kaap toe.”

“En wanneer jou boeke eers klaar geskryf is?”

“Emma, so ver in die verskiet kan niemand dink nie. Het jy geen vertroue in ons vermoë om 'n plan te maak nie? Soek jy net probleme pleks van oplossings?” Hy sit terug. “Buitendien, as ek jou meermin met die vlerke so kyk, gaan jy binnekort min met meubels te doen hê. Ek het jou pa gewys. Hy reken dis uitstekende werk en dat jy miskien die tema moet deurvoer en 'n uitstalling moet hou.”

“My kattedak is vol doeke.” Emma voel 'n ander opwinding deur haar bruis. “Ek het al vergeet hoe lekker dit is om op doek te skilder. Ek dink die meubels sal 'n sideline moet word. Miskien kan ek mense hier oplei, die ontwerpe vereenvoudig en ...”

Michael trek haar orent uit haar stoel. “Emma, môre is nog 'n dag vir al ons planne, maar as ek jou nie nou vashou nie, gaan ek 'n nare dood sterf weens onttrekkingsimptome.”

Hy trek haar styf teen hom aan, en Emma voel hoe sy vir die eerste keer in 'n baie, baie lang tyd ontspan. Asof sy ten einde laaste tuisgekom het.

Sy mond soek hare met 'n innigheid wat haar knieë lam laat. Haar lippe gaan oop onder sy dralende soen, en sy voel hoe die hartstog onmiddellik tussen hulle opvlam. Sy kreun behaaglik. Vir 'n oomblik lank wil-wil die begeerte met hulle weghardloop, maar toe onttrek Michael hom.

“Sjoe, Emma.” Hy kyk af in haar oë. Sy lyf tril onder haar vingerpunte.

Emma loer deur loom wimpers na hom. “Maak vir my 'n skildery?”

Hy lig sy wenkbroue vraend.

“Soos die een met die kwarteltjies en pampoenballetjies op Graaff-Reinet.” Sy beduie na die stoof. “Ek is seker jou verf en kwas kook in daardie

potte. Ek verstaan jy gebruik wyn vir lig, blatjang as skadu en soms rissie as aksent, met room as nuanse.”

Sy lag murmel deur haar toe hy haar nog stywer teen hom aantrek. “Dit kom uit ’n kookboek wat ek geskryf het nadat ek Ernst leer ken het en ek die ooreenkomste tussen skilderkuns en kookkuns ondersoek het. Van wanneer af lees jy kookboeke?”

Sy druk haar gesig teen die sagte trui met die gedefinieerde kontoere van sy lyf. “Van onlangs af. Baie onlangs.” Sy loer weer op na hom. “Ek is honger, Michael.”

Hy buig sy kop totdat hulle lippe amper raak. “Ek ook, Emma, ek ook ... maar nie onmiddellik vir kos nie.” Hy lig haar van haar voete af en stap met haar aan na haar slaapkamer toe.

“Nee, Michael.”

Hy kom verras tot stilstand en kyk effens onseker af na haar.

Emma draai haar uit sy arms en stap deur na die sitkamer toe. Toe sy terugkom in die kombuis, staan Michael teen die kas geleun, sy arms gevou, duidelik nie seker wat om te verwag nie.

Emma lag saggies, gooi die dik lappieskombers op die houtvloer oop en gaan sit kruisbeen daarop. Sy tik met haar hand langs haar.

’n Breë glimlag breek oop op sy gesig terwyl hy hom wegstoot van die kas af en by haar kom sit.

Emma rank haar arms om sy nek. “Ek dink die kombuis is veel meer gepas, of hoe, meneer die sjef?”

Met een beweging kantel hy haar om sodat sy onder hom lê, sy lippe feitlik teen hare. “Emma, hierdie sjef is verlore in die resepte wat jou Emma maak. ’n Eetlepel kind, ’n koppie vrou, ’n knippie meermin, net ’n knertsie heks, met ’n mespuntjie rissie, en ’n engel se besemstok om die brousel te roer.”

Emma proe sy woorde teen haar lippe, en toe maak sy hom stil. Die kersvlamme word 'n woer-war van lig, afgewissel met skadu, net voordat sy haar oë toemaak.

Êrens ruik sy tiemie, en miskien 'n bietjie naeltjies, net voor elke sintuig gevul word deur die man wat die tekstuur van haar vel en die kontoere van haar lyf met soveel teerheid en entoesiasme sy eie maak.

Die Davel-reeks

Tamara
Willemien
Annabella
Deborah
Isabelle
Maryn
Fleur

Die Gys Niemand-reeks

Springgety
Fortuin
Boheem
Meetsnoer
Dryfhout

Duet

Onder seespieël

Maanschijnbaai – Jo & Sue
Maanschinjbaai – Nan & Jeannie
Labirint
Siende blind
Raaiselspieël

© Tekse: Chanette Paul
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel: 012 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

Omslagontwerp deur Flame Design
eBoek geskep deur Full Circle
www.fullcircle.co.za

ISBN 978-0-7993-6993-9 (gedrukte boek)
ISBN 978-0-7993-7119-2 (ePub)
ISBN 978-0-7993-7124-6 (mobi)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.